# CHRISTELIKE ONDERWYS IN PRAKTYK

## Handleiding vir onderwysers



Pieter Bisschoff
Rob van der Kooy

# CHRISTELIKE ONDERWYS IN PRAKTYK

## Handleiding vir onderwysers

Pieter Bisschoff
Rob van der Kooy

Uitgewery: Koers
Dickensonlaan 1228 A, Waverley, Pretoria, 0186

Eerste uitgawe 2019

Uitleg: Janine Smit Editorial Services
Drukkery: Zero Plus

Pieter le Roux Bisschoff
061 813 8272 | pieterlrbisschoff@gmail.com
Rob van der Kooy
083 300 3714 | rvdkooy1@gmail.com

ISBN 978-0-6399896-0-0

# INHOUDSOPGAWE


INLEIDING 1

HOOFSTUK 1 4
*Die taak en rol van die Christen-onderwyser*

| | | |
|---|---|---|
| *1.1* | *'n Gelowige onderwyser* | *5* |
| *1.2* | *Onderwys is 'n roeping* | *10* |
| *1.3* | *Wat onderwysers by Jesus Christus moet leer* | *15* |
| *1.4* | *Die onderwyser as onderrigleier* | *21* |
| *1.5* | *Die onderwyser as kurrikuleerder* | *26* |
| *1.6* | *Die onderwyser as pastor* | *31* |
| *1.7* | *'n Christelike onderrigmetodiek* | *36* |
| *1.8* | *Die onderwyser se verhouding met ander* | *40* |
| *1.9* | *Personeelaangeleenthede* | *44* |
| *1.10* | *'n Gedragsorde vir Christen-onderwysers* | *50* |

HOOFSTUK 2 56
*Die vorming en begeleiding van leerlinge*

| | | |
|---|---|---|
| *2.1* | *Hoe gelowige onderwysers leerlinge sien* | *57* |
| *2.2* | *Die doel van Christelike opvoeding* | *62* |
| *2.3* | *Die morele vorming van leerlinge* | *67* |
| *2.4* | *Die vorming van leerlinge in praktyk* | *72* |
| *2.5* | *Leer- en gedragsuitdagings* | *77* |
| *2.6* | *Evaluering, prestasie en beloning* | *82* |
| *2.7* | *Orde en dissipline* | *88* |
| *2.8* | *Voorbereiding tot volwassenheid* | *94* |
| *2.9* | *Leierskapontwikkeling* | *98* |
| *2.10* | *Onderlinge verhoudinge* | *103* |

HOOFSTUK 3 *108*
*Wat 'n Christelike skool is*

| | | |
|---|---|---|
| *3.1* | *Waarom Christelike skole?* | *109* |
| *3.2* | *Die oprigting van 'n Christelike skool* | *114* |
| *3.3* | *Christelike skole in die gemeenskap* | *119* |
| *3.4* | *Christelike skole is uniek* | *124* |
| *3.5* | *Die vestiging en uitbouing van die Christelike karakter van skole* | *128* |
| *3.6* | *Aspekte van belang in Christelike skole* | *133* |
| *3.7* | *Die bestuur van Christelike skole* | *138* |
| *3.8* | *Christelike onderwysers in openbare skole* | *143* |
| *3.9* | *Onderwysers in sendingskole* | *148* |
| *3.10* | *Selfassessering deur Christelike skole* | *153* |

HOOFSTUK 4 158
*Vakbenaderings vir hoër- en laerskoolonderwysers*

*4.1 God se openbaring in elke vakgebied 159*
*4.2 Tale 164*
*4.3 Wiskunde 168*
*4.4 Natuurwetenskappe 172*
*4.5 Ekonomiese Wetenskappe 176*
*4.6 Geskiedenis 181*
*4.7 Geografie 186*
*4.8 Kuns, Drama en Musiek 191*
*4.9 Tegnologiese Wetenskappe 196*
*4.10 Lewensoriëntering 200*

HOOFSTUK 5 204
*Begronding*

*5.1 Lewens- en wêreldbeskouing en die onderwys 205*
*5.2 Christelike wetenskap 210*
*5.3 'n Christelike opvoeding 215*
*5.4 Waarheid 220*
*5.5 Die Bybel in 'n Christelike skool 225*
*5.6 Bybel onderrig 230*
*5.7 Die vertel van Bybelverhale 235*
*5.8 Aspekte rondom Bybelonderrig 240*
*5.9 Die taak van die owerheid 245*
*5.10 Die geskiedenis van Christelike onderwys 250*

*Outeurprofiele 256*

# INLEIDING

Christelike onderrig  is wêreldwyd op die verdediging, ook in Suid-Afrika. En dit terwyl meer as 80% van alle mense in die land aandui dat hulle Christene is. Dit laat 'n mens met die vraag of daar nog werklik by Christen-onderwysers die vermoë, ja, die opgewondenheid en die begeerte,  bestaan om hulle roeping as gelowiges ten volle in skole uit te leef, met alles wat dit impliseer. En indien hulle dit wel wil uitleef, weet hulle hoe om dit te doen in die praktyk van elke dag?

Hierdie boek gaan van die standpunt uit dat daar nog duisende sulke onderwysers by openbare en privaatskole in die land werksaam is. Maar hulle is onder swaar druk om hul geloof nie uit te leef nie, in elk geval nie in skole nie. En het baie van hulle nie al verleer wat dit impliseer om hul Christenskap in die onderwys uit te leef nie? Daarom is dit nou weer, dalk meer as in die verlede, belangrik dat sulke gelowige onderwysers opnuut besin oor wat presies met Christelike onderrig bedoel word en hoe om dit in die praktyk te bring.

Dit is waarom hierdie boek geskryf is, nie as 'n akademiese stuk werk nie, maar as 'n heel praktiese handleiding vir gebruik deur onderwysers wat elke dag hulle Christelike roeping as onderwysers teenoor leerlinge in die praktyk wil uitleef.

Natuurlik kan hierdie boek nie alles oor Christelike onderrig uiteensit nie. Baie ander boeke, enkeles ook in Afrikaans, vertel veel meer oor hierdie onderwerp en kan met vrug gelees word. Dit gaan in hierdie boek egter oor die begronding en praktyk van Christelike onderrig in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Dit sluit in die Bybelse begronding van Christelike onderwys, die vorming en begeleiding van leerlinge, die taak en rol van die Christen-onderwyser, vakbenaderings vir die hoër- en laerskoolonderwyser en ook oor die inkleding van die Christelike skool in al sy aspekte.

Hierdie boek sit uiteen wat die praktiese rol van elke belanghebbende van die skool behoort te wees – alles vanuit Christelike perspektief. Dit gaan oor die rol van die onderwyser en die leerlinge, maar ook oor die rol van die ouer, die skoolbestuur, die gemeenskap, die kerk, die owerhede, die hantering van die voorgeskrewe kurrikulum en ook oor naskoolse aktiwiteite.

Dit alles is geskryf vanuit Christelike perspektief en wel met die volgende vooropgestelde vertrekpunte:

- Christus is ons Leermeester. Hy wil sy kinders onderrig om sy Vader van harte te dien en te gehoorsaam. Dit doen Hy deur sondige mense soos ouers en onderwysers te roep as instrumente in sy hand.

- God maak Homself in die eerste plek deur sy werke en daarna in meer besonderhede deur sy Woord aan die mens bekend. Leerlinge moet daarom leer om God se hand nie net in die Bybel nie, maar ook in elke vakgebied raak te sien. Die een kan nie sonder die ander verstaan word nie.

- Gelowige kinders behoort aan die Here en nie aan hulleself, die staat of hulle ouers nie. Die Skrif maak dit duidelik dat persone wat 'n kind van die Here afvallig maak, 'n verskriklike straf sal ontvang.

- Onderwysers tree net soos ouers nie op grond van hulle eie gesag op nie, maar op grond van die mandaat wat God aan hulle verleen. Die werk van onderwysers is dus met gesag beklee, mits dit in gehoorsaamheid aan God geskied.

- Onderrig moet altyd normatief wees. Bybelse norme soos God se ewige krag of sy versorgende hand moet in die sentrum van alle onderrig staan en moet nie soetsappige sedelessies wees nie.

Slegs as ‘n Christen-onderwyser sy of haar vakgebied ken en ‘n oog kry vir die onderliggende aannames en uitgangspunte van elke vakgebied, kan hy of sy krities vanuit die Skrif as norm daarna kyk en die leerlinge dienooreenkomstig onderrig. Dan besef leerlinge dat God koning oor alle lewensterreine is. In liefde moet Hy dwarsdeur die mens se hele lewe gehoorsaam en gedien word. Leerlinge wat dit besef, sal ook hulle naaste dien en respekteer.

Die medewerkers van hierdie boek het baie jare van nadenke en praktiese ervaring asook talle publikasies oor Christelike onderrig agter die rug. Dit het gelei tot die oortuiging dat daar ‘n noodsaak is vir ‘n boek wat veral onderwysers en alle ander belanghebbendes meer sal laat sien en vertel oor alle aspekte van Christelike onderrig. Dit laat lesers sien dat onderrig wat op die Bybel gegrond is nie net moontlik is nie, maar ook noodsaaklik. Dit is nie slegs bedoel vir Christelike privaatskole nie, maar ook vir openbare skole.

Dit beteken allermins dat die medewerkers oor klinkklare antwoorde vir elke gegewe situasie beskik. Hulle is ook gebrekkige, sondige mense wat geroepe voel om die rykdom van Bybel-gefundeerde onderrig met ander gelowiges te deel.

Mag hierdie boek as instrument in die hand van die Here 'n bydrae lewer om gelowige onderwysers moed te gee, opgewonde te maak en lig te laat sien oor die pragtige taak en roeping wat die Here aan hulle gegee het om uit te leef. Dan sal die Here hulle ook die krag en die insig gee om in gehoorsaamheid aan Hom Sy kinders in die klaskamer die regte leiding, vorming en insig gee om die Here, die God van hemel en aarde, ons Vader, en sy Seun, Jesus Christus, te dien en te behaag.

# WAARDERING

Behalwe vir die direkte medewerkers, is 'n woord van waardering ook gepas aan Jeanne van der Kooy, Lienke Reesink en Theresa Botha wat deurlopend geproeflees en op allerlei ander maniere gehelp het. So ook 'n woord van dank aan die donateurs, groot en klein, wat nie genoem wil word nie, maar wat die publikasie van hierdie boek asook van die boek se vyf voorgangers moontlik gemaak het.

Mag hierdie boek medewerkers en donateurs se entoesiasme laat oorspoel na duisende onderwysers.

# HOOFSTUK 1

## Die taak en rol van die Christen-onderwyser



# 1.1 'n Gelowige onderwyser

## Doelwitte

*Om 'n onderwyser te wees is geen maklike taak nie. Die Here gee in sy Woord duidelike aanduidings hoe volwassenes sy kinders moet onderrig. Aan hierdie norme moet Christen-onderwysers uitvoering verleen in die beoefening van hulle beroep. Onderwysers wat hulle daarmee besig hou, tree as instrumente in God se diens op om sy kinders tot sy eer op te voed.*

### 1.1.1 Die onderwyser as lewende kurrikulum

Die meeste volwassenes kan getuig van 'n persoon of persone wat 'n besonderse invloed op hulle lewens uitgeoefen het. Een so 'n geval was 'n onderwyser wat onder die leerlinge as oom Sakkie bekend gestaan het. Vir oom Sakkie was sy taak as onderwyser nooit 'n werk nie, maar 'n leefwyse. Nooit sou jy hom 'n negatiewe opmerking oor die beroep, 'n leerling of sy kollegas hoor maak nie. Vir hom was elke leerling belangrik en daarom het hy selfs die hare van seuns uit arm gesinne gratis gesny. Oom Sakkie het altyd ferm, maar met waardigheid opgetree. Hy het nooit baie gepraat nie, maar as hy het, het 'n mens geluister. Jare ná sy afsterwe het talle van sy oudleerlinge nog gereeld vertel van die besonderse invloed wat hy op hulle lewens uitgeoefen het.

Soortgelyke verhale van baie ander gelowige onderwysers wat deur hulle optrede 'n beslissende rol in hulle leerlinge se geloofsvorming gespeel het, kan seker ook vertel word. In die meeste gevalle is en was sulke onderwysers onbewus van die groot invloed wat hulle op leerlinge se denke en dade uitoefen of uitgeoefen het. Tog kan die invloed wat 'n onderwyser bewustelik of onbewustelik op sy of haar leerlinge uitoefen 'n besliste rol in 'n leerling se vorming speel. Jesus Christus self dui die belangrikheid van die verhouding tussen 'n onderwyser en sy leerlinge aan deur te sê dat leerlinge soos hulle onderwysers sal word as hulle hulle opleiding voltooi het. Let wel: Hulle sal nie word soos wat hulle in die kurrikulum leer nie, maar hulle sal word soos die persoon wat hulle onderrig het.

Gelowige onderwysers moet besef dat die voorbeeld wat hulle in diens van die Here stel rigtinggewend mag wees. Leerlinge in Graad 1 sal byvoorbeeld alles

wat hulle juffrou sê en doen as waar en reg beskou. In sommige gevalle word die juffrou se kleredrag selfs deur dogters nageboots. Dit beteken beslis nie dat slegs onderwysers in die grondslagfase as 'n rolmodel vir hulle leerlinge optree nie. Nie net 'n onderwyser se woorde nie, maar veral ook hulle dade vorm die leerlinge. Die wyse waarop onderwysers met hulle kollegas omgaan, 'n krisis hanteer of leerlinge teregwys, word dikwels sonder dat hulle dit besef fyn dopgehou, en vorm later weer deel van die leerlinge se eie gedragspatrone. 'n Verkeerde sêding wat 'n onderwyser in 'n oomblik van woede vir 'n leerling toesnou, kan jare later nog deur leerlinge in soortgelyke omstandighede gebruik word.

Gelowige onderwysers moet daarom noukeurig let op hulle taalgebruik, kleredrag, werketiek en selfs hoe hulle buite klasverband optree. Hulle moet besef dat hulle lewens in 'n sekere sin 'n lewende boek is waaruit die leerlinge leer wat konsepte soos liefde of toewyding in praktyk beteken. Só help onderwysers aktief meewerk aan die vorming van leerlinge se lewens- en wêreldbeskouing.

**Onthou**

*Die Christen-onderwyser tree as beelddraer van die Here vir sy leerlinge op.*

### 1.1.2 God gebruik onderwysers as medewerkers in sy diens

Op verskeie plekke in die Skrif word ouers en ander volwassenes opgeroep om die volgende geslag in die weë van die Here te onderrig. Dit is nodig aangesien die kinders se vertroue op die Here sal toeneem namate hulle al meer van die Here se woorde en werke leer ken. 'n Leerling wat byvoorbeeld in Geskiedenis leer dat God se wil in alles geskied, kan in die vertroue leef dat God alle dinge wat met hom of haar gebeur ten goede sal laat meewerk. Hierdie geloofsgroei word nie deur die onderwyser se mooi woorde of oorredingsvermoë bewerk nie, maar deur God self. Daarom mag 'n onderwyser nooit angstig raak as 'n leerling nie in die geloof groei nie. Die onderwyser ontvang slegs die taak om te verkondig. Dit is die Here self wat die geloof gee, wanneer en soos Hy wil.

Die Christen-onderwyser tree as beelddraer van die Here vir sy of haar leerlinge op. Deur sy of haar optrede moet die onderwyser God se liefde, genade en reg prakties vir die leerlinge laat vergestalt. Daarom mag gelowige onderwysers hulleself nooit vervies vir moeilike of ongeskikte leerlinge nie. Net so verkeerd is dit om bewustelik jou oë weg te draai vir iets wat verkeerd is of om 'n probleemgeval na 'n kollega aan te stuur. Al is dit moeilik moet 'n gelowige onderwyser die Here se reg aan sy of haar leerlinge bly bedien. Dit mag nie anders nie, aangesien God self aan die onderwyser die bevoegdheid daartoe verleen. Hulle gesag is nie geleë in die pos wat hulle

beklee of die beheerliggaam wat hulle aangestel het nie, maar in die Here wat hulle geroep het vir hulle taak. Die onderwyser wat dit besef, hou goeie moed, selfs al is die omstandighede hoe moeilik.

Net soos die apostel Paulus na homself as ’n werktuig in die hande van die Here verwys, is gelowige onderwysers ook werktuie in hulle hemelse Vader se hande. As medewerkers in sy diens moet elke gelowige onderwyser sy wil uitvoer. Nooit gee Hy sy gesag as Leermeester af of dra dit oor aan ’n ander persoon of persone nie. Hy is die Een wat bly onderrig, al gebruik Hy vir die doel ouers en onderwysers in sy diens. Hierdie is ’n groot en heerlike taak, maar tegelykertyd ook ’n uiters verantwoordelike opdrag. Geen onderwyser mag sy of haar leerlinge mislei deur aan hulle te vertel dat geloof niks met ’n vakgebied te doen het nie. Wie dit doen, besef nie dat hy of sy eendag daaroor verantwoording sal moet doen nie. God se koningskap is immers nie net beperk tot die kerk of binnekamer nie. Hy is ook die Koning van Wiskunde, Taalkunde, Lewensoriëntering, Tegnologie, Geografie, ensovoorts.

### 1.1.3 Onderwysers het ook tekorte en gebreke

> **Onthou**
>
> *Gelowige onderwysers moet bewus daarna streef om nie deur hulle optrede die leerlinge te vertoorn nie.*

Die besonderse gesagsposisie waarin die Here ’n onderwyser plaas, beteken beslis nie dat ’n onderwyser geen tekorte en gebreke het nie. Die sondige aard van onderwysers sal meebring dat hulle ook foute in hulle beroepslewe begaan. Dit mag selfs gebeur dat onderwysers leerlinge valslik van oortredings beskuldig of leerlinge verkeerdelik straf. In sulke gevalle is dit belangrik dat onderwysers nie net hulle foute moet kan erken nie, maar ook, waar nodig, om verskoning vra. Daar is min dinge wat ’n leerling meer ontstel as ’n onderwyser wat weier om te erken dat hy of sy ’n fout begaan het. Stel eerder aan jou leerlinge ’n mooi voorbeeld van hoe ’n persoon onvoorwaardelik en opreg vir sy verkeerde denke of dade om verskoning vra.

Gelowige onderwysers moet wel bewustelik daarna streef om nie deur hulle eie optrede die leerlinge te vertoorn nie. Dit kan maklik gebeur dat sommige onderwysers hulle aan die volgende optrede skuldig maak:

- Tree meerderwaardig op deur voor te gee dat hulle altyd alles weet. Geen kollega of leerling kan hulle teregwys of iets nuuts leer nie.
- Tree inkonsekwent op. Gedrag wat vandag toelaatbaar is, soos om gedurende ’n les te eet, is môre onaanvaarbaar en strafwaardig.
- Koester onbillike verwagtinge van hulle leerlinge of tree onnodig streng op. Die hoeveelheid huiswerk wat leerlinge byvoorbeeld oor naweke ontvang, is onredelik.

- Verwag dinge van leerders wat hulle self nie nakom nie. Hulle laat byvoorbeeld nie selfone in die klas toe nie, maar hulle is self met hulle selfone besig.
- Deel onbillike of onregverdige strawwe uit. ’n Leerling wat onskuldig is en tog gestraf word, sal dit nie gou vergeet nie.

In sulke gevalle trek ’n onderwyser nie die leerlinge deur sy of haar gedrag na Christus toe nie, maar stoot hy of sy hulle eerder van Hom af weg.

Onderwysers wat hulle eie gebrokenheid besef het ook begrip vir ander persone se tekortkominge. Hulle verstaan as ’n kollega soms nalaat om ’n belangrike taak betyds af te handel of as ’n leerling ’n fout begaan. Dit beteken beslis nie dat jy dit wat verkeerd is maar moet oorsien of gelate moet aanvaar nie, maar wel dat jy met die nodige begrip en empatie teenoor ander persone moet optree. Die apostel Paulus wys die inwoners van Efese daarop dat hulle mekaar in liefde moet verdra as die een die ander op een of ander wyse te na kom. Dieselfde gesindheid moet ook uit ’n onderwyser se denke en dade blyk.

> **Onthou**
>
> *Gelowige onderwysers moet moeite doen om hulleself te vergewis van wat God in sy Woord en werke openbaar.*

### 1.1.4 Om ’n onderwyser te wees

Dit is ’n geweldige verantwoordelikheid om ’n onderwyser te wees. Om te dink dat die almagtige God gewone mense in sy diens gebruik om sy kinders te onderrig. In gehoorsaamheid aan Jesus Christus moet elke gelowige onderwyser die leerlinge leer om alles wat God in sy Woord beveel te onderhou. Hierdie opdrag omvat veel meer as net Jesus Christus se verlossingsdade aan die kruis. Ten diepste gaan dit oor God se ewige koningskap op alle lewensterreine, ook die onderwys met al sy verskillende fasette. Om hierdie taak sinvol te kan uitvoer, moet gelowige onderwysers moeite doen om hulleself te vergewis van wat God in sy Woord, maar ook in sy werke, openbaar. Daarom is gereelde Bybelstudie en ’n deeglike begronding van hulle vakgebied vir gelowige onderwysers van uiterste belang.

Vir gelowige onderwysers wat wel God se almag erken en dit ook in hulle beroep uitleef is daar ’n mooi en ryk belofte. Hulle sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Hulle werk nie uit hulle eie krag of vermoë nie, maar in biddende afhanklikheid van die Here. Daarom kan en mag hulle net soos Moses vra dat die Here nie sy heerlikheid van hulle leerlinge sal laat wyk nie, maar eerder die werk van hulle hande sal bevestig. Vir sulke onderwysers vorm hulle dagtaak deel van die

praktiese uitleef van hulle geloof op alle lewensterreine. Dit bied nie net vreugde en vrede nie, maar gee ook ware sin aan die lewe.

Daarteenoor waarsku Jesus Christus dat diegene wat God se gebooie breek en die mense só leer, die minste in die koninkryk van die hemele genoem sal word. Persone wat hulle daaraan skuldig maak sal eendag daaroor rekenskap moet gee. Dit geld in besonder vir ouers of onderwysers wat kinders van die Here afvallig maak. Jesus Christus leer dat dit vir hulle beter sal wees om met 'n meulsteen om hulle nek in die dieptes van die see weg te sink. Gelowige onderwysers moet daarom mooi besin hoe hulle die gawes en talente wat hulle van die Here ontvang tot sy eer kan en moet aanwend. Of dit nou 'n les is wat jy aanbied of die koor wat jy afrig, alles moet van God se eer en glorie getuig.

## Opsomming

*Onderwysers is soms onbewus van die rol wat hulle in 'n leerling se vorming speel. Jesus Christus self het daarop gedui dat leerlinge soos hulle onderwysers sal word. Op verskeie plekke in die Skrif word ouers en ander volwassenes opgeroep om die volgende geslag in die weë van die Here te onderrig. Gelowige onderwysers werk dus nie uit eie krag of vermoë nie, maar in biddende afhanklikheid van die Here.*

## Aspekte ter oorweging

*Die skrywer van die Hebreërbrief wys sy lesers daarop dat dit belangrik is om hulle voorgangers te gedenk. Kan jy aan een of meer van jou onderwysers dink wat 'n besonderse invloed op hulle leerlinge uitgeoefen het?*

1. *Wat het die onderwyser gedoen wat hom of haar van ander onderwysers onderskei het?*
2. *Watter lesse het jy by die persoon geleer wat jy in die uitoefening van jou beroep graag sal wil toepas?*

# 1.2 Onderwys is ’n roeping

## Doelwitte

*Onderwysers wat hulle taak as roeping sien en uitleef werk nie primêr vir ’n salaris of vir die erkenning van mense nie, maar tot eer van God. Dit bied ware beroepsbevrediging, aangesien hulle dit doen waarvoor Hy hulle geroep het. Dit is noodsaaklik dat elke onderwyser opnuut moet besin oor wat roeping is en hoe hulle hulle roeping in praktyk moet uitleef.*

### 1.2.1 Arbei in diens van die Here

Wat is die verskil tussen ’n gewone en ’n sogenaamde “meester-onderwyser”? Wat maak hierdie sogenaamde “meester-onderwysers” uniek? Is dit hulle besonderse vakkennis? Hulle professionele voorkoms? Of dalk hulle goeie menseverhoudings? Hoewel al hierdie aspekte wel ’n rol speel, is daar tog iets meer wat hulle van ander onderwysers onderskei. Dit gaan oor meer as dit wat net met die blote oog waargeneem kan word. Ten diepste gaan dit oor die regte hartsingesteldheid wat sulke onderwysers se denke en dade rig. Vir gelowige onderwysers word hulle ingesteldheid gerig deur die Here wat hulle roep om in sy diens te arbei. Daarom moet alle Christen-onderwysers “meester-onderwysers” in eie reg wees.

Onderwysers met die regte hartsingesteldheid beskik in die reël oor die volgende drie eienskappe:

- Hulle het ’n besonderse passie vir hulle beroep.
- Hulle openbaar hulle liefde vir hulle vakgebied.
- Hulle is lief vir die leerlinge wat hulle onderrig.

Mens kan in sulke onderwysers se oë sien dat onderwys vir hulle ’n leefwyse is en dat hulle elke oomblik daarvan terdeë geniet. Die passie en entoesiasme waarmee hulle hulle taak verrig is aansteeklik. Indien jy nie self lief is vir die Here en sy Woord nie, en nie self verwonderd staan oor wat God in jou vakgebied openbaar nie, moet jy nie dink dat jou leerlinge daaroor opgewonde sal raak nie. Die leerlinge kan immers in jou optrede sien hoe jy daaroor dink en voel. Die onderwyser wat dit

insien, besef hoe 'n groot en verantwoordelike taak dit is as die Here jou roep om 'n onderwyser te wees. Lei jy deur jou optrede jou leerlinge daartoe om die Here in jou vakgebied te leer ken en Hom van harte lief te hê, of leer jy jou leerlinge dat jou vakgebied niks met God en sy Woord te make het nie?

### 1.2.2 Wat dit beteken om deur die Here geroep te word

Die Skrif maak dit op verskeie plekke duidelik dat elke gelowige geroep word om die Here met sy of haar hele liggaam, siel, verstand en al sy of haar kragte lief te hê en om Hom van harte te dien. Alle aspekte van die gelowige se lewe moet onder Jesus Christus se koningskap gestel word. Ongelukkig is daar baie Christene wat van die oortuiging is dat geloof 'n private aangeleentheid is wat net in die kerk of by die huis tuishoort. Sulke denke verskraal Jesus Christus tot 'n God wat net sondaars van sonde verlos. Hulle vergeet dat God die Vader aan Hom alle mag in die hemel en op aarde gegee het. Jesus Christus is koning oor alle dinge, ook oor die onderwys, of die wêreld dit nou wil erken of nie.

Vir gelowige onderwysers is hierdie wete ingrypend van aard. Hulle besef dat hulle deur 'n hoër gesag tot diens geroep word. Waar die opvoeding van kinders ter sprake is, laat God geen ruimte vir die mens om self te besluit wat en hoe daar onderrig moet word nie. Ongehoorsaamheid aan God se eise en bevele is letterlik lewensgevaarlik. Daar kan dus nooit sprake wees van iets soos neutrale onderwys waar leerlinge niks van God se woorde en dade leer ken in die onderrig wat hulle ontvang nie. Onderwysers wat hulle leerlinge so onderrig, mislei hulle deur hulle nie daarop te wys dat God nie net alle dinge geskape het nie, maar steeds daaroor bly regeer.

'n Onderwyser wat sy of haar taak as roeping sien en uitleef, hoef nie 'n Bybelversie of morele sedelessie aan elke les wat hy of sy aanbied toe te voeg nie. In die meeste gevalle is soiets kontraproduktief en kraak dit eerder die gesag van God se Woord af. Christelike onderrig is eerder normatief. Leer die leerlinge om die norme wat God deur sy skepping (in alle vakgebiede) openbaar, raak te sien en hulle lewens daarvolgens in te rig. Dan leer die leerlinge in die Ekonomiese Wetenskapsklas dat dit God is wat versorg, en besef hulle dat jy daarom nie jou naaste mag uitbuit deur byvoorbeeld 'n onbillike wins op jou produkte of dienste te hef nie.

### 1.2.3 Waartoe onderwysers geroep word

In Psalm 78 maak Asaf duidelik waartoe persone wat kinders onderrig, geroep word. Die roemryke dade van die Here, sy mag en die wonders wat Hy gedoen het, mag nie verswyg word nie, maar moet aan die volgende geslag verkondig word. Hierdie roemryke dade, mag en wonders van die Here verwys nie net na die verhale wat in die Bybel opgeteken is nie. Die apostel Paulus skryf in sy brief aan die gemeente in

Rome dat God se ewige krag duidelik sigbaar en verstaanbaar is as ons na die dinge rondom ons kyk. Die taal wat ons praat, die wiskundige berekeninge wat ons doen of die tegnologie wat ons gebruik, sê alles iets van God se wese en almag. Hierdie boodskap moet, net soos die Skrifwaarhede, aan die volgende geslag verkondig word.

> **Onthou**
>
> *Gelowige onderwysers moet bid dat die Here hulle waardig mag ag om hulle roeping uit te leef.*

Hierdie taak kan beslis nie in 'n japtrap afgehandel word nie. Daarom leer die Skrif dat dit inspanning verg. Salomo skryf in sy Spreukeboek dat kinders in die weg van die Here geoefen moet word. Om te oefen impliseer toewyding en 'n herhalende optrede. 'n Toevallige opmerking hier en daar is nie genoeg nie. Soos 'n afrigter noukeurig 'n oefenprogram vir sy of haar atlete uitwerk, moet onderwysers ook hulle leerlinge berekend in die weg van die Here onderrig. 'n Gelowige onderwyser doen daarom moeite om na te lees en te oordink watter norme die Here oor onderrig openbaar en hoe hy of sy dit in praktyk kan uitleef.

Dit is beslis nie maklik nie. Roeping bevat altyd 'n element wat bo jou eie vermoë gaan. Daarom kan geen onderwyser sy taak uit eie krag of met sy eie wysheid en insig vermag nie. Gelowige onderwysers moet, in navolging van die apostel Paulus, ook bid dat die Here hulle waardig mag ag om hulle roeping uit te leef. Bid ook om krag en wysheid as leerlinge (en selfs hulle ouers) moeilik, uitdagend of selfs onbeskof teenoor jou optree. Dit is in sulke tye wat jou roepingsbesef jou staande hou. Dan berei jy weer deeglik vir môre se les voor of hanteer jy 'n moeilike leerling met die nodige agting, want jy weet dit is wat God van jou verwag. Die Here se roeping – nie jou omstandighede nie – bepaal jou optrede. Hierdie wete bied ware genoegdoening vir gelowige onderwysers.

### 1.2.4 Pasop vir slaggate

Daar kan net waarlik sprake van roeping wees as dit in gehoorsaamheid aan God geskied. Anders is dit slegs 'n begeerte wat maklik tot allerlei uitwasse aanleiding kan gee. Ongelukkig kom van hierdie uitwasse ook gereeld in die onderwys voor. Dink maar net aan die skoolhoof wat sy eie ideale vir die skool eerder as die Here se wil voorhou, of die afrigter wat vir 'n seun sê dat hy die Here se wil minag as hy nie sy talente wil gebruik om rugby te speel nie. In albei hierdie gevalle gaan dit in die reël nie oor die eer van die Here nie, maar eerder oor die wil van die individu.

Om te verseker dat jy as onderwyser nie in hierdie slaggat trap nie, is die volgende twee aspekte van belang:

- Elke gelowige moet moeite doen om die Here se wil te leer ken. Gereelde Bybelstudie, huisgodsdiens, erediensbywoning en persoonlike gebed is noodsaaklik. So leer jy wat God se wil is en weet jy waartoe Hy jou roep. Al staan daar nêrens direk in die Bybel geskryf dat jy ’n onderwyser moet word nie, gee Hy wel duidelike voorskrifte van hoe onderwysers moet optree. Van hierdie voorskrifte moet elke persoon wat geroepe voel om ’n onderwyser te word deeglik kennis neem.
- Roeping veronderstel altyd ’n aktiewe handeling of optrede, nie ’n passiewe houding nie. ’n Mens moet tot aksie oorgaan. Die Here kon as Hy wou ander middele gebruik het om sy kinders te onderrig, maar Hy roep gewoon sondige mense vol gebreke en tekorte om dit te doen. Aan hierdie roeping moet elke onderwyser aktief uiting gee. Leer, bemoedig, vermaan en, indien nodig, tug die leerlinge in jou klas. Onderwysers wat dit doen, tree roepingsgedrewe op.

### 1.2.5 Roeping in praktyk

Onderwysers wat hulle taak as roeping sien en uitleef, vra hulleself gedurig af waarmee God wil hê hulle hulleself moet besig hou. As God wil hê dat jy in die klas besig moet wees om te onderrig, mag jy nie buite op die terrein besig wees om die atletiekbaan se lyne te merk nie. Net so mag jy nie in werkoholisme verval as God van jou verwag om ook tyd saam met jou gesin deur te bring nie. Dit is belangrik dat onderwysers moet besef dat hulle nie net ’n roeping om te onderrig ontvang nie. Hulle word ook deur die Here geroep om ’n goeie huweliksmaat vir hulle man of vrou, ’n liefdevolle ouer vir hulle kinders en ’n aktiewe lidmaat van die gemeente van Christus te wees.

Die werkdruk waaronder onderwysers vandag verkeer, veroorsaak dikwels dat hulle nie genoeg stilstaan om te besin waarmee hulle besig moet wees nie. Dit kan maklik gebeur dat jy jou met goeie dinge kan besig hou terwyl jy nie veronderstel is om daarmee besig te wees nie. Afrigters wat ure en ure aan die afrigting van hulle spanne bestee, maak hulleself dikwels hieraan skuldig. Sulke persone moet nie dink hulle is besig om in gehoorsaamheid hulle roeping uit te leef nie, want hulle is nie. Maak daarom eerder gereeld tyd om te besin oor waarmee God wil hê jy moet besig wees en op watter wyse jy die taak moet verrig. Dan leef jy jou roeping uit deur met die regte ding op die regte manier op die regte tyd besig te wees.

Onderwysers wat biddend hulle roeping uitleef tree altyd met gesag op. Hulle mandaat om op ’n sekere wyse te handel is nie in hulleself of die gesagstruktuur van die skool gesetel nie, maar in die Here wat hulle geroep het om die taak uit te voer. Dit beteken nie dat ander kollegas, ouers of leerlinge dit noodwendig so sal erken of aanvaar nie, maar dit bied wel sekerheid en standvastigheid vir gelowige onderwysers.
Al gaan dinge hoe moeilik, hou hulle steeds moed, want hulle weet dat hulle as God se werktuie sy opdragte moet uitvoer. Alleen hierdie wete gee ware werkstevredenheid.

## Opsomming

*Gelowige onderwysers se ingesteldheid word gerig deur die Here wat hulle roep om in sy diens te arbei. Dit is hierdie hartsingesteldheid wat sulke onderwysers se denke en dade rig. 'n Onderwyser wat sy of haar taak as roeping sien en uitleef, moet die leerlinge leer om die norme wat God deur sy skepping (in alle vakgebiede) openbaar te sien en hulle lewens daarvolgens in te rig.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na oor jou roeping as onderwyser. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

- *Doen jy genoeg moeite om God se wil te leer ken?*
- *Wat bepaal jou optrede in praktyk?*
- *Waarmee hou jy jouself besig waarmee jy nie besig behoort te wees nie?*
- *Beleef jy dat Christus jou as werktuig in sy koninkryk gebruik?*

# 1.3 Wat onderwysers by Jesus Christus moet leer

## Doelwitte

*Die Bybel openbaar dat Jesus Christus ons enigste Profeet en hoogste Leermeester is. Hy wil sy kinders onderrig. Vir dié doel gebruik die Here gewone mense soos ouers en onderwysers as werktuie in sy hand. Daarom moet gelowige onderwysers hulleself nie net vergewis van wat die Here onderrig nie, maar ook van die wyse waarop Hy onderrig.*

### 1.3.1 Jesus Christus as Leermeester

Die evangelie van Johannes maak dit duidelik dat Jesus Christus, die Woord van God, nie net van die begin af by God was nie, maar self ook God is. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het geen ding ontstaan nie. As Woord van God maak Jesus Christus die wil van sy Vader op twee wyses aan ons bekend. Eerstens deur sy Vader se skeppingswerke en later in meer besonderhede deur die neergeskrewe Woord (die Bybel) self. Vir die Christen is God nie 'n ver en onbekende God nie. Hy is ons Vader wat sy Seun (die Woord) mens laat word het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Deur sy woorde en werke kom leer Hy ons om God met ons hele hart, siel en verstand te dien.

Die boodskap wat Jesus Christus verkondig moet elke Christen-onderwyser steeds uitdra. Dit vorm die kern van elke onderwyser se taak. In die bestudering van alles wat God gemaak het, of dit nou die taal is wat jy praat of die wiskundige wetmatighede wat jy ondersoek, bly die kernvraag: Hoe leer jy jou leerlinge om die Here nie net met hulle hart en siel nie, maar ook met hulle verstand, lief te hê en te dien? Dan kyk jy dieper as net na die reaksie wat plaasvind wanneer jy twee stowwe in die Chemieklas met mekaar meng. Agter dit alles sien jy die hand van die Here raak. In Christus kry die werklikheid 'n nuwe betekenis. 'n Gelowige Wiskunde-onderwyser wat God se orde raaksien in die begrip "tyd", sal daarom nie anders kan as om ook hierdie wonder per geleentheid aan sy of haar leerlinge uit te wys nie.

Onthou

*Jesus se gedrag getuig van 'n diepe begrip van die situasie van elke persoon met wie Hy omgaan.*

Die geloofsbril waardeur die gelowige onderwyser na die werklikheid kyk, help om die kern van dit wat hy of sy moet onderrig, te verstaan. Dit is die gevolgtrekking waartoe die Spreukedigter kom as hy skryf: "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en kennis van die Heilige is verstand" (Spreuke 9). Slegs in God se lig sien ons die lig en kan ons dus dinge reg verstaan. Daar kan net sprake van ware wysheid en insig wees as die kennis wat jy het jou die grootheid van die almagtige God laat raaksien. Die onderwyser met eie idees en oogmerke, of die waarde van leerinhoud, staan dan nie meer voorop nie, maar wel God soos Hy Homself in alle aspekte van die skepping wil bekend maak.

### 1.3.2 Jesus Christus se metode van onderrig

Jesus Christus bied die perfekte voorbeeld aan onderwysers van hoe 'n mens moet onderrig. Die wyse waarop Hy byvoorbeeld sy dissipels en ander persone onderrig, getuig van 'n diepe begrip van die situasie van elke persoon waarmee Hy omgaan.

- Jesus praat nie net met die belangrike mense in die samelewing soos die Fariseërs nie, maar ook met die randfigure in die gemeenskap. Nooit was iemand te belangrik, te gering of te sondig vir Jesus om nie bemoeienis mee te maak nie. Hy maak inteendeel juis moeite met diegene wat deur die samelewing uitgestoot en verwerp word. Hierin moet gelowige onderwysers Hom navolg. Dit mag nie gebeur dat onderwysers meer aandag aan die sportsterre of toppresteerders in hulle klasse gee terwyl hulle die leerlinge wat minder talente ontvang het, afskeep nie. Vir wie stuur jy as onderwyser om gou 'n boodskap aan jou kollegas te gaan oordra? Is dit altyd dieselfde een of twee leerlinge of kry elke leerling 'n billike kans om sulke take te verrig?
- Jesus hanteer alle persone ooreenkomstig met hulle kundigheid en vermoëns. Met die Fariseërs wat in die Skrif onderlê is, is Hy skerp en op die man af. Onkundige persone soos die Samaritaanse vrou by die put behandel Hy weer met baie empatie en deernis. Dieselfde gesindheid moet ook in elke onderwyser leef. Aan begaafde leerlinge mag hoë eise gestel word, terwyl minder begaafde leerlinge weer met meer empatie behandel moet word. Agt uit tien is nie noodwendig goed en vier uit tien sleg vir 'n spellingtoets nie. 'n Intelligente leerling wat min geleer het, maar tog goed presteer, behoort berispe te word, terwyl 'n minder intelligente leerling wat wel hard geleer het, lof moet ontvang, al het hy of sy nie so goed presteer nie.

- Tydens Jesus se bediening op aarde werk Hy in die reël met sy dissipels in groepverband. Wanneer die situasie dit vereis, maak Hy persoonlike bemoeienis met die individu wat dit benodig. Net soos Jesus persoonlike bemoeienis met Petrus maak nadat dié Hom verloën het, moet gelowige onderwysers ook moeite doen om te verseker dat geen leerling sonder rede agterraak of uitval nie. Dit kan net gebeur as onderwysers ’n sensitiwiteit vir al die leerlinge in hulle klas ontwikkel. Dan weet die onderwyser as ’n leerling emosionele, maatskaplike of selfs sosiale uitdagings ondervind wat sy of haar akademiese vordering negatief beïnvloed.

### 1.3.3 Jesus se metode van onderrig pas aan by wat Hy wil onderrig

Die leerinhoud wat Jesus wil onderrig het ook ’n direkte invloed op die onderrigmetode wat Hy gebruik om sy volgelinge mee te onderrig.

- Jesus Christus verduidelik ’n moeilike konsep, soos sy wederkoms, aan sy dissipels deur aan hulle ’n gelykenis te vertel. Aangesien hulle goed vertroud is met die verloop van ’n bruilof kom hulle tot die besef dat hulle net soos die vyf wyse maagde ook goed voorbereid moet wees vir sy wederkoms. So kan ’n onderwyser ook moeilike konsepte soos die ekonomie met ’n gesin se begroting vergelyk. Die leerlinge leer dan nie net hoe ’n land se ekonomie werk nie, maar hulle kan ook beter verstaan wat dit beteken om as rentmeester op te tree.
- By ’n ander geleentheid kry Jesus weer die skare se aandag deur aan hulle verhale te vertel. Die verhaal van die verlore seun is ’n mooi voorbeeld van so ’n verhaal waardeur Hy sekere waarhede by die toehoorders tuisbring. Onderwysers kan ook met groot vrug van hierdie metode gebruik maak om sekere waarhede by hulle leerlinge tuis te bring. Verhale wat handel oor die geloofmoed waarmee leerlinge se voorgeslagte in die verlede opgetree het, kan byvoorbeeld help om leerlinge te inspireer om ook voluit uit die geloof te leef.
- In die bergrede onderrig Jesus weer sy volgelinge op ’n formele wyse om hulle te leer hoe om tot hulle Vader in die hemel te bid. Natuurlik is daar ook baie kennis en vaardighede wat Christen-onderwysers formeel aan hulle leerlinge moet onderrig. Elke leerling wat oor die vermoë beskik, behoort reeds van jongs af te leer lees, skryf en reken sodat hulle hulle roeping na behore in die samelewing kan uitleef.
- In sekere gevalle gebruik Jesus ook ’n teken soos ’n muntstuk of ’n element in die natuur om sy boodskap te verduidelik. Die nagmaal is ’n mooi voorbeeld van so ’n sigbare teken wat heenwys na Jesus Christus se volkome betaling vir ons sondes aan die kruis. Baie skole se skoolwapen of -leuse wys op ’n soortgelyke wyse na die Christelike begronding van die skool. Indien dit wel die geval is, moet Christen-onderwysers moeite doen om dit wat die teken versinnebeeld met hulle leerlinge te bespreek.

Nie alle leerinhoude is ewe geskik vir 'n sekere metode van onderrig nie. In Geskiedenis kan die wondere van die Here byvoorbeeld beter deur 'n verhaal geïllustreer word as wat die geval met God se natuurwette in Natuurwetenskappe is. Elke Christen-onderwyser moet daarom deeglik gaan besin oor watter metode die beste is om die leerinhoud oor te dra.

**Onthou**

*Christen-onderwysers moet deeglik besin oor watter metode die beste is om die leerinhoud oor te dra.*

### 1.3.4 Jesus Christus betrek sy toehoorders by sy onderrig

Die onderrig wat Jesus aan sy volgelinge gee is dikwels interaktief. Deur sy aanhoorders by die onderrig te betrek, bied Hy aan hulle die geleentheid om hulle verkeerde sienings te korrigeer en aspekte wat hulle nog nie mooi verstaan nie, uit te klaar.

- Voor sy kruisiging kom Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas elkeen afsonderlik met Jesus praat oor wat voorlê. Hy luister na wat hulle pla en beantwoord daarna al hulle kwelvrae in diepte. Die druk om 'n sillabus deur te werk of om sekere administratiewe take af te handel, kan maklik veroorsaak dat onderwysers nie meer tyd vind om ook so met hulle leerlinge te gesels nie. As dit gebeur, ontneem onderwysers hulleself van 'n gulde geleentheid om die leerlinge se denke te vorm. Beplan daarom eerder jou lesse so dat daar voldoende tyd vir gesprekvoering met jou leerlinge is.
- By ander geleenthede lei Jesus deur gerigte vrae sy dissipels daartoe om tot sekere insigte te kom. In die evangelies van Matteus en Markus lees ons hoe Jesus eers aan sy dissipels vra wie die mense sê Hy is en vra Hy later aan hulle wie hulle dink Hy is. Daardeur bring Hy hulle by die punt om te besef dat Hy die Christus is – die Seun van die Lewende God. Christen-onderwysers kan ook hulle leerlinge deur gerigte vrae help om al meer van God se hand in hulle vakgebiede raak te sien. In Lewenswetenskappe kan onderwysers byvoorbeeld hulle leerlinge vra om te verduidelik watter dinge sin aan die lewe gee. In 'n vak soos Kuns en Kultuur kan leerlinge weer gevra word om tussen goeie en slegte vorme van kuns te onderskei. Daardeur help jy jou leerlinge om te besin oor die dinge waarmee hulle besig is.

### 1.3.5 Leer deur te doen

Die vermoë om dit wat jy geleer het prakties toe te pas is uiters belangrik. Jesus Christus verwag daarom van sy volgelinge dat hulle geloof ook in dade moet oorgaan.

- Jesus Christus stel hierin vir sy dissipels 'n mooi voorbeeld toe Hy gedurende die laaste maaltyd voor sy kruisiging self 'n doek om sy lyf bind en sy dissipels se voete was. Hulle ontvang daarna die direkte opdrag om dieselfde te gaan doen. Hierdie selfde beginsel moet elke gelowige onderwyser ook in sy of haar klas toepas. Jy kan nie van jou leerlinge verwag om hulle taal suiwer te gebruik as jy self elke nou en dan 'n Engelse of 'n kragwoord gebruik nie. Stel eerder die regte voorbeeld deur deeglik vir elke les voor te berei of om leerlinge se skrifte gereeld na te sien. 'n Onderwyser wat dit doen, mag ook 'n goeie werksetiek van sy leerlinge vereis.
- Jesus skep ook formele geleenthede vir sy dissipels om dit wat hulle by Hom geleer het te gaan toepas. Per geleentheid stuur Jesus byvoorbeeld sy dissipels in groepies van twee om die evangelie te gaan verkondig. 'n Belangrike aspek van hierdie opdrag was dat die dissipels geen lewensmiddele met hulle moes saamneem nie. Hulle moes leer om hulle Leermeester in die uitvoering van hulle opdrag ten volle te vertrou. Dit is maklik om vir leerlinge te sê dat die Here sorg, maar vir 'n leerling om dit te midde van armoede en hongersnood te gaan beleef, is 'n heel ander saak. Leerlinge wat God se versorging prakties ervaar, dink radikaal anders. Vir hulle is geloof nie net 'n klomp woorde nie; dit raak 'n absolute realiteit.

Seker die belangrikste ding wat enige onderwyser kan doen is om sy of haar leerlinge onvoorwaardelik lief te hê. Jesus kyk na die skare en voel innig jammer vir hulle omdat hulle soos skape sonder 'n herder is. Sy liefde vir hulle gaan oor in dade en Hy begin om hulle te onderrig. Dieselfde gesindheid moet ook in ons optrede duidelik na vore tree. Maak bemoeienis met elke leerling in jou klas, nie net met stoute of begaafde leerlinge nie. Wees lief vir elkeen, net soos Jesus Christus jou ook liefhet. Sulke liefde soek die leerlinge se beste belang. Dan is jy ferm wanneer dit nodig is, maar ook vergewensgesind as dit vereis word.

> **Onthou**
>
> *Geloof raak 'n absolute realiteit vir leerlinge wat God se versorging prakties ervaar.*

Jesus Christus se liefde vir sy volgelinge gaan ook oor tot die intree vir hulle by sy hemelse Vader. In sy hoëpriesterlike gebed vra Hy sy Vader om hulle nie uit die wêreld te neem nie, maar wel om hulle van die Bose te bewaar. Dit is nodig sodat hulle in waarheid heilig kan wees. Elke gelowige onderwyser moet ook vir sy of haar leerlinge by God intree. Bid dat die Here hulle nie net sal bewaar nie, maar hulle ook sal laat groei en toeneem in die geloof. Bid ook dat die Here aan jou die wysheid en insig mag verleen om elke leerling so op te voed dat hy of sy die Here met sy of haar hele hart sal liefhê en Hom gewillig sal dien in sy of haar hele lewe.

## Opsomming

*Die boodskap wat Jesus Christus verkondig moet elke Christen-onderwyser steeds uitdra. Dit vorm die kern van elke onderwyser se taak. Jesus Christus bied ook die perfekte voorbeeld aan onderwysers hoe 'n mens moet onderrig. In jou taak as 'n Christen-onderwyser is dit belangrik dat jy jou leerlinge onvoorwaardelik lief sal hê en dat jy vir hulle sal bid.*

## Aspekte ter oorweging

*Kyk of jy meer inligting in die Skrif kan bekom oor hoe Jesus Christus mense onderrig het. Die volgende vrae kan help met so 'n ondersoek:*

- *Hoe verskil Jesus Christus se optrede teenoor gelowige mense teenoor ongelowige mense?*
- *Gebruik Hy net woorde of ook dade om dit wat verkeerd is reg te stel?*
- *Hoe hanteer Jesus diegene wat Hom aktief teenstaan?*

# 1.4 Die onderwyser as onderrigleier

## Doelwitte

*'n Christen-onderwyser moet leer om so op te tree dat leerlinge in sy of haar optrede God se lig kan sien en Hom daarvoor verheerlik.*

### 1.4.1 Onderwyser of fasiliteerder?

Elke land of gemeenskap volg 'n eiesoortige onderwysbenadering. Met die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderrig (UGO) het Suid-Afrika in 2006 byvoorbeeld wegbeweeg van 'n inhoudgebaseerde onderwysbenadering na 'n uitkomsgebaseerde benadering. Die owerheid was van oortuiging dat UGO, gegewe die Suid-Afrikaanse historiese konteks, die mees geskikte benadering sou wees om ook daardeur alle skole onder een sambreel te verenig. Die nuwe benadering het verskeie veranderinge in praktyk teweeggebring. Een daarvan was dat die rol van onderwysers nuut bepaal moes word. Daar sou voortaan na onderwysers as fasiliteerders verwys word.

Fasiliteerders moes nie meer voorgeskrewe leerinhoude onderrig nie aangesien dit, volgens hierdie denke, 'n demper op leerlinge se ontwikkeling sou plaas. Die kind en sy ontwikkeling staan sentraal. Die onderrigleier moet slegs die leerproses fasiliteer sodat die leerders gestelde leeruitkomste self kan bereik. Hoewel daar enkele positiewe aspekte in hierdie benadering is, het dit sy gebreke. Een daarvan is dat geen ruimte meer gelaat word vir die onderrig van vasstaande waarhede nie. Tog maak die Skrif dit duidelik dat alle opvoeders sekere kennis aan hulle leerlinge moet oordra. In die boek Deuteronomium ontvang die Israeliete byvoorbeeld die opdrag om God se voorskrifte by hulle kinders in te skerp. Jy kan God net reg dien as jy Hom ken en hierdie kennis moet aktief aan die volgende geslag onderrig word.

Die UGO-benadering is in die afgelope jare egter in 'n groot mate laat vaar. Maar dit veroorsaak nog steeds baie onsekerheid by onderwysers. Christen-onderwysers besef egter dat die inhoud en norme van elke vak steeds op die regte manier

oorgedra moet word. Want die benadering wat die Christen-onderrigleier volg is geen middelmatige saak nie. Hulle besef hulle verantwoordelikheid om dit wat God in sy Woord en deur sy werke (dus ook alle skoolvakke) bekend maak, aan die volgende geslag te onderrig. Kinders is nie bloot net leerders wie se leerproses gefasiliteer moet word nie, maar leerlinge wat by wyse van spreke aan die onderwyser se voete moet sit om te leer. Soos die Spreukedigter moet jy ook aan jou leerlinge kan sê om jou onderrig nie te minag nie, maar dit ter harte te neem. Om in dié doel te slaag, moet gelowige onderwysers voortdurend besin oor hulle rol en taak as onderrigleiers in die klas.

**Onthou**

*Bybelse liefde is ook om reg te onderrig en Bybelse waarhede oor te dra.*

### 1.4.2 Die onderwyser as gasheer

Per geleentheid wou Jesus se dissipels nie hê dat die kindertjies Hom lastig val nie. Jesus het hulle skerp aangespreek en beveel dat hulle nie die kindertjies moet verhinder om na Hom te kom nie. Ons kan vandag steeds, net soos die dissipels, ook deur ons optrede leerlinge verhinder om by Jesus Christus uit te kom. Dit gebeur as jy nie ’n gesindheid van begrip en deernis teenoor jou leerlinge uitstraal nie, maar koud en afsydig teenoor hulle optree. Dan trek jy nie die leerlinge deur jou optrede na Christus toe nie, maar stoot jy hulle eerder van jou en daardeur ook van die Here af weg.

Bybelse liefde is nie, soos die wêreld dit soms voorhou, ’n aangeplakte glimlag of ’n aanvaarding van die verkeerde nie. Dit is wel ’n ware omgee vir elke leerling in jou klas. Dan is jy ferm, eerlik en regverdig, maar terselfdertyd ook lankmoedig, geduldig en verdraagsaam. Jy poog om positiewe bemoeienis met elke leerling te maak, selfs met diegene wat gereeld jou klas ontwrig. Jy stel belang in die leerlinge se buitemuurse aktiwiteite of verneem byvoorbeeld hoe dit met ’n leerling tuis gaan. So bou jy ’n noue band met die leerlinge in jou klas op sonder om familiêr met hulle te raak. Onthou, jy is hulle onderwyser, nie ’n vriend of vriendin nie.

’n Onderwyser wat lief vir leerlinge is, doen moeite om elke leerling in die klas tuis te laat voel. Jy ken elke leerling se naam en verloor niemand uit die oog nie. Maklik is dit nie altyd nie aangesien sommige leerlinge meer aandag vereis as ander. Vir die Christen-onderwyser is beide die individu en die groep ewe belangrik. Nooit mag die een ten koste van die ander afgeskeep word nie. Maak seker dat geen leerling akademies, sosiaal of emosioneel onnodig uitval nie, maar waak ook daarteen dat ’n sekere leerling nie soveel van jou tyd opeis dat ander leerlinge daardeur benadeel word nie.

### 1.4.3 Die onderwyser as aanbieder

God gebruik gewone sondige mense soos ouers en onderwysers om sy kinders vir hulle roeping in die volwasse wêreld voor te berei. Hy wil sy kinders onderrig en hierin mag jy as instrument in sy Vaderhand meewerk. As jy besef dat jy 'n medewerker in diens van Jesus Christus is, moet jy mooi nadink oor hoe jy optree. Dan is jy nie vol van jouself of sien jy neer op die leerlinge nie. Jy weet dat jou doen en late die beeld van Jesus Christus aan jou leerlinge vertoon. Hulle moet in jou optrede kan sien wat dit beteken om 'n ware dissipel van Jesus Christus te wees.

As aanbieder van 'n les moet die onderwyser die leerlinge se aandag op die regte dinge vestig. Dit kan jy net doen as jy self weet wat die doel van die les is. In sekere gevalle, veral by hoërskoolleerlinge, kan die doel van die les met die leerlinge bespreek word. Leerlinge in die Afrikaanse klas moet byvoorbeeld weet dat taalvaardighede belangrik is om mooi suiwer met ander persone in die wêreld te kommunikeer. 'n Mens kan 'n storie met praktiese toepassingswaarde aan leerlinge in die grondslagfase vertel om hulle aandag te kry. So help jy die leerlinge om hulle roeping nou, maar ook later in die volwasse wêreld, te kan uitleef.

'n Deel van jou taak as aanbieder is om jou onderrig te orden. Leerlinge moet besef dat daar sekere ordestrukture en reëls in jou klas geld. Hulle moet byvoorbeeld weet dat dit disrespekvol is om onderling met mekaar te sit en gesels terwyl jy besig is om 'n les aan te bied. Deur sekere reëls nougeset toe te pas, help jy die leerlinge om met verloop van tyd die norme wat hierdie reëls begrond hulle eie te maak. As leerlinge nooit leer om jou as onderwyser wat hulle kan sien, met respek en agting te hanteer nie, hoe sal hulle ooit leer om God, wat hulle nie kan sien nie, met eerbied te gehoorsaam?

### 1.4.4 Die onderwyser as didaktikus

Oppervlakkig beskou is die doel van onderrig die oordrag van sekere kennis, vaardighede en gesindhede. Onderwysers gee visueel en verbaal aan hulle leerlinge die nodige begeleiding sodat hulle hulle skoolloopbane suksesvol kan voltooi.
Vir 'n gelowige onderwyser gaan dit oor veel meer as die afrigting van leerlinge om matriek te slaag. Om matriek met vrystelling te slaag mag nooit 'n doel op sigself word nie. Alle kennis, vaardighede en gesindhede wat 'n leerling aanleer kan net waarlik sin maak as dit in die lig van God se wil gesien en beoordeel word.
In Psalm 36 stel koning Dawid hierdie waarheid soos volg: "In U lig sien ons die lig". Die fontein van alle insig is alleen by die Here te vinde.

Die onderrig van Christelik-gefundeerde kennis, -vaardighede en -gesindhede het altyd ten doel om leerlinge se denke en dade in lyn met God se wil te transformeer. Leerlinge moet begelei word om dit wat hulle leer deel van hulle eie waardesisteme

te maak. Deur kritiese vrae moet leerlinge se denke gestimuleer word om na te dink oor die waarde van die onderrig wat hulle ontvang. Dit is goed as leerlinge byvoorbeeld wiskundige stellings ken, maar dit is ewe belangrik dat hulle ook moet nadink oor wie hierdie wiskundige wetmatighede neergelê het en wat God se doel daarmee is.
As didaktikus moet jy tyd inruim om met jou leerlinge oor hierdie fundamentele beginsels in jou vakgebied te gesels. Die vrees van die Here is immers die beginsel van alle kennis.

### 1.4.5 Die onderwyser as pedagoog

As pedagoog moet jy nie net jou leerlinge onderrig nie, maar ook opvoed.
Jou taak strek veel wyer as net die onderrig van akademiese leerinhoude in die klas. As gelowige moet jy ook op die doen en late van die jong "broeders" en "susters" in jou klas let. 'n Leerling wat byvoorbeeld sy liggaam skade berokken deur drank of dwelms te gebruik, of sy denke besoedel deur pornografie te kyk, moet aangespreek word. Jy mag nie jou oë wegdraai omdat dit dalk ná skoolure plaasvind nie. Paulus se opdrag aan die jong Timoteus geld ook vir elke gelowige onderwyser. Jy moet tydig en ontydig, in alle lankmoedigheid en lering, die verkeerde denke by jou leerlinge weerlê, hulle vermaan as hulle hulleself met verkeerde dinge besig hou en, waar nodig, hulle bestraf.

Om effektief jou taak as pedagoog te kan uitvoer, moet jy moeite doen om jouself van die leefwêreld waarbinne die leerlinge hulleself bevind, te vergewis. Nooit mag jy alle leerlinge oor een kam skeer nie. Verdiskonteer dat daar 'n leerling in jou klas mag wees wat nooit tuis of by die kerk geleer het om tussen reg en verkeerd te onderskei nie. Vir baie leerlinge vorm kragwoorde deel van die spreektaal wat hulle daagliks by hulle ouers of ander gesinslede hoor. Dit verg wysheid en geduld om sulke leerlinge in liefde te hanteer, sonder om van die norme wat God in sy Woord gestel het weg te beweeg. Onderwysers mag egter nooit so optree dat hulle die leerlinge se eie inisiatief onderdruk nie. Erken hulle unieke talente en karaktereienskappe deur aan hulle die nodige ruimte te verleen om hulleself uit te leef. Maak bemoeienis met elke leerling wat leiding benodig en bid tot die Here dat Hy aan jou die wysheid en insig mag verleen om sy kinders tot sy eer op te voed.

## Opsomming

*Die Skrif leer dat alle opvoeders sekere kennis aan hulle leerlinge moet oordra. Soos die Spreukedigter moet jy ook aan jou leerlinge kan sê om jou onderrig nie te minag nie, maar dit ter harte te neem. Om in dié doel te slaag, moet die gelowige onderwyser voortdurend besin oor sy of haar rol en taak as onderrigleier, didaktikus en pedagoog in die klas.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in groepies van ongeveer vier persone. Bespreek in die groepe die onderskeie rolle van 'n Christen-onderwyser. Gee soveel moontlik voorbeelde uit die praktyk om aan te toon hoe jy op 'n praktiese wyse jou geloof kan uitleef sonder dat dit soetsappig oorkom of aanstoot aan leerlinge of jou kollegas gee.*

# 1.5 Die onderwyser as kurrikuleerder

## Doelwitte

*Die meeste onderwysers sien kurrikulering nie as deel van hulle opdrag nie. Tog vereis die Here van elke onderwyser om onderrig vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te gee. Om te verseker dat leerlinge leer wat waar en reg is, moet elke onderwyser as kurrikuleerder in sy of haar eie vakgebied optree.*

### 1.5.1 'n Onderwyser nie slegs 'n tegnikus

Onderwysers word dikwels daarvan beskuldig dat hulle tegnici geword het wat departementele beleid nougeset toepas. Talle kontroles en administratiewe take dwing onderwysers om die neergelegde voorskrifte sonder enige nadenke te implementeer. Die groot werklading op onderwysers verhoed hulle voorts om enige addisionele werk te verrig. Die sillabus van owerheidskant, en nie meer die onderwyser nie, bepaal wat om te onderrig asook wanneer dit onderrig moet word. Hoewel daar meriete daarin is dat die owerhede minimum standaarde vir onderrig neerlê, het dit ongelukkig tot gevolg dat baie onderwysers slegs dit doen wat die owerhede van hulle vereis.

Die meeste onderwysers sien kurrikulering glad nie as deel van hulle taak nie. Die samestelling van 'n kurrikulum is na hulle oordeel iets wat by die Departement van Basiese Onderwys tuishoort. Sogenaamde deskundiges wat oor 'n klomp grade beskik moet die taak verrig. Hoewel kurrikulering geen maklike taak is nie, en deskundiges beslis 'n rol in die samestelling van die kurrikulum kan speel, neem dit nie die onderwyser se verantwoordelikheid om ook te kurrikuleer weg nie. Voor die Here bly die persoon wat die leerlinge onderrig verantwoordelik vir dit wat hy of sy aan die leerlinge onderrig. Daarom is dit belangrik dat onderwysers weer hulle verantwoordelikheid in die verband moet besef.

## Onthou

*Die gelowige onderwyser volg nie bloot die voorgeskrewe handleidings nie, maar dink daaroor na vanuit 'n Bybelse begronding.*

’n Graad 12 Lewenswetenskappe-onderwyser mag byvoorbeeld nie die ewolusieteorie aan sy leerlinge onderrig sonder om hulle daarop te wys dat dit ’n teorie (menslike denke) is nie. Eerlike wetenskapbeoefening vereis dat onderwysers ook vir hulle leerlinge van ander teorieë rakende die oorsprong van alle dinge moet vertel. Gelowige onderwysers sal voorts aan die leerlinge uitwys dat teorieë met verloop van jare kom en gaan, maar dat God van ewigheid daar was en tot in ewigheid daar sal wees. Anders as menslike teorieë bly die openbaring van God ewig staan. ’n Soortgelyke kritiese ingesteldheid moet ook in alle ander vakgebiede heers. Dit vereis ’n deeglike kennis van dit wat bestudeer word, maar ook ’n studie van dit wat God oor die betrokke aspek openbaar. Slegs deur toewyding en harde werk kan daar na behore oor sulke vraagstukke besin word. Dan is die onderwyser nie net ’n tegnikus wat die voorgeskrewe handleidings insigloos volg nie, maar wel ’n nadenkende persoon wat vanuit Bybelse begronding onderrig.

### 1.5.2 Die kurrikulum spruit uit die gemeenskap se denke

Almal van ons is goed vertroud met die beeld van ’n trein wat slegs kan beweeg in die rigting waarheen sy spore hom lei. Hierdie beeld kan help om die rol wat die kurrikulum speel beter te verstaan. Net soos die passasiers ’n verwagting het om hulle bestemming veilig te bereik, het leerlinge ook die verwagting dat dit wat hulle op skool leer hulle na behore sal toerus om die volwasse wêreld in vertroue op die Here te betree. Leerlinge vertrou onderwysers om hulle veilig by die regte bestemming te bring.

Die rigting waarin die “spore” lei sal bepaal waar leerlinge in hulle denke ontwikkel. As die kurrikulum ’n kapitalistiese onderbou het sal die leerlinge in die reël geneig wees om welvaart na te jaag, maar as dit ’n sosialistiese onderbou het is die kans groot dat hulle die belange van die gemeenskap voorop sal stel. Baie ouers en onderwysers staan dikwels verstom oor die wyse waarop hulle kinders dink of optree. By nadere ondersoek blyk dit dan dat leerlinge maar net die produk van hulle opvoeding is. As ’n leerling byvoorbeeld op skool leer dat hy of sy net ’n gevorderde dier is, moet die onderwyser nie verbaas wees as die leerling soos ’n dier optree nie.

Dieselfde beginsel geld ook ten opsigte van Christelike onderwys. As leerlinge van jongs af leer dat hulle nie aan hulleself nie, maar aan Jesus Christus behoort, sal dit ’n groot invloed op hulle denke en dade uitoefen. Dan vra leerlinge hulleself af wat die wil van die Here is en tree hulle al meer dienooreenkomstig op. Daarom moet gelowige onderwysers moeite doen om hulle leerlinge so te begelei dat hulle deur hulle onderrig ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing by hulle leerlinge ontwikkel.

### 1.5.3 Die noodsaak vir ’n Bybelgefundeerde kurrikulum

Die grondwet van ’n land bied in die reël die basis vanwaar landsburgers hulle lewens inrig. Baie Christene vertrou selfs op die grondwet om hulle regte te laat

seëvier. Dit is egter dwaas om jou vertroue op iets so verganklik soos ’n land se grondwet te plaas. Al stem die Suid-Afrikaanse Grondwet byvoorbeeld in sekere opsigte ooreen met die Woord van God, soos dat die steel van ’n ander persoon se besittings strafbaar moet wees, druis dit in ander aspekte weer direk teen die wil van God in. Die Grondwet bepaal byvoorbeeld dat alle gelowe gelykwaardig aan leerlinge onderrig moet word. Dat aandag gegee moet word aan allerlei godsdienste is reg, maar dit mag nie gedoen word sonder om leerlinge daarop te wys dat daar net een ware God met gesag is nie. In sulke gevalle, soos in alle aspekte van ’n Christen se lewe, moet die Bybel, en nie die grondwet nie, ons lewens rig.

> **Onthou**
>
> *Gelowige onderwysers moet sorg dat die Woord van God hulle optrede bepaal.*

Die Suid-Afrikaanse onderwysbedeling is ’n goeie voorbeeld van hoe ’n land se grondwet die praktyk rig. Die owerheid bepaal deur wetgewing, regulasies en beleid watter uitkomste leerlinge moet bereik om van hulle goeie landsburgers te maak. As die strewe na nasiebou vereis dat leerlinge meer van ander persone se geloofsoortuigings moet leer, word die inhoud van die vak Lewensoriëntering so herskryf dat leerlinge van Graad 1 tot Graad 12 aan godsdiensgelykheid blootgestel word. Die Grondwet bepaal selfs of leerlinge vrywillig aan godsdiensaktiwiteite gedurende skoolure mag deelneem, al dan nie. So asof die Grondwet kan bepaal of God in skole tuishoort of nie.

Gelowige onderwysers moet sorg dra dat die Woord van God hulle optrede bepaal. Al bly die basiese kernelemente van onderwys soos lees, skryf en reken presies dieselfde, kan die bril waarmee jy na hierdie vaardighede kyk, en alles wat rondom die onderrig daarvan gebeur, drasties verskil. Vir die gelowige is die bemeestering van kernvaardighede nooit ’n doel op sigself nie. Dit is slegs ’n middel tot ’n hoër doel, naamlik om God daarmee te dien en jou naaste lief te hê. ’n Leerling wat geroepe voel om medies te gaan studeer sal daarom moeite doen om goed in Wiskunde te presteer, nie vir die aansien of welvaart wat die beroep moontlik kan inhou nie, maar om God en hulle naaste daardeur beter te kan dien.

### 1.5.4 Hoe lyk ’n Bybelgefundeerde kurrikulum?

Salomo skryf in Spreuke dat die vrees van die Here die fondament van alle kennis is. Daarom kan ’n gelowige onderwyser nooit besig wees met sogenaamde “neutrale” wetenskapbeoefening nie. Wie nie Jesus Christus as die bron van alle kennis wil erken nie tree dwaas op. Waarheid is nie, soos sommige akademici dink, bewysbare

stellings wat op navorsing berus nie. Die waarheid is 'n Persoon, Jesus Christus. Dit leer Christus ons wanneer Hy verklaar dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is. In, deur en op hierdie waarheid moet gelowige onderwysers hulle kurrikulum bou.

'n Kurrikulum wat Christus as hoof oor alle dinge erken is altyd normatief. Dit wat God van Homself in en deur elke vakgebied openbaar moet aan alle leerlinge onderrig word. 'n Christelike kurrikulum het daarom alleen gesag as leerlinge leer om God se hand en almag in alles raak te sien. Die aanhaal van 'n Bybelversie, soos dat Jesus vir elkeen van julle (die leerlinge) liefhet, maak nie van 'n les 'n Bybelgefundeerde les nie. Hoewel daar beslis 'n tyd en 'n plek is om Jesus Christus se liefde vir sondaars met die leerlinge te bespreek, moet daarteen gewaak word dat sulke opmerkings oppervlakkig en onvanpas oorkom. Sulke onvanpaste opmerkings wek dikwels by leerlinge 'n weersin in Christelike onderwys.

In die evangelie van Matteus leer Jesus Christus sy dissipels dat elke persoon wat die Skrif bestudeer ou en nuwe dinge na vore sal bring. Hierdie beginsel geld in besonder vir die samestelling van 'n Christelike kurrikulum. Onderwysers wat moeite doen om die norme wat in sy of haar vakgebied na vore tree te deurdink, sal ook ou en nuwe dinge na vore kan bring. Dink byvoorbeeld aan die talle norme wat 'n Ekonomie-, Rekeningkunde- en Bedryfsekonomie-onderwyser in die Skrif vind oor die ekonomie. Norme soos God se beskerming van die arme, die arbeider wat sy loon werd is, en om aan die keiser te betaal wat hom toekom, vorm die basis waarvolgens Ekonomiese Wetenskappe onderrig moet word. 'n Christen-onderwyser sal ook besin hoe om hierdie altyd-geldende norme in veranderende ekonomiese omstandighede toe te pas. Onderwysers wat hulle daarmee besig hou gee lig aan 'n donker wêreld.

### 1.5.5 Die samestelling van die kurrikulum in praktyk

Om 'n Christelike kurrikulum vir die leerlinge in jou klas te ontwikkel verg nie 'n PhD nie. Dit verg wel toewyding en harde werk. Die struktuur wat die sillabus bied moet vanuit die Skrif beoordeel en verder uitgebou word. Om dit sinvol te kan doen is 'n goeie kennis van dit wat God in sy Woord openbaar nodig. 'n Gelowige wat gereeld die Skrif bestudeer ontwikkel later 'n aanvoeling vir dit wat reg en dit wat verkeerd is. 'n Taalonderwyser sal byvoorbeeld weet dat 'n sekere teks nie geskik is om te gebruik in 'n taalleerles nie. Hy of sy sal eerder 'n teks gebruik wat waar, eerbaar, regverdig, rein of lieflik is. Dit is ook waartoe die apostel Paulus die inwoners van Filippi oproep om hulle denke mee besig te hou.

Gereelde gebed om wysheid en insig is onontbeerlik. Vra die Here om aan jou te wys wat Hy wil hê jy aan die leerlinge moet onderrig. Gelukkig is daar ook 'n aantal

bronne oor Christelike onderwys wat jy met vrug kan gebruik om jou denke te stimuleer. Hoofstuk 4 van hierdie boek handel byvoorbeeld oor die begronding van elke vakgebied vanuit Bybelse norme. Onthou ook dat jy nooit die Here in isolasie dien nie. Gesels met ander gelowiges oor hoe jy jou Christenskap deur dit wat jy onderrig kan uitleef. Die eenvoudige opmerking van 'n medegelowige kan moontlik nuwe insigte bied wat jy self nooit oordink het nie.

Dit het groot waarde om dit wat jy vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing ontdek op skrif te stel. Leerlinge is geneig om dit wat op skrif is as waar te aanvaar, terwyl los opmerkings slegs as 'n persoon se persoonlike opinie gesien word. Deur jou denke noukeurig te verwoord bied jy ook aan jou leerlinge die geleentheid om dit later weer te oordink. 'n Volgende generasie gelowige onderwysers kan dan op hierdie fondament voortbou. Hierdie taak kan vergelyk word met 'n roos wat oopgaan en meer van sy prag wys. Mag dit so wees dat hulle wat ná ons kom nie die werk wat ons moes verrig het hoef oor te doen nie, maar dat hulle eerder nog dieper kan delf in God se mooi en ryke openbaring.

## Opsomming

*Hoewel deskundiges beslis 'n rol in die samestelling van die kurrikulum kan speel, neem dit nie die onderwyser se verantwoordelikheid weg om ook te kurrikuleer nie. Voor die Here bly die persoon wat die leerlinge onderrig verantwoordelik vir dit wat hy of sy aan die leerlinge onderrig. Daarom moet gelowige onderwysers moeite doen om hulle leerlinge so te begelei dat hulle 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing ontwikkel.*

## Aspekte ter oorweging

*Stel 'n lys van punte saam wat jy dink belangrik is om in die opstelling van 'n Christelike kurrikulum vir jou vak in te bou.*

# 1.6 Die onderwyser as pastor

## Doelwitte

*Die meeste onderwysers kry gereeld met leerlinge te doen wat sekere probleme ervaar. 'n Gelowige onderwyser moet vanuit Bybelse norme die regte advies aan sulke leerlinge kan gee.*

### 1.6.1 Noodsaak vir pastorale hulp aan leerlinge

Die samelewing waarbinne ons leef plaas geweldige druk op leerlinge.
Buiten akademiese prestasie, familie- en buitemuurse bedrywighede word ook van leerlinge verwag om goeie verhoudings met ander persone te onderhou en eties korrek op te tree. Om aan al hierdie en ander verwagtinge te voldoen is nie altyd vir alle leerlinge ewe maklik nie. Dikwels het dit tot gevolg dat van hulle persoonlike, sosiale en morele probleme ervaar. Vir gelowige onderwysers bied dit 'n groot uitdaging, aangesien hulle in die reël oor min of geen formele opleiding beskik oor die hantering van sulke gevalle.

Die besonderse band (of verbond) wat die Here tussen gelowige onderwysers en hulle leerlinge oprig, dwing onderwysers om by leerlinge se uitdagings betrokke te raak. Dit beteken beslis nie dat onderwysers pastorale probleme op alle vlakke moet kan hanteer nie. Sommige probleme, soos leerlinge wat in erge depressie verval, verg spesiale kundigheid waaroor 'n onderwyser meesal nie beskik nie. 'n Onderwyser se verantwoordelikheid stop egter nie die oomblik wanneer hy of sy die leerling na 'n kundige persoon verwys het nie. Voor die Here bly die onderwyser, net soos die ouer, steeds medeverantwoordelik vir die leerling se welsyn.

Die omgee vir leerlinge se welsyn is een van die grondbeginsels waarop Christelike onderwys berus. Hierdie beginsel vind sy fundering in die Skrif, waarin dit duidelik na vore tree dat gelowiges altyd in die beste belang van hulle naaste moet optree. Hierin stel Jesus Christus vir ons die volmaakte voorbeeld deur Homself te laat verneder aan die kruis vir sondaarmense. Dieselfde gesindheid moet ook in

elke gelowige onderwyser heers.
Dan is die gesagsposisie wat jy beklee nie 'n doel op sigself nie, maar moet jy dit eerder gebruik om diensbaar te wees.
'n Onderwyser wat hierdie beginsel uitleef is ferm wanneer nodig, maar ook vol deernis en empatie as die situasie dit vereis.

Onthou

*Wees ferm maar ook vol deernis en empatie.*

### 1.6.2 Wat pastorale hulpverlening in praktyk behels

Elke gelowige onderwyser moet poog om 'n veilige, geborge ruimte vir sy of haar klas in die geheel, maar ook vir elke leerling in besonder, te skep. In sommige gevalle geskied dit op 'n formele wyse, deur byvoorbeeld 'n beleid rakende boeliegedrag te ontwikkel en toe te pas, wat sal help voorkom dat leerlinge deur ander leerlinge geviktimiseer word. In die meeste gevalle kan dit op 'n informele wyse gebeur; deur byvoorbeeld aan leerlinge die geleentheid te bied om te praat oor dinge wat hulle pla. Dit kan moontlik help om antwoorde op hulle kwelvrae te vind. In alle gevalle bied Bybelse norme en waardes die raamwerk vir die hulpverlening.

Individuele leerlinge wat pastorale berading ontvang moet baie versigtig hanteer word. 'n Leerling sal hom- of haarself net oopstel vir hulp as die onderwyser met integriteit optree en so 'n leerling se vertroue wen. 'n Onderwyser wat deur sy of haar daaglikse optrede wys dat hy of sy nie sake konfidensieel kan hanteer nie, moet nie verwag dat leerlinge hulle persoonlike probleme sal kom bespreek nie. Net so sal kinders teen wie gediskrimineer word weier om berading te ontvang. As die onderwyser en die leerling egter dieselfde waardesisteem het, help dit om die nodige vertroue by 'n leerling in te boesem. So 'n leerling sal dan meer gewillig wees om sy of haar probleme met die onderwyser te bespreek.

Leerlinge wat pastorale hulp benodig mag nie met diegene wat hulle skuldig maak aan wangedrag verwar word nie. Skuldige leerlinge moet ferm hanteer word, maar leerlinge met pastorale uitdagings vereis begrip en ondersteuning. In praktyk is dit dikwels moeilik om hierdie onderskeid te tref. Wat sit agter 'n leerling wat nie na behore vir 'n toets of praatjie voorberei het nie? Was hy of sy bloot moedswillig of is dit dalk 'n teken van 'n dieper probleem? Om hierdie vraag sinvol te kan beantwoord moet onderwysers 'n sensitiwiteit vir elke leerling in die klas ontwikkel. Die onderwyser wat dit wel doen, handhaaf op die korrekte wyse die belange van die leerlinge.

### 1.6.3 Die vermoë om te luister

Onderwysers beskik in die reël oor die vermoë om dinge te laat gebeur. Orde en struktuur is belangrik en om die sillabus betyds af te handel moet elke leerling doen

wat verwag word. Ongelukkig het dit dikwels tot gevolg dat baie onderwysers nie genoeg tyd vind om aan hulle leerlinge se vrae en behoeftes aandag te skenk nie. Teen hierdie gevaar waarsku die apostel Jakobus in sy sendbrief as hy skryf dat ons gou moet wees om te luister, maar traag moet wees om te praat. Hierdie beginsel geld ook vir gelowige onderwysers. As jy die welsyn van die leerlinge in jou klas op jou hart dra, is nie net hulle akademiese prestasie nie, maar ook hulle gemoedstoestand vir jou belangrik.

Gelowige onderwysers sal moeite doen om na hulle leerlinge te luister. Om dit te doen is nie maklik nie, veral as jy weet dat daar nog boeke is om te merk, of 'n span is om af te rig. Dit verg 'n aktiewe wilsbesluit om 'n sensitiwiteit vir jou leerlinge se vrae en probleme te ontwikkel. Leerlinge wat met 'n probleem worstel kom gou agter of jy bereid is om te help, al dan nie. Sê eerder aan 'n leerling dat jy hom of haar na skooltyd sal help as wat jy nou met 'n halwe oor sit en luister. As jou gedagtes nie by die gesprek is nie, maar eerder by die toets wat jy moet opstel, kan dit maklik die indruk skep dat jy haastig of belangeloos is. Sonder 'n affiniteit vir die leerling en sy of haar probleem is sinvolle kommunikasie onmoontlik en is pastorale hulpverlening moeilik.

### 1.6.4 Faktore wat goeie luister beïnvloed

Daar is verskeie faktore wat jou as onderwyser kan verhinder om presies te hoor wat 'n leerling aan jou wil sê. Die volgende steurnisse kom gereeld in skole voor:

- Eksterne geraas soos kinders wat buite jou klas lawaai of mure van tydelike klasse wat nie klankdig is nie gee dikwels aanleiding tot swak kommunikasie. Dit kan egter redelik maklik ondervang word deur 'n geskikte ruimte soos 'n kantoor of die biblioteek vir gesprekke te gebruik.
- Interne geraas is moeiliker om te hanteer aangesien dit 'n sekere mate van selfbewussyn verg. 'n Onderwyser wat nog vies is vir 'n leerling wat hom of haar kort tevore in die klas wangedra het, mag sukkel om te fokus op wat die leerling sê.
- Uit die aard van hulle beroep is onderwysers ook soms geneig om vooruit te dink oor dit wat hulle verwag 'n leerling wel wil sê. Dit kan maklik tot 'n misverstand tussen die leerling en die onderwyser aanleiding gee.

Onderwysers wat besef hulle moet na die welsyn van leerlinge omsien, doen moeite om aktief na hulle leerlinge te luister. Dit gaan oor veel meer as net die woorde wat die leerling gebruik. 'n Leerling se stemtoon, taalgebruik, gesigsuitdrukking en liggaamshouding vertel gewoonlik net soveel as sy of haar woorde. Die boodskap wat die leerling wil oordra raak meer sigbaar as jy op die boodskap konsentreer, en nie op wat jy self vir die leerling wil antwoord nie. As jy aandagtig luister, help dit

jou ook om belangrike feite te onthou vir as jy later terugvoering aan die leerling moet gee. Dit skep 'n swak indruk as jy byvoorbeeld die leerling se naam vergeet of belangrike gegewens met mekaar verwar. 'n Gelowige onderwyser sal gereeld bid dat die Here aan hom of haar 'n geopende oor en ontvanklike hart mag gee om die nood en behoeftes van die leerlinge raak te sien.

> **Onthou**
>
> *Bid voortdurend vir insig en wysheid om elke situasie reg te kan hanteer.*

### 1.6.5 Die pastorale begeleiding van leerlinge

Om aan leerlinge die korrekte advies te gee is geen maklike taak nie. Komplekse gevalle moet verkieslik so gou as moontlik na 'n kundige persoon verwys word. 'n Toegewyde onderwyser sal 'n klomp pastorale probleme wat leerlinge ondervind kan hanteer. Die volgende riglyne kan van groot waarde wees by pastorale gesprekke:

- Die empatiese verstaan van 'n leerling se probleem is 'n belangrike vertrekpunt. Dit help nie om die probleem van 'n leerling wat verwerp voel as 'n verkeerde belewenis van sake af te maak nie. Onthou vir hom of haar is dit 'n absolute realiteit.
- Die wyse waarop jy jou vrae formuleer is ewe belangrik. 'n Oop vraag is gewoonlik meer effektief as 'n opinie of verduideliking nodig is. 'n Vraag soos "kom jy goed oor die weg met jou ouers?" moet eerder deur 'n vraag soos "hoe kom jy met jou ouers oor die weg?" vervang word.
- Vermy gelaaide opmerkings of om 'n oordeel te vel. Jesus Christus self waarsku daarteen dat geen mens kan oordeel wat in 'n ander persoon se hart aangaan nie. Weerhou jou byvoorbeeld daarvan om 'n leerling sonder goeie rede van moedswilligheid te beskuldig.
- Waak daarteen om self te veel te praat of om die onderwerp te skuif. Dit het byvoorbeeld in die reël min waarde om soortgelyke probleme waarmee jy al in die verlede te make gekry het met die leerling te bespreek.

Die apostel Jakobus waarsku in sy sendbrief dat ons versigtig moet wees om ander te wil onderrig. Selfs met die beste bedoelings kan jy maklik die verkeerde advies aan 'n leerling gee. Dan leer jy byvoorbeeld 'n leerling om eerder op sy eie vermoëns as op die Here te vertrou. Daarom kan 'n gelowige onderwyser nie anders as om voortdurend tot God te bid vir vergewing van misstappe wat hy of sy mag begaan het nie, maar ook om te vra vir insig en wysheid om elke situasies reg te kan hanteer.

## Opsomming

*Die omgee vir leerlinge se welsyn is een van die grondbeginsels waarop Christelike onderwys berus. Bybelse norme en waardes moet altyd die raamwerk vir die hulpverlening vorm. Om dit sinvol te kan doen moet onderwysers 'n sensitiwiteit vir elke leerling in die klas ontwikkel.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na oor hoe jy met leerlinge wat uitdagings en probleme ondervind omgaan. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

- *Is jy ingestel op die vrae en probleme van jou leerlinge?*
- *Beskik jy oor die vermoë om effektief te luister na dit wat leerlinge sê?*
- *Doen jy moeite om die regte advies aan jou leerlinge te gee?*

# 1.7 'n Christelike onderrigmetodiek

## Doelwitte

*In sy Woord maak die Here bekend wat Hy wil hê ouers en onderwysers aan hulle kinders moet onderrig. Verder lê Hy 'n aantal norme neer oor hoe om te onderrig. Gelowige onderwysers moet van hierdie norme kennis dra en moet weet hoe om dit in hulle metode van onderrig toe te pas.*

### 1.7.1 Vorm en inhoud

Die meeste van ons het al 'n film gesien van 'n onderwyser wat wondere met sy of haar leerlinge vermag. Gewoonlik slaag 'n jong onderwyser deur onkonvensionele optrede daarin om 'n klomp moeilike leerlinge wat nie wil leer nie tot 'n modelklas te omvorm. Ons onmiddellike reaksie hierop is dat dit slegs in 'n film of in uitsonderlike gevalle moontlik is. Realiteite soos klasroosters en skoolreëls wat onderwysers in ag moet neem maak sulke onkonvensionele optrede feitlik onmoontlik. Dit dwing ons nogtans om opnuut te besin oor die effektiwiteit van die onderrigmetodiek wat ons volg.

In die verlede is dikwels, ten onregte, te veel klem op inhoud en te min klem op die metode van onderrig geplaas. Leerlinge moes 'n klomp feite memoriseer en min ruimte is vir kritiese denke gelaat. In Ekonomiese Wetenskappe is kapitalisme byvoorbeeld as 'n gegewe aan leerlinge onderrig, sonder om die voor- en nadele van die stelsel krities te ontleed of dit met ander stelsels te vergelyk. Met die implementering van UGO is die metodiek van onderrig weer op die voorgrond geplaas. Aspekte soos groepwerk het meer aandag begin geniet en daar is in 'n groot mate weggedoen met voorgeskrewe leerinhoude. Hoewel UGO sekere voordele inhou, het dit ook sy besliste nadele.

Vir die Christen-onderwyser is beide die metodiek (vorm) wat hy of sy volg, sowel as die inhoud wat hy of sy onderrig, belangrik. Die een mag nie ten koste van die ander voorop gestel word nie. Die wyse waarop Jesus Christus sy dienswerk op aarde verrig het bied die perfekte voorbeeld. Inhoudelik het Hy net dit wat waar en reg is onderrig, maar altyd op die regte manier sodat dit tot eer van sy Vader was. Soms is dit skerp en ferm, soos met die Fariseërs, maar ander kere weer liefderyk en

vol deernis, soos met die vrou wat vir twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Dieselfde gesindheid moet ook in ons denke en dade na vore tree. Net soos water (inhoud) alleen 'n persoon se dors kan les as dit in 'n beker (vorm) is, het die inhoud wat ons onderrig net waarde as dit ook op die regte wyse onderrig word.

### 1.7.2 Bybelse grondbeginsels by die kies van 'n geskikte metode

Voordat die Israeliete die beloofde land kon intrek, het hulle eers sekere opdragte van die Here ontvang. Een so 'n direkte opdrag, waarvan ons op verskeie plekke in die boek Deuteronomium lees, is dat hulle hulle kinders in die vrees van die Here moet onderrig. Hulle mag hierdie beginsel nie vir hulleself hou nie, maar moet dit ook aan die volgende geslagte oordra. Die Here maak nie net die inhoud wat hulle moet onderrig bekend nie, maar ook die wyse waarop dit moet geskied. Hierdie norme wat God deur sy kneg Moses vir sy kinders neerlê geld vandag nog steeds vir elke gelowige onderwyser.

***Herhaling***

Die eerste belangrike grondbeginsel is dat inskerping herhaling vereis. Elke onderwyser moet besef dat inoefening 'n integrale deel van die onderrigmetodiek moet uitmaak. Die herhaling is nooit net 'n herhaling ter wille van herhaling nie, maar is daarop gerig om die leerinhoud deel van leerlinge se alledaagse leefwêreld en denke te maak. Die onderwyser wat 'n taal onderrig kan byvoorbeeld aan sy leerlinge 'n huiswerkopdrag gee om die taalreël wat hy of sy die dag in die klas behandel het tuis te gaan inskerp. Op so 'n wyse leer leerlinge om al meer keurig met hulle taal tot eer van God en tot opbou van hulle naaste om te gaan.

***Inskerping***

Die tweede grondbeginsel is dat leerlinge die waarhede wat hulle aanleer in hulle lewens moet kan toepas. Die waarheid het immers altyd waarde of jy in jou huis sit, of jy op pad is, of jy gaan lê en of jy opstaan. Die metodiek wat 'n onderwyser volg moet leerlinge toerus om dit wat God openbaar hulle eie te maak. In Geografie moet leerlinge byvoorbeeld nie net leer dat God aan die mens 'n ruimte gee om in te woon nie, maar ook hoe om op 'n verantwoordelike wyse met hierdie ruimte om te gaan en dit opreg te waardeer. Onderwysers wie se onderrigmetodiek hulle leerlinge dwing om te besin oor die wyse waarop God hulle lewens raak, leer hulle leerlinge om Bybelse norme en waardes in hulle eie leefomgewing toe te pas.

### 1.7.3 Kies 'n korrekte metode

Die woord "metode" stam van die Griekse woorde methodía en hodós af. Die betekenis van die woorde dui op die weg of roete wat 'n persoon moet volg om 'n bepaalde doel te bereik. Die metode is nooit 'n doel op sigself nie, maar staan net soos die inhoud in diens van die doel van die onderrig wat plaasvind.

Die doel van Bybelgefundeerde onderwys is die toerusting van leerlinge om hulle Godgegewe roeping uit te leef. Daarom moet die metodiek wat gevolg word hierdie doel ondersteun. Wanneer 'n leerling moet kan optel, aftrek, maal en deel, moet die onderwyser die mees geskikte onderrigmetode kies om hierdie doel te bereik.

Christelike onderwys streef altyd daarna om die regte hartsgesindheid by leerlinge te kweek. Die Here wil hê dat ons Hom van harte dien. Vanuit die Skrif is dit duidelik dat die korrekte hartsingesteldheid (geloof in die Here) op kennis van die Here, sowel as op 'n vaste vertroue op Hom, berus. Om hierdie gesindheid by leerlinge te kweek moet die regte dinge op die regte wyse onderrig word. Tiperend van sulke onderrig is dat die onderwyser bewustelik en onbewustelik alle leersituasies gebruik om leerlinge se denke tot eer van God en tot seën van hulle naaste te vorm. Die korrekte metode van onderrig speel 'n sleutelrol in die skep van so 'n hartsingesteldheid.

Die metode wat 'n Geskiedenis-onderwyser gebruik om byvoorbeeld die Franse Revolusie of die Reformasie aan sy of haar leerlinge te onderrig, is geen minder belangrike saak nie, maar staan sentraal tot Christelike onderrig. As die verwerwing van kennis alleen voorop sou staan, sou die onderwyser slegs 'n opsomming van hierdie gebeure aan die leerlinge kon voorlees of dit aan hulle oorvertel. 'n Christen-onderwyser besef dat leerlinge ook moet leer hoe om sulke gebeure aan die hand van Bybelse norme te beoordeel. Die metode moet leerlinge rig om die gebeure nie net te ken nie, maar ook krities te kan evalueer. 'n Groepbespreking met gerigte vrae kan leerlinge begelei om dit wat hulle geleer het ook vanuit die regte hartsgesindheid (norme) te beoordeel. Hierdie sluit vrae in soos of 'n revolusie of reformasie toelaatbaar is, of die gevolge positief of negatief was, en hoe sulke gebeure ons vandag beïnvloed.

### 1.7.4 Die kies van die regte onderrigmetode in praktyk

Christelike onderwys is nooit die aanhaal van 'n klomp losstaande feite of teksverse buite hulle verband, of 'n morele sedelessie hier en daar nie. Dit het altyd gesag, ook wat die metode van onderrig betref. 'n Gelowige onderwyser doen moeite om te bepaal wat God se wil is en besin gedurig daaroor hoe om dit in praktyk uit te voer. As God wil hê dat leerlinge moet leer lees om daardeur sy Woord te kan bestudeer, sal 'n gelowige onderwyser in die grondslagfase hierdie vaardighede so effektief as moontlik aan sy of haar leerlinge onderrig. So 'n onderwyser doen moeite om vas te stel of die globale of fonetiese metode die mees geskikte metode is om die leerlinge mee te leer lees. Dit is geen maklike taak nie, en verg harde werk en toewyding.

In praktyk verskil die onderrigmetode wat 'n gelowige onderwyser volg nie noodwendig veel van dié van sy of haar ongelowige kollegas nie. Beide groepe kan in baie gevalle dieselfde metodiek gebruik, byvoorbeeld hoe om 'n spotprentjie te leer teken in kunsopvoeding, alhoewel die onderliggende motief waarom 'n sekere metode gevolg word radikaal van mekaar mag verskil. Waar die kind se beste

belang of sy of haar skeppingvermoë vir sommige onderwysers voorop mag staan, gaan dit vir 'n gelowige onderwyser oor veel meer as net dit. Ten diepste gaan dit vir die Christen-onderwyser daaroor om alle middele tot sy of haar beskikking so aan te wend dat leerlinge daardeur leer om God en hulle naaste te dien.

Die ouderdom van die leerlinge, hulle verstandelike vermoëns en hulle sosio-kulturele agtergrond speel natuurlik ook 'n belangrike rol. Leerlinge wat deur middel van rekenaartegnologie toegang tot 'n groot hoeveelheid bronne het, kan byvoorbeeld nie op dieselfde wyse as ander leerlinge leer nie. Dieselfde inhoud mag gelyktydig deur twee onderwysers op twee uiteenlopende maniere onderrig word. Dit kan wees omdat onderwysers se gawes van mekaar verskil. Die een metode is ook nie noodwendig beter as 'n ander een nie. Waar sommige leerlinge deur middel van internetsoektogte die gevolge van besoedeling op die natuur bestudeer, kan ander leerlinge dit deur 'n praktiese projek doen. Gelowige onderwysers se opdrag bly wel om gegewe dit wat God van hulle verwag en met inagneming van hulle eie gawes en talente, asook die eienskappe van die spesifieke klas, die bes moontlike onderrigmetode te kies.

## Opsomming

*Vir die Christen-onderwyser is die metodiek wat hy of sy volg, sowel as die inhoud wat hy of sy onderrig, belangrik. Die wyse waarop Jesus Christus sy dienswerk op aarde verrig het, bied die perfekte voorbeeld. Inhoudelik het Hy net dit wat waar en reg is onderrig, maar altyd op die regte manier sodat dit tot eer van sy Vader geskied.*

## Aspekte ter oorweging

*Besin en bespreek die volgende punte met jou kollegas:*

1. *Moderne tegnologie bring mee dat daar geen ruimte meer is vir informatiewe onderrig waar leerlinge net passief sit en luister nie.*
2. *Eksperimentele navorsing is die ideale metode van onderrig en moet so ver moontlik in elke onderrigsituasie gebruik word.*
3. *Elke onderwyser het sy eie unieke metode van onderrig wat vir hom of haar werk. 'n Onderwyser moet liefs van daardie metode gebruik maak en eerder van ander soortgelyke metodes probeer wegbly.*

# 1.8 Die onderwyser se verhouding met ander

## Doelwitte

*Geen onderwyser verrig sy taak in isolasie nie. Daarom moet elke gelowige onderwyser deeglik besin oor die wyse waarop hy of sy met ander persone in die gemeenskap omgaan, asook oor hoe hy of sy in die openbaar optree.*

### 1.8.1 ’n Gelowige onderwyser is ’n gawe van die Here

In die verlede was onderwys ’n gerespekteerde beroep. In baie gevalle was die skoolmeester en predikant die enigste gekwalifiseerde persone in hulle gemeenskappe en is van hulle verwag om die leiding op vele terreine te neem. Die samelewing het hulle geëer vir die werk wat hulle verrig en hulle met agting en respek behandel. Ongelukkig het hierdie toedrag van sake ingrypend verander. Vandag word jou status in die reël nie meer deur jou beroep bepaal nie, maar deur die welvaart waaroor jy beskik. Baie leerlinge kies daarom eerder om ’n beroep te volg wat ’n goeie inkomste verseker as een waar hulle minder verdien. Diensbaarheid aan God en medemens het minder belangrik geword. Baie persone sien op die onderwysprofessie neer. Na hulle oordeel is onderwysers slegs tegnici wat leerlinge met allerlei take besig hou waarvan die sinvolheid nie altyd so seker is nie. Van skole word dikwels ook die onmoontlike verwag. Opmerkings soos “ons kinders leer nie meer dissipline op skool nie” of “dit is juffrou X se skuld dat my kind met Wiskunde sukkel” kom baie voor. Indien ’n skool sukkel om aan ouers se verwagtinge te voldoen, word die skool en sy onderwysers beswadder of afgekraak. Soms word onderwysers selfs openlik voor leerlinge op ’n negatiewe wyse bespreek, of moedig ouers hulle kinders selfs aktief aan om hulle teen ’n onderwyser se gesag te verset.

Diegene wat die onderwysprofessie minag of gelowige onderwysers se gesag ondermyn, besef nie dat so ’n skool met sulke onderwysers ’n gawe van die Here is nie. Die Heilige Gees werk dit in gelowiges se harte en rus hulle met die nodige talente toe om ’n onderwyser te mag wees. Die Here doen dit omdat Hy wil hê dat gelowige onderwysers sy kinders in die vrees van sy Naam moet opvoed. Ouers wat dit besef sal dankbaar met hulle kinders se onderwysers omgaan. Hulle besef onderwysers het ook tekorte en gebreke, maar waardeer die hulp wat hulle ontvang met die opvoeding van

hulle kinders. Net so sal onderwysers wat besef dat hulle 'n gawe van die Here is, moeite doen om hulle beroep na die beste van hulle vermoëns te beoefen.

### 1.8.2 Die ouer-onderwyser verhouding

> Onthou
>
> *Ouers maak van ander gelowiges gebruik om hulle te help met hulle Godgegewe opvoedingstaak.*

Ouers ontvang in die Skrif die opdrag om hulle kinders in die weë van die Here op te voed sodat hulle op die regte manier voor sy aangesig kan lewe. Aangesien dit 'n omvattende en ook 'n gespesialiseerde taak is, maak baie ouers van ander gelowiges gebruik om hulle daarmee te help. 'n Gelowige onderwyser vorm daardeur deel van die geloofsgemeenskap wat die kinders opvoed. As "mede-ouer" staan die onderwyser nie onder of bo die ouer nie, maar eerder langs die ouer. Hy of sy word met dieselfde gesag as die ouer deur God beklee. As gevolg van hulle professionele kundigheid neem onderwysers wat formele skoolonderwys betref wel die leiding om te verseker dat die leerlinge die vereiste akademiese standaard bereik. Die leerstof wat die leerlinge op skool leer, moet ten nouste aansluit by die onderrig en opvoeding wat kinders tuis ontvang. Dit verwar 'n leerling as hy of sy tuis hoor dat God alle dinge geskape het, maar op skool leer dat alle dinge deur toeval of 'n evolusieproses tot stand gekom het. 'n Gesonde ouer-onderwyser verhouding kan help voorkom dat dit gebeur. Ouers behoort nie net by die afrigting van sportspanne of fondsinsamelings betrokke te wees nie. Hulle kan ook waardevolle insette lewer oor die normatiewe begronding van die onderskeie vakgebiede. Deur ouers op 'n gestruktureerde wyse by jou vakgebied te betrek, skep jy nie net 'n noue band tussen jou en die ouers nie, maar stem jy hulle ook positief teenoor jou vakgebied.

Dit is belangrik dat onderwysers kennis moet dra van hoe hulle leerlinge se situasies tuis lyk. Kom 'n leerling byvoorbeeld uit 'n stabiele omgewing waar hy of sy goeie ondersteuning van sy of haar ouers ontvang, of is die leerling se situasie van so 'n aard dat dit vir hom of haar moeilik is om op sy of haar skoolwerk te konsentreer? Net so moet ouers ook weet hoe hulle kinders skolasties vorder. 'n Oueraand een of twee keer per jaar is eintlik nie voldoende nie. 'n Telefoonoproep of teksboodskap kan help om ouers oor hulle kinders se vordering op hoogte te hou. In praktyk is dit moeilik uitvoerbaar, maar die ideaal is seker dat elke onderwyser ook leerlinge se ouers tuis gaan besoek. So kan onderwysers hulleself nie net van die leerlinge se omstandighede vergewis nie, maar ook die leerlinge se vordering met hulle ouers bespreek.

### 1.8.3 Die onderwyser-kollega verhoudings

Die Here verwag van elke gelowige om in 'n persoonlike verhouding met Hom te leef. Dit beteken egter nie dat jy Hom in isolasie mag dien nie. Beide die individu en die

groep is ewe belangrik. Nooit mag die een ten koste van die ander vooropgestel word nie. In die Skrif word hierdie verhouding deur die beeld van 'n liggaam vergestalt. Al het elke lid sy eie funksie, kan die liggaam net na behore funksioneer as elke lid goed saamwerk. Dieselfde beginsel geld ook in Christelike onderwys. Anders as die tydgees waarin elke onderwyser graag sy eie ding doen, moet gelowige onderwysers leer om saam te besin oor hoe hulle Christelike onderrig in praktyk kan laat realiseer. Elke vakgebied fokus op 'n sekere deel van God se skepping en werke, maar in Jesus Christus vorm al die dele 'n eenheid. Gelowige onderwysers moet aan hulle leerlinge kan aantoon hoe al hierdie kennis in Christus sy begronding vind. Om dit sinvol te kan doen is dit goed om ook kennis te dra van die werk wat ander kollegas in hierdie verband verrig. Hierdie kennis stel jou in staat om sekere lyne, wat reg deur alle vakgebiede strek, aan jou leerlinge uit te wys. God se voorsienigheid tree byvoorbeeld nie net in Ekonomie na vore as leerlinge produksiefaktore behandel nie, maar ook in Biologie as hulle na voortplanting by sekere organismes kyk. Gereelde gesprekke met gelowige kollegas sal jou nie net help opskerp vir hierdie belangrike taak nie, maar jou ook motiveer om al dieper in God se openbaring te delf.

> **Onthou**
>
> *Die Here beveel ons in sy Woord om mekaar op te bou en te lei.*

In praktyk kan gelowige kollegas baie vir mekaar beteken. Elkeen het sy of haar moeilike of af dae. Dit is dan wanneer 'n woord van bemoediging of die luister na die probleem rondom 'n koppie tee gedurende 'n pouse van groot waarde kan wees. Die Here beveel ons immers in sy Woord om mekaar op te bou en te lei. As medegelowiges moet onderwysers mekaar voortdurend bemoedig en ondersteun om nie in hulle ywer vir die Here te verslap nie. Net so moet gelowige kollegas mekaar ook vermaan as een van hulle dalk 'n misstap begaan. In die evangelie van Matteus gee Jesus Christus duidelike riglyne oor wat gelowiges te doen staan as dit wel gebeur. Onderafdeling 1.9.5 van hierdie boek fokus op die hantering van geskille en verskille tussen persone.

### 1.8.4 Die onderwyser in die gemeenskap

Die Here vergelyk gelowiges in die bergpredikasie met 'n stad wat bo-op 'n berg lê en wat nie weggesteek kan word nie. Dit geld in besonder vir elke gelowige onderwyser. Deur jou optrede moet leerlinge, ouers en ander persone in die gemeenskap kan sien dat jy jou lig laat skyn in 'n donker wêreld. Dit beteken beslis nie dat jy die hele dag, by wyse van spreke, met die Bybel onder die arm moet rondloop nie, maar wel dat jou optrede van so 'n aard moet wees dat ongelowiges dit kan sien en God verheerlik. 'n Onderwyser wat sy humeur vir die skeidsregter of spelers verloor as sy span nie na wense vaar nie, tree beslis nie as 'n ligdraer op nie. Dit geld byvoorbeeld ook vir onderwysers se drankmisbruik by geselligehede na afloop van sportbyeenkomste.

Die beeld wat onderwysers buite skoolverband aan hulle leerlinge uitdra is ewe belangrik. Hulle gedrag moet altyd getuig van nederigheid, selfbeheersing, lankmoedigheid, respek en liefde teenoor ander mense. Aspekte soos jaloesie, naywer, skinder en selfsugtigheid moet met alle mag beveg word. Net so moet hulle voorkoms en kleredrag altyd van goeie smaak getuig. Veral jong juffrouens moet versigtig let op hulle kleredrag. Kort rokkies of deurskynende bloese mag dalk jou eie skoonheid beklemtoon, maar dra beslis nie die regte boodskap aan jou leerlinge oor nie.

'n Gelowige onderwyser se verantwoordelikheid strek veel verder as net die skoolterrein, en stop ook nie sodra die skoolklok aan die einde van die dag lui nie. As lid van die geloofsgemeenskap waarbinne jy jouself bevind is jy medeverantwoordelik vir jou leerlinge se doen en late, ook na skoolure. Dan mag jy dit byvoorbeeld nie ignoreer wanneer dit onder jou aandag kom dat leerlinge gereeld drank op 'n partytjie misbruik of seuns dogters onwelvoeglik behandel nie. In sulke gevalle moet altyd met groot wysheid en selfbeheersing opgetree word. In die reël is dit ook wys om die betrokke leerlinge se ouers of voogde by die proses te betrek. Onthou, die doel van enige tughandeling is nooit om die oortreder te vergeld vir sy verkeerde dade nie, maar eerder om hom of haar vir dit wat reg is te wen.

## Opsomming

*'n Gelowige onderwyser vorm deel van die geloofsgemeenskap wat kinders opvoed. So staan hulle langs die ouers in die opvoeding van kinders. Christen-onderwysers het die verantwoordelikheid om saam te besin oor hoe hulle Christelike onderrig in praktyk kan laat realiseer, en moet as medegelowiges mekaar voortdurend bemoedig en ondersteun om nie in ywer vir die Here te verslap nie. Deur jou optrede moet jy jou lig laat skyn in 'n donker wêreld.*

## Aspekte ter oorweging

*Beskryf in minder as 120 woorde 'n goeie ouer-onderwyser verhouding in jou skool en hoe dit in praktyk kan verbeter. Indien moontlik plaas so 'n artikel in die skool se nuusbrief aan die ouers.*

# 1.9 Personeelaangeleenthede

## Doelwitte

*Die personeel van 'n skool bly sy belangrikste bate. Daarom moet skole se bestuur of beheerliggame seker maak dat hulle net die regte persone in diens neem en om op die regte wyse met hulle personeel te werk gaan.*

### 1.9.1 Die indiensneming van die regte persone

Dit gebeur soms dat die bestuur van 'n skool homself totaal en al misgis met die aanstelling van 'n personeellid. Dit was die geval toe 'n dame wat as dux-student deur haar universiteit aangewys is vir 'n pos by 'n Christelike privaatskool aansoek gedoen het. Beide die skoolhoof en die bestuur was aanvanklik baie beïndruk met die dame, veral toe sy aandui dat sy bereid sou wees om die pos vir 'n billike salaris te aanvaar. Volgens die bestuur was dit 'n aanduiding dat sy haar taak as roeping sien en sal uitleef. Binne die eerste paar weke het dit egter geblyk dat dit nie die geval was nie. Vir haar was die pos, met wat sy geoordeel het 'n lae werklading sou hê, slegs 'n goeie geleentheid om haar eie akademiese loopbaan te bevorder.
Na vele klagtes van ouers en talle pastorale gesprekke het sy na 'n paar maande besluit om eerder te bedank. Gebeurtenisse soos hierdie wys daarop hoe belangrik die aanstelling van die regte personeel vir enige skool is.

In sy tweede sendbrief aan Timoteus gee die apostel Paulus aan hom die opdrag om bekwame persone te vind om die werk te verrig. Om sulke persone te vind is egter nie maklik nie. Van Christen-onderwysers word 'n hoë verwagting gekoester. Dit is nodig aangesien onderwys tegelykertyd 'n kuns maar ook 'n wetenskap is. Boonop verg dit toewyding aan die Here om 'n goeie onderwyser te wees.
By die indiensneming van nuwe personeel moet getoets word in watter mate die kandidate aan die volgende drie vereistes voldoen:

- Nie alle persone ontvang die talente van die Here om 'n onderwyser te wees nie. Slegs diegene wat Hy roep en met die nodige gawes toerus kan waarlik die kuns bemeester om leerlinge effektief te onderrig. Die vermoë om van nature goeie dissipline te handhaaf, om nuwe inligting op 'n kreatiewe wyse te kan oordra of om moeilike kinders te kan hanteer, is gewoonlik 'n goeie aanduiding dat 'n persoon wel die kuns om 'n onderwyser te wees sal kan bemeester.

- Onderwys is meer as net 'n kuns. Dit is ook 'n wetenskap. Die kans is skraal dat 'n gebore onderwyser van nature in 'n goeie onderwyser sal ontwikkel sonder die nodige opleiding, kennis en vorming. Die professionele aard van die beroep vereis dat alle onderwysers oor 'n akademiese kwalifikasie moet beskik voordat hulle aangestel kan word. Onderwysers moet oor 'n goeie vakkennis beskik, weet wat die grondbeginsels van effektiewe onderrig is, en weet hoe om leerlinge te hanteer.
- Christelike onderwys verg ook besonderse toewyding nie aan die leerlinge, die skool of die ouers in die eerste plek nie, maar aan Jesus Christus. Dit is die onderwyser se antwoord op die Here wat hom of haar roep om in sy koninkryk te arbei. Onderwysers wat hulle taak vanuit hierdie perspektief aanpak, dros nie as dinge swaar gaan nie. Hulle besef dat die Here hulle gekies en toegerus het vir die taak en daarom kan, moet en wil hulle dit in gehoorsaamheid doen.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat slegs gelowige onderwysers aangestel mag word om gelowige ouers se kinders te onderrig. Dit is immers Christus self wat sy kinders onderrig. Dit doen Hy deur gelowige onderwysers as werktuie in sy diens te gebruik. Dit beteken nie dat gelowige onderwysers nie ook aan ongelowige leerlinge onderrig mag gee nie. Christus wil alle mense onderrig oor sy groot en roemryke dade.

### 1.9.2 Vergoeding van personeel

> Onthou
>
> *Gelowige onderwysers moet aangestel word om gelowige ouers se kinders te onderrig.*

Die salaris wat onderwysers ontvang is dikwels 'n kontroversiële saak. Ons sien gereeld op televisie hoe onderwysers reg oor die wêreld vir hoër salarisse en beter werkomstandighede vra. Na hulle oordeel is onderwys die moeder van alle beroepe en behoort onderwysers daarom een van die besbetaalde beroepe te wees. Al is hulle reg in hulle oordeel sal gelowige onderwysers mooi besin voor hulle onderrig van die leerlinge weerhou. Gelowige onderwysers besef dat die Here aan hulle die taak opdra om te onderrig en dat hulle daarom nie aan stakings mag meedoen nie. Dit beteken beslis nie dat onderwysers onreg in hulle diensvoorwaardes maar gelate moet aanvaar nie. Die wyse waarop hulle dit egter aanspreek moet getuig van gehoorsaamheid aan die Here.

Die Bybelse beginsel dat 'n arbeider sy loon werd is geld natuurlik ook vir onderwysers. Beheerliggame van skole moet daarom toesien dat onderwysers 'n billike vergoeding vir hulle werk ontvang. Dit is nodig sodat onderwysers onbelemmerd op hulle werk kan fokus. Die werk van 'n onderwyser wat wonder waar die geld vandaan gaan kom om kos vir die maand te koop sal beslis daaronder ly. Maar die Here leer ook dat jy tevrede

moet wees met dit wat jy verdien. Onderwysers met ’n uitspattige leefstyl mag nie kla oor lae salarisse wat nie hulle leefstyl kan finansier nie. Uit dankbaarheid vir dit wat hulle van die Here ontvang, moet gelowige onderwysers ook aan hulle leerlinge wys wat dit beteken om as rentmeesters op te tree.

### 1.9.3 Personeelopleiding en -ontwikkeling

Ongelukkig is daar min onderwysersopleidinginstansies waar voornemende onderwysers meer van Christelike onderwys kan leer. Openbare universiteite doen in die reël prakties geen moeite om aan studente te vertel hoe om hulle geloofsoortuigings in die onderwysprofessie uit te leef nie. Baie gelowige onderwysers het dus nooit geleer hoe om Bybelse norme in die onderwyspraktyk toe te pas nie. Die aanname word ook soms gemaak dat gelowige onderwysers nie nodig het om oor die aard en karakter van Christelike onderwys te besin nie aangesien hulle reeds Christene is. So ’n siening is foutief. Die Bybel maak dit duidelik dat alle aspekte van ’n gelowige se lewe diensbaar aan Christus gestel moet word. Dit sluit die onderwys in. Daarom moet gelowige onderwysers voortdurend gesamentlik en individueel besin oor wat die reformasie van die onderwysprofessie in praktyk impliseer.

Christelike skole wat hierdie noodsaak besef, doen daarom moeite met personeelontwikkelingsprogramme waar onderwysers gesamentlik dieper in die skatkis van Christelike onderwys kan delf. Personeelsamesprekings bied aan junior personeel die geleentheid om by meer ervare kollegas te leer hoe om sake soos evaluering of leierskapsontwikkeling vanuit ’n normatiewe raamwerk aan te pak. Personeel ontvang ook die geleentheid om ’n gemeenskaplike etos te ontwikkel en daar rondom te verenig. Almal weet dan waarvoor die skool staan en ondersteun mekaar in die uitlewing daarvan. Eie voor- en afkeure staan dan nie meer voorop nie, maar wel die gemeenskaplike doel wat die personeel nastreef. Personeel wat hulleself hiermee besig hou is gelukkig want hulle ervaar nie net die onderlinge band van liefde nie, maar hulle kan dit ook aktief uitleef.

Gelowige onderwysers doen verder moeite met hulle persoonlike geloofsgroei. In sy brief aan die gemeente in Efese roep die apostel Paulus gelowiges op om kragtig in die Here en in sy sterkte te word. Die opdrag tot geloofsgroei geld in besonder vir onderwysers wat deur hulle doen en late ’n voorbeeld aan hulle leerlinge moet stel. Onderwysers wat self geen geloofsgroei beleef nie sal moeilik die leerlinge positief oor hulle geloofslewe kan stem. Diegene wat die Here in die gebed vra om hulle denke te vernuwe, doen moeite met persoonlike Bybelstudie, huisgodsdiens en kerklike deelname. Dan leef, bid en doen jy jou werk in gehoorsaamheid aan die Here. Sulke onderwysers is ’n lewende getuienis van wat dit beteken om die Here te dien.

### 1.9.4 Personeelmotivering

> Onthou
>
> *Gelowige onderwysers moet hulle kollegas bly motiveer om kragtig in diens van die Here te arbei.*

Die groot werklading waaronder onderwysers gebuk gaan, sowel as die hoë verwagtinge wat die gemeenskap van onderwysers koester, veroorsaak dat baie onderwysers se moreel op 'n laagtepunt staan. Sulke onderwysers sukkel gewoonlik om steeds sin te gee aan die dinge waarmee hulle besig is. Ons vind dieselfde by Jesus se dissipels kort voor sy kruisiging. Jesus motiveer hulle om moed te hou deur aan hulle te sê dat Hy reeds die wêreld oorwin het. Op 'n soortgelyke wyse moet gelowige onderwysers ook hulle kollegas aanhou motiveer om kragtig in diens van die Here te arbei. Onderwysers wat die diepere betekenis van hulle taak raaksien sal inherent gemotiveerd wees om hulle bes te doen.

In praktyk is dit goed om hierdie diepere betekenis in 'n gesamentlike visie te verwoord. Dit gee 'n banier waaragter die personeel nie net kan verenig nie, maar ook gesamentlik voor kan stry. So kan elke onderwyser dit wat die skool nastreef sy eie maak. As dit is om die leerlinge in die weë van die Here op te voed, besef die Christen-onderwyser dat sy of haar bydrae van kritiese belang is en daarom nie gemis mag word nie. Met diegene wat om die een of ander rede uitsak of hulle motivering verloor moet persoonlike bemoeienis gemaak word. Dit is die mooie van Christelike onderwys. Die onderwysers is nie in kompetisie met mekaar nie, maar ondersteun, bemoedig en motiveer mekaar in die uitvoering van hulle taak.

### 1.9.5 Beslegting van geskille en verskille

> Onthou
>
> *Die Bybel gee duidelike aanwysings oor hoe gelowiges geskille moet hanteer. Onderwysers moet hulle kollegas bly motiveer om kragtig in diens van die Here te arbei.*

Ongelukkig spring Christen-onderwysers nie die werk van Satan vry nie. Hy doen juis moeite om tweedrag, verdeeldheid en onmin tussen gelowiges te saai. Dit is dus te wagte dat daar verskille en selfs ook geskille tussen gelowige onderwysers sal wees. Onderwysers kan onderling verskil oor wat leerlinge tydens 'n skoolkonsert moet opvoer of oor die wyse waarop 'n leerling met gedragsprobleme hanteer moet word. Om van opinie te verskil is nie verkeerd nie. Dit kan selfs voordelig wees

om ’n saak uit verskillende hoeke te belig. In die keuse van ’n sportspan kan daar byvoorbeeld ook nie noodwendig tussen reg en verkeerd onderskei word nie. As beide partye egter ooreenkom om sake op ’n ordelike wyse te hanteer kan gesonde konflik as ’n positiewe punt gesien word.

Die Bybel gee duidelike aanduidings oor hoe gelowiges geskille moet hanteer. Daarvolgens moet gelowiges verskille direk met mekaar bespreek. Dit is verkeerd om aan ’n ander persoon te noem dat ’n kollega ’n fout begaan het as jy dit nie eers self met die skuldige persoon bespreek het nie. As die persoon na jou luister en dit wat verkeerd was regstel is die saak afgehandel en mag dit nie verder bespreek word nie. Maar as hy of sy nie luister nie en voortgaan met die verkeerde is dit jou plig om ’n getuie saam te neem om die saak verder te bespreek. Slegs as hy of sy vir beide persone nie luister nie mag die saak in die openbaar bespreek word. Weerhou jou dus daarvan om kollegas se gebrekkige voorbereiding, afwesigheid in klasse of hulle swak hantering van dissipline met ander kollegas of selfs die ouers te bespreek. Wie dit doen maak hulleself direk skuldig aan ’n oortreding van die Here se wet.

Dit is net so verkeerd om sake wat verkeerd is en aangespreek behoort te word te ignoreer ter wille van ’n valse skyn van vrede. ’n Vak- of departementshoof wat byvoorbeeld merk dat ’n kollega nie sy of haar werk na behore doen nie, moet dit aanspreek. In sulke gevalle moet die saak en nie die persoon nie, aangespreek word. Praat oor die boeke wat nie nagesien is nie, sonder om daarna te verwys dat die persoon nooit ’n goeie onderwyser sal uitmaak nie. Die Spreukedigter waarsku ook daarteen om ondeurdagte opmerkings te maak. Daarom is dit wys om soms ’n dag of twee te laat verloop voor jy ’n moeilike saak aanpak. Onthou, persone wat sake op die regte wyse hanteer, tree nie net wys op nie, maar help ook bou aan God se koninkryk.

## Opsomming

*Skole is verantwoordelik daarvoor om bekwame persone te vind om die werk te verrig. Dit is egter ook noodsaaklik om gelowige onderwysers aan te stel. Hierdie onderwysers moet billik vergoed word vir die werk wat hulle doen en aktief gelei word in die ontwikkeling van hulle Christelike benadering tot onderwys.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na oor hoe jy met jou kollegas omgaan. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

- *Doen jy moeite om dit wat jy van Christelike onderwys geleer het ook met jou kollegas te deel?*
- *Is jy bereid om op 'n positiewe wyse met jou kollegas saam te werk?*
- *Hanteer jy konflik op die regte wyse?*

# 1.10 'n Gedragsorde vir Christen-onderwysers

## Doelwitte

*'n Gedragsorde vir Christen-onderwysers kan help om alle onderwys rondom Skriftuurlike norme te verenig. Deur gesamentlik so 'n gedragsorde te onderteken vind gelowige onderwysers 'n gesamentlike akkoord of ooreenkoms oor wat as reg en verkeerd beskou word in die uitoefening van hulle beroep.*

### 1.10.1 Waarom 'n gedragsorde vir Christen-onderwysers?

## Onthou

*Betoon jou liefde vir die Here deur diensbaar te wees.*

Sommige samelewingsverbande beskik oor 'n ooreengekome orde wat ten doel het om die spesifieke verband te orden. Die meeste kerkverbande het 'n kerkorde wat aandui hoe gemeenskaplike sake in die kerkverband hanteer moet word. Op 'n soortgelyke wyse kan 'n gedragsorde vir Christen-onderwysers ook norme neerlê om Christelike onderwys te orden. Met God se Woord as rigsnoer, moet gelowige onderwysers hulleself vergewis hoe die Here onderwys en opvoeding wil orden sodat hulle die onderwyspraktyk daarvolgens kan rig. Dit is belangrik om te besef dat geen orde, hoe volledig ook al, alle aspekte van die Christelike onderwys kan begrond nie. Daarom mag dit nodig wees om die orde van tyd tot tyd te hersien en, indien nodig, aan te pas.

'n Orde vir Christen-onderwysers is nie 'n onveranderlike wet wat rigied afgedwing moet word nie, maar eerder 'n dokument met 'n dienende karakter. Dit wil Jesus Christus se hoofskap op alle lewensterreine, en in besonder die onderwys, aan gelowige onderwysers formuleer. Die onderhouding en handhawing daarvan bied onderwysers die geleentheid om hulle eie en kollegas se optrede, binne sowel as buite die klas, krities te beoordeel. Gelowige onderwysers kan en moet mekaar opskerp, bemoedig en, indien nodig, vermaan om terug te reformeer na God se Woord.

Maar ’n gedragsorde vir Christen-onderwysers dra alleen gesag as dit die Bybelse norme oor onderrig en opvoeding, noukeurig en getrou reflekteer.

### 1.10.2 ’n Gedragsorde vir Christen-onderwysers

***Lewensbeskoulike aspekte***

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om in my daaglikse handel en wandel die Here met my hele hart, siel en verstand lief te hê en om my naaste, in besonder die leerlinge, hulle ouers en my kollegas, se beste belang te soek deur aan hulle diensbaar te wees.
- Om te erken dat die leerlinge die eiendom van die Here is en daarom nie aan hulle ouers of die staat behoort nie. Ek besef dat enige persoon wat God se eiendom van Hom afvallig maak ’n verskriklike oordeel sal ontvang.
- Om te erken dat God Homself in die eerste plek deur sy werke en daarna in meer besonderhede deur sy Woord openbaar. Dit impliseer dat ek die leerlinge moet leer om God se hand nie net in die Bybel nie, maar in elke vakgebied raak te sien. Die een kan nie sonder die ander na behore verstaan word nie.
- Om die gesag van die Bybel oor alle lewensterreine, in besonder oor die onderwys en opvoeding, te handhaaf en om my taak as onderwyser in gehoorsaamheid aan die Bybel as norm, nougeset uit te voer.
- Om moeite te doen om die Here deur werksaamhede soos Bybelstudie, gebed, huisgodsdiens en erediensbywoning, beter te leer ken soos wat Hy Homself in en deur sy Woord aan ons openbaar, sodat ek al meer tot volwassenheid in die geloof kan groei.
- Om daagliks teen Satan en sy bose magte te stry. Dit hou in dat ek nie net die leerlinge sal toerus om kennis van die antitese tussen lig en duisternis op te bou nie, maar hulle ook weerbaar sal maak om aktief Satan en sy bose magte teen te staan.
- Om my eie gebrokenheid en sonde voor die Here, sowel as die invloed van sonde op die uitleef van my roeping as onderwyser, te besef.
- Om aktief verantwoordelikheid te aanvaar vir dit wat in en met die skoolgemeenskap mag plaasvind. Dit sluit in om op mekaar te let en mekaar te vermaan indien nodig, maar ook om mekaar se laste te dra.

***Professionele optrede***

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om te erken dat Christus die enigste ware Leermeester is en bly. Ek word dus deur Jesus Christus, die groot Leermeester, geroep om as instrument in sy hand sy kinders tot sy eer te onderrig.

- Om die besonderse gesagsposisie waarin God my as onderwyser plaas met waardigheid te beklee en daarvolgens te handel.
- Om alle gesagstrukture soos vak-, departement-, adjunk- en skoolhoofde wat oor my aangestel is, te erken en te eerbiedig.
- Om alle reëls binne skoolverband te eerbiedig.
- Om my gewillig aan enige dissiplinêre aksie te onderwerp as ek miskien in my doen of late 'n oortreding sou begaan.
- Om in alle aktiwiteite wat ek as persoon, of die skool as instansie mag aanpak, nie my eie of die skool se eer te soek nie, maar God se eer alleen voorop te stel.
- Om in die beplanning en deelname aan alle binne- sowel as buitekurrikulêre aktiwiteite wat by die skool mag plaasvind, Bybelse norme te laat geld. Dit sluit aspekte in soos fondsinsameling, sport en kultuurbedrywighede, asook die erkenning van prestasie en leierskapontwikkeling.
- Om te alle tye eties korrek en professioneel op te tree. Dit sluit aspekte soos eerlikheid, betroubaarheid, stiptelikheid en lojaliteit in.
- Om as lid van die skoolgemeenskap my kollegas sowel as die bestuur van die skool aktief te ondersteun in die uitvoering van hulle professionele pligte.
- Om alle moontlike geskille of verskille wat daar mag ontstaan met leerlinge, ouers of kollegas op die korrekte wyse, soos neergelê in God se Woord, te besleg.

***Didaktiese aangeleenthede***

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om al my onderrig aan die hand van Bybelse norme te doen. Dit beteken dat ek my nie sal skuldig maak aan soetsappige toesprake of morele sedelessies nie.
- Om die leerlinge in hulle totaliteit te ontwikkel. Dit sluit in hulle verstandelike, sosiale, emosionele, estetiese, fisiese en religieuse vorming.
- Om die uniekheid van elke leerling te erken met die gevolg dat ek elke leerling volgens sy of haar eiesoortige behoeftes, sowel as unieke gawes en talente sal hanteer.
- Om aan leerlinge uit te wys waarmee die Here in hierdie wêreld besig is en hoe hulle optrede en morele gedrag daarby moet inpas.
- Om aan leerlinge die sin en onderlinge verband van alle dinge wat hulle bestudeer te verduidelik.

> **Onthou**
>
> *Jy is deur Jesus Christus geroep om as instrument in sy hand sy kinders tot sy eer te onderrig.*

- Om met waardigheid teenoor alle leerlinge as beelddraers van God op te tree.
- Om God se liefde, maar ook sy reg, deurlopend aan leerlinge te bedien.
- Om aan leerlinge 'n veilige, geborge ruimte te skep waarbinne hulle ongehinderd onderrig ontvang.
- Om roepingsgetrou my taak as pedagoog uit te voer. Dit sluit aspekte soos die deeglike voorbereiding van elke les, die moeite met die aanbieding van lesse, en die gereelde nasien van leerlinge se skriftelike werk in.
- Om in diepte te besin oor watter norme die Here oor my vakgebied in sy Woord en werke openbaar en om hierdie norme aan die leerlinge te onderrig.
- Om op hoogte te bly met nuwe denke en verwikkelinge in die onderwys in die algemeen en in my vakgebied in besonder.
- Om deurentyd goeie orde en dissipline binne sowel as buite klasverband te handhaaf. 'n Gesonde werkkultuur en om leerlinge tot selfwerksaamheid te begelei, is norme wat van groot waarde sal wees in die beoefening van dissipline.
- Om skoolreëls nougeset en konsekwent toe te pas sonder aansien van die persoon wat hom- of haarself skuldig maak aan die oortreding van die reëls.
- Om daarteen te waak dat die reëls, en nie ek as onderwyser nie, dissiplinêre aksies hanteer.
- Om nie leerlinge te vertoorn deur onrealistiese verwagtinge van hulle te koester of om beterweterig op te tree nie.
- Om, waar nodig, leerlinge in liefde te tug, en nie in woede of uit vergelding nie.

***Onderlinge verhoudings***

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om alle leerlinge, kollegas en ouers met onvoorwaardelike liefde en respek te hanteer.
- Om die goeie naam en waardigheid van elke leerling, ouer en kollega te alle tye te beskerm deur nie direk of indirek aan kwaadwillige gesprekke deel te neem, of skinderstories te versprei nie.
- Om my van enige vorm van verkleinering of sielkundige aftakeling van 'n leerling, kollega of ouer te weerhou.
- Om alle inligting soos leerlinge se akademiese prestasies, persoonlike probleme wat kollegas mag ondervind, of die wanbetaling van ouers se skoolgelde as vertroulik te beskou en sodanig daarmee om te gaan.

> **Onthou**
>
> *Hanteer alle leerlinge, kollegas en ouers met onvoorwaardelike liefde en respek.*

- Om bemoeienis te maak met leerlinge wat een of ander pastorale uitdaging of probleem ondervind.
- Om die besonderse plek wat die Here aan ouers as primêre opvoeders van hulle kinders gee te eerbiedig.
- Om te alle tye goeie verhoudinge met ouers te handhaaf onder meer deur hulle op die hoogte te hou van hulle kinders se welstand en skolastiese vordering.
- Om die Godgegewe rol en taak van die kerk te erken en te eerbiedig in die opvoeding van leerlinge.
- Om die beperkte rol van die owerheid ten opsigte van onderwys te erken. Die owerheid mag nie die verantwoordelikheid om kinders op te voed oorneem nie, maar moet wel toesien dat daar orde en stabiliteit in die samelewing is waarbinne opvoeding kan plaasvind.

***Voorkoms en gedrag***

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om my taalgebruik so te besig dat dit tot God se eer strek.
  Dit sluit in dat daar geen kragwoorde, neerhalende opmerkings of dwaalleerstellings geuiter mag word nie.
- Om wat my kleredrag betref só aan te trek dat dit getuig van kuisheid en ingetoënheid. Dit geld ook ten opsigte van die dra van juwele of grimering, ’n gepaste haarstyl en die aanbring van tatoeëermerke op liggaamsdele.
- Om deur my optrede altyd die eer van die Here en die heil van my naaste voorop te stel. Dit sluit aspekte soos die omgang met tegnologie, die misbruik van alkohol of die wanbesteding van geld in.

***Algemene aspekte***

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om op geen wyse my posisie as onderwyser vir politieke, sosiale of finansiële gewin te gebruik of misbruik nie.
- Om ’n goeie landsburger te wees.
- Om my plek in die samelewing diensbaar in te neem.

## Opsomming

*Met God se Woord as rigsnoer moet gelowige onderwysers hulself vergewis hoe die Here onderwys en opvoeding wil orden sodat hulle die onderwyspraktyk daarvolgens kan rig. 'n Orde vir Christen-onderwysers wil Jesus Christus se hoofskap op alle lewensterreine en in besonder die onderwys aan gelowige onderwysers formuleer.*

## Aspekte ter oorweging

*Werk aandagtig deur die bogenoemde orde vir Christen-onderwysers en beantwoord dan die onderstaande vrae.*

- *Watter sake hierbo genoem berus nie op Bybelse norme nie en moet dus uit die orde verwyder word?*
- *Watter ander Bybelse norme rakende die onderwys moet na jou oordeel tot die orde toegevoeg word?*

# HOOFSTUK 2

## Die vorming en begeleiding van leerlinge



# 2.1 Hoe gelowige onderwysers leerlinge sien

## Doelwitte

*Die wyse waarop 'n onderwyser sy of haar leerlinge sien, bepaal hoe hy of sy teenoor hulle optree. 'n Christen-onderwyser sien die leerlinge as God se eiendom wat Hy geskep het om in liefde met Hom in verbond (band) te leef. Daarom is sy wil in die onderrig en opvoeding van die leerlinge die enigste wat van belang is.*

### 2.1.1 Verskillende sienings oor leerlinge

Die harmonie en vrede in 'n skool kan maklik versteur word. Dit was die geval toe 'n diplomaat se kinders hulle opwagting by 'n skool gemaak het. Van meet af aan het die ander leerlinge nie van hulle gehou nie. Of dit nou hulle voorkoms, hulle taalgebruik of dalk hulle eiesoortige gewoontes was, was nie seker nie. Een ding was wel duidelik: Die ander leerlinge het een gemeenskaplike doel voor oë gehad en dit was om van hulle ontslae te raak. Hulle andersheid het hulle die vyandskap van die ander leerlinge op die hals gehaal. Dit laat mens opnuut besef hoe oppervlakkig en eenogig leerlinge soms na hulle skoolmaats kyk.

Ongelukkig maak baie onderwysers hulleself aan soortgelyke gedrag skuldig deur 'n spesifieke leerling of groep leerlinge op die een of ander wyse te etiketteer. Vir sommige onderwysers is leerlinge bloot objekte wat voorgeskrewe kennis en vaardighede moet bemeester. Ander sien leerlinge weer as 'n klomp rebelle wat voortdurend in opstand teen gesag kom. Wat ook al die siening, een ding is seker: Die wyse waarop onderwysers hulle leerlinge sien sal bepaal hoe hulle teenoor die leerlinge optree. As 'n onderwyser byvoorbeeld leerlinge as minderwaardig beskou is die kans goed dat hy of sy, sonder om dit te besef, hulle sonder respek en met minagting sal hanteer.

Hierdie wete dwing gelowige onderwysers om bewustelik na te dink oor die wyse waarop hulle na leerlinge kyk. Vir hulle is 'n kind nie minder of meer as die posisie en status wat God hom of haar gee nie. Met die uitstorting van die Heilige Gees

maak God dit duidelik dat sy beloftes nie net die volwassenes nie, maar ook die kinders toekom. Kinders van gelowige ouers leef net soos hulle ouers in die verbond met die Here en moet daarom, hoewel nog onervare, as medegelowiges gesien en hanteer word. Al is hulle jonk, vertoon hulle reeds die beeld van God en mag hulle daarom nie onverskillig of negatief hanteer word nie. Net soos volwassenes is hulle sondig en het hulle ook 'n Verlosser nodig. 'n Onderwyser wat dit besef sal altyd in liefde die Here se reg aan sy leerlinge bedien. Daarby vertrou die ouers hulle kinders aan die onderwyser toe en verwag hulle dat die onderwysers in liefde en met belangstelling teenoor hulle kinders sal optree.

### 2.1.2 Die leerlinge staan in 'n noue band met God

Geen leerling staan op sy of haar eie in die wêreld nie. Alle mense staan in 'n direkte verhouding tot die Here, of die leerlinge en hulle onderwysers dit nou wil erken of nie. God het hulle kunstig in die moederskoot geweef en daarom is hulle sy eiendom. Al weier miljoene mense om God se gesag oor hulle lewens te erken, kan hulle nie aan sy koningskap ontkom nie. Hierdie grondbeginsel verskaf aan gelowige onderwysers die fondament of basis waarop hulle na die leerlinge kyk. Alle leerlinge behoort aan die Here. Daarom kan Hy, net soos 'n pottebakker, self besluit wat Hy met sy eiendom wil doen. Dit kom die mens nie toe om die Here se wil te bevraagteken nie. In gehoorsaamheid moet die onderwysers sy wil, ook wat die onderrig van die leerlinge betref, maar net gewillig uitvoer.

> **Onthou**
>
> *Die wyse waarop onderwysers hulle leerlinge sien sal bepaal hoe hulle teenoor die leerlinge optree.*

Onderwysers wat besef dat die leerlinge aan die Here behoort dink mooi na oor die wyse waarop hulle met sy eiendom omgaan. Hulle besef dat God die mens as kroon van die skepping daargestel het om sy beeld te reflekteer. Die sondige aard van die leerlinge mag wel die beeld krom en skeef trek, maar dit ontneem hulle nie van die besonderse posisie waarin God die mens as rentmeester van sy skepping geplaas het nie. Gelowige onderwysers wat hul leerlinge as beelddraers sien, leer hulle leerlinge om al meer die beeld van God te reflekteer. Hulle moet byvoorbeeld weet hoe om eties en moreel korrek op te tree, aangesien dinge soos oneerlikheid tydens eksamens of die boelie van 'n klasmaat ten diepste die beeld wat hulle moet reflekteer, en daardeur God se eer, skade berokken.

As eiendom van God moet leerlinge verder leer om hulle taak in die wêreld – hulle kultuuropdrag – nougeset uit te leef. Die aarde moet nie net bewoon word nie, maar

ook bewerk en bewaar word. Net soos volwassenes het kinders ook die opdrag ontvang om as rentmeesters oor God se skepping te heers. Gelowige onderwysers wat hulle verantwoordelikheid in diens van die Here nakom, doen moeite om hulle leerlinge vir hierdie taak toe te rus. Vanaf die onderrig van lees in Graad 1 tot die uitwerk van 'n moeilike algebrasom in Graad 12, is alles deel van die vorming van die leerlinge as rentmeesters. Hierdie wete dwing gelowige onderwysers om anders as ongelowiges na die leerlinge voor hulle te kyk. Hulle is veel meer as 'n klomp individue wat elkeen sy of haar volle potensiaal moet bereik. Hulle is God se beelddraers wat sy skepping tot sy eer moet bewoon, bewerk, bewaar en bewaak.

> **Onthou**
>
> *Alle mense staan in 'n direkte verhouding tot die Here of hulle dit erken of nie.*

## 2.1.3 Leerlinge is op reis na volwassenheid

Christelike onderrig geskied in 'n Christelike milieu. Die leerling voel veilig en geborge in sy of haar omgewing en is gevolglik ontvanklik vir die beïnvloeding van hulle ervare onderwysers. Gelowige onderwysers wat die leerlinge in dié lig sien en beoordeel werk aktief daaraan om die leerlinge se verstand, gevoel, gewete en karakter in lyn met God se wil te vorm. Hulle sien nie hulle leerlinge as ondergeskik of minderwaardig nie, maar eerder as nog onervare in die geloof. Die leerlinge het byvoorbeeld nog nie die volle omvang en betekenis van God se openbaring in alle vakgebiede leer ken nie. Daarom doen onderwysers moeite om hul leerlinge van jongs af hierdie rykdom te laat sien en hulle daarin te oefen, sodat hulle as hulle die volwasse wêreld betree nie daarvan afwyk nie. Hierdie is 'n groot maar heerlike taak, om die onervarenes in die geloof met die nodige kennis, vaardighede en die regte gesindheid toe te rus sodat hulle hulle kultuuropdrag gewillig en met toewyding kan uitleef.

Al is die leerlinge nog onervare, beskik hulle reeds oor sekere Godgegewe gawes en talente. Gelowige onderwysers doen moeite om hierdie gawes so goed as moontlik te ontwikkel en verder uit te bou. 'n Kenmerk van Christelike onderwys is juis dat dit in die reël goeie vrug lewer. Leerlinge met goeie handvaardigheid kan die kennis wat hulle in die Meganiese Tegnologie-klas verwerf het in diens van hulle naaste aanwend deur byvoorbeeld 'n bejaarde dame se stukkende motor te herstel. Daardeur groei hulle al meer en meer op die weg na selfstandigheid, maar ook in geestelike volwassenheid. 'n Gelowige onderwyser besef dat die leerlinge weens hulle sondige aard van nature daartoe geneig sal wees om hul verantwoordelikhede te ontwyk. Daarom skep hy of sy bewustelik geleenthede vir die leerlinge om toenemend verantwoordelikheid vir hulle optrede te aanvaar. Leerlinge moet byvoorbeeld

die geleentheid ontvang om verantwoordelik met tyd om te gaan deur self hulle daaglikse aktiwiteite te beplan.

### 2.1.4 Die unieke aard en karakter van leerlinge

Anders as humaniste wat glo dat kinders van nature goed is, leer God ons in sy Woord dat die mens van nature doen wat verkeerd is. Dit is die gevolg van erfsonde sowel as sy eie ongeregtigheid en ook Satan se aanslae. Gelowige onderwysers is dus nie verbaas as leerlinge soms ongehoorsaam, stout of selfs blatant oneerlik is nie. Hulle besef dat die leerlinge, net soos volwassenes, ook sekere tekorte en gebreke het wat hulle die verkeerde laat doen. Dit is dus nodig om sekere ordereëls daar te stel wat duidelike grense vir die leerlinge neerlê. Leerlinge moet weet dat dit onaanvaarbaar is om in ’n klas te gesels terwyl die onderwyser besig is om ’n les aan te bied. Teenoor leerlinge wat hierdie reëls oortree moet ferm, maar in liefde opgetree word. Al het die onderwyser empatie met die sondige aard van sy of haar leerlinge, moet hy of sy leer om aktief teen die sonde te stry deur reg op te tree. Leerlinge moet byvoorbeeld leer om hulle onderwysers te gehoorsaam en om hulle met die nodige agting en respek te hanteer.

In God se vrymag gee Hy aan elke persoon gawes en talente soos Hy wil. Geen twee leerlinge beskik daarom oor dieselfde vermoëns of karakter nie. Sommige leerlinge ontvang baie gawes op vele terreine. Hulle is akademies sterk, vaar goed in sport en presteer op kulturele gebied. Ander leerlinge het weer net besonderse gawes in sekere rigtings soos kuns of musiek ontvang. Dan is daar ook leerlinge wat min gawes ontvang het en hard moet werk om by te bly. ’n Gelowige onderwyser neem die unieke gawes en karakter van elke leerling in ag as hy of sy met hulle werk. Die hoeveelheid en aard van ’n leerling se gawes maak hom of haar nie minder of meer werd as sy of haar klasmaats nie. Daarom waak gelowige onderwysers byvoorbeeld daarteen om meer waarde te heg aan leerlinge wat akademies goed presteer. Een leerling mag ook nie ten koste van die groep uitgesonder of opgehemel word nie. In God se oë is almal gelyk en moet elke leerling ooreenkomstig sy eie unieke gawes en talente beoordeel en hanteer word.

### 2.1.5 Ander aspekte van belang

Geen leerling staan in isolasie nie. Elkeen se huislike omstandighede, die omgewing waarbinne hy of sy leef en die persone waarmee hy of sy omgaan, oefen alles ’n direkte of indirekte invloed op elkeen se denke en dade uit. Soos een yster ’n ander slyp, so slyp die een leerling die ander. Onderwysers weet maar al te goed hoe ’n leerling sy maats in die afgrond kan intrek deur hulle by verkeerde dinge soos drank- of dwelmmisbruik te betrek. ’n Gelowige onderwyser mag daarom nooit na leerlinge in isolasie kyk nie, maar moet ook die onderlinge verbande waarbinne

die leerlinge hulleself bevind raaksien en daarvolgens optree. 'n Onderwyser wat byvoorbeeld sien dat 'n dogter in ongesonde verhoudings met seuns betrokke raak moet haar daaroor aanspreek en, indien nodig, vermaan.

God koppel in sy Woord die mens direk aan die aarde as Hy die mens uit die stof van die aarde formeer. 'n Leerling se liggaam is vir die Here nie minder belangrik as sy siel of gees nie. Onderwysers is weens die akademiese aard van onderwys egter geneig om meer klem op leerlinge se verstandelike as hulle fisiese ontwikkeling te plaas. So 'n optrede is nie korrek nie. Onderwysers moet ook daarop let dat leerlinge hulle liggame tot eer van die Here gebruik en verder ontwikkel. Dit begin reeds in Graad 1 as leerlinge die regte sithouding aanleer en gaan aan reg deur hulle skoolloopbaan as leerlinge leer om gesond te eet, fiks te wees en higiënies te leef. Onderwysers moet egter ook daarteen waak dat leerlinge nie te veel klem op hulle voorkoms plaas nie. Dan bestee hulle ure in die gimnasium of voor 'n spieël sonder om te besef dat 'n mooi voorkoms nie 'n doel op sigself mag wees nie. Leerlinge moet eerder leer om hulle liggame as 'n tempel van die Here te sien. Leerlinge leer daardeur om God van harte lief te hê en Hom met hulle hele wese, naamlik met liggaam, siel en verstand, te dien.

## Opsomming

*Die wyse waarop onderwysers hulle leerlinge sien sal bepaal hoe hulle teenoor die leerlinge optree. Hierdie wete dwing gelowige onderwysers om bewustelik na te dink oor die wyse waarop hulle na leerlinge kyk. In God se vrymag gee Hy aan elke persoon gawes en talente soos Hy wil. 'n Gelowige onderwyser neem die unieke gawes en karakter van elke leerling in ag as hy of sy met hulle werk.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in twee groepe. Debatteer die volgende punte in groepverband:*

1. *Onderwysers moet nie 'n demper op leerlinge se ontwikkeling plaas nie, maar hulle eerder toelaat om vrylik hulle denke te ontwikkel.*
2. *Die humanisme het onderwysers se siening van leerlinge verkeerd beïnvloed.*

# 2.2 Die doel van Christelike opvoeding

## Doelwitte

*Algemeen word aanvaar dat die doel van alle onderwys die vorming van onervare kinders tot toegeruste, verantwoordelike volwassenes is. Vir gelowige onderwysers is dit egter belangrik om hulleself vanuit God se Woord te vergewis watter norme die Here in sy Woord oor die doel van onderrig en opleiding neerlê.*

### 2.2.1 Die formulering van doelwitte

Sekere ouers en onderwysers meen dat onderrig slegs ten doel het om vir leerlinge ’n veilige ruimte te skep waarbinne hulle maksimaal ooreenkomstig hulle aard en karakter kan ontwikkel. Hulle stel gewoonlik min of geen formele doelwitte nie, aangesien hulle van oortuiging is dat dit ’n demper op hulle kinders of die leerlinge se ontwikkeling sal plaas. En tog, al weier hulle om dit te erken, streef hulle ook sekere onderrigdoelwitte na. Hulle innerlike oortuigings en siening van die lewe is rigtinggewend oor watter oogmerke hulle sal nastreef. Die stel van doelwitte vorm immers ’n integrale deel van enige onderrig.

Dit wat vir die gemeenskap belangrik is bepaal in die reël watter formele doelwitte die gemeenskap se skolestelsel sal nastreef. Die staat reflekteer byvoorbeeld die breë gemeenskap se verwagting deur ’n aantal uitkomste daar te stel wat die leerlinge dan op sekere uittreevlakke moet bereik. Van leerlinge in Graad 3 word byvoorbeeld ’n sekere taal- of wiskundevaardigheid vereis voordat hulle na Graad 4 bevorder kan word. Hierdie oogmerke van die staat is dikwels sterk ideologies van aard. Aspekte soos nasiebou, sosiale geregtigheid en godsdiensgelykheid staan byvoorbeeld in die sillabus van die Suid-Afrikaanse Lewensoriëntering-vakgebied voorop. Daardeur poog die owerheid om “goeie” landsburgers te kry wat aan sy vereistes voldoen.

Die dinge waaraan ’n onderwyser waarde heg speel net so ’n belangrike rol in die dag-tot-dag onderrig. Al formuleer onderwysers selde hulle persoonlike doelwitte

op 'n formele wyse, beteken dit beslis nie dat hulle nie ook sekere doelwitte nastreef nie. Onderwysers wat byvoorbeeld baie waarde aan leerlinge se menswaardigheid heg, mag sonder om dit self te besef moeite doen om 'n kultuur van menseregte by leerlinge te vestig. Die doel van ander is weer om leerlinge op te lei om te alle koste te presteer; 'n soort pragmatisme. Gelowige onderwysers beklemtoon weer die doel om leerlinge te leer om die Here in alles te dien. So kan daar uiteenlopende onderrigbenaderings tussen personeel van dieselfde skool voorkom.
Alle onderwysers het nie noodwendig dieselfde doel voor oë nie, selfs al word dieselfde leerinhoud behandel.

## 2.2.2 Die doel van Christelike onderwys

> **Onthou**
>
> *Christelike onderwys het ten doel om leerlinge te leer om in die regte verhouding met God te leef.*

Vir gelowige onderwysers sal die wyse waarop hulle na God en sy Woord kyk die aard en karakter van hulle onderrig bepaal. Onderwysers wat God as koning oor alle lewensterreine (ook die onderwys) sien en erken, sal vanuit hierdie begronding hulle taak verrig. Vir sulke onderwysers het alle akademiese, sport, kulturele en sosiale aktiwiteite wat by die skool plaasvind slegs een doel. Hierdie oorkoepelende doel vind ons in die eerste sendbrief van die apostel Paulus aan die Korintiërs as hy beveel dat hulle alles tot eer en verheerliking van God moet doen. Die eer van God sal en moet gelowige onderwysers se doen en late rig. Dan het die Graad 7 Tegnologie sillabus byvoorbeeld nie allereers ten doel om leerlinge tegnologies geletterd te laat nie, maar eerder om hulle te leer om God in en deur die tegnologie te dien en te verheerlik. Dieselfde beginsel geld in alle ander vakgebiede.

Vanuit God se eer as die oorkoepelende doel vir gelowiges se lewens kan 'n meer gerigte en konkrete doel vir Christelike onderwys geformuleer word. In sy tweede brief aan die jong Timoteus skryf die apostel Paulus dat die hele Skrif deur God ingegee is om mense deur lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing tot volkomenheid te lei – volkome toegerus vir elke goeie werk. Al handel die betrokke gedeelte nie direk oor die opvoeding van kinders nie, het dit tog direkte toepassingswaarde vir beide leerlinge en onderwysers vandag. Die doel van Christelike onderwys is immers om leerlinge tot volwassenheid in Christus te lei sodat hulle God se wil kan doen en Hom kan verheerlik. Daarom doen gelowige onderwysers moeite om die leerlinge na behore te leer lees, skryf en reken. Leerlinge moet immers van jongs af toegerus word om hul latere roeping as loodgieters, tandartse of landbouers in gehoorsaamheid aan die Here te kan uitleef.

### 2.2.3 Verdere doelwitte met Christelike onderwys

In die Bybel vind ons 'n hele paar doelwitte wat ouers, onderwysers en ander leermeesters onder leiding van die Heilige Gees moet nastreef om hulle kinders of leerlinge tot geestelike volwassenheid te begelei. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Om leerlinge te begelei sodat hulle God leer ken in en deur sy Woord. Leerlinge kan die Here net reg dien as hulle sy wil reg leer ken. Daarom het Christelike onderwys altyd ten doel om die norme wat God in sy Woord openbaar, aan die leerlinge oor te dra. As leerlinge God se wese reg leer ken, leer hulle ook om al meer op Hom te vertrou. Dit is die ware geloof. Christen-onderwysers doen daarom moeite om hulleself te verdiep in die rykdom van God se Woord sodat hulle sy wil en die norme wat Hy in sy Woord neerlê aan die volgende geslag kan verkondig. Christelike onderwys het immers ten doel om aan leerlinge te leer dat God almagtig, regverdig, genadig, barmhartig en liefderyk is.
- Om nie net bewus te wees van God se skepping nie, maar om dit ook reg te verstaan. Leerlinge moet leer om God se hand in die samehang en integrasie van alle dinge raak te sien. Daarom het Christelike onderwys altyd ten doel om die geskape dinge in God se lig te sien en te beoordeel. Leerlinge in die Natuurwetenskappe- en Skeikundeklas moet byoorbeeld leer dat God nie net die natuurkragte wat bestudeer word daargestel het nie, maar dit steeds deur sy ewige krag onderhou. Christelike onderwys het dus ten doel om aan leerlinge te toon dat alle fasette van hulle lewens, op alle terreine van die samelewing, en ook God se skepping, aan God se ewige koningskap onderdanig gestel moet word.
- Om leerlinge in hulle onderskeie fases van ontwikkeling te begelei. Leerlinge moet hulle eie sondige natuur goed leer ken en weet hoe belangrik dit is om voortdurend hulle denke en dade terug na God se wil te reformeer. Daarom het Christelike onderwys altyd ten doel om leerlinge se Christelike karakter te vorm. Leerlinge in die Lewensoriënteringklas moet byvoorbeeld leer dat dit dwaas is om op hulle eie insigte of vermoëns te vertrou. Veel eerder moet hulle van jongs af oefen om die Here met hulle hele hart, siel en verstand lief te hê en op Hom alleen te vertrou.
- Om verhoudings op die regte basis te stig en te onderhou. Leerlinge moet weet dat die morele waardes wat hulle uitleef teenoor ander mense op Bybelse norme gegrond moet wees. Daarom het Christelike onderwys altyd ten doel om aan leerlinge te toon hoe hulle teenoor ander persone, buite sowel as binne hulle geloofgemeenskap, moet optree. Leerlinge moet byvoorbeeld in Afrikaans en Engels leer om netjies en beleefd met hulle naaste te kommunikeer.
  In Ekonomiese en Bestuurwetenskappe moet leerlinge weer leer om die belange van hulle naaste ook in die ekonomie te eerbiedig. Daardeur wil Christelike onderwys 'n gesonde Godvresende gemeenskap skep.

Samevattend het Christelike onderwys ten doel om leerlinge te leer om in die regte verhouding met God te leef. Leerlinge moet hulle eie ongeregtigheid grondig ken en op grond daarvan besef hoe afhanklik hulle van Jesus Christus se verlossingswerk aan die kruis is. Uit dankbaarheid vir hierdie reddende genade moet hulle hulleself ten doel stel om God te gehoorsaam en Hom met hulle hele wese te dien. Wat 'n voorreg is dit nie vir gelowige onderwysers om hierdie doelwit elke dag in die uitvoering van hulle dagtaak te mag uitleef nie!

### 2.2.4 Die stel van doelwitte in praktyk

In praktyk rus daar 'n groot en verantwoordelike taak op gelowige onderwysers. Van hulle word verwag om deurlopend te besin of hulle nog Christus se wil voor oë het, en of hulle nie dalk hul eie of die sekulêre samelewing se oogmerke najaag nie. Dit kan so maklik gebeur dat selfs gelowige onderwysers meegesleur word deur 'n strewe om van leerlinge 'n "sukses" in die wêreld te maak. Dan gaan dit nie meer oor die eer van God nie, maar eerder daaroor om vir die leerlinge die bes moontlike voorsprong in die lewe te gee. Vra die Here in gebed om wysheid en insig sodat jy nie net die regte doelwitte daarstel nie, maar dit ook op die regte wyse sal nastreef.

Die feit dat leerlinge weens hulle sondige aard ook geneig is om die wêreld en al sy begeerlikhede te soek, bemoeilik Christen-onderwysers se taak. Leerlinge is van nature geneig om hulle eie doelwitte voorop te stel en sal maklik 'n selfgesentreerde lewe leef. Daarom is skoolopleiding vir baie leerlinge slegs die weg na finansiële welvaart en wat hulle so gou as moontlik agter die rug wil kry om hulle eintlike doel te bereik. Slaag onderwysers egter daarin om leerlinge in afhanklikheid van die Here te leer leef, gaan Jesus se woorde aan die owerpriesters en skrifgeleerdes al meer in vervulling dat kinders en suigelinge vir God die lof sal toebring wat Hy vir Homself berei het. Sulke lofuitinge aan die Here druk die bose weg.

## Opsomming

*Die dinge waaraan 'n onderwyser waarde heg speel 'n belangrike rol in die dag-tot-dag onderrig. Gelowige onderwysers moet die doel om leerlinge te leer om die Here in alles te dien, beklemtoon. Vanuit God se eer as die oorkoepelende doel vir gelowiges se lewens kan 'n meer gerigte en konkrete doel vir Christelike onderwys geformuleer word.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na oor hoeveel tyd jy aan die volgende aktiwiteite bestee. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

- *Oordink jy gereeld wat Christelike onderwys ten doel het en hoe jy hierdie oogmerke in praktyk kan verwesenlik?*
- *Formuleer jy duidelike doelwitte in jou vakgebied om na te streef en verduidelik jy dit aan jou leerlinge?*

*Stel 'n lys van die oogmerke wat jy graag met jou onderrig sal wil bereik op. Motiveer waarom juis hierdie spesifieke doelwitte vir jou belangrik is.*

# 2.3 Die morele vorming van leerlinge

## Doelwitte

*Om leerlinge te leer wat goed en kwaad, asook reg en verkeerd is, is een van die onderwyser se belangrikste take. Om dit op die regte manier in elkeen van die leerlinge se ontwikkelingsfases te doen moet die onderwyser elke fase reg verstaan en hanteer. 'n Leerling wat deur God se Gees en Woord gevorm is kan sy of haar roeping getrou uitleef.*

### 2.3.1 Waarom is leerlinge se morele vorming so belangrik?

Die Here werk dit in gelowiges sowel as ongelowiges se harte om sekere morele waardes te gehoorsaam. Onderwysers kan dus 'n mate van orde skep waarbinne alle leerlinge kan funksioneer. Leerlinge afkomstig vanuit verskillende geloofsoortuigings sal byvoorbeeld saamstem dat dit verkeerd is om tydens eksamens af te skryf of om hulle maats se eiendom te steel. Was dit nie vir God se genade in dié verband nie, sou totale chaos geheers het en sou geen onderrig kon plaasvind nie. Dit beteken egter nie dat die leerlinge oor die vermoë beskik om in alles tussen "reg" en "verkeerd" te onderskei nie. Selfs gelowige leerlinge is weens hulle sondige aard van nature geneig om eerder die verkeerde te kies. Genadiglik kom die Here die mens in sy Woord tegemoet deur duidelike norme te gee waarvolgens hy sy lewe moet inrig.

Gelowige ouers en onderwysers doen moeite om die Skrifwaarhede aan hulle kinders te onderrig, soos dat jy aan ander persone moet goed doen. Hulle besef dat die leerlinge God net in gehoorsaamheid kan dien as hulle sy verbondsbevele, -beloftes en -wraak reg vanuit sy Woord leer ken en hulle lewens daarvolgens inrig. Sulke onderwysers is dankbaar as hulle sien hoe die leerlinge al meer tussen "reg" en "verkeerd" begin onderskei en dit ook aktief in hul alledaagse lewens toepas. 'n Kollega het byvoorbeeld vertel hoe bly sy was toe 'n leerling in Graad 2 aan sy klasmaats verduidelik dat die Here van hulle verwag om die skool se tuinwerkers met eerbied en respek te behandel. Sy kon in praktyk sien hoe die Here die werk van haar hande bevestig. 'n Maklike taak is dit egter nie. Daarom is dit noodsaaklik dat elke gelowige onderwyser aktief sal meewerk aan die morele vorming van die leerlinge.

### 2.3.2 Die morele ontwikkeling by voorskoolse kinders

Morele denke, gedrag en gevoelens kan reeds na 18 maande by kleuters waargeneem word. Hulle verstand en taalvermoë het gewoonlik in so ’n mate ontwikkel dat hulle sekere gedragsreëls kan verstaan en daarvolgens begin optree of met opset weier om dit te gehoorsaam. Kleuters sal byvoorbeeld hulle oë toehou tydens gebed of ’n maatjie ophelp wat geval het. Na drie jaar beskik hulle oor die vermoë om hulle eie gedrag te beheer en kan hulle begin om ongewenste gedrag te vermy. Kleuters sal byvoorbeeld weier om voor mekaar te verklee, of bewustelik ophou vloek as hulle besef dat dit verkeerd is. Hulle voel trots as hulle gedrag met dit wat van hulle verwag word ooreenstem en raak ontsteld as hulle ’n reël oortree. Dink maar net aan die reaksie van ’n kleuter as hy of sy per ongeluk koeldrank mors of ’n glas breek.

Die leerlinge se vroeë morele ontwikkeling is uiters belangrik aangesien dit die basis lê vir hulle latere morele ontwikkeling. Kleuterskoolonderwyseresse moenie dink, omdat hulle leerlinge nie alles wat plaasvind ten volle kan verstaan, dat dit geen invloed op hulle denke en dade uitoefen nie. Al kan hulle min onthou van ’n gedeelte wat uit die Bybel gelees word, of al sukkel hulle om hulle oë tydens ’n gebed toe te hou, leer hulle tog belangrike morele waardes daardeur aan. In hulle onderwysers se optrede sien die leerlinge wat dit beteken om eerbiedig te wees. Hulle raak ook daarvan bewus dat daar ’n almagtige God is wat, al kan hulle Hom nie sien nie, die onderwysers se doen en late rig. Op so ’n wyse begin hulle reeds ontsag vir God ontwikkel, selfs al ken hulle Hom nog nie soos Hy Homself in sy Woord aan hulle bekend maak nie.

### 2.3.3 Die morele ontwikkeling van laerskoolleerlinge

Die tydperk tussen leerlinge se sesde en twaalfde lewensjaar staan as hulle middeljare bekend. Dit is ’n tydperk van relatiewe rustigheid voordat die leerlinge in adolessensie inbeweeg. Tydens die eerste deel van hierdie fase (ongeveer ses tot nege jaar) raak leerlinge van reëls bewus en gehoorsaam hulle dit gewoonlik nougeset. Leerlinge wat byvoorbeeld pouses saam albasters speel weet presies wat die reëls is, en diegene wat hulle nie daarby wil hou nie, word verbied om verder saam te speel. Die reëls word gewoonlik so streng nagevolg dat daar min ruimte vir versagtende omstandighede is. ’n Leerling in hierdie fase sal byvoorbeeld vies wees vir ’n maat wat by die snoepie se ry indruk deur by ’n maat te kom staan en gesels. Reëls word gewoonlik uit vrees vir straf nagekom, en diegene wat ’n reël oortree word spontaan by die onderwyser aangekla.

**Onthou**

*Leerlinge moet hulle onderwysers gehoorsaam omdat die Here dit van hulle verwag.*

Tydens die tweede deel van hierdie fase (ongeveer tien tot twaalf jaar) begin die leerlinge al meer buigsaam optree. Hulle besef dat sekere reëls, soos om sonder toestemming die klaskamer te verlaat, maar gebreek mag word, mits dit in hulle belang is. Die motief van die oortreder word ook in berekening gebring. 'n Leerling wat met opset 'n stoel breek verdien byvoorbeeld volgens hulle 'n swaarder straf as iemand wat dit per ongeluk gedoen het. Hulle besef verder dat reëls nie absoluut is nie en daarom soms bevraagteken mag word. Leerlinge sal byvoorbeeld by hulle onderwysers wil weet waarom hulle nie gedurende periodes mag eet nie of waarom hulle in rye moet loop gedurende klaswisseling. Reëls word nie meer onvoorwaardelik nagevolg nie, maar slegs in soverre hulle daartoe verplig word of inherent daaraan glo.

Onderwysers wat in hierdie fase skoolhou moet gereeld hulle leerlinge daarop wys dat reëls in hulself geen waarde het nie. Die reëls wat vandag geld kan môre gewysig word. Reëls het alleen waarde in dié mate waarop hulle op iets groters dui. Die wedstrydreëls het byvoorbeeld ten doel om aan die spelers te verduidelik hoe hulle tydens 'n wedstryd moet optree. Met die norme in die Bybel wat leerlinge moet aanleer is dit presies dieselfde. Ook dit dui op iets groters, naamlik wat God se wil is. Jesus Christus bevestig hierdie beginsel as Hy aan die Fariseërs sê dat Hy ook Here van die sabbat is. Want vir hulle was die wet oor die sabbat belangrik en nie Christus wat die Here van die wet is nie. Die regte denkwyse in die verband moet van jongs af by leerlinge ingeskerp word. Leerlinge moet hulle onderwysers gehoorsaam omdat die Here dit van hulle verwag en nie bloot omdat die skoolreëls dit so bepaal nie. Dit verklaar ook waarom sekere reëls, soos dat leerlinge hulle besittings moet oppas, net soos die wil van die Here, onveranderlik sal bly vasstaan.

## 2.3.4 Die morele ontwikkeling van hoërskoolleerlinge

Gedurende vroeë adolessensie (dertien tot vyftien jaar) begin leerlinge hulle eie persoonlike waardestelsel ontwikkel. In baie gevalle gaan dit met baie moeite en stryd gepaard. Leerlinge begin ewe skielik bestaande waardes bevraagteken of daag selfs sekere waardes openlik uit. Hulle sal byvoorbeeld daarop aandring dat die onderwysers vir hulle 'n disko by die skool moet reël, terwyl ander leerlinge weer met mekaar sal afspreek om saam 'n sigaret of twee op die speelterrein te rook. Hierdie fase word dan ook gekenmerk deur gereelde konflik tussen leerlinge en hulle onderwysers. Dit verg soms baie selfbeheersing om jou te weerhou van 'n snedige opmerking vir leerlinge wat doelbewus alle reëls ignoreer of selfs uitdaag.

> **Onthou**
>
> *Leerlinge moet van jongs af leer om 'n goeie gewete oor verskeie sake te ontwikkel.*

Vir baie Christen-onderwysers is dit moeilik om te aanvaar dat selfs gelowige leerlinge oënskynlik hulle waardes konformeer aan die sienings van hulle portuurgroep. In baie gevalle is dit egter bloot leerlinge se manier om reaksie op hulle eie denke en dade te ontlok. ’n Leerling sal byvoorbeeld ’n obskure T-hemp dra bloot om te sien hoe sy of haar onderwyser daarop reageer. Daarom is dit van die uiterste belang dat onderwysers nooit hulle selfbeheersing verloor deur op leerlinge te skel of skree nie. Onderwysers wat hulle hieraan skuldig maak moenie dink dat hulle die leerlinge deur hulle optrede vir die saak van die Here wen nie. Sulke optrede stoot eerder diegene wat na antwoorde soek weg.

In die morele vorming van adolessente is twee sake van belang, naamlik “inhoud” en “vorm”. Dit wat jy vir die leerling sê, sowel as die manier waarop jy dit vir die leerling sê, is belangrik. Leerlinge se verstandelike vermoëns het aan die einde van hierdie fase (sestien tot negentien jaar) gewoonlik in so ’n mate ontwikkel dat swak argumente soos “want ek weet beter as jy” of “omdat ek so sê” hulle nie meer sal oortuig nie. Daarteenoor het Bybelse norme en waardes vir gelowige leerlinge gesag en is hulle bereid om hulleself gewillig daaraan te onderwerp. Hierdie norme moet egter altyd in ’n gesindheid van liefde, en nie wetties nie, aan leerlinge voorgehou word. Dan maak leerlinge bewus hierdie waardes hulle eie en rig hulle hulle lewens daarvolgens in.

### 2.3.5 Die vorming van ’n leerling se gewete

’n Persoon se gewete is ’n tipies menslike eienskap waarvolgens ’n persoon voor sy of haar siel weet dat dit wat hy of sy doen reg of verkeerd is. ’n Dogter sal byvoorbeeld skuldig voel as sy bewus ’n leuen aan haar onderwyser oor haar afwesigheid vir ’n toets vertel. Die leerlinge moet egter van jongs af leer om ’n goeie gewete oor verskeie sake te ontwikkel. As ’n seun byvoorbeeld nooit geleer het om boeke met respek te hanteer nie sal sy gewete hom nie aankla as hy in ’n biblioteekboek krap of aantekeninge daarin maak nie. In die vorming van ’n leerling se gewete speel sy of haar ouers, maats en veral ook onderwysers ’n sleutelrol. Gelowige onderwysers demonstreer daarom bewus aan hulle leerlinge wat dit beteken om betroubaar, hardwerkend en lojaal, maar ook vergewensgesind, liefderyk en vredeliewend te wees. ’n Leerling leer hierdie eienskappe primêr deur ’n onderwyser se voorbeeld. ’n Kollega het vertel dat sy haar omgee vir leerlinge met leergestremdhede by haar juffrou in Graad 4 geleer het. Die voorbeeld wat haar juffrou gestel het, het haar lewe verander.

Alle mense se gewetens is nie noodwendig in lyn met dit wat God in sy Woord beveel nie. In sekere kulture is dit byvoorbeeld eties aanvaarbaar as ’n man sy vrou fisies aanrand. By Christene is die regverdiging van sulke optrede ondenkbaar, aangesien ’n gelowige se gewete in lyn met God se Gees en Woord optree. Kinders van die Here

sal dus nie direk teen hulle Vader se wil ingaan sonder dat dit hulle gewete hinder nie. Die apostel Paulus bevestig dit in sy brief aan die Romeine dat God se Gees saam met hulle gees getuig dat hulle kinders van God is. Die verkondiging van God se Woord werk dit in ons gewete om tussen "reg" en "verkeerd" te kan onderskei. Gelowige onderwysers wat dit besef, doen moeite om God se Woord aan hulle leerlinge te bedien. Op so 'n wyse ontwikkel leerlinge 'n goeie gewete wat hulle sal aankla as hulle in stryd met die wil van God optree

## Opsomming

*Gelowige onderwysers doen moeite om die Skrifwaarhede aan hulle leerlinge te onderrig. Hulle besef dat die leerlinge God net in gehoorsaamheid kan dien as hulle sy verbondsbevele, -beloftes en -wraak reg vanuit sy Woord leer ken en hulle lewens daarvolgens inrig. Dit is noodsaaklik dat elke gelowige onderwyser aktief sal meewerk aan die morele vorming van die leerlinge.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in groepe van ongeveer vier persone. Bespreek in julle groepe die volgende vrae:*

1. *Hoe hanteer jy 'n kleuter van twee jaar oud wat bewus weier om stil te sit as daar uit die Woord gelees word?*
2. *Hoe sal jy 'n adolessent antwoord wat sê dat moraliteit mense se denke oor sake is en dus geen waarde vir gelowiges het nie?*

# 2.4 Die vorming van leerlinge in praktyk

## Doelwitte

*Om leerlinge se denke te vorm is geen maklike taak nie aangesien daar baie dinge in die samelewing is wat 'n invloed op hulle denke uitoefen. Gelowige onderwysers werk daarom hard om leerlinge sover moontlik te vorm om volgelinge van Jesus Christus te wees.*

### 2.4.1 Volle potensiaalontwikkeling

Sommige ouers verwag van hulle kinders om iets te bereik wat hulleself nooit kon vermag nie. 'n Ouer het byvoorbeeld aan die skool se personeel gesê dat sy dogter 95% in Wiskunde moet behaal aangesien sy eendag medies moet gaan studeer. Al was sy 'n ondergemiddelde leerling was daar by hom geen twyfel dat sy 'n mediese dokter sou word nie. Sulke ouers is dikwels van oortuiging dat dit die onderwysers se verantwoordelikheid is om te verseker dat hulle kinders goed presteer. En as 'n leerling se prestasie dan nie aan die ouer se verwagtinge voldoen nie, is dit die skuld van die onderwyser wat die somme swak verduidelik het, of wat nie weet hoe om met die leerlinge te werk nie. Hulle sukkel om in te sien dat hulle kinders nie noodwendig oor die vermoë beskik om doelwitte wat hulle aan hulle kinders voorhou, te bereik nie.

Sekere skole speel in hulle bemarkingstrategie juis op hierdie verwagtinge van ouers in om leerlinge vir hulle skool te werf. Leuses soos "Die skool waar elke leerling 'n wenner is" of "Die skool waar elkeen sy volle potensiaal bereik" kom algemeen voor. Skoolgemeenskappe wat hierdie oogmerke nastreef is gewoonlik baie prestasiegedrewe. Sukses word volgens hulle gemeet aan die leerling se vermoë om op een of ander vlak bo die res uit te styg. Soms word selfs verkondig dat die Here van leerlinge verwag om te presteer. Leerlinge wat nie in die koor wil sing of aan sport wil deelneem nie word verkwalik omdat hulle kwansuis nie hulle Godgegewe talente na behore ontwikkel nie. In dit alles eien een of ander onderwyser gewoonlik vir hom of haar die reg toe om self te bepaal waarin die Here wil hê die leerlinge moet presteer.

Gelowige onderwysers moet hulleself nie deur so 'n wêreldse sienswyse, met 'n Christelike sousie oorgiet, laat mislei nie. Nêrens in die Bybel lees ons dat die Here wil hê dat 'n leerling in atletiek moet uitblink of ses onderskeidings in matriek moet behaal nie. Wat die Bybel ons wel leer is dat kinders moet leer om hulle talente tot eer van die Here en in diens van hulle naaste aan te wend. Dit is waartoe die Here elke leerling roep, en hierin moet gelowige onderwysers hulle leerlinge toerus. Leerlinge moet daarna streef om hulle "volle potensiaal" nie in mense se oë nie, maar volgens Bybelse norme, te bereik. Dan wil hulle byvoorbeeld deur hulle sang God verheerlik, of doen hulle byvoorbeeld akademies hulle bes sodat hulle hulleself deeglik vir 'n beroep kan bekwaam waarin hulle vir hul naaste, in diens van God, tot diens kan wees.

### 2.4.2 Die totale ontwikkeling van 'n kind

> **Onthou**
>
> *'n Gelowige onderwyser inspireer die leerlinge deur sy of haar voorbeeld.*

Op 'n stadium wou 'n skrifgeleerde by Jesus weet wat die grootste gebod is. Jesus antwoord hom deur te sê dat jy nie net die Here met jou hele hart, liggaam, siel en verstand moet liefhê nie, maar dat jy ook jou naaste moet liefhê soos jouself. Die antwoord wat Jesus aan die skrifgeleerde gee dwing elke gelowige onderwyser om krities na sy eie optrede teenoor leerlinge te kyk. Getuig jou onderrig daarvan dat jy die leerlinge leer om God met hulle hele wese lief te hê en Hom alleen te dien, of behandel jy maar net wat in die sillabus deur die owerheid voorgeskryf word?

Om die Here met jou verstand lief te hê mag vir baie onderwysers vreemd op die oor val. Is geloof dan nie 'n gevoel of belewenis nie? En tog leer die Here ons iets meer hieroor in sy Woord. Leerlinge moet van jongs af ook leer om Hom met hulle verstand lief te hê. Onderwysers wat hulle leerlinge leer om God se hand in alle dinge, ook hulle eie vakgebied, raak te sien, gee uitvoering aan hierdie opdrag. Deur byvoorbeeld vir die leerlinge op God se bewarende hand in die geskiedenis te wys, leer die leerlinge verstaan hoe die Here oor alle dinge, ook hulle eie lewens, regeer. Dit werk die dualistiese oortuigings wat leer dat geloof en die alledaagse lewe niks met mekaar te doen het nie teen.

Vir gelowige onderwysers is die kind in sy geheel, en daarom ook sy liggaam, belangrik. Van jongs af moet leerlinge leer dat hulle liggame 'n tempel van die Here is en dus opgepas en versorg moet word. Onderrig hierin begin vanaf dag een as leerlinge leer om gesonde kos te eet, en gaan reg deur hulle skoolloopbaan voort. Onderwysers moet byvoorbeeld deurlopend met leerlinge gesels oor hoe om netjies aan te trek.

Al vorm dit nie deel van die formele kurrikulum van ’n skool nie, is die liggaamlike vorming van leerlinge en hulle gedrag vir gelowige onderwysers belangrik.

Die Here verwag ook dat leerlinge moet leer wat dit beteken om Hom met ’n warm hart te dien. Geen onderwyser kan sy of haar leerlinge bluf nie. Leerlinge kan in ’n onderwyser se oë en optrede sien of hy of sy self opgewonde is om die Here te dien en of hy of sy net met lippediens besig is. ’n Gelowige onderwyser wat in ’n lewende verhouding met God leef inspireer deur sy of haar voorbeeld die leerlinge om ook die Here te dien. Hulle kan sien en ervaar wat dit beteken om die Here van ganser harte en met vreugde te dien. So ’n onderwyser is ’n lig op ’n staander wat sy of haar lig so laat skyn dat almal dit kan sien, en God daarvoor verheerlik.

Die siel van ’n persoon is die gom wat sy of haar hele wese as ’n eenheid saambind. Dit bepaal wie jy is, jou lewensasem en die hele doel van jou bestaan. As onderwysers deur hulle optrede wys dat alle dinge net waarde het as dit in gehoorsaamheid aan en tot eer van God geskied, leer hulle hulle leerlinge om God met hulle hele wese te dien. Dan vorm leerlinge se hart, liggaam, siel en verstand ’n eenheid waarmee hulle hulle geloof in die praktyk kan uitleef. Dit is nie korrek om ’n oordrewe klem op een van hierdie aspekte, soos die leerlinge se akademiese of liggaamlike ontwikkeling, te plaas nie. Al hierdie talente van ’n leerlinge se lewe moet eerder in verhouding tot mekaar ontwikkel word, sodat hulle hulle hele lewe in diens van die Here kan stel.

### 2.4.3 Die vorming van leerlinge om verantwoordelikheid te aanvaar

Onthou

*Ons is in wêreld, maar nie van die wêreld nie.*

Soms word ouers daarvan beskuldig dat hulle hulle kinders oorbeskerm, of dat ander ouers hulle kinders verwaarloos. Onderwysers kan hulself ook aan soortgelyke optrede skuldig maak. Al bedoel hulle dit goed, verhoed die oorbeskerming of verwaarlosing van leerlinge dat hulle van “melk” na “vaste kos” kan oorbeweeg. Onderwysers wat senior leerlinge se huiswerk nog vir hulle afskryf of die vrae van ’n toets of eksamen vooraf aan die leerlinge gee, doen niemand ’n guns nie. Dit belemmer eerder die leerlinge se groei na selfstandigheid.

Aan die ander kant kan onderwysers wat ’n sekere klasgroep in hulle denke afskryf omdat hulle ondanks herhaalde waarskuwings steeds nie wil werk nie, hulle aan die verwaarlosing van daardie leerlinge skuldig maak. Geen onderwyser mag besluit dat hy of sy nou genoeg gehad het en dus maar die Here se opdrag tot opvoeding mag verontagsaam nie. Al gaan dit hoe moeilik moet onderwysers steeds

bemoeienis met elke leerling bly maak. Hierin stel die Here vir ons die volmaakte voorbeeld. Al sondig ons daagliks teen sy gebooie bly Hy genadig. Dieselfde gesindheid moet ook uit gelowige onderwysers se hantering van die leerlinge blyk.

Om die leerlinge aktief tot selfstandigheid te begelei is nie maklik nie. Onderwysers moet weet wanneer leerlinge die verantwoordelikheid vir sekere take kan begin dra. Die Graad 1 juffrou plak aanvanklik nog werkkaarte in die leerlinge se boeke, maar later moet hulle leer om dit self te doen. So moet leerlinge leer om self hulle huiswerk af te skryf, selfstandig te begin studeer en later die verantwoordelikheid vir hulle optrede te aanvaar. Dit hou meer in as net hulle formele skoolwerk. Onderwysers moet byvoorbeeld aan seuns leer hoe ’n seun teenoor dogters behoort op te tree. En dan kom daar ’n punt wanneer leerlinge die geleentheid moet ontvang om dit wat hulle geleer het, selfstandig in praktyk toe te pas. Senior leerlinge moet byvoorbeeld die geleentheid kry om met leerlinge van die ander geslag te sosialiseer. As onderwysers bewustelik begin terugstaan breek die tyd aan dat leerlinge soos volwassenes primêr die verantwoordelikheid vir hulle eie optrede begin dra.

### 2.4.4 Begeleide konfrontasie

Dit is soms moeilik vir onderwysers om te bepaal waaraan hulle hulle leerlinge bloot moet stel en watter dinge hulle van die leerlinge moet weerhou. Is dit byvoorbeeld wys dat die leerlinge ’n sekulêre storieboek lees, of moet alle voorgeskrewe boeke ’n Christelike etos hê? Aan die ander kant moet onderwysers daarteen waak om nie as wêreldvreemd oor te kom nie. Om die lewensverhaal van Sokrates as voorgeskrewe boek vir Graad 5 leerlinge voor te lees gaan beslis kontraproduktief wees. Dit verg ’n kritiese ingesteldheid en dikwels baie ure se navorsing om te bepaal watter onderrigmateriaal wel geskik is vir gebruik deur die leerlinge.

Die ouderdom en ontwikkelingsvlak van leerlinge speel uit die aard van die saak ’n groot rol in die besluit wat geneem word. Om leerlinge in Graad 1 van die verskillende wêreldgodsdienste te vertel maak geen sin nie, maar later is dit tog belangrik dat leerlinge meer daarvan moet leer en moet weet hoe om daaroor vanuit die Bybel te oordeel. Op ’n soortgelyke wyse moet onderwysers bepaal wanneer die tyd ryp is om sake soos seksuele verhoudings, verslawende middels of selfs die bestaan van God met hulle leerlinge te bespreek. Hierdie en ander soortgelyke sake mag nie geïgnoreer word nie, maar moet op die regte tydstip vanuit ’n Bybelse begronding met die leerlinge bespreek word.

Die Here maak dit duidelik in sy Woord dat ons in die wêreld moet leef, maar nie van die wêreld moet wees nie. In praktyk beteken dit dat onderwysers aan die een kant nie hulle leerlinge wêreldvreemd mag opvoed nie, maar aan die ander

kant ook moet leer om nie soos die wêreld te wees nie. Leerlinge moet leer om die geeste in die lug (slegte invloede) te onderskei en aan die hand van die Woord van God weerstand daarteen te bied. Die behandeling van die evolusieteorie in Lewenswetenskap kan as voorbeeld dien. Om die gedeelte wat oor evolusie handel bloot uit die sillabus weg te laat maak weinig sin. Onderwysers moet eerder die leerlinge toerus om op 'n geloofs-, maar ook op 'n wetenskaplike vlak daaroor te kan oordeel. Deur nie weg te skram nie, maar eerder leerlinge te begelei om hierdie en ander soortgelyke sake vanuit Bybelse norme te konfronteer, rus onderwysers hulle leerlinge toe om voluit as gelowiges in 'n krom en verdraaide wêreld te lewe.

## Opsomming

*Gelowige onderwysers moet hulleself nie deur 'n wêreldse sienswyse laat mislei nie. Die Bybel leer ons dat kinders moet leer om hulle talente tot eer van die Here en in diens van hulle naaste aan te wend. Hierin moet gelowige onderwysers hulle leerlinge toerus. Leerlinge moet daarna streef om hulle "volle potensiaal" volgens Bybelse norme te bereik.*

## Aspekte ter oorweging

1. *Ontwikkel vir jouself 'n slagspreuk wat jou sal motiveer om die nodige aandag aan die totale ontwikkeling van die leerlinge te gee. Plak dit iewers op waar jy dit gereeld kan sien.*
2. *Wat is die verskil tussen jou "Godgegewe potensiaal" en om jou te bekwaam om diensbaar te leer lewe?*

# 2.5 Leer- en gedragsuitdagings

## Doelwitte

*Die gevolg van sonde word duidelik sigbaar in leerlinge se doen en late. Gelowige onderwysers moet weet hoe om leerlinge met sulke uitdagings reg te hanteer sodat dit nie net tot hulle voordeel strek nie, maar allereers om hulle vir elke goeie werk volkome toe te rus en daardeur by te dra tot die uitbreiding van God se koninkryk op aarde.*

### 2.5.1 Emosionele druk op leerlinge

Die druk waaronder baie leerlinge verkeer is geweldig. So gebeur dit gereeld dat leerlinge meer as een toets per dag moet skryf en ook nog allerlei werkopdragte moet inhandig. Van sportmanne en -vroue word verwag om te presteer en selfs op kultuur- en sosiale gebied moet leerlinge uithang om nie by hulle maats agter te bly nie. Vir sommige leerlinge raak die emosionele druk waaronder hulle verkeer net te veel en hulle gee eenvoudig moed op. In een so ’n geval het die hoofdogter van ’n buurskool selfmoord gepleeg nadat die verwagtinge wat ander persone van haar gekoester het haar eenvoudig oorweldig het.

Gelowige onderwysers waak daarteen om nie onnodige wêreldse druk op hulle leerlinge te plaas nie. Hulle besef byvoorbeeld dat laerskoolleerlinge nog kinders is en daarom nie soos volwassenes hoef op te tree of te presteer nie. Hulle oorweldig dus nie die leerlinge met soveel huiswerk dat hulle geen kans kry om te speel en te ontspan nie. Sulke onderwysers besef dat leerlinge se akademiese vordering nie die enigste aspek van waarde is in die vorming van leerlinge se lewens nie. Die boek Prediker leer immers dat kinders ook tyd gegun moet word om hulle kinderjare in verantwoordelikheid voor die Here te geniet.

Positief gestel moet onderwysers die leerlinge van jongs af leer dat elke ding sy bepaalde tyd het. Daar is ’n tyd om op te let in die klas, maar ook ’n tyd om tydens pouses te ontspan. Leerlinge moet ook weet hoe om vir dinge “nee” te kan sê. Daar kom byvoorbeeld ’n punt wanneer genoeg gewerk of geleer is. Hulle moet weet dat die besluit om vir iets “nee” te sê nie beteken dat hulle teen iets gekant is nie. Dit beteken eerder dat hulle die belangrikste dinge eerste plaas. Daarmee saam

moet leerlinge ook in die onderwyser se optrede kan sien wat dit beteken om "tevrede" te wees. Gelowige onderwysers toon hulle tevredenheid as die leerlinge 'n taak na die beste van hulle vermoë verrig het en weerhou hulle daarvan om die doelpale altyd 'n bietjie hoër te wil skuif. Dit laai nie net onnodig emosionele druk op leerlinge nie, maar weerhou hulle ook daarvan om 'n gevoel van sinvolheid te beleef.

### 2.5.2 Leerlinge met leerprobleme

In elke skool is daar 'n aantal leerlinge wat akademies sukkel om te presteer. Die meeste van hulle beskik wel oor die intellektuele vermoë om goed te kan vaar, maar wil nie graag hulleself met skoolwerk besig hou nie. Veral seuns in hulle vroeë adolessensie (dertien tot sestien jaar) is geneig om eerder op ander dinge as hulle skoolwerk te fokus. Vir sulke leerlinge in die besonder, maar ook vir die res wat wel hard werk, is dit belangrik om te besef dat hulle roeping nie eendag begin as hulle die beroepswêreld betree nie. Die Here roep hulle nou reeds om hulleself reg vir die volwasse lewe voor te berei. Gelowige onderwysers sal leerlinge gereeld op hulle roeping wys en hulle aanspoor om dit deurlopend te gehoorsaam deur onder andere getrou hulle skoolwerk te verrig.

In die meeste skole is daar ook 'n paar leerlinge wat sukkel om by te hou met die aard en omvang van die werk wat die sillabus voorskryf. Al probeer hulle hulle bes, sukkel hulle om die neergelegde standaarde te bereik. Baie onderwysers sal weet hoe moeilik dit vir Wiskunde-onderwysers is om te aanvaar dat sommige leerlinge net nie daarin kan slaag om sekere werk te bemeester nie. Dit laat die vraag ontstaan tot waar onderwysers se verantwoordelikheid teenoor sulke leerlinge strek. Vir gelowige onderwysers is dit voor die hand liggend dat skole nie net intelligente leerlinge moet akkommodeer nie, maar ook diegene wat minder intelligent is. Hulle vorm deel van Christus se liggaam (die geloofsgemeenskap) en moet daarom deur Christelike skole met ope arms verwelkom word.

In Paulus se brief aan die Korintiërs vind ons 'n belangrike norm vir die lewe in die algemeen, maar in besonder ook vir Christelike onderwys. Die apostel Paulus wys ons daarop dat lede van Christus se liggaam (gelowiges) wat minder eerbaar lyk, met meer eer behandel moet word. In onderwysterme beteken dit dat leerlinge wat sukkel spesiale aandag moet ontvang. Woorde soos "jy is te onnosel om dit te verstaan" of "dit is bo jou vuurmaakplek" moet sekerlik plek maak vir 'n gesindheid van "kom ek help jou". Gelowige onderwysers waak daarteen dat hulle nie in navolging van wêreldse standaarde of in hulle ywer om hoë akademiese standaarde te handhaaf, wegbeweeg van die Bybelse begronding om die "lammers" op te pas nie. Dit beteken nie dat daar geen leerlinge is wat eerder in 'n skool vir spesiale onderwys tuishoort nie, maar dan is dit leerlinge met besonderse leergestremdhede wat 'n spesiale vorm van onderrig benodig.

### 2.5.3 Diskriminasie en stereotipering

> Onthou
>
> *Gelowige onderwysers spoor leerlinge aan.*

Diskriminasie en stereotipering kom algemeen in skole voor. Leerlinge sal byvoorbeeld gedurende pouses net met sekere maats speel of hulle sal sekere klasmaats bo ander verkies om saam aan 'n skooltaak te werk. Hierdie vorme van diskriminasie vind op 'n natuurlike wyse plaas sonder dat ander leerlinge daardeur benadeel word. Indien leerlinge se optrede egter ander persone direk of indirek benadeel, is dit onregverdige diskriminasie en moet dit onmiddellik aangespreek word. Gelowige leerlinge (en selfs onderwysers) kan hulleself baie maklik aan een of ander vorm van diskriminasie skuldig maak. Dink maar net aan al die rassistiese grappies wat gereeld vertel word, wat ander bevolkingsgroepe as minderwaardig of baasspelerig voorstel. Daardeur ontneem jy sulke persone van hulle menswaardigheid.

Gelowige onderwysers moet toesien dat leerlinge nie bewustelik, deur byvoorbeeld skinderstories te versprei, of onbewustelik deur byvoorbeeld 'n negatiewe liggaamshouding uit te straal, ander leerlinge afkraak nie. Wys jou leerlinge eerder daarop dat God nie net alle mense geskape het nie, maar dat alle mense, hulle ingesluit, ook daagliks teen Hom sondig. Voor God het geen mens dus rede om in hom- of haarself te roem nie. Leerlinge wat dit besef sal nie op ander leerlinge neersien of hulleself as verhewe bo die res beskou nie. Gelowige onderwysers wys ook deur hulle voorbeeld wat dit beteken om God se reddende genade hulle eie te maak deur soos Christus in liefde teenoor alle mense op te tree. In plaas daarvan dat leerlinge mekaar op 'n negatiewe wyse rassisties of seksisties stereotipeer, leer hulle eerder om mekaar se belange in liefde op hulle hart te dra.

### 2.5.4 Verslawende middels

> Onthou
>
> *Leerlinge moet hulle lewens volgens Bybelse norme en waardes inrig.*

Die misbruik van drank, dwelms en ander verslawende middels is 'n probleem wat ongelukkig ook sy kop in Christelike skole uitsteek. Dit was byvoorbeeld die geval toe dit aan die lig gekom het dat kinders 'n paar drankies tydens 'n sporttoer gedrink het. Dit mag dalk vir sommige persone na onskuldige tienerpret gelyk het, maar hierin lê nietemin 'n groot gevaar opgesluit.

Baie leerlinge rook of drink aanvanklik net vir die pret of die stoutigheid, maar kort voor lank word dit 'n verslawende gewoonte waarvan hulle sukkel om te ontsnap. Waar hulle liggame aanvanklik sukkel om die rook, drank of dwelms te hanteer, sukkel hulle later om normaal daarsonder te kan funksioneer.

Die fout wat baie gelowige onderwysers dikwels begaan is om te maak of die probleem nie bestaan nie of om te dink dat ouers dit self moet hanteer. Al is ouers se betrokkenheid van kardinale belang, ontneem dit nie onderwysers van hulle verantwoordelikheid om ook daarmee te handel nie.

As voorkomende maatreël moet onderwysers eerstens op hulle eie optrede let. Dit help nie jy praat met die leerlinge oor drankmisbruik as jou eie optrede jou woorde weerspreek nie. Verder moet gereeld met die leerlinge oor die maak van die regte keuses gesels word. Leerlinge moet weet dat as hulle wil kies, hulle hulle lewens volgens Bybelse norme en waardes moet inrig. Dan berokken jy nie jou eie liggaam of ander persone skade deur op 'n onwelvoeglike wyse op te tree nie.

Teen leerlinge wat hulle wel aan sulke gedrag skuldig maak moet daar ferm, maar in liefde opgetree word. Hulle moet weet dat sulke gedrag teen die wil van die Here ingaan en hulle hulleself dus daarvan moet weerhou (bekeer). In gevalle waar leerlinge nie van hulle verkeerde optrede wil afsien nie mag dit selfs nodig wees om sulke leerlinge te skors. Die belange van die oortreder mag nooit ten koste van die heil van die ander leerlinge vooropgestel word nie.

### 2.5.5 Boeliegedrag

Om iemand te boelie beteken om iemand seer te maak deur jou optrede en uitsprake, of om iemand te dwing om iets teen sy of haar wil te doen. Boeliegedrag kom in sekere skole meer algemeen as by ander voor. Baie hang af van hoe ernstig die skoolhoof en onderwysers die probleem aanspreek. Boelie is die gevolg van die stukkende wêreld waarbinne ons leef. Die Here verwag van ons om ons naaste se belange op die hart te dra, maar die mens in die algemeen is van nature geneig om presies die teenoorgestelde te doen. Baie leerlinge sukkel byvoorbeeld om tussen terg en boelie te onderskei. Hulle dink hulle maak net 'n oulike grappie of is besig met 'n goedige gespot en kom eers later agter dat hulle die ander persoon gekwets of seer gemaak het. Dan is daar ook diegene wat bewustelik ander leerlinge afknou of verkleineer. Daardeur benadeel die boelie nie net sy slagoffer nie, maar ook die groep en homself.

Vir die Christen-onderwyser is enige vorm van boelie onaanvaarbaar. Dit druis direk teen God se bevel om jou naaste lief te hê soos jouself in. Dit kan help om met leerlinge te gesels oor die wyse waarop hulle teenoor mekaar optree. Laat hulle saam besluit watter gedrag aanvaarbaar en watter optrede onaanvaarbaar is.

Daardeur word leerlinge sensitief gemaak vir die wyse waarop hulle teenoor hul maats, of hoe hulle maats onderling teenoor mekaar optree. Leerlinge wat steeds ander leerlinge afknou of kwets moet eenkant geroep word en hy of sy moet daarop gewys word dat hy of sy direk teen God se wil optree. In gevalle waar dit nodig blyk om 'n leerling te straf kan die skuldige vir 'n tyd lank uit die groep onttrek word aangesien hulle gewoonlik floreer op die aandag wat hulle optrede by hulle maats ontlok.

Dit spreek vanself dat Christen-onderwysers hulleself ook nie aan die boelie van leerlinge mag skuldig maak nie. Dit gebeur as onderwysers hulle gesagsposisie misbruik deur afbrekende opmerkings te maak soos "julle is pateties" of die leerlinge fisies afknou deur byvoorbeeld hulle hare te trek. Onderwysers wat hulleself aan sulke optrede skuldig maak gee nie gehoor aan die Here se Woord dat selfbeheersing een van die vrugte van sy Gees is nie. Gelowige onderwysers mag dit immers nooit uit die oog verloor dat hulle God se beeld aan hulle leerlinge voorhou nie.

## Opsomming

*Gelowige onderwysers waak daarteen om nie onnodige wêreldse druk op hulle leerlinge te plaas nie. Hulle moet die leerlinge leer dat elke ding sy bepaalde tyd het. Gelowige onderwysers sal leerlinge gereeld op hulle roeping wys en hulle aanspoor om dit deurlopend te gehoorsaam. Hulle wys hulle leerlinge daarop dat God alle mense uniek geskape het, en wys ook deur hulle voorbeeld wat dit beteken om soos Christus in liefde teenoor alle mense op te tree.*

## Aspekte ter oorweging

*Bespreek die volgende punte in groepverband:*

1. *Hoe kan gelowige onderwysers weet dat hulle kennis dra van wat in hulle leerlinge se lewens gebeur?*
2. *Wanneer is dit nodig om 'n leerling permanent uit 'n skool te skors weens sy of haar wangedrag?*
3. *Hoe kan boeliegedrag voorkom word?*

# 2.6 Evaluering, prestasie en beloning

### Doelwitte

*Die evaluering van leerlinge is dikwels 'n kontroversiële saak. Wat een persoon as 'n goeie prestasie beskou is nie noodwendig 'n prestasie in 'n ander se oë nie. Daarom is dit belangrik dat onderwysers hulleself deeglik vergewis van die norme wat die Here hieroor in sy Woord neerlê.*

## 2.6.1 Evaluering is 'n integrale deel van onderwys

Onderwysers neem daagliks verskeie besluite wat op hulle eie evaluering van sake berus. Dit stel hulle in staat om hulle onderrig- en leerstrategieë waar nodig aan te pas en te verbeter. Die evaluering of assessering wat plaasvind behels veel meer as net die skryf van 'n formele toets of die aflê van 'n eksamen. Informele evaluering speel 'n ewe groot rol en het net soveel waarde. Dit sluit aspekte in soos om vas te stel of leerlinge oplet gedurende 'n les of dat 'n leerling meer emosionele ondersteuning benodig.

Vanuit die Skrif is dit duidelik dat die Here elke persoon nie net ken nie, maar elkeen ook beoordeel. In die briewe aan die sewe gemeentes wat in die boek Openbaring opgeteken is, word die gemeentes deur die Here tot verantwoording geroep. Dieselfde beginsel geld vandag nog steeds. Elke persoon, ook 'n onderwyser, moet rekenskap gee oor sy of haar doen en late. Volvoer jy as onderwyser nog jou roeping om op die leerlinge se optrede te let? En evalueer jy nog in hoe 'n mate die "onervarenes" leer om tussen reg en verkeerd te onderskei? Onderwysers wat so optree, sien dit raak as daar sake is wat reggestel moet word.

Die Skrif waarsku wel dat niemand oor 'n ander persoon se hartingesteldheid mag oordeel nie. Geen onderwyser kan in 'n leerling se hart kyk en seker wees wat sy of haar bedoeling is nie. Wees daarom versigtig om te oordeel, want met die maat waarmee jy oordeel sal jy ook geoordeel word. Opmerkings soos "dit is vir my duidelik dat jy nie die Here wil dien nie" of "jy is 'n satanskind", mag deur geen onderwyser geuiter word nie, selfs al het 'n leerling hom- of haarself aan 'n ernstige oortreding skuldig gemaak. Veroordeel die verkeerde daad, maar waak daarteen dat

jy nie in 'n oomblik van woede 'n kind se hartingesteldheid veroordeel nie. Dit kom slegs die Here toe om daaroor te oordeel.

### 2.6.2 Oogmerke met evaluering

Gelowige onderwysers moet deeglik besin oor wat hulle met die evaluering van hulle leerlinge wil bereik. Die norme wat God in sy Woord neerlê, en nie die praktyk of die druk van ouers, moet bepaal wat gebeur. Evaluering het byvoorbeeld nie ten doel om (soos sommige ouers van die skool verwag) sekere leerlinge se prestasies bo die res uit te lig nie, maar eerder om te toets of die onderrig in sy Godgegewe doel slaag. Soos die jong Timoteus moet onderwysers ook deur te evalueer vasstel waar dit nodig is om te weerlê, te bestraf en te vermaan. Verkeerde sienings, byvoorbeeld oor die plek van die vrou in die samelewing, moet weerlê word. Leerlinge wat hulle skuldig maak aan onwelvoeglike taalgebruik moet gestraf word en diegene wat hulle talente misbruik moet vermaan word.

> **Onthou**
>
> *Gelowige onderwysers moet deeglik besin oor wat hulle met die evaluering wil bereik.*

Effektiewe evaluering wat op Bybelse norme berus stel gelowige onderwysers in staat om die volgende te doen:

- Bepaal in watter mate hulle in hulle doel slaag om kinders met die nodige kennis, vaardighede en die regte gesindhede toe te rus. Word die regte leerinhoude op die regte wyse oorgedra? Watter aanpassings kan gemaak word om die kwaliteit van die onderrig te verbeter? Dit mag dalk vir die Lewenswetenskap-onderwyser nodig wees om 'n ander metode van onderrig te volg om by sy of haar leerlinge 'n groter waardering vir die skepping aan te wakker.
- Stel vas in watter mate die leerlinge ooreenkomstig hulle Godgegewe vermoëns vorder. Leer die leerlinge byvoorbeeld om die talente wat hulle van God ontvang het raak te sien en dit in sy diens te gebruik. In 'n vakgebied soos Lewensoriëntering moet die onderwyser onder meer vasstel of leerlinge dit wat hulle in teorie geleer het in praktyk toepas. Openbaar leerlinge byvoorbeeld die regte gesindheid teen persone met gestremdhede?
- Gee aan die leerlinge self sowel as aan hulle ouers 'n getroue beeld aangaande die leerlinge se vermoëns, vordering, gedrag en gesindheid. Dit bied aan beide partye die geleentheid om hulle eie sterk en swak punte te identifiseer en, waar nodig, aan te spreek. 'n Leerling mag byvoorbeeld op grond van die onderwyser se evaluering besef dat hy of sy harder sal moet werk as hy of sy 'n sekere studierigting wil volg.

Elke leerling moet as persoon in sy totaliteit geëvalueer word. Nie net leerlinge se akademiese, sport- of leierskapprestasies moet beoordeel word nie, maar ook hulle ontwikkeling op sosiale, kulturele en religieuse gebied. Vir 'n gelowige onderwyser is 'n leerling se geloofsgroei byvoorbeeld geen middelmatige saak nie. Dit baat niks as 'n leerling akademies puik presteer, maar hy of sy veragter in die geloof nie.

Dit is egter nie maklik om aan al hierdie aspekte die nodige aandag te gee nie. Dit verg ywer en toewyding om te bepaal wat 'n leerling se siening oor persone uit 'n ander bevolkingsgroep of oor die verkryging van welvaart is. Vir gelowige onderwysers is leerlinge se totale vorming belangrik en daarom verdien dit soveel aandag.

### 2.6.2 Verskillende vlakke van evaluering

Aan die hand van Christelike beginsels moet leerlinge op drie vlakke geëvalueer word:

- Eerstens feitelik. Onderwysers moet seker maak dat leerlinge die feitlike inhoud wat behandel word bemeester het. In die behandeling van die Tweede Wêreldoorlog moet die leerlinge byvoorbeeld weet van die onderskeie lande wat by die oorlog betrokke was en iets van wat in die vernaamste veldslae gebeur het.
- Tweedens om die gebeure te verstaan. Die onderwyser moet vasstel of die leerlinge die onderlinge verband tussen sake insien en dit korrek interpreteer. In die bestudering van die Tweede Wêreldoorlog moet die onderwyser byvoorbeeld vasstel of die leerlinge verstaan watter faktore die uitslag van die oorlog bepaal het, sowel as wat die oorlog tot gevolg gehad het.
- Derdens om 'n oordeel te kan vel. Die onderwyser moet ook die leerlinge se normatiewe beoordeling van die leerinhoude en hulle persoonlike reaksie daarop evalueer. Hoe oordeel die leerlinge byvoorbeeld oor die geweldige lewensverlies wat met die Tweede Wêreldoorlog gepaard gegaan het en byvoorbeeld of die gebruik van kernwapens geregverdig was?

Al is dit moeilik om leerlinge se persoonlike reaksie op die leerstof te meet hoef onderwysers nie onnodig daarvan weg te skram nie. Dit is nie nodig om stawende bewyse te lewer vir elke punt wat toegeken word nie. Daarom mag 'n toets of selfs 'n eksamenvraestel 'n vraag insluit soos: "Noem iets wat jy in die bestudering van jou werk van God leer ken het". Vir ouer leerlinge kan selfs die sogenaamde "hoekom-vrae" gevra word. 'n Vraag soos: "Hoekom het die Here dit toegelaat dat soveel mense hulle lewens tydens die Tweede Wêreldoorlog verloor?" kan die leerlinge help om in meer diepte oor die wese van God of die stryd tussen God en Satan na te dink. Hierdie en ander soortgelyke vrae kan met vrymoedigheid gestel word aangesien dit die kern van Christelike opvoeding raak.

### 2.6.3 Prestasie

'n Kenmerk van Christelike onderwys is dat dit vrug dra. Daarom mag en moet onderwysers ook bid dat die Here die werk van hulle hande sal bevestig. As die leerlinge dan wel goed vaar in 'n toets of 'n moeilike opdrag suksesvol voltooi, staan 'n mens dankbaar teenoor die Here vir die vrug op die arbeid wat Hy gegee het. Goeie prestasies mag egter nooit daartoe aanleiding gee dat sommige leerlinge hulleself as verhewe bo die res begin sien nie. 'n Onderwyser kan baie maklik, sonder om dit te besef, daartoe bydra. Dit gebeur as hy of sy byvoorbeeld 'n groot ophef maak van die akademiese toppresteerders se uitslae, maar vergeet dat ander leerlinge net so hard of selfs harder gewerk het. Waak ook daarteen om sekere take, soos die oordra van boodskappe, net aan toppresteerders toe te vertrou. Dit kan maklik 'n boodskap oordra dat die leerlinge wat akademies goed presteer meer waarde as die res het.

Dit is belangrik om te besef dat leerlinge se waarde nie deur hulle prestasies bepaal word nie. Die eerstespan se spankaptein het in persoon nie meer waarde as ander leerlinge wat nie so sportief is nie. Leerlinge se waarde lê eerder in dit wat die Here hulle gegee het en dit waartoe Hy hulle roep. 'n Onderwyser wat besef dat die leerlinge God se kinders is sal hulle altyd na waarde ag. Sulke onderwysers sien elke leerling se unieke gawes raak en beoordeel hulle prestasies aan die hand daarvan. Vir sekere leerlinge mag 40% vir 'n Engelse spellingtoets puik wees, terwyl 'n ander leerling weer swak presteer selfs al behaal hulle 80% vir dieselfde toets. Leerlinge wat ooreenkomstig hulle talente doen wat die Here van hulle verwag, presteer in eie reg. Sulke leerlinge behoort ook erkenning daarvoor te ontvang.

### 2.6.4 Beloning

Die beloning van leerlinge se prestasies is 'n kontroversiële aangeleentheid. Alle persone heg nie noodwendig dieselfde waarde aan 'n sekere prestasie nie, wat dikwels tot groot meningsverskille, veral op meriete-aande, aanleiding gee. In een so 'n geval was drie pa's elkeen van oortuiging dat sy seun die toekenning "sportseun van die jaar" moet ontvang. Die eerste pa se seun het nasionale kleure in visvang ontvang en vir hom was dit duidelik dat die toekenning van nasionale kleure alle ander sportprestasies oortref. Die tweede pa het geoordeel dat visvang geen sport is nie en dat sy seun wat provinsiale kleure in rugby ontvang het die toekenning behoort te ontvang. Die derde pa se seun het wel nie provinsiale kleure in enige sport ontvang nie, maar hy het die skool in vyf verskillende sportsoorte verteenwoordig. Vir hom was die veelsydigheid van sy kind deurslaggewend in die toekenning van die trofee. Wat ook al die uitkoms van die saak sou wees, twee ouers sou oordeel dat hulle te na gekom is deur die paneel wat daaroor moes besluit.

Gelukkig verskaf die Bybel duidelike riglyne wat ’n onderwyser kan gebruik om leerlinge te beloon. Al ontvang die drie persone in die gelykenis van die talente nie eweveel talente nie, ontvang diegene wat met hulle talente gewoeker het wel presies dieselfde beloning. Beide word geprys vir die goeie en getroue werk wat hulle verrig het. Dit gaan dus oor die insette wat hulle gelewer het en nie soseer oor die uitkoms wat hulle bereik het nie. Baie onderwysers is egter geneig om presies die teenoorgestelde te doen. Leerlinge wat 90% vir ’n toets behaal het word geprys en diegene wat minder as 50% behaal het word aangespreek sonder om op die leerlinge se insette te let.

> **Onthou**
>
> *Dit gaan nie oor uitkoms nie, maar eerder of leerlinge roepingsgetrou werk in diens van die Here.*

In praktyk kom dit dikwels daarop neer dat diegene wat baie talente van die Here ontvang het op meriete-aande met ’n klomp toekennings beloon word, terwyl hulle wat dalk selfs harder gewerk het, maar minder talente van die Here ontvang het, geen toekennings daarvoor ontvang nie. Sulke optrede is nie regverdig nie en moet liefs gestaak word. Beloon eerder elke leerling wat getrou sy huiswerk doen of moeite doen om deeglik voor te berei vir ’n toets op ’n toepaslike wyse. Dan gaan dit nie meer oor uitkoms wat die leerling bereik nie, maar eerder of hy of sy roepingsgetrou werk in diens van die Here.

## Opsomming

*Die Skrif waarsku dat niemand oor 'n ander persoon se hartingesteldheid mag oordeel nie. Geen onderwyser kan in 'n leerling se hart kyk en seker wees wat sy of haar bedoeling is nie. Wees daarom versigtig om te oordeel. Dit is belangrik om te besef dat leerlinge se waarde nie deur hulle prestasies bepaal word nie, maar eerder lê in dit waartoe die Here hulle roep.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na hoeveel tyd jy aan die volgende aktiwiteite bestee. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

1. *Evalueer jy ook jou leerlinge se emosionele welstand?*
2. *Gee jy genoeg terugvoer aan jou leerlinge nadat jy hulle geëvalueer het?*
3. *In watter mate is jou evalueringsinstrument geskik vir gebruik in dit wat jy wil evalueer?*

# 2.7 Orde en dissipline

## Doelwitte

*Die Here verwag van ouers en onderwysers om hulle kinders en leerlinge met tug en vermaning op te voed. Gelowige onderwysers moet daarom weet watter maatreëls daar moet wees om leerlinge wat hulleself aan wangedrag skuldig maak, tot orde te roep.*

### 2.7.1 Dissiplinêre probleme is eie aan menswees

Geen onderwyser kan daarop aanspraak maak dat hy of sy nog nooit ’n dissiplinêre probleem ondervind het nie. Aangesien leerlinge van nature sondig is, maak hulle hulle soms aan wangedrag skuldig. Dit kan wissel van ’n rebelse seun wat alle gesag uitdaag tot ’n modelleerling wat as hy of sy die kans kry met disrespek teenoor ’n onderwyser optree. Christen-onderwysers neem in aanmerking dat leerlinge sondig is. Daarom is hulle nie verbaas as selfs voorbeeldige leerlinge die skoolreëls oortree nie. Dit was die geval toe ’n matriekseun “Goeie môre, tannie Liewe Heksie!” vir ’n dame gesê het wat met die hoof oor haar kind wou kom praat. Al was haar rok en grimering ’n bietjie swart, was dit beslis nie ’n goeie opmerking om te maak nie. Huiswerk wat nie gedoen word nie, lawaai in klasse en boelie van ander leerlinge is enkele sake wat gereeld en orals voorkom.

Samelewingstendense veroorsaak ook dat onderwysers deesdae al meer dissiplinêre probleme ondervind. Enkelouers of ouers wat werk vind dit byvoorbeeld moeilik om genoeg aandag aan hulle kinders te gee, wat maklik tot dissiplinêre probleme aanleiding kan gee. Graad 1 onderwyseresse kan daarvan getuig dat baie leerlinge sukkel om stil te bly as ander persone praat. Sommige leerlinge in die hoërskool is weer eiegeregtig en verwag van onderwysers om by hulle siening van sake aan te pas. In ekstreme gevalle moedig sommige ouers selfs hulle kinders aan om ’n onderwyser se gesag te verwerp. So was daar die geval waar ’n ouer die skool per brief in kennis stel dat hy aan sy seun toestemming verleen het om nie meer ’n sekere onderwyseres se klas by te woon nie. Al was dit duidelik dat die skool sulke gedrag nie sou duld nie, was die seun wel deeglik daarvan bewus dat sy pa aan hom ’n mandaat gegee het om nie die onderwyseres te gehoorsaam nie.

Dit is vandag geen maklike taak om ’n onderwyser te wees nie. ’n Aantal onderwysers verlaat selfs die beroep aangesien hulle eenvoudig nie kans sien

om langer met sulke ongedissiplineerde leerlinge te werk nie. In een geval het ’n beginner-onderwyseres na slegs ’n paar weke die klas verlaat nadat sy deur ’n leerling in die wang gebyt is. Dit beteken nie dat alle onderwysers ewe veel probleme ervaar nie. Sommige onderwysers beskik oor die vermoë om beter dissipline as hulle kollegas te handhaaf. In sekere skole is daar ook nog goeie dissiplinêre strukture in plek wat help om orde te skep. Dit vrywaar egter geen onderwyser van probleme nie. Gelukkig kan gelowige onderwysers vanuit ’n ander hoek na die situasie kyk. Al kry hulle ook daagliks met sulke gevalle te doen, kyk hulle daarby verby en sien die Here wat hulle geroep het om in sy diens te arbei.

### 2.7.2 Onderwysers se opdrag om dissipline te handhaaf

> **Onthou**
>
> *Die Here gebruik juis die gepaste straf as ’n middel om leerlinge na Hom terug te lei.*

Die woord “dissipline” is nou verwant aan die woord “dissipel”, wat beteken om ’n gewillige volgeling te wees. In Christelike onderwys word onvolwasse leerlinge deur hulle gelowige onderwysers gelei om gewillige volgelinge van Jesus Christus te word. Aangesien effektiewe Bybel-gefundeerde onderrig net kan plaasvind as daar goeie orde en struktuur in ’n skool is, moet onderwysers streng optree teen diegene wat hulle onderrig ontwrig. Een swak gedissiplineerde leerling mag nie verhinder dat die res van die leerlinge die roemryke dade van God leer ken nie. Daarom moet ’n gelowige Geskiedenis-onderwyser byvoorbeeld ferm optree as sy leerlinge sit en gesels, terwyl hy vir hulle van God se hand in die geskiedenis vertel.

Onderwysers wat besef dat hulle met God teenoor hulle leerlinge optree, sal nie bang wees om leerlinge te dissiplineer waar nodig nie. God gee aan hulle nie net die opdrag nie, maar ook die mandaat om sy reg te handhaaf. Daarom mag geen onderwyser maar oë toeknyp vir ’n leerling wat hom- of haarself wangedra nie. Of dit nou in die klaskamer of op die speelterrein is, maak geen verskil nie. Seuns en dogters wat disrespekvol optree moet sekerlik aangespreek en, indien nodig, gestraf word. Onthou egter dat die Here juis die gepaste straf wat sulke leerlinge ontvang gebruik as ’n middel om hulle, maar ook die ander leerlinge, na Hom terug te lei.

Dit gebeur soms dat onderwysers eenvoudig moed opgee met ’n spesifieke leerling, want alle bemoeienis, vermanings en tughandelinge het geen effek op sy of haar gedrag nie. Gelowige onderwysers mag hulleself egter nooit aan sulke optrede skuldig maak nie. Net soos die Here steeds met elkeen van ons bly voortgaan moet ons dit ook met die leerlinge doen. Geen onderwyser mag self besluit met wie die Here ’n pad wil loop en met wie nie. Hy roep wie Hy wil, wanneer Hy wil en waar

Hy wil. Onderwysers bly net ’n werktuig in sy hand om sy wil te laat geskied. Daarom moet elke onderwyser steeds bly vermaan, teregwys en bemoedig, al gaan dit ook hoe moeilik. Ervare kollegas kan dikwels getuig van leerlinge wat hulle gedink het nie vêr sou vorder nie, wat pragtige volwassenes geword het wat hulle roeping in alle fasette van die samelewing uitleef.

### 2.7.3 Verskillende benaderings tot die handhawing van dissipline

Nie alle onderwysers handhaaf dieselfde benadering ten opsigte van die toepassing van dissipline nie. In sommige skole word ’n streng benadering gevolg waarin alle oortredings sowel as die gepaardgaande straf vir oortredings duidelik uiteengesit word. Seuns se hare mag byvoorbeeld nie aan hulle hemde se kraag raak nie of alle leerlinge moet hulle skooltasse in hulle regterhand dra tydens klaswisseling. Voorstaanders van so ’n stelsel is van oortuiging dat die sekerheid wat die reëls bied aan leerlinge geborgenheid verskaf. Hulle is ook oortuig dat dit goed is dat leerlinge soms leer om reëls bloot ter wille van reëls te gehoorsaam. Op so ’n wyse leer hulle ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Here.

**Onthou**

*Leerlinge moet self besef wat reg of verkeerd is deur onderwysers wat gereeld met hulle daaroor gesels.*

Daarteenoor is ander onderwysers weer van oortuiging dat mens nie leerlinge met ’n klomp reëls moet vermoei nie. Leerlinge moet eerder self tot die besef kom van wat reg of verkeerd is deur gereeld met hulle oor dit wat reg of verkeerd is te gesels. Reëls moet tot die minimum beperk word en strafmaatreëls moet slegs in uitsonderlike gevalle toegepas word. Die voorstaanders van hierdie benadering is van oortuiging dat leerlinge op so ’n wyse leer om die Here uit oortuiging en nie uit dwang te dien nie.

Vanuit ’n Bybelse oogpunt kan nie een van hierdie benaderings as ideaal beskou word nie. Onderwysers wat reken dat leerlinge self tot die besef sal kom van wat reg en wat verkeerd is, hou nie genoeg rekening met leerlinge se sondige aard nie. Die geweldige druk wat daar op onderwysers is om die kurrikulum deur te werk, maak dit vir hulle onmoontlik om elke insident met die leerlinge te bespreek. Dit is egter wel belangrik om leerlinge daartoe te lei om vanuit innerlike oortuiging en nie uit vrees vir straf nie, die reëls te gehoorsaam. In skole met ’n streng dissiplinêre beleid kan dit ook maklik gebeur dat die “beleid” leerlinge wat oortree hanteer en nie meer die onderwyser nie. In so ’n geval ontneem die beleid die personeel van die geleentheid om as tugmeester in diens van die Here die leerlinge te begelei in dit wat reg is.

### 2.7.4 Bybelse riglyne vir die handhawing van dissipline

In die Skrif vind ons ’n hele aantal riglyne wat dit vir onderwysers duidelik maak hoe om teenoor leerlinge wat hulle aan wangedrag skuldig maak op te tree. Dit sluit onder meer die volgende in:

> **Onthou**
>
> *Dissiplinêre optrede moet in liefde geskied.*

- Alle dissiplinêre optrede moet altyd in liefde geskied. Nooit mag ’n leerling in woede of uit vergelding gedissiplineer word nie. Dit geld in besonder vir leerlinge wat hulle aan ernstige wangedrag skuldig maak. Dit help soms om ’n dag of twee te laat verloop, veral in sake waarin jy as persoon betrokke is.
- Dissipline het altyd ten doel om ’n leerling te lei na dit wat reg is. Geen onderwyser mag leerlinge as ’n demonstrasie van sy of haar “mag” dissiplineer nie.
- Enige dissiplinêre aksie moet die aard en karakter van die leerling wat oortree het, sowel as sy of haar persoonlike omstandighede, in ag neem. Onderwysers mag nooit in die gewoonte verval om gewoon al die leerlinge wat nie hulle huiswerk gedoen het nie, te straf. ’n Spesifieke leerling se omstandighede tuis kon hom of haar dalk verhinder het om dit te doen.
- Die straf wat ’n leerling ontvang moet altyd in verhouding tot die oortreding staan. ’n Stout seun mag byvoorbeeld nie ’n swaarder straf ontvang bloot omdat die onderwyser nie van hom hou nie.
- ’n Leerling wat uit onkunde ’n reël oortree, mag nie dieselfde straf ontvang as een wat moedswillig die reëls oortree het nie. Die mate waarin leerlinge berou toon oor hulle oortreding moet ook in ag geneem word by die bepaling van ’n gepaste straf.

Dit help om gereeld introspeksie te doen voordat jy dissiplinêr teenoor ’n leerling optree. In sommige gevalle mag jou eie optrede selfs ’n bydraende faktor wees dat leerlinge die reëls oortree. Dit sal byvoorbeeld onwys wees om leerlinge wat laat vir klas opdaag te straf as jy self gereeld laat vir jou klas opdaag. Die apostel Paulus waarsku immers dat jy nie deur jou optrede die leerlinge moet vertoorn nie.

### 2.7.5 Die handhawing van dissipline in praktyk

Die mandaat wat gelowige onderwysers van die Here ontvang om sy kinders te mag onderrig het sekere verantwoordelikhede tot gevolg. Dit is elke onderwyser se plig om sorg te dra dat die onderrig wat in sy of haar klas plaasvind goed gestruktureer is. Dit impliseer byvoorbeeld dat jou klaskamer se voorkoms mooi

netjies moet wees, dat jy goed voorberei is vir elke les en dat leerlinge weet wat van hulle verwag word. Jy moet die leerlinge se belangstelling prikkel sodat hulle aktief aan die lesverloop deelneem. Onderwysers wat dit doen, skep nie net 'n gesonde werkkultuur by hulle leerlinge nie, maar verminder ook daardeur die moontlikheid dat leerlinge hulle skuldig maak aan wangedrag. Die spreekwoord lui nie verniet dat ledigheid die duiwel se oorkussing is nie.

Teen leerlinge wat hulle wangedra moet opgetree word. Die optrede kan wissel van 'n oomblik se stilte totdat almal aandag gee, die stip aankyk van 'n leerling wat oortree of die aanspreek van leerlinge wat besig is om hulleself aan wangedrag skuldig te maak. In ernstige gevalle of herhaalde oortredings moet leerlinge 'n gepaste straf ontvang. Die volgende twee vrae kan jou help om op 'n gepaste straf te besluit:

- Wie straf ek?
- Wat straf ek?

Elke strafhandeling moet altyd met 'n gesprek gepaard gaan sodat 'n leerling die oortreding leer insien en verstaan waarom hy of sy die straf verdien. Wys aan die leerlinge dat jy hulle beste belang soek deur ferm maar liefderyk teenoor hulle op te tree. Onthou, sagte hande maak stinkende wonde. Onderwysers wat nie die oortreder straf nie doen niemand 'n guns deur so op te tree nie. Sulke onderwysers sal ook eendag rekenskap moet gee oor hulle gebrek aan optrede.

## Opsomming

*Geen onderwyser kan daarop aanspraak maak dat hy of sy nog nooit 'n dissiplinêre probleem ondervind het nie. Samelewingstendense veroorsaak dat onderwysers deesdae al meer dissiplinêre probleme ondervind. Al kry gelowige onderwysers ook daagliks met sulke gevalle te doen, kyk hulle daarby verby en sien die Here wat hulle geroep het om in sy diens te arbei.*

## Aspekte ter oorweging

*Bespreek die volgende punte in groepverband:*

1. *Die voor- en nadele van 'n formele dissiplinêre beleid vir die skool.*
2. *Watter straf is gepas om aan leerlinge te gee wat hulleself herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak?*

# 2.8 Voorbereiding tot volwassenheid

## Doelwitte

*Leerlinge kom in hulle latere volwasse lewens gereeld voor groot uitdagings te staan. Dit sluit aspekte soos die kies van die regte lewensmaat, die keuse van 'n beroep of hulle gemeenskapsbetrokkenheid in. Al vorm hierdie aspekte nie deel van 'n skool se voorgeskrewe kurrikulum nie moet gelowige onderwysers moeite doen om hulle leerlinge ook hierin na behore toe te rus.*

### 2.8.1 Om die kind as gelowige volkome toe te rus

Gelowige ouers stuur nie 'n brein skool toe om daar deur die onderwysers onderrig te word nie, maar 'n kind. Dit doen hulle in die verwagting dat die skool die leerlinge sal help skaaf en vorm om as volwassenes volkome toegerus te wees. "Volkome" nie in die sin van sondeloos nie, maar volkome in die soeke na God se wil. Vir gelowige ouers, leerlinge en onderwysers is 'n skool dus veel meer as net 'n akademiese instelling wat leerlinge intellektueel voorberei vir hulle latere lewens. 'n Christelike skool vorm eerder leerlinge om op alle lewensterreine in gehoorsaamheid aan die Here te leef.

Om die leerlinge in gehoorsaamheid op te voed verg toegewyde gebed en deurlopende harde werk. Leerlinge moet vanuit die Bybel by hulle ouers, onderwysers en die kerk leer wat dit beteken om die Here hier en nou in alles te dien. Dit sluit hulle gesinslewe, die markplein, hulle kuier rondom die braaivleisvuur en hulle persoonlike vryetydsbesteding in. Vir onderwysers wat as werktuie in diens van die Here optree, wag daar dus 'n groot uitdaging om die leerlinge op alle lewensterreine vir hulle volwasse lewens toe te rus.

### 2.8.2 Om man of vrou te wees

Die sekulêre wêreld waarbinne ons leef glo nie meer aan die skeppingsorde wat God tussen man en vrou daargestel het nie. Vroue word aangemoedig om hul "man" in alle fasette van die samelewing te staan en selfs homoseksuele huwelike het alledaags geword. Dieselfde tendens vind ons ook by baie skole. Dogters neem al meer deel aan sportsoorte soos sokker of stoei wat vroeër net deur seuns beoefen is, en daar is by baie

skole min of geen onderskeid meer tussen seuns en dogters se skooldrag nie. Hierdie en ander soortgelyke optredes veroorsaak dat seuns in die reël nie meer weet wat die Here van hulle as mans, en die dogters wat die Here van hulle as vroue verwag nie.

Onderwysers moet deur hulle optrede aan die leerlinge wys hoe 'n gelowige man of vrou moet optree. Lamsakkige mans wat sukkel om orde te handhaaf of dames wat onvroulik optree stel beslis nie 'n goeie voorbeeld aan die leerlinge nie. Daarteenoor is mans wat effektief leiding neem of onderwyseresse wat hulleself mooi netjies versorg weer goeie rolmodelle. Daarom moet onderwysers gereeld met die leerlinge gesels oor hoe mans en dames teenoor mekaar behoort op te tree.

### 2.8.3 Die keuse van 'n lewensmaat

Die keuse van 'n lewensmaat is een van die belangrikste besluite wat 'n gelowige in sy of haar lewe moet neem. Gelowige onderwysers doen daarom moeite om hulle leerlinge van jongs af vir hierdie keuse te begin voorberei. Dit is goed as laerskoolonderwysers reeds van jongs af vir hulle leerlinge die gewoonte aanleer om vir hulle toekomstige lewensmaats te bid, al het hulle nie 'n idee wie dit gaan wees nie. Daardeur leer hulle dat 'n goeie eggenoot 'n gawe van die Here is en nie een of ander persoon vir wie jy 'n "wow" gevoel ontwikkel het nie. Gebruik ook daardie paar los minute aan die einde van 'n periode om met die leerlinge oor "die liefde" te gesels. Wys hulle op die verskil tussen dít wat die media vir hulle as liefde voorhou en Jesus Christus se opofferende liefde aan die kruis. Leerlinge moet weet wat dit beteken as die Here die huwelik tussen 'n man en sy vrou vergelyk met die band wat daar tussen Hom en sy kerk is.

Net soos met die bede vir daaglikse brood (versorging) in die "Onse Vader" moet leerlinge ook leer dat die bede vir die regte lewensmaat "werk" vereis. Die regte lewensmaat val, net soos brood, nie sommer uit die hemel op jou skoot nie. Gelowige onderwysers kan daarom ook op 'n persoonlike vlak vir leerlinge help om hulle vir hulle latere huwelike voor te berei. Dit kan hulle doen deur:

- Aan die dogters te verduidelik wat dit beteken om jou vir jou bruidegom te versier. Dogters moet byvoorbeeld leer om op hulle voorkoms te let sonder om 'n oordrewe klem daarop te plaas. Net so moet die seuns weer leer dat hulle sekere fisiese takies, soos die omruil van 'n motorband, moet kan verrig.
- Aan sowel seuns as dogters te leer watter take 'n man en 'n vrou binne die huwelik behoort te verrig. Dogters moet byvoorbeeld leer hoe om die huishouding te versorg, terwyl seuns weer kan oefen om allerhande instandhoudingstakies binne sowel as buite die huis te verrig.
- Aan leerlinge te verduidelik hoe belangrik dit is om op die regte plekke te wees waar hulle ander gelowige jongmense kan ontmoet. Dit is byoorbeeld beter om by 'n universiteit met 'n Christelike karakter te gaan studeer as by een waar daar geen vereniging vir Christen-studente is nie.

Die waarde wat gelowige onderwysers op so 'n wyse aan leerlinge se lewens toevoeg, is van veel groter waarde as die feitekennis wat hulle op 'n spesifieke dag in 'n sekere klas geleer het.

### 2.8.4 Die keuse van 'n beroep

Elke leerling het sekere aanlegte of talente van die Here ontvang wat hom of haar meer geskik vir die een soort werk as vir 'n ander maak. By die keuse van 'n beroep heg baie leerlinge egter meer waarde aan beroepe soos ingenieurs of ouditeure, wat groot salarisse verdien, as aan beroepe soos onderwysers of verpleegsters, waar werknemers heelwat minder verdien. Sulke leerlinge dink geld bring geluk. Dit is nie waar nie. Gelowige onderwysers moet aan hulle leerlinge verduidelik dat 'n mens net waarlik vervulling in sy of haar lewe kan beleef as jy dít doen waarvoor die Here jou geroep het. Dan is werk nie vir jou 'n straf nie, maar 'n leefwyse waarop jy die Here met en deur jou arbeid dien. Gelowige werktuigkundiges, verkeerskonstabels, klerke of mediese dokters werk nie in die eerste plek vir 'n salaris nie, maar tot eer van God en tot heil van hulle naaste.

Die belangrikste wyse waarop gelowige onderwysers hulle leerlinge kan help om vir hulle beroepskeuses voor te berei is om aan hulle die regte voorbeeld ten opsigte van hulle eie beroepslewe te stel. Onderwysers wat by die leerlinge kla oor hulle karige salaris, moeilike werkomstandighede of hulle groot werkdruk, skep by leerlinge die indruk dat "werk" bloot 'n beslommernis is om 'n inkomste te genereer. Daarteenoor wys onderwysers wat met entoesiasme, ywer en toewyding hulle taak verrig dat werk as sodanig geen straf is soos wat baie mense verkeerdelik oordeel nie. Al het elke beroep sy eie probleme en uitdagings (die effek van sonde op arbeid) bly dit 'n voor-sondevalse opdrag om in diens van die Here te werk.

Gelowige onderwysers is sensitief vir die gawes wat leerlinge ontvang het en moedig hulle op 'n informele wyse aan om meer oor sekere beroepe uit te vind waarin hulle daardie gawes kan aanwend. Opmerkinge in die verband kan dikwels vir 'n leerling help om nie net sy of haar eie talent te identifiseer nie, maar kan hom of haar ook help om beroepsmoontlikhede te vind waarin hy of sy hulleself ten volle in diensbaarheid sal kan uitleef. Wees veral op die uitkyk vir leerlinge met die nodige gawes om 'n predikant, sendeling of onderwyser te kan wees. Met sulke leerlinge moet ekstra bemoeienis gemaak word om aan hulle die noodsaak te verduidelik vir bekwame, goed opgeleide en roepingsgedrewe arbeiders in God se koninkryk. Wys hulle op die groot maar heerlike taak om die volgende geslag in die vrese van die Here te mag opvoed.

### 2.8.5 Gemeenskapbetrokkenheid

In Jesus Christus se hoëpriesterlike gebed, wat in die evangelie van Johannes vir ons opgeteken is, bid Jesus tot sy Vader dat Hy nie die gelowiges uit die wêreld moet wegneem nie, maar hulle van die Bose moet bewaar. Net soos die Vader vir Jesus Christus na die wêreld gestuur het, word ons ook gestuur om deur ons woorde en

werke God se wil in die wêreld te gaan verkondig. Gelowige onderwysers mag daarom nie leerlinge wêreldvreemd opvoed nie, maar moet hulle juis toerus om as 'n lig in die donker wêreld te skyn. Dit beteken beslis nie dat leerlinge in al die verkeerde genietinge van die wêreld moet deel om God se lig daar te laat skyn nie. Veel eerder moet leerlinge, soos rekrute in 'n weermag, in beskermende omstandighede toegerus word om later soos goed opgeleide soldate die Bose die stryd te kan aansê.

As deel van leerlinge se toerusting moet gelowige onderwysers vir meer senior leerlinge die geleenthede skep om in hulle gemeenskappe betrokke te raak. In vakke soos Afrikaans en Engels kan leerlinge byvoorbeeld 'n brief aan 'n koerant of meningsblad skryf oor een of ander kontroversiële aangeleentheid. Op 'n soortgelyke wyse kan Geografieleerlinge 'n omgewingsbewaringsprojek aanpak deur erosie te bekamp of 'n gedeelte wat besoedel is skoon te maak. In Lewensoriëntering kan die onderwyser weer leerlinge help om waardes wat hulle in die vak aangeleer het op 'n praktiese wyse uit te leef deur byvoorbeeld blomme aan bejaardes in 'n ouetehuis te gaan gee of om blikkies kos vir minderbevoorregte kinders in te samel.

Deur sulke en talle ander soortgelyke projekte te loods, leer onderwysers aan hulle leerlinge dat gelowiges ook 'n verantwoordelikheid het teenoor die gemeenskappe waarbinne hulle leef. Geen gelowige mag die Here in isolasie dien nie. Leerlinge moet van jongs af leer om hulle lig só te laat skyn dat alle mense dit kan sien en hulle Vader wat in die hemel is daardeur verheerlik.

## Opsomming

*'n Christelike skool vorm leerlinge om op alle lewensterreine in gehoorsaamheid aan die Here te leef. Vir die Christen-oderwyser wag daar dus 'n groot uitdaging om die leerlinge op alle lewensterreine vir hulle volwasse lewens toe te rus.*

## Aspekte ter oorweging

1. *Dink krities na oor ander aspekte wat nie in die voorgeskrewe kurrikulum voorkom nie, maar wat wel belangrik is vir leerlinge om hulle roeping te kan uitleef.*
2. *Beplan saam met die klas om 'n gemeenskap- of welsynsprojek aan te pak.*

# 2.9 Leierskapontwikkeling

## Doelwitte

*Vir 'n leerling om as leier op te tree is 'n groot verantwoordelikheid. Onderwysers moet leerlinge leer om die gesag wat hulle van God ontvang het in gehoorsaamheid aan Hom en in diens van hulle medemens te gebruik.*

### 2.9.1 Verskillende sienings oor leierskap

Vir baie leerlinge in Graad 6 en Graad 11 is die verkiesing van skoolprefekte 'n spanningsvolle gebeurtenis. Om tot die leerlingraad verkies te word verskaf nie net aan die leerling 'n sekere status nie, maar dit verhoog in baie gevalle ook die ouers se aansien in die gemeenskap. Dit verklaar hoekom soveel ouers verontreg voel as hulle kind nie tot die leerlingraad verkies word nie. 'n Ouer het byvoorbeeld daarop aangedring dat haar kind wel as prefek aangewys moet word aangesien sy nou al vir etlike jare behulpsaam was met die afrigting van atletiek by die skool. Nadat die prosedure waarvolgens leiers verkies word aan haar verduidelik is, het sy besluit om haarself as afrigter te onttrek.

Die prefekbaadjie of klaskapteinbalkie wat 'n leerling ontvang laat hom of haar soms 'n gedaantewisseling ondergaan. Sommige leerlinge besef die verantwoordelikheid wat met die posisie gepaard gaan en verrig hulle taak nougeset en in nederigheid. Vir hulle is dit 'n eer en voorreg om diensbaar in hulle skoolgemeenskap te wees. Ander leerlinge is weer baie selfvoldaan oor hulle nuutgevonde status as leiers. Hulle vereis onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan hulle wense en bevele, maar sien hulleself as verhewe bo die reëls. Leerlinge wat tydens saalopeninge gesels word byvoorbeeld gou uitgehaal en aan die personeel oorhandig, maar self vind hulle geen fout daarmee om 'n gedagte of twee met 'n maat te wissel nie. Sulke leerlinge is van oortuiging dat 'n leierskapposisie sekere voordele vir die leier meebring.

Die Bybel leer ons om leierskap heeltemal anders te benader. Hierin stel Jesus Christus vir ons die perfekte voorbeeld. Al is Hy die Seun van God wat alle eer en lof waardig is, neem Hy eerder die gestalte van 'n dienskneg aan. Nooit streef Hy daarna om Homself te verhoog nie. In gehoorsaamheid aan sy Vader streef Hy eerder na die welstand van

sy Vader se kinders. Juis daarom word Hy deur sy hemelse Vader verheerlik. Dieselfde gesindheid moet onderwysers ook by elke leerling wat 'n leierskapsrol in die skool vertolk aanwakker. Christen-leiers soek nie hulle eie eer nie. Hulle verskaf eerder die regte leiding selfs al word hulle self daardeur benadeel. Dan spreek die spankaptein sy spanlede wat hulself na 'n goeie oorwinning aan drank te buite gaan ferm aan. As leier dra hy of sy hulle belange op sy of haar hart, selfs al kos dit gewildheid.

### 2.9.2 Hoekom skoolleiers?

Die vraag word soms gevra of skole nie eerder met leiers weg moet doen nie. Is dit reg om sekere leerlinge bo ander aan te stel? Moet elke leerling nie eerder leer om self verantwoordelikheid vir sy of haar eie optrede te aanvaar nie? Daarom doen sekere skole weg met leiers of gee hulle eerder aan alle leerlinge die geleentheid om op 'n rotasiebasis leiding te neem.

> **Onthou**
>
> *Christen-leiers soek nie hul eie eer nie.*

Vanuit 'n Christelike lewensuitkyk is dit belangrik om alle leerlinge se leierskapvermoëns te ontwikkel. Dit is nodig aangesien gereeld van gelowiges verwag word om leiding te neem. 'n Pa moet as die hoof van sy gesin leiding neem met die hou van huisgodsdiens of 'n ma moet leiding neem met ander aspekte van die opvoeding van haar kinders. Vanuit die Skrif is dit egter ook duidelik dat die Here sekere persone roep om op spesifieke terreine as leiers op te tree. Die owerheid ontvang byvoorbeeld van die Here die opdrag om wet en orde te handhaaf sodat die burgers van die land 'n stil en rustige lewe kan lei. So verwag die Here van onderwysers om die leiding in hulle klaskamers te neem met die onderrig en opvoeding van die leerlinge.

Dit is nie verkeerd van 'n skool om leiers te verkies nie, mits dit op die regte basis – diensbaarheid – geskied. Dan leer leerlinge van jongs af om nie net leiding in diens van die Here te gee nie, maar ook hoe om hulle gewillig aan sulke leiding te onderwerp. Leerlinge moet leer dat alle gesag, selfs dié van 'n spankaptein, skolierpatrollie of biblioteekprefek, in die Here gegrondves is. Die apostel Paulus maak dit duidelik in sy brief aan die Romeine dat alle gesag deur God ingestel is en daarom eerbiedig moet word. Kom iemand wat teen die leiding van 'n klaskaptein of prefek in opstand kom, nie ook daardeur teen God in opstand nie?

Alle onderwysers moet medeverantwoordelikheid aanvaar vir die leierskapontwikkeling van die leerlinge. Registeronderwysers moet aan die klasleiers

wat verkies word verduidelik wat dit beteken dat hulle gesag nie in hulleself as persone gesetel is nie, maar in die Here wat hulle in die gesagsposisie geplaas het. Hulle bedien nie hulle eie gesag nie, maar dié van die Here. Hulle moet ook weet tot waar hulle gesag strek. 'n Leier wat dit besef stel nooit sy eie idees of belange voorop nie, maar soek na dit wat reg is in die oë van die Here. Sulke leiers besef dat hulle eendag aan die Here rekenskap sal moet gee oor hoe hulle die ander leerlinge gelei het.

### 2.9.3 Die taak van Christen-leiers op skool

Die Here is 'n God van orde. In sy Woord gee Hy duidelike riglyne oor hoe 'n samelewing georden en gestruktureer moet word. Elke persoon moet weet wat van hom of haar, sowel as van die ander persone in die samelewing, verwag word. Dit geld ook vir 'n skoolgemeenskap. 'n Leerling mag byvoorbeeld nie 'n ander leerling benadeel deur hom of haar te boelie nie. Net so min mag 'n leerling ander leerlinge se besittings (soos huiswerk) neem. Aangesien leerlinge net soos alle volwassenes van nature geneig is om God se orde te oortree, ontvang onderwysers (en daarby ook skoolleiers) die opdrag om leerlinge wat onordelik optree tot orde te roep. Deur orde te skep kan alle leerlinge in rustigheid onderrig ontvang sonder om mekaar te benadeel.

Die taak van Christen-skoolleiers is dus om te help met die skep van 'n ordelike skoolgemeenskap waarbinne onderrig en opvoeding in die vrese van die Here maksimaal kan plaasvind. Hulle taak sluit die volgende in:

- Hulle moet 'n navolgenswaardige voorbeeld aan die leerlinge binne sowel as buite die skool stel. Dit begin in die kleine by iets so eenvoudig soos die leier se voorkoms. Het die leier die regte skooldrag aan of stel hy of sy self 'n swak voorbeeld deur byvoorbeeld ringe of juwele te dra wat deur die skoolreëls verbied word? Buite skoolverband moet leiers ook deur hulle voorbeeld aan die leerlinge wys hoe om hulle jeug voluit in diens van die Here te geniet. 'n Leier wat byvoorbeeld op 'n skeidsregter vloek of skree stel beslis nie die regte voorbeeld aan die ander leerlinge nie. Leiers kan net vir ander leerlinge 'n gids wees as hulle self doen wat reg is.
- Teenoor leerlinge wat hulle nie aan die goeie orde wil onderwerp nie moet opgetree word. Skoolleiers moet byvoorbeeld leerlinge wat hulle tydens pouses op die speelterrein wangedra na 'n onderwyser neem sodat hulle 'n gepaste straf kan ontvang. Sulke optrede mag egter nooit in woede of uit wraak uitgevoer word nie. Die verkeerde daad en nie die karakter van die persoon nie, moet bepaal of en hoe teenoor 'n bepaalde leerling opgetree word.
- Hulle moet sorg dat al die leerlinge goed as 'n span saamwerk om gestelde doelwitte te bereik. Dit verg gewoonlik meer as net goeie beplanning en organisering. Hulle moet ook die leerlinge kan motiveer om te doen wat reg is.

Net soos die liggaam nie na behore kan funksioneer as elke ledemaat nie sy kant bring nie, kan ’n klas of skool ook net optimaal funksioneer as almal hulle kant bring.

Dit kan gebeur dat ’n skool se leerlingraad een of ander lofwaardige projek aanpak. Onder hulle leiding samel die leerlinge byvoorbeeld kos vir minder bevoorregte persone in of loods hulle ’n projek om ’n vervalle gebied in die gemeenskap op te ruim. Sulke projekte bied aan leiers die ideale geleentheid om nie net hulle leierskapvermoëns te ontwikkel nie, maar ook om die ander leerlinge op ’n positiewe wyse tot dienslewering te stimuleer.

### 2.9.4 Karaktereienskappe van leiers

Daar is geen enkele regte leierskapstyl in die Skrif nie. Soms moet leiers outokraties optree as hulle sien dat ander leerlinge op die verkeerde pad is. By ander geleenthede moet hulle weer meer demokraties optree deur die groep te laat besluit, aangesien hulle besef dat hulle nie alleen alle wysheid en insig van die Here ontvang het nie. Dit is ook nie nodig om alles te probeer beheer nie. Nie-wesenlike sake kan gerus maar op ’n losser wyse bestuur word deur so ’n saak sy eie loop te laat neem.

> Onthou
>
> *Leiers bedien die gesag van die Here, nie hulle eie nie.*

Vanuit die Bybel is dit duidelik dat leiers wel sekere eienskappe moet hê. Hierdie eienskappe moet sover moontlik op ’n formele wyse, maar ook op ’n informele wyse, by skoolleiers gekweek en verder aangewakker word. Dit sluit die volgende aspekte in:

- Hulle soek nie hulle eie eer nie, maar bly nederig.
- Hulle is bereid om die leerlinge, die personeel en ook die gemeenskap te dien.
- Hulle ken hulle eie en ander se tekorte en gebreke en kom mekaar daarin tot hulp.
- Hulle is besorg oor die welstand van die skoliere en nie net oor hulleself nie.
- Hulle lei deur self die regte voorbeeld te stel.
- Hulle erken hulle eie tekorte en gebreke.
- Hulle is standvastig. Hulle weet wat reg en verkeerd is, en is nie bang om vir die waarheid uit te kom nie.
- Hulle is altyd eerlik. Hulle ja is ja en hulle nee is nee.
- Hulle gee leiding volgens vaste norme en waardes. Wat vandag verkeerd is, is môre nie skielik reg nie.

Christen-leiers wat oor hierdie eienskappe beskik boesem respek en gesag in. Hulle word vertrou, want hulle integriteit is bo verdenking. Sulke leiers aanvaar die verantwoordelikheid wat die Here aan hulle gee om te lei. Hy of sy lê snags wakker as dit met 'n leerling sleg gaan en verheug hom daarin as iemand anders presteer. So 'n leier druk homself nie voortdurend op die voorgrond nie, maar is eerder bereid om aan ander die eer te gee. Die ware leier besef dat sy krag nie in hom- of haarself gesetel is nie. Hulle weet dat hulle juis sterk is as hulle besef hoe swak hulle is. Dan steun 'n leier nie op sy eie vermoëns of goeie verhoudings nie, maar vertrou volkome op die Here om die regte leiding te gee.

## Opsomming

*Die Bybel gee vir ons die perfekte voorbeeld van leierskap in Jesus Christus. Al is Hy die Seun van God wat alle eer en lof waardig is, neem Hy eerder die gestalte van 'n dienskneg aan. Nooit streef Hy daarna om Homself te verhoog nie. In gehoorsaamheid aan sy Vader streef Hy eerder na die welstand van sy Vader se kinders. Dieselfde gesindheid moet onderwysers ook by elke leerling wat 'n leierskapsrol in die skool vertolk aanwakker.*

## Aspekte ter oorweging

1. *Hoe leer 'n leier om die regte leiding te gee? Bespreek in 'n groep wat die Bybel hieroor na vore bring. Kyk byvoorbeeld na Moses, Saul, Dawid, Salomo, Daniël, Paulus en bowe-al Jesus Christus.*
2. *Skryf saam met 'n kollega of twee 'n artikel van minder as 120 woorde wat handel oor hoe leierskapontwikkeling op 'n normatiewe basis by die skool waarby julle tans werksaam is, gedoen moet word.*

# 2.10 Onderlinge verhoudinge

## Doelwitte

*Geen leerling staan alleen in die wêreld nie. Al moet leerlinge in 'n persoonlike verhouding met die Here leef, verwag die Here van hulle om Hom ook saam met ander gelowiges te dien. Hoe leerlinge dus teenoor ander persone, maar ook teenoor God se skepping optree, is vir gelowige onderwysers van groot belang.*

### 2.10.1 Verskillende verhoudinge

Vanaf die skepping staan die mens in verskeie verhoudinge. God bind die mens direk aan die aarde as Hy Adam uit die stof van die aarde formeer. Die Here sê ook aan Adam dat dit nie goed vir hom is om alleen te wees nie en dat Hy vir hom 'n hulp gaan maak wat by hom pas. In die paradys leef en werk Adam en Eva direk voor die aangesig van die Here. Vandag is dit nog steeds die geval. Elke persoon, of hy en sy dit nou wil erken of nie, staan in 'n direkte verhouding tot God, die skepping en ander persone. In die geval van Christene vorm hierdie verhoudings 'n geloofsgemeenskap waarin gelowiges medeverantwoordelikheid vir mekaar se lewens en daardeur ook vir die opvoeding van hulle kinders aanvaar. Hierdie onderlinge band strek oor alle landsgrense en rasse, oorspan alle tye, en word gekenmerk deur almal se verbondenheid aan Jesus Christus wat deur sy Vader as hoof oor alle dinge aangestel is.

Vir gelowige onderwysers is Jesus Christus die fondament waarop alle onderrig geskied. Sy Woord bepaal watter verhoudings die leerlinge moet hê en hoe hulle dit moet bestuur. Leerlinge mag daarom nie los van hulle leefwêreld opgevoed word nie, maar moet eerder leer om soos 'n lig in die donker te skyn. Die kuns om leerlinge by sulke betekenisvolle verhoudings te betrek en dit dan daadwerklik te laat ontwikkel

## Onthou

*Jesus Christus is die fondament van onderrig.*

is vir Christen-onderwysers van uiterste belang. Leerlinge moet byvoorbeeld leer hoe om goed met hulle klasmaats saam te werk, maar ook hoe om die tyd tot hulle beskikking reg te gebruik. Die onderrig en opvoeding wat leerlinge ontvang speel hierin 'n sleutelrol. Hulle moet leer hoe om met die skepping, maar bo dit alles met God, in 'n lewende, opbouende verhouding te leef.

### 2.10.2 Goeie en slegte vriende

Van kleins af leer die leerlinge om nie net hulle eie sin te volg nie, maar om ook ander persone in ag te neem. Hierdie is 'n mooi eienskap, maar daarin lê ook 'n gevaar opgesluit. Dit kan gebeur dat leerlinge se gesonde oordeel tussen reg en verkeerd beïnvloed word deur ander leerlinge se optredes of menings. Dan tree hulle nie meer volgens Bybelse norme en waardes op nie, maar volgens hoe hulle dink ander leerlinge wil hê hulle moet optree. Sulke leerlinge swig byvoorbeeld onder die druk as maats hulle huiswerk wil afskryf of hulle vra om saam met hulle stokkies te draai. Om sulke en ander soortgelyke verkeerde gedrag teen te werk moet onderwysers tydig en ontydig met die leerlinge praat oor wat ware vriendskap is en hoe vriende en vriendinne teenoor mekaar behoort op te tree.

Onderwysers moet leerlinge daarop wys dat 'n goeie vriend of vriendin baie vir hulle kan beteken, maar dat 'n verkeerde maat hulle ook kan breek. Die Spreukedigter leer nie verniet dat vriende mekaar vorm soos twee stukke yster wat teen mekaar slyp nie. Leerlinge moet weet hoe belangrik dit is dat hulle maats op dieselfde geloofsbasis as hulle moet staan. Sulke maats soek byvoorbeeld nie hulle eie belang nie, maar beïnvloed mekaar eerder positief in alles wat hulle doen. Anders as die verlore seun wie se vriende mooiweersvriende was, moet leerlinge maats vind wat eerlik, lojaal en betroubaar is. Met leerlinge wat hulle met die verkeerde maats besig hou, moet onderwysers 'n persoonlike gesprek voer. Wys die leerlinge daarop dat ware vriendskap nie iets oppervlakkigs is nie, maar dat maats mekaar se denke en dade oor tyd altyd positief of negatief sal beïnvloed.

Onderwysers moet aanvaar dat leerlinge druk op mekaar uitoefen. Hoe hulle hierdie druk hanteer is egter belangrik. Die leerlinge kan onder druk van verkeerde maats ingee of hulle kan standpunt inneem teen dit wat verkeerd is en opstaan vir dit wat reg is. Om so 'n opbouende gesindheid onder die leerlinge te skep is nie maklik nie. Dit help gewoonlik as 'n onderwyser daarin slaag om die leiers van die groep te motiveer om die regte denkwyse onder hulle maats te laat posvat. Dit kan byvoorbeeld ook "in" wees om die regte dinge te doen. As 'n leerling wat rook byvoorbeeld bemerk almal dink hy tree kinderagtig op, is die kans goed dat hy of sy daarmee sal stop. Net so kan leerlinge ook positiewe groepdruk toepas op leerlinge wat gereeld vloek, of op hulle wat hulleself in klasse wangedra. Dan leer leerlinge wat dit beteken om 'n ware vriend te hê, maar ook wat dit beteken om 'n ware vriend te wees.

### 2.10.3 Onderwysers en ander gesagdraers

In Hoofstuk 1 van hierdie boek word onder andere gefokus op hoe ’n gelowige onderwyser teenoor sy of haar leerlinge moet optree. Hier val die klem egter op hoe leerlinge teenoor hulle onderwysers en ander gesagsdraers moet optree. Die wyse waarop leerlinge met hulle onderwysers en ander gesagsdraers omgaan is van uiterste belang aangesien hulle op so ’n wyse leer wat dit beteken om eerbied en ontsag vir die Here te hê. Onderwysers mag nie leerlinge se speelmaats wees nie. ’n Laerskool-onderwyseres wat toelaat dat ’n klomp dogters pouses aan haar rokpante hang of ’n hoërskool-onderwyser wat dink dit is oulik as die leerlinge hom op sy voornaam noem, ondermyn daardeur die gesagsposisie waarin God hulle geplaas het. ’n Gelowige onderwyser stel eerder in sy of haar omgang met die leerlinge ’n voorbeeld van hoe ’n gesonde gesagsverhouding moet lyk.

Dit gebeur soms dat leerlinge onderwysers se gesag aktief uitdaag of selfs gewelddadig teenoor hulle raak. Onder geen omstandighede mag ’n leerling wat op onderwysers skel of aan onderwysers stamp, geduld word nie. Leerlinge wat hulle aan sulke wangedrag skuldig maak moet ferm aangespreek word en, indien hulle hulleself nie van hulle verkeerde optrede bekeer nie, summier uit die skool verwyder word. Een of twee leerlinge mag nie die oorsaak daarvan wees dat ’n gesindheid van disrespek vir onderwysers onder leerlinge posvat nie.

Ongelukkig het van hierdie probleme dikwels hulle oorsprong in ouerhuise waar ouers nie meer hulle kinders leer om gesagsdraers te respekteer nie. In sekere gevalle moedig ouers selfs hulle kinders aan om die lewe vir onderwysers te versuur. Dit is dan raadsaam om ’n spesiale oueraand te belê waar ouers en onderwyser saam kan besin oor hoe leerlinge teenoor gesagsdraers moet optree. Ouers mag byvoorbeeld nie toelaat dat hulle kinders die onderwysers tuis afkraak of onderwysers teenoor hulle afspeel nie. Dit is belangrik dat ouers en onderwysers moet besef dat effektiewe onderrig net kan plaasvind as ouers en onderwysers mekaar deurentyd hoog ag.

### 2.10.4 Kyk na gemeenskap

Die Here se gebod om jou naaste lief te hê soos jouself strek oor alle lewensterreine. Natuurlik begin naasteliefde eerstens by leerlinge se ouerhuise waar hulle in liefde met hulle ouers en ander gesinslede moet saamleef. Vandaar kring dit uit na die verhoudings in hulle onmiddellike leefwêreld. Dit is byvoorbeeld mooi as

**Onthou**

*Naasteliefde strek verder as net die eie kring.*

onderwysers by die leerlinge 'n liefde vir hulle skoolmaats of die inwoners van hulle woonbuurt aanwakker. Die liefde vir hulle eie moet egter altyd, net soos die liefde vir hulle gesinne, deur diensbaarheid gekenmerk word. Dan leer die leerlinge om alle aktiwiteite wat by die skool plaasvind tot God se eer te heilig. As onderwysers egter aan hulle leerlinge leer om op ander persone of groepe neer te sien, eer hulle nie God daardeur nie, maar misbruik hulle dit wat hulle van die Here ontvang het vir hulle eie selfsugtige oortuiginge.

Naasteliefde strek verder as net die eie kring. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan leer die Here ons om alle mense waarmee ons te doen kry as ons naaste te sien en in liefde te hanteer. Die wyse waarop onderwysers byvoorbeeld na ander volke of rasse verwys speel 'n groot rol in hoe die leerlinge daardie persone sal sien. 'n Geskiedenis-onderwyser wat altyd neerhalend na 'n ander volk verwys dra daardeur 'n sekere gesindheid aan die leerlinge oor. Daarteenoor sal onderwysers wat vir die nood en behoeftes van ander persone tot God bid aan hulle leerlinge wys dat hulle ook 'n verantwoordelikheid teenoor daardie persone het. Leerlinge leer op so 'n wyse om uitvoering aan God se liefdesgebod te gee.

Christelike onderwys het altyd, net soos geloof, 'n uitbreidende karakter. Die rykdom wat leerlinge op 'n Christelike skool leer ken, wil hulle graag met alle ander leerlinge deel. In sekere gevalle stig Christelike skole selfs kleiner sendingskole vir wie hulle dan as mentors sal optree. Dit bied aan senior leerlinge die geleentheid om dit wat hulle op skool vanuit God se Woord geleer het met ander leerlinge te deel wat nog nie oor daardie kennis en ervaring beskik nie.

### 2.10.5 Houding teenoor die skepping

Leerlinge moet leer om in die regte verhouding tot God se skepping te leef. 'n Gelowige onderwyser wat byvoorbeeld met die eerste reëns van die seisoen sy onderrig staak om aan die leerlinge 'n geleentheid te bied om eers vir 'n paar minute na die reën te kyk, kweek daardeur by die leerlinge 'n sensitiwiteit vir God se voorsienigheid in en deur die natuur. Koning Dawid wys ons in Psalm 8 tereg daarop dat kinders en selfs suigelinge (kleuters) die lof van die Here sal besing as hulle na die werke van die Here kyk. Daarom is dit goed as elke leerling gedurende sy of haar skoolloopbaan ten minste een keer 'n veld- of natuurskool bywoon. Deur na die berge, bome, bosse en sterrehemel te kyk leer leerlinge meer van God se grootheid en almag ken as wat hulle ooit in 'n klas sal kan leer. Stokperdjies wat leerlinge van die natuur leer, soos om voëlsoorte en diere te leer ken of plantsoorte te onderskei, moet aangemoedig word. Op so 'n wyse leer die leerlinge ook meer van God se skeppingswerke.

Die Here gee aan die mens die opdrag om sy skepping nie net te bewoon nie, maar dit ook te bewerk en te bewaar. Dit vorm deel van elke gelowige onderwyser se taak om hulle leerlinge toe te rus om as rentmeesters oor God se skepping te heers. Laerskool-onderwysers kan hierdie beginsel op 'n praktiese wyse by die leerlinge tuisbring deur byvoorbeeld 'n groentetuin by die skool aan te lê wat die leerlinge moet bewerk of deur aan elke klas 'n gedeelte van die skoolterrein te gee wat hulle dan moet versorg. Leerlinge in die hoërskool kan weer 'n natuurbewaringsprojek aanpak deur byvoorbeeld 'n paar inheemse bome aan te plant of 'n besoedelde gebied op te ruim. Hierdie en ander soortgelyke projekte leer die leerlinge om nie net God se skepping te geniet nie, maar ook verantwoordelikheid vir hulle omgang met God se skepping te aanvaar.

## Opsomming

*Elke persoon, of hy en sy dit nou wil erken of nie, staan in 'n direkte verhouding tot God, die skepping en ander persone. In die geval van Christene vorm hierdie verhoudings 'n geloofsgemeenskap waarin gelowiges medeverantwoordelikheid vir mekaar se lewens en daardeur ook vir die opvoeding van hulle kinders aanvaar. Vir gelowige onderwysers bepaal die Woord watter verhoudings die leerlinge moet hê en hoe hulle dit moet bestuur.*

## Aspekte ter oorweging

*Bespreek die volgende punte in groepverband:*

- *Hoe kan personeel deur hulle optrede help om 'n eenheid in optrede tussen ouers en onderwysers te bewerkstellig?*
- *Watter projek kan die leerlinge aanpak om hulle meer sensitief te maak vir die wyse waarop hulle met die skepping omgaan?*

# HOOFSTUK 3

## Wat ’n Christelike skool is



# 3.1 Waarom Christelike skole?

## Doelwitte

*Christelike skole is 'n geskenk van die Here wat Hy gebruik om sy kinders tot sy eer en volgens sy wil op te voed. Hierdie afdeling fokus op hoekom ouers sulke skole oprig en hoe die skole van sekulêre skole verskil.*

### 3.1.1 Redes waarom ouers Christelike skole verkies

Daar bestaan verskeie redes waarom ouers hulle kinders na Christelike skole stuur. Baie ouers is ongelukkig oor die morele verval wat algemeen in openbare skole voorkom. Christelike skole, so glo hulle, sal hulle kinders teen sosiale euwels soos dwelms, pornografie en seksuele losbandigheid beskerm. Ander ouers voel weer dat hulle kinders nie genoeg individuele aandag in openbare skole ontvang nie. Die kleiner klassies en onderwysers se goeie werketiek in privaatskole sal volgens hulle die leerlinge help om akademies beter te presteer. Dan is daar ook diegene wat deur vriende of familie oortuig word om hulle kinders na 'n Christelike skool te stuur. Hulle doen dit nie soseer omdat hulle aan Christelike onderwys glo nie, maar eerder omdat hulle nie graag anders as hulle vriende of familie wil wees nie. Hoewel van hierdie redes meriete mag hê, mag dit nooit die vernaamste rede wees waarom 'n leerling in 'n Christelike skool is nie.

Vir gelowige ouers staan gehoorsaamheid aan die Here voorop. As die Here in sy Woord openbaar dat alle onderrig vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing moet geskied, gehoorsaam hulle hierdie opdrag. Hulle kinders moet as't ware leer om vanuit 'n geloofsbril na die werklikheid te kyk. Aangesien daar volgens Bybelse norme geen ruimte vir neutrale onderrig mag wees nie en slegs gelowige onderwysers die leerlinge mag onderrig, laat dit ouers geen ander keuse as om Christelike skole vir hulle kinders op te rig nie. Dit bied gemoedsrus aan ouers as hulle weet dat dit wat hulle kinders by die skool gaan leer in ooreenstemming is met hulle persoonlike geloofoortuigings. In sulke gevalle kan tereg na die skool as 'n verlengstuk van die ouerhuis verwys word. Dit skep aan leerlinge 'n veilige ruimte waarin hulle hulle Godgegewe talente tot eer van die Here kan ontwikkel.

### 3.1.2 'n Christelike skool vorm deel van 'n geloofgemeenskap

Vir gelowige ouers gaan dit nie net oor die skoling van hulle eie kinders nie. Hulle dien die Here saam met ander ouers in 'n geloofgemeenskap waar hulle wedersydse verantwoordelikheid vir mekaar se kinders aanvaar. Dit impliseer dat elke ouer die gawes wat hy of sy van die Here ontvang het, ook tot nut en voordeel van die ander leerlinge kan en moet aanwend. 'n Musikale ma kan byvoorbeeld blokfluitlesse vir laerskoolleerlinge aanbied of 'n handige pa kan weer help met die opknapping van die skool se fasiliteite. Hierdie beginsel geld nie net vir ouers met skoolgaande kinders nie, maar ook vir ander broeders en susters in die geloof. Vermoënde ouers kan byvoorbeeld behoeftige ouers met hulle skoolgelde help. As elke individu in 'n gemeenskap net aan eie belang dink, sukkel so 'n gemeenskap om 'n skool op te rig, maar as almal mekaar help en aan mekaar diensbaar is, raak dit minder moeilik om 'n skool te stig.

Daar kan redes wees waarom ouers in sekere gevalle nie hulle kinders na skole kan stuur nie, maar hulle eerder tuis moet onderrig. In gebiede waar byvoorbeeld geen Christelike skole is nie, of waar leerlinge se vermoëns hulle verhinder om by skole in te skakel, is dit beslis geregverdig. Ouers wat egter om selfsugtige redes hulle kinders se eie belange ten koste van ander leerlinge se opvoeding voorop stel, minag daardeur die geloofband waarin God hulle geplaas het. Jesus Christus waarsku byvoorbeeld Maria na sy opstanding om Hom nie vir haarself te probeer opeis nie, maar haar eerder by die ander gelowiges te gaan voeg. Gelowige ouers kan dieselfde fout begaan as hulle meerderwaardig neersien op die onderrig wat ander gelowiges se kinders ontvang en oordeel dat hulle dit self beter kan doen. Op diegene wat sterk in die geloof staan, rus 'n verpligting om hulle wat swak is by te staan. Hierdie Bybelse beginsel geld ook ten opsigte van Christelike onderwys.

### 3.1.3 Die skool as oefenveld vir die lewe

Openbare skole reflekteer in 'n groot mate dit wat in die samelewing gebeur. Leerlinge kry net soos volwassenes daagliks met baie persone of situasies te doen. Daar is verskeie geleenthede, maar ook talle uitdagings wat hulle die hoof moet bied. Al is die leerlinge nog jonk het hulle sekere verantwoordelikhede. Hoe hulle met al hierdie dinge omgaan en daarop reageer sal in 'n groot mate bepaal wat in hulle latere lewens gebeur. In Christelike skole word leerlinge begelei om vanuit 'n normatiewe verwysingsraamwerk na al hierdie dinge te kyk. Die leerlinge moet van jongs af leer dat die Here se Woord 'n lig vir die voet en 'n lamp vir die pad is. Die Bybelse norme wat hulle aanleer moet bepaal watter verhoudings hulle stig, hoe hulle konflik hanteer, of hoe hulle met suksesse of mislukkings omgaan. As die leerlinge tuis en by die skool oefen om hulle lewens normatief in te rig, sal hulle as hulle volwasse is nie daarvan afwyk nie, maar steeds bly volhard in die geloof.

Op Christelike onderwysers rus die verantwoordelikheid om leerlinge vir hulle leefwêreld voor te berei. Die opleiding wat hulle ontvang moet daarom altyd relevant en toepaslik wees. Dit is byvoorbeeld onaanvaarbaar as leerlinge jaar vir jaar dieselfde stokou storieboeke in Afrikaans en Engels lees, of met verouderde programmatuur in Rekenaartoepassingtegnologie moet voortsukkel. Christelike onderrig klou nooit krampagtig aan die verlede vas nie, maar is eerder nuut en innoverend.

> **Onthou**
>
> *Dit bied gemoedsrus aan ouers as hulle weet dat dit wat hulle kinders by die skool gaan leer in ooreenstemming is met hulle persoonlike geloofsoortuigings.*

Leerlinge moet begelei word om vanuit ’n Bybelse begronding nie net die moontlikhede wat God in sy skepping vasgelê het te ontgin nie, maar om dit ook tot sy eer en tot voordeel van hulle naaste te benut. Dit verg egter toewyding en harde werk van ’n Christen-onderwyser as hy of sy die leerlinge op die hoogte wil hou van die nuutste verwikkelinge in sy of haar vakgebied. Diegene wat wel daarin slaag, verryk nie net hulle leerlinge se lewens nie, maar rus hulle ook toe om ’n leidende rol in die samelewing te speel.

### 3.1.4 Is Christelike skole nie wêreldvreemd nie?

Baie gelowige ouers stuur bewustelik hulle kinders nie na Christelike skole nie uit vrees dat hulle moontlik wêreldvreemd sal grootword. Volgens sulke ouers moet leerlinge van jongs af met die dinge van die wêreld te make kry sodat hulle kan leer hoe om dit te hanteer. Gebeur dit nie, so glo hulle, kan ’n leerling maklik die pad byster raak as hy later die beskermde omgewing van sy skool en ouerhuis verlaat. Leerlinge wat op skool byvoorbeeld nooit geleer het om met Moslem- of Hindoe-maats saam te werk nie, sal volgens hierdie siening as volwassene sukkel om met alle ander persone oor die weg te kom. Christelike ouers moet volgens hierdie siening nie laer trek nie, maar eerder hulle invloed in sekulêre skole laat geld. Hoewel so ’n siening oppervlakkig beskou dalk vir oningeligte ouers sin mag maak, neem dit glad nie die invloed van ’n sekulêre skool op ’n leerling asook die onvolwasse aard van ’n kind in ag nie.

Christelike onderrig berei leerlinge juis voor om hulleself in die sekulêre wêreld te kan handhaaf. Diegene wat beweer dat leerlinge in Christelike skole hulleself nie met die vraagstukke van die lewe besig hou nie verskraal daardeur die rykdom wat Christelike onderwys bied. Slegs diegene wat besef dat die wêreld en alles en almal wat daarin woon aan God behoort, sal verstaan dat leerlinge net voluit

in die wêreld kan leef as hulle al hierdie dinge in die lig van hulle verhouding tot God kan beoordeel. Leerlinge wat nooit op skool geleer het om dit te doen nie het dus eerder in die ware sin van die woord 'n wêreldvreemde opvoeding ontvang. Hulle het geen vaste basis waarop hulle kan staan nie en word gevolglik deur elke krisis heen en weer geslinger. Christelike skole doen presies die teenoorgestelde. Hulle stuur leerlinge nie onvoorbereid die wêreld in nie, maar rus hulle juis toe om op die regte basis verhoudings te kan stig of om met wysheid die middele wat God gee reg te kan bestee. Sulke leerlinge kan hulle lewens met volle oorgawe leef.

**Onthou**

*Christelike skole leer leerlinge om dissipels van Jesus Christus te wees. Dit is geloof in praktyk.*

### 3.1.5 'n Christelike skool rus kinders toe om dissipels van Jesus Christus te wees

In Christelike skole gaan dit oor baie meer as oor gelowige onderwysers wat vir hulle leerlinge die regte voorbeeld stel. Dit gaan ook oor meer as 'n groepie leerlinge wat pouse saam Bybelstudie doen of leerlinge wat saam bid voor 'n toets of eksamen. Hoewel sulke dinge op sigself waarde het, vorm dit maar 'n klein deeltjie van die rykdom wat Christelike skole bied. In sulke Christelike skole leer leerlinge bo alles om dissipels van Jesus Christus te wees. Die opdrag om dissipels van alle nasies te maak, geld nie net vir diegene wat daar vêr is, of nog nie van die blye boodskap gehoor het nie. Op elke onderwysers rus ook die verantwoordelikheid om dissipels van sy of haar leerlinge te maak. Die leerlinge moet in alles waarmee hulle op skool besig is, leer om dit te onderhou wat Jesus Christus hulle beveel het. Christelike onderwys is dus nie net 'n bietjie versiersuiker op 'n sekulêre koek nie; dit help om die leerlinge as Christus se dissipels te vorm.

Om dissipels te maak beteken dat die leerlinge die Here in gehoorsaamheid dien en Hom eer as die Skepper en Onderhouer van alle dinge. Die leerlinge moet God se skepping leer ken en hulle eie plek en opdrag daarin raaksien en verstaan. Dissipelskap is nie 'n stuk teorie nie, maar geloof in praktyk. Die wyse waarop leerlinge met hulle maats omgaan, die skooleiendom oppas, gesagsfigure gehoorsaam of na hulle eie optrede kyk, vorm alles deel van dissipelskap. Staan die Here en sy wil in die leerling se lewe voorop of nie? In Christelike skole leer leerlinge dat dissipels van die Here Hom in alles met kinderlike geloof moet gehoorsaam. Hoe wonderlik is dit nie as Jesus Christus leer dat klein kindertjies en selfs suigelinge die lof van God sal verkondig. Leerlinge wat tuis en op skool geleer het om dit te doen is ware dissipels van Jesus Christus. Hierin kan en moet Christelike skole as instrument in God se hande diensbaar wees.

## Opsomming

*Christelike onderrig berei leerlinge voor om hulleself in die sekulêre wêreld te kan handhaaf. Leerlinge wat nooit op skool geleer het om dit te doen nie het 'n wêreldvreemde opvoeding ontvang. Hulle het gaan vaste basis waarop hulle kan steun nie en word gevolglik deur elke krisis heen en weer geslinger.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in twee groepe. Debatteer die volgende punte in groepverband:*

1. *Ouers kan wel hulle kinders na openbare skole stuur, mits hulle moeite doen om tuis Bybelonderrig vir hulle kinders aan te bied.*
2. *Ouers wat aan hulle kinders tuisonderrig gee, ontneem hulle van die geleentheid om te ervaar wat dit beteken om die Here in 'n geloofgemeenskap te dien.*

# 3.2 Die oprigting van 'n Christelike skool

## Doelwitte

*Elke geloofsgemeenskap behoort aandag aan die stigting van 'n Christelike skool te gee. Hierdie hoofstuk bespreek wat gelowiges kan doen om so 'n skool op te rig en waarmee die verkose beheerliggaam (skoolbestuur) besig moet wees.*

### 3.2.1 Die byeenroep van 'n ledevereniging

Die stigting van 'n Christelike skool is iets waarvoor baie gelowiges nie kans sien nie. Hulle beskou hulleself as leke as dit by die oprigting en bestuur van skole kom en skram gevolglik daarvan weg. Sulke ouers besef nie dat dit wel binne hulle vermoë is nie. Al wat dit verg is gebed, samewerking en natuurlik harde werk. Vermoënde ouers of 'n aantal persone met tersiêre kwalifikasies is nie nodig om 'n skool op te rig en aan die gang te kry nie. Wat wel nodig is, is entoesiasme en 'n kinderlike vertroue op die Here dat Hy die nodige persone, middele en deursettingsvermoë sal gee om hierdie taak te kan uitvoer.

Christelike skole berus op die beginsel dat gelowiges saamwerk om te verseker dat leerlinge Bybelgefundeerde onderrig ontvang. Om te begin kan 'n vereniging van belanghebbendes en belangstellendes opgerig word. So 'n vereniging behoort nie net vir ouers van leerlinge te wees nie, maar vir alle eendersdenkende gelowiges. Broeders en susters in die geloof staan mekaar mos by in baie sake, ook wat betref die opvoeding en onderwys van 'n gemeenskap se kinders. Dit is goed as byvoorbeeld ouers van voorskoolse kleuters of die grootouers van leerlinge, asook mense wat aan dieselfde saak glo, ook by die vereniging aansluit. Sulke persone verbreed nie net die finansiële basis van die skool nie, maar kan ook saam help dink en beplan. Diegene wat die saak goedgesind is, maar nie die tyd of energie het om aktief by die vereniging se aktiwiteite betrokke te raak nie, kan ook as vriende van die vereniging aansluit. Sulke persone (of instansies) dra wel tot die vereniging se koffers by, maar het geen stemreg op die vereniging se ledevergadering nie.

Die vereniging streef nie net daarna om ’n Christelike skool op te rig nie, maar ook om dit in stand te hou. So ’n Christelike privaatskool verskil ingrypend van ander privaatskole. So is daar elite privaatskole waar individuele aandag aan leerlinge in klein klassies of die modernste toerusting dikwels voorop staan. Dit kan gebeur dat ouers met sulke verwagtings ook deel wil vorm van ’n Christelike skool se ledevereniging. Dit is gevaarlik. Hulle kan die primêre doel van die skool – Christelike onderwys – ondermyn. Die beste is om sulke persone (hoewel gelowiges) slegs as vriende tot die vereniging toe te laat. Daar behoort ’n keuringsproses te wees.

Bestaande lede moet toesien dat die vereniging nie geleidelik sy Christelike karakter verloor deur andersdenkende persone tot die vereniging toe te laat nie. Daar is talle voorbeelde van skole wat as Christelike skole begin het, maar later in elite privaatskole ontaard het. In sulke gevalle geld die woorde van die wyse Salomo: As die Here die huis nie bou nie is alles te vergeefs.

### 3.2.2 Verkiesing van ’n beheerliggaam

Seker die belangrikste taak van ’n ledevereniging is om ’n beheerliggaam of skoolbestuur te verkies. Die beheerliggaam verteenwoordig die ouers en is verantwoordelik vir talle bestuurstake. Sy vernaamste taak is om toe te sien dat die skool sy Christelike karakter op alle terreine uitleef. Alle lede van die beheerliggaam hoef nie noodwendig ouers van die skool te wees nie. Veral gepensioeneerde persone het dikwels tyd op hande en beskik ook oor die nodige kundigheid en ervaring om ’n sinvolle bydrae op ’n beheerliggaam te kan lewer. Dit is egter belangrik dat die meerderheid lede van die beheerliggaam wel ouers van skoolgaande leerlinge moet wees.

Deur aktief na hulle kinders te luister en te sien waarmee hulle hulleself besig hou, verkry sulke ouers gewoonlik ’n goeie idee van wat by die skool plaasvind en watter leemtes daar voorkom wat die beheerliggaam moet aanspreek. As leerlinge byvoorbeeld tuis kom vertel dat sommige onderwysers rassistiese of ontoepaslike grappies of opmerkings maak, weet die beheerliggaam waaraan hulle aandag moet skenk.

Hoewel dit nie noodwendig verkeerd is as predikante op die beheerliggaam dien nie, moet nie van hulle verwag word om die karakter van die skool te beskerm nie. Dit is eerder ouers in die amp van gelowiges se verantwoordelikheid om dit te verseker. Lede van die skoolvereniging moet ook versigtig wees om nie sogenaamde “kundiges” op die beheerliggaam te verkies nie. Baie keer word gemeen daar moet ’n regsgeleerde, ouditeur of bemarkingspesialis op die beheerliggaam wees.

As sulke persone op grond van hulle professionele kundigheid en nie op grond van hulle geloofsoortuigings verkies word, kan dit maklik gebeur dat die skool later soos 'n besigheid bedryf word en daardeur sy karakter verloor. Lede moet eerder wyse, standvastige en betroubare persone tot die beheerliggaam verkies wat sekere kundigheid kan betrek om as dit nodig is advies te kom gee. In wêreldbekende universiteite soos Yale en Harvard het 'n verkeerde benadering 'n groot bydrae gelewer tot die verlies van hulle Christelike karakter.

Lede van beheerliggame moenie vir te lank aaneenlopend op 'n beheerliggaam dien nie. Dit gebeur soms dat sekere persone vir etlike jare die skool volgens hulle eie wil en oortuigings bestuur. Daardeur ontneem hulle nie net ander persone die geleentheid om ook hulle gawes in diens van die skoolgemeenskap aan te wend nie, maar vervreem hulle hulleself ook van diegene wat voel dat hulle geen sê in skoolsake het nie. Daar moet goeie redes wees waarom 'n persoon vir langer as 'n termyn van drie jaar op die beheerliggaam dien. Redes soos dat daar nie ander geskikte kandidate is nie of dat 'n lid van die beheerliggaam nie omgee om die taak te bly verrig nie, dra geen gewig nie. 'n Beleid ten opsigte van periodieke aftrede kan help voorkom dat die skool deur 'n groepie individue beheer word of al sy kundigheid op een slag verloor.

### 3.2.3 Die take van 'n beheerliggaam

Dit is 'n beheerliggaam se verantwoordelikheid om die geskikte personeel, fasiliteite en middele daar te stel wat nodig is om 'n Christelike skool effektief te kan bedryf. Aangesien hulle nie primêr onderwyskundiges is nie moet hulle hulleself daarvan weerhou om onnodig by die dag-tot-dag funksionering van die skool in te meng. Die opstel van 'n eksamenrooster of hoe leerlinge klasse verwissel het byvoorbeeld niks met hulle te doen nie.

Die beheerliggaam van 'n Christelike skool is vir die volgende take verantwoordelik:

- Sorg dat geskikte personeel aangestel word. Die Christelike karakter van diegene wat vir sekere poste oorweeg word moet 'n bepalende rol speel. Blote vakkundigheid is nie genoeg om 'n persoon vir 'n vakante pos te oorweeg nie. Oor belangrike aanstellings soos die van 'n skoolhoof of skooldirekteur is dit goed as die beheerliggaam die lede raadpleeg.
- Die oprigting en instandhouding van fasiliteite is 'n belangrike taak. Die klasse en saal van 'n kerk wat hoofsaaklik net op Sondae benut word bied die ideale geleentheid vir 'n Christelike skool om fasiliteite op 'n bekostigbare wyse te bekom. Dit help ook as die beheerliggaam iewers 'n biblioteek vir personeel en leerlinge kan inrig. Boeke oor Christelike onderwys kan daarin opgeneem word vir die personeel om hulleself daarin verder te verdiep.

- Die finansiële bestuur van die skool hoort ook tuis by die beheerliggaam. Dit is hulle taak om jaarliks 'n begroting op te stel en aan die lede vir goedkeuring voor te lê. Hulle moet ook toesien dat so vêr as moontlik by die begroting gehou word. As ouers nie skoolgelde betaal nie of agterstallig raak, moet die saak opgevolg word. Die beheerliggaam moet ook toesien dat die personeel 'n billike vergoeding ontvang. Die arbeider is immers sy loon werd.

**Onthou**

*Die beheerliggaam van 'n Christelike skool moet nie onnodig by die dag-tot-dag funksionering van die skool inmeng nie. Hulle moet eerder sorg dat die Christelike karakter van die skool behoue bly.*

Waar die Christelike karakter van die skool ter sprake kom, moet die beheerliggaam verseker dat dinge reg verloop. Dit is die beheerliggaam se primêre verantwoordelikheid en kan of mag nie in die hande van die skoolhoof en sy of haar personeel alleen oorgelaat word nie. Gereelde terugvoer van die skoolhoof en personeel oor wat hulle doen ter uitbouing van die skool se Christelike karakter is daarom noodsaaklik. Dit is egter nie genoeg nie. Die ideaal is dat al die onderwysers op 'n gereelde basis tuis besoek word om te verneem wat elkeen afsonderlik in hierdie verband doen. Tydens sulke besoeke kan die lede van die beheerliggaam ook verneem watter uitdagings die personeel beleef en wat hulle te doen staan om die personeel daarin te ondersteun.

### 3.2.4 Toelatingsbeleid

Seker een van die grootste uitdagings waarvoor 'n beheerliggaam te staan kom is die bepaling en implementering van 'n toelatingsbeleid vir leerlinge. Hoe hierdie beleid lyk en in praktyk uitgevoer word bepaal in 'n groot mate die skool se karakter. Die druk vir 'n oop toelatingsbeleid, wat tot 'n groter toename in leerlinggetalle kan lei, is dikwels groot. Dan word geredeneer dat die verhoogde inkomste wat dit tot gevolg sal hê, sal help om die uitgawes te dek. Volgens hierdie standpunt verlaag dit nie net die finansiële druk op bestaande ouers nie, maar verseker dit ook groter finansiële volhoubaarheid vir die skool.

Dit mag na 'n goeie idee klink, maar die suksesvolle toepassing daarvan het in die reël 'n karakterverandering by die skool tot gevolg. Onderwysers verloor byvoorbeeld die vrymoedigheid om met leerlinge oor aspekte soos Sondagsheiliging te praat as 'n groot gros leerlinge uit huise kom waar ouers hulle nie daaraan steur nie. As die denke van diegene wat die skool vir 'n spesifieke doel opgerig het eers in die minderheid is, verloor hulle beheer oor die unieke karakter van die skool.

Dit beteken beslis nie dat Christelike skole "klein en suiwer" moet wees nie. Die teendeel is eerder waar. Christelike skole moet groei, maar dan wel op die regte wyse. 'n Beroep moet gedoen word op diegene wat ook glo aan die norme wat die skool uitleef om hulle kinders na die skool te stuur. Dan staan bekostigbaarheid nie voorop nie, maar kruissubsidieer diegene wat dit wel kan bekostig ook die kinders van ouers wat nie die skoolgelde ten volle kan bekostig nie.

Om te verseker dat ouers wel hulle kinders om die regte rede by die skool inskryf, is dit goed as lede van die beheerliggaam eers sulke ouers tuis besoek. Tydens so 'n besoek moet hulle probeer vasstel of die gesin, al is dit vol tekorte en gebreke, wel daarna streef om die Here in gehoorsaamheid te dien. 'n Christelike skool bestaan dus nie ter wille van 'n klein groepie "supergelowiges" se kinders nie, maar ter wille van alle kinders afkomstig uit gelowige ouerhuise. Kinders wie se ouers hulle in die vrees van die Here wil opvoed, hoort tuis in so 'n Christelike skool. Konsekwente opvoeding is belangrik om te voorkom dat die kind verwar en onseker word. Daarom moet die kind dieselfde in die skool, by die huis en in die kerk hoor.


## Opsomming

*As die denke van diegene wat die skool vir 'n spesifieke doel opgerig het eers in die minderheid is, verloor hulle beheer oor die unieke karakter van die skool. Die beheerliggaam van 'n Christelike skool moet daarom sorg dat die Christelike karakter van die skool behoue bly. Kinders wie se ouers hulle in die vrees van die Here wil opvoed, hoort tuis in 'n Christelike skool.*

## Aspekte ter oorweging

*Elke Christelike skool se ledevereniging moet oor 'n konstitusie beskik waarvolgens hulle die skool op 'n normatiewe grondslag bestuur. Stel 'n lys van punte op wat na u oordeel in so 'n konstitusie aangespreek behoort te word.*

# 3.3 Christelike skole in die gemeenskap



## Doelwitte

*Geen leerling word in isolasie opgevoed nie. Buiten die ouerhuis, skool en kerk het die gemeenskap ook 'n groot invloed op die vorming van leerlinge. Hierdie invloed kan positief of negatief wees. Gelowige onderwysers moet van hierdie beïnvloeding kennis neem en, waar nodig, strukture in plek stel om te verseker dat dit opbouend van aard is.*

### 3.3.1 Opvoeding geskied binne 'n gemeenskap

Die samelewing waarin onderwysers woon en werk oefen dikwels sonder dat hulle dit besef 'n groot invloed op hulle denke en dade uit. In Hoofstuk 1 van hierdie boek is gefokus op hoe die samelewing 'n gelowige onderwyser se lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed. In hierdie onderafdeling word weer gefokus op die onderlinge invloed wat die gemeenskap en 'n Christelike skool op mekaar uitoefen. Vanuit die Bybel is dit duidelik dat die Heilige Gees nie net deur ouers en onderwysers in leerlinge se lewens werk nie, maar ook deur ander groepe en individue. Gelowige onderwysers weet watter belangrike rol 'n gemeenskap in die opvoeding van die jeug speel.

Leerlinge heg gewoonlik heelwat waarde aan ander persone se opinies. In die laerskool dra ouers en onderwysers se menings nog gewig, maar in die hoërskool heg leerlinge meer waarde aan ander persone, soos hulle maats, se opinies. As almal in die gemeenskap egter nie uit een mond praat nie verwar dit die leerlinge. Dit gebeur byvoorbeeld as die skool dogters verbied om kort of lae hals-rokkies te dra, maar Sondae by die kerk vind niemand iets daarmee fout nie. Hierdie probleem raak meer as net die huis, skool en kerk. Dit raak die hele gemeenskap. Dit help byvoorbeeld niks as ouers hulle kinders verbied om na films met 'n ouderdomsbeperking te kyk, terwyl maats waar hulle kuier of 'n klub waaraan hulle behoort, elke Vrydagaand sulke films vertoon nie.

As diegene wat by die opvoeding van leerlinge betrokke is egter almal dieselfde waardes het, ontstaan daar ’n sekere kultuur in daardie gemeenskap oor wat aanvaarbaar is en wat nie. As die kultuur byvoorbeeld sou bepaal dat swak taalgebruik onaanvaarbaar is sal leerlinge geneig wees om hulleself daarvolgens te skik. Maar as hulle dag-vir-dag hoor hoe afrigters langs die sportveld op hulle spelers skel, of op televisie sien hoe die Naam van die Here ydel gebruik word, is die kans goed dat hulle hulleself ook mettertyd daaraan gaan skuldig maak.
Die oplossing vir die probleem is nie dat gelowiges hulle geheel en al van die gemeenskap moet onttrek nie. Hulle moet eerder onderling besin oor hoe hulle “smaak” aan die gemeenskap kan gee deur die regte kultuur daarin te vestig. Wat dit betref is ’n skool en sy onderwysers ideaal geposisioneer om ’n leidende rol in die gemeenskap te speel. Skole kan ouers, predikante en ander gesagsfigure in die gemeenskap van tyd tot tyd oproep om gesamentlik oor die opvoeding van die jeug te besin. Op sulke forums kan ’n aantal norme neergelê word wat almal wat teenwoordig is onderneem om dit te eerbiedig as hulle met die leerlinge werk.

### 3.3.2 Organisasies en instellings

Instellings soos ’n sportklub of kultuurvereniging wat deur ouers en onderwysers bestuur word hou die leerlinge gewoonlik sinvol besig en dra ook sekere kennis, vaardighede en gesindhede aan hulle oor. Dit verg byvoorbeeld selfdissipline van leerlinge wat in ’n kinderkoor sing om getrou oefeninge by te woon of die stukke wat hulle gaan sing te memoriseer. Daardeur leer hulle nie net om note te kan lees nie, maar ontwikkel hulle ook ’n sin vir die mooie. Waar ouers en onderwysers egter in gebreke bly om sulke geleenthede te skep vestig die leerlinge gewoonlik hulle eie instellings. Dit is dan dikwels strukture wat net op die leerlinge se eie behoeftes fokus en lewer daarom min of geen bydrae tot die vorming van die leerlinge. In ekstreme gevalle vorm leerlinge selfs bendes wat hulleself en ander lede van die gemeenskap aktief benadeel.

Onderwysers wat hulle werk as ’n roeping sien en uitleef besef dat hulle taak veel wyer as net die klaskamer strek. Saam met die ouers poog hulle om sosiale, sport en kulturele geleenthede vir die leerlinge te reël waarbinne hulle hulleself op ’n sinvolle wyse kan uitleef. Leerlinge moet ook leer om by die regte groepe in te skakel en watter organisasies om eerder te vermy. In ’n onderlinge sorgvereniging kan leerlinge byvoorbeeld leer om vir bejaardes te sorg, terwyl ’n debatsvereniging leerlinge weer kan help om hulle gedagtes en oortuigings mooi helder en duidelik te formuleer. Sulke opbouende aktiwiteite bied ook aan leerlinge die geleentheid om saam met ander gelowiges hulle geloof prakties uit te leef. Hulle ontvang die geleentheid om in die gemeenskap van die gelowiges aktief te leef en berei hulle ook voor om as volwassenes hulle roeping in die gemeenskap uit te leef.

### 3.3.3 Beïnvloeding deur die massamedia

Leerlinge word nie net deur hulle onmiddellike omgewing beïnvloed nie, maar veral ook deur die sekulêre massamedia wat hulle leefwêreld binnedring. Media soos die radio, TV, internet, musiek en die sosiale media dra in die reël 'n sekere boodskap oor of probeer hulle volgelinge beïnvloed om op 'n sekere wyse te dink. In programme wat handel oor natuurbewaring of armoedeverligting is die boodskap gewoonlik opbouend van aard, maar in ander gevalle druis dit dikwels direk teen Bybelse norme en waardes in. Dinge soos vrye liefde of die najaag van rykdom word byvoorbeeld gereeld in TV programme of films as aanvaarbare praktyke voorgehou. Baie leerlinge ontwikkel daardeur 'n dualistiese sienswyse. Hulle sien hulleself steeds nog as Christene, maar dink hulle mag meedoen aan hierdie sondige praktyke wat deur sogenaamde rolmodelle as normaal en alledaags voorgehou word.

Die sekulêre media se beïnvloeding is so groot dat gelowige onderwysers die leerlinge en hulle ouers oor die gevare daaraan verbonde moet inlig. Ouers moet byvoorbeeld daarop gewys word om die programme waarna hulle kinders op TV kyk of die webwerwe wat hulle op die internet besoek na te gaan. Ouers mag nie bloot aanvaar dat hulle kinders hulleself met dit wat reg en goed is besig hou nie. Die leiding wat ouers aan hulle kinders gee om te bepaal of 'n program of speletjie opbouend van aard is en watter nie, is van uiterste belang.

Onderwysers moet die leerlinge ook op ander gevare van die massamedia wys. Al is die speletjies wat leerlinge speel of die video's waarna hulle kyk nie noodwendig verkeerd nie, hou dit tog die gevaar in dat hulle soveel tyd daaraan bestee dat ander belangrike bedrywighede agterweë bly. Baie leerlinge skep byvoorbeeld nie meer tyd om met gesinslede of maats te gesels of om by buitemuurse aktiwiteite betrokke te raak nie. Indien dit gebeur het hulle nog nie geleer om dinge reg te prioriseer nie. Leerlinge moet leer dat daar 'n tyd vir alle dinge is en hoe om hulle tyd reg te bestee.

### 3.3.4 Christelike opvoeding gee lig

Die Here vergelyk gelowiges in die bergpredikasie met 'n stad wat bo-op 'n berg lê en nie weggesteek kan word nie. Hierdie stad is van alle kante sigbaar. Dit geld ook vir Christelike onderwys. Die leerlinge moet dit wees wat die Here hulle gemaak het: ligdraers in 'n donker wêreld. Deur lewende getuies van Jesus Christus te wees, moet leerlinge en onderwysers hulle lig so in die wêreld laat skyn, dat ongelowiges dit kan sien en God verheerlik.

**Onthou**

*Die leerlinge moet dit wees wat die Here hulle gemaak het: ligdraers in 'n donker wêreld.*

As Christen-onderwysers of -leerlinge hulle egter aan dinge soos bedrog, diefstal of seksuele teistering skuldig maak, gebeur presies die teenoorgestelde. In sulke gevalle verloor die gemeenskap hulle agting vir die skool en word nie net die skool se goeie naam deur die modder gesleep nie, maar ten diepste die eer van God. Die sekulêre media staan immers altyd gereed om sulke oortredings aan die groot klok te hang. Leerlinge en onderwysers moet daarom mooi besin waarmee hulle hulleself binne en buite skoolure mee besig hou.

Die grootste waarde van Christelike onderwys lê egter in die "produk" wat dit vir die gemeenskap lewer. Leerlinge wat Christelike onderrig ontvang het, oefen altyd 'n positiewe invloed op hulle gemeenskap uit. Hulle staar hulself nie blind teen die onmiddellike omstandighede waarbinne die gemeenskap homself bevind nie, maar sien eerder hoe die Here wil hê die gemeenskap moet lyk. Dit sluit die volgende aspekte in:

- In die arbeidsveld is hulle nie net lojaal, eerlik en betroubaar nie, maar hulle werk hard en openbaar ook 'n goeie werketiek. Dit is die eienskappe wat elke werkgewer van sy werknemers verlang.
- Hulle stel nie net hulle eie behoeftes voorop nie, maar sien ook om na die belange van ander persone in die gemeenskap. Hulle het byvoorbeeld 'n oop hand vir die armes.
- Hulle tree met wysheid op deur sake vanuit 'n normatiewe verwysingsraamwerk te beoordeel. Die mening en oordeel wat hulle lewer, is daarom billik en regverdig.

Leerlinge wat die Bybel as hulle fondament het, is goeie vakmanne, amptenare, professionele mense, sakelui en entrepreneurs. Hulle rig hulle beroepslewe in volgens normatiewe beginsels soos eerlikheid, lankmoedigheid en vergewensgesindheid. Hierdie norme vorm die fondament vir 'n gesonde gemeenskap waarop die gemeenskap goed kan funksioneer.

## Opsomming

*Deur lewende getuies van Jesus Christus te wees, moet leerlinge en onderwysers hulle lig so in die wêreld laat skyn dat ongelowiges dit kan sien en God verheerlik. Die grootste waarde van Christelike onderwys lê in die "produk" wat dit vir die gemeenskap lewer. Leerlinge wat Christelike onderrig ontvang het, oefen altyd 'n positiewe invloed op hulle gemeenskap uit. Hulle staar hulself nie blind teen die onmiddellike omstandighede waarbinne die gemeenskap homself bevind nie, maar sien eerder hoe die Here wil hê die gemeenskap moet lyk.*

## Aspekte ter oorweging

*Beskryf in minder as 120 woorde watter aanslag die sekulêre media op die leerlinge se denke loods en hoe gelowige onderwysers kan optree om nie net hierdie aanslag af te weer nie, maar leerlinge ook toe te rus om voluit hulle roeping in die gemeenskap te kan uitleef.*

# 3.4 Christelike skole is uniek

## Doelwitte

*Christelike skole mag nie wêreldvreemd wees nie, maar moet voluit in die gemeenskap staan. Dit beteken egter nie dat hulle wêreldgelykvormig mag wees nie. Die teendeel is eerder waar. Hulle moet deur hulle doen en late wys dat hulle dinge op 'n eiesoortige manier doen. In hierdie afdeling word gefokus op hoe gelowiges in Christelike skole hulle roeping in gehoorsaamheid aan die Here kan en moet uitleef.*

### 3.4.1 Is die naaste skool noodwendig die beste skool?

Baie Christene is verkeerdelik van oortuiging dat die Here nie regtig omgee oor die klein dingetjies in die lewe nie. Sulke persone sal gereeld eredienste bywoon, hulle maandelikse bydraes gee en selfs getrou Bybelstudie doen, maar as dit by die luister na musiek, die lees van boeke of die kyk na TV-programme kom, is hulle minder daarop ingestel om na die Here se wil in die verband te vra. Ongelukkig val onderwys vir baie Christene in hierdie kategorie. Vir hulle is die naaste skool by wyse van spreke die beste skool. Of jou kind nou in 'n "neutrale" openbare skool of 'n Christelike skool is, die kurrikulum lyk in elk geval min of meer dieselfde, redeneer hulle. In beide instansies moet die leerlinge vanaf Graad 1 leer lees, skryf en reken, en aan die einde van matriek gaan hulle in elk geval presies dieselfde eksamen aflê.

Diegene wat so dink besef nie dat dit wat vir hulle na klein verskilletjies lyk 'n reuse invloed op hulle kinders se denke kan uitoefen nie. Die humanistiese vertrekpunt van 'n skool wat sy leerlinge leer dat alle optrede geregverdig is mits dit nie ander persone benadeel nie, mag op die oog af vir baie ouers soos die Bybelse gebod van naasteliefde lyk, maar dit is beslis nie die geval nie. Waar die gelowige God se gesag oor alle lewensterreine as maatstaf erken, glo die humanis weer in die outonomie van die mens. Hierdie verskil in denke word dalk nie onmiddellik sigbaar in leerlinge se lewens nie, maar die saadjie word stelselmatig geplant om anders te begin dink. Die gevolg daarvan is dat baie gelowiges in hulle latere lewens begin worstel met etiese vraagstukke soos dwelms, voorhuwelikse seks of homoseksuele verhoudings. Hoe kan dit volgens hulle (selfs in die oë van die Here) verkeerd wees as hulle niemand daardeur enige skade berokken nie? Daardeur verhef hulle hulle eie denke bo die gesag van God se Woord.

Die implikasies is duidelik. Leerlinge aanvaar mettertyd die on-Bybelse wyse van denke as waar en reg. Dit is gewoonlik eers later as daar probleme opduik dat ouers

besef dat hulle en hulle kinders nie meer op dieselfde fondament staan nie. Dit was die geval toe ’n klomp Graad 9 leerlinge drank op ’n sporttoer gebruik het. Hulle kon die ontsteltenis van hulle ouers eenvoudig nie begryp nie aangesien hulle optrede niemand enige skade berokken het nie. Ná die insident het een ouer tereg opgemerk: “Ek verstaan nie! Ek het my dogter nie so opgevoed nie.” Die hartseer van die saak is dat hy 100% reg was. Dit was nie hy wat sy kind so opgevoed het nie, maar die kind se skoolgemeenskap wat haar denke so gevorm het. Nooit kon hy voorsien dat dit wat hy as onbelangrik beskou het so ’n groot invloed op haar lewe sou uitgeoefen nie. Die keuse van die regte skool is daarom geen geringe saak nie. In gehoorsaamheid aan die Here moet ouers seker maak dat hulle ’n Christelike skool kies.

### 3.4.2 Christelike onderwys is radikaal

Christelike onderwys is altyd radikaal en sny tot op die been van elke faset van die onderwys. Of dit nou die aanwys van leiers, die personeel se diensvoorwaardes of die bestuur van die skool is, in alles staan God se Woord in die sentrum. Die wyse koning Salomo stel dit treffend in die Spreukeboek as hy skryf dat die beginsel van alle wysheid die vrees van die Here is. Leerlinge kan net rêrig vakke soos Geografie, Wiskunde en Lewenswetenskappe verstaan as hulle dit in die regte verhouding tot God sien. Dit geld ook vir alle ander fasette van hulle opvoeding. Net in Christus maak dissipline waarlik sin of kan mens die besonderse band tussen gelowige onderwysers en hulle leerlinge verstaan. Hierin verskil Christelike skole radikaal van sekulêre skole waar die praktyk, die goeie naam van die skool of die belange van die leerling gewoonlik voorop staan.

Dit beteken nie dat die Christelike skole en hulle onderwysers al die antwoorde het en dat die skole foutloos hulle opvoedingstaak sal verrig nie. Deel van radikaal-wees is juis dat die personeel hulle eie tekorte en gebreke raaksien en besef dat hulle voortdurend moet selfondersoek doen om te verbeter. Christelike skole kan nooit soos sekulêre skole gearriveer voel as hulle besonderse prestasies bereik het nie. Daar lê steeds harde werk vir die skool en sy onderwysers voor om al meer en meer aan God se beeld gelykvormig te word. Elke personeellid moet daarom persoonlik, maar ook gesamentlik, bly besin oor waar die skool nog tekort skiet in sy diens en gehoorsaamheid aan die Here. In die praktyk vertoon die personeel bereidwilligheid om te leer en hulleself verder in die rykdom van God se openbaring te verdiep. ’n Model-onderwyser wat alles van sy of haar vakgebied weet en niks meer hoef te leer nie, word nie in ’n Christelike skool gevind nie.

### 3.4.3 Die plek van Christelike skole

Deur die eeue het gelowiges heelwat besin oor presies wat die plek van Christelike skole is. Baie gelowiges beskou die skool as ’n verlengstuk van die kerk, terwyl ander weer die onderwysers as ’n verlengstuk van die ouerhuis sien. Dan is daar diegene wat glo dat ’n Christelike skool sy eie plek as ’n onafhanklike samelewingsverband het. Om ’n Bybelgefundeerde antwoord op hierdie vraagstuk te verskaf, is nie so eenvoudig nie. Al drie hierdie uitgangspunte bevat elemente waaraan gelowiges gehoorsaam moet wees.

Die kerk het 'n besliste taak ten opsigte van die onderrig en opvoeding van verbondskinders. As geloofsgemeenskap moet lidmate op mekaar se doen en late let. Die opvoeding van kinders is een van die terreine waarop gelowiges mekaar nie net moet ondersteun en bemoedig nie, maar ook mekaar moet vermaan indien nodig. As lidmate byvoorbeeld sou agterkom dat 'n medebroeder en suster die onderrig van hulle kinders verwaarloos of hulle verkeerd opvoed is dit hulle plig om tussenbeide te tree. Veral ouderlinge wat oor die "kudde" waak moet op huisbesoeke hulleself daarvan vergewis of die ouers wel hulle kinders Bybelgetrou opvoed. Dit beteken egter nie dat die kerk skole vir lidmate se kinders moet oprig en bedryf nie. Net soos die kerk nie lewensmaats vir persone wat wil trou kies nie, maar slegs die begronding daarvoor verskaf, moet hulle dit ook ten opsigte van die onderwys doen. Deur goeie woordverkondiging moet die kerk hulle lidmate na behore toerus om hulle verantwoordelikheid in dié verband na te kom.

Volgens die Bybel is gelowige ouers primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders. Gelowige ouers doen daarom moeite om skole vir hulle kinders te stig wat in lyn is met hulle eie geloofsoortuigings. Hulle stel nie net die regte personeel aan nie, maar sien ook toe dat 'n Bybelgefundeerde kurrikulum gevolg word. Dit doen hulle gewoonlik deur 'n bestuur te verkies wat hierdie taak namens hulle verrig. Aangesien die ouers ook verantwoordelik is vir die vergoeding van die personeel gebeur dit soms dat sekere ouers die personeel as hulle werknemers beskou. Sulke ouers dink verkeerdelik dat hulle enige tyd in onderwysers se klaskamers kan instap en voorskryf hoe hulle hulle taak moet verrig. Diegene wat so optree verstaan nie die beeld van 'n liggaam wat as 'n eenheid saam moet funksioneer nie. Die professionele aard en karakter van onderwys vereis juis dat gelowiges iemand uit hulle eie geledere afsonder om met hierdie gespesialiseerde taak besig te wees. Ouers moet wel bly toesig hou of dit wat hulle kinders leer Christelik van aard is. Indien dit nie die geval is nie moet sulke onderwysers op 'n ordelike wyse tot verantwoording geroep word.

Al mag ouers nie aan onderwysers voorskryf hoe hulle hulle taak moet verrig nie, beteken dit nie dat onderwysers maar kan optree soos hulle wil nie. Van gelowige onderwysers word verwag om op 'n gereelde basis verantwoording aan ouers te doen oor die aard en karakter van hulle onderrig, sowel as die individuele vordering van elke leerling. Saam met die ouers moet hulle beraadslaag oor hoe hulle die leerlinge maksimaal vir hulle roeping in die volwasse wêreld kan voorberei. Dit is egter nie aan die ouers alleen wat onderwysers verantwoording moet doen nie. Primêr moet hulle aan God oor hulle doen en late rekenskap gee. Dit mag selfs gebeur dat ouers 'n verkeerde verwagting van onderwysers koester soos om van onderwysers te verwag om die leerlinge op 'n Sondag huiswerk te laat doen of te laat oefen vir 'n wedstryd. In sulke gevalle moet onderwysers dit doen wat reg is deur aan die Here meer as aan die ouers gehoorsaam te wees. Die ideaal is egter dat ouers, onderwysers, en ander gelowiges as 'n eenheid goed saam moet funksioneer om die volgende geslag tot God se eer op te voed.

### 3.4.4 Die uniekheid van Christen-skole in 'n gemeenskap

Leerlinge en onderwysers wat hulleself met die regte dinge besig hou geniet gewoonlik die agting en waardering van die gemeenskap. Die skool waaraan hulle verbonde is handhaaf nie net hoë akademiese standaarde nie, maar die gedrag van die leerlinge en onderwysers getuig ook van toewyding, nederigheid, liefde en selfbeheersing. Die leerlinge betoon respek vir ander persone se eiendom en besittings en maak hulle nie aan dinge soos vandalisme of diefstal skuldig nie. Hulle eerbiedig die goeie naam van ander persone en bly weg van afbrekende gesprekke of skinderveldtogte. Selfs die onderwysers en leerlinge se voorkoms en kleredrag dra 'n sekere boodskap oor.

Leerlinge wat so optree strek God se naam tot eer. Die gemeenskap kan in hulle optrede sien dat hulle anders as die wêreld is en dat dit vir hulle geen las is om die Here te dien nie. Daardeur gee hulle uitvoering aan die apostel Paulus se opdrag dat gelowiges so moet optree dat ander persone God in hulle optrede kan sien en Hom daarvoor verheerlik. In leerlinge se gedissiplineerdheid sien hulle byvoorbeeld iets van God se orde raak en in hulle vriendelikheid iets van die vreugde wat gelowiges ervaar om die Here te dien. Dit is belangrik dat leerlinge in 'n Christelike skool hulle verantwoordelikheid in hierdie verband moet besef en in gehoorsaamheid aan die Here moeite sal doen om die regte beeld na buite uit te leef.

## Opsomming

*Klein verskilletjies in die benadering van 'n skool kan 'n reuse invloed op kinders se denke uitoefen. Die gevolg daarvan is dat baie gelowiges in hulle latere lewens begin worstel met etiese vraagstukke. Christelike skole bied leerlinge die geleentheid om hulleself met die regte dinge besig te hou en 'n Bybelgefundeerde denkpatroon te ontwikkel.*

## Aspekte ter oorweging

*Beskryf in minder as 120 woorde die unieke aard en karakter wat 'n Christelike skool van 'n sekulêre skool sal onderskei. Gee ook voorbeelde hoe hierdie verskille in 'n skool in die praktyk sal realiseer.*

# 3.5 Die vestiging en uitbouing van die Christelike karakter van skole

## Doelwitte

*Elke skool beskik oor sy eiesoortige karakter. Sommige skole word gekenmerk deur hulle besonderse akademiese of sportprestasies. Ander weer deur die geleenthede wat hulle aan leerlinge bied om aan 'n verskeidenheid van aktiwiteite deel te neem. Maar wat kenmerk 'n Christelike skool? In hierdie afdeling word daar gelet op hoe Christelike skole hulle eie karakterstelling kan ontwikkel en hoe hulle dit in die praktyk kan en moet uitleef.*

### 3.5.1 Die noodsaak van 'n Christelike visie

Dit gebeur soms dat ouers, onderwysers en leerlinge so van mekaar verskil dat dit onmoontlik is om op'n gemeenskaplike doelwit te fokus. Sommige ouers en leerlinge mag byvoorbeeld voel dat sekere tradisies, soos dat alle matrikulante baadjies skooltoe moet dra, ouderwets is en daarom gewysig behoort te word, terwyl ander weer oordeel dat dit 'n tradisie is wat nie verbreek mag word nie. Hierdie verskille kan so heftig word dat diegene betrokke selfs weier om met mekaar te praat of mekaar aktief begin teenstaan. Ouers sal byvoorbeeld weier om 'n funksie by te woon as 'n spesifieke persoon dit georganiseer het. Sulke onderlinge konflik kom gewoonlik voor as daar geen gemeenskaplike visie is waarmee die onderwysers, ouers en leerlinge hulle kan vereenselwig nie. In sulke gevalle fokus hulle eerder op hulle eie voor- en afkeure as op die uitbouing van die skool se Christelike karakter.

Sonder 'n duidelik beeld van waaraan die skool glo en waarheen dit op pad is, loop 'n Christelike skool die gevaar om nie net sy fokus te verloor nie, maar ook op allerlei sypaadjies te beland. In sulke gevalle is die Bybel nie meer die objektiewe maatstaf wat almal as 'n eenheid saamsnoer in dieselfde rigting nie, maar hardloop elkeen agter sy eie leier aan. In sy brief aan die Efesiërs skryf die apostel Paulus dat sulke

mense soos golwe is wat doelloos deur elke nuwe dwaling heen en weer geslinger word. In Christelike skole mag sulke dinge nie gebeur nie. Elke betrokkene by die skool moet weet waartoe die Here hom of haar geroep het. Van die Geskiedenis-onderwyser wat aan sy of haar leerlinge die oneindigheid van God op 'n tydlyn verduidelik tot die leerling wat as rentmeester 'n klaskamer netjies agterlaat. Elke aspek van die skool staan in diens van hierdie hoër doel, naamlik om God te eer.

Onthou

*Elke betrokkene by die skool moet weet waartoe die Here hom of haar geroep het.*

### 3.5.2 Die omskrywing van die karakter van 'n Christelike skool

Dit is geweldig belangrik om dit waaraan die skool glo en waarvoor hy staan in eenvoudige en duidelike taal op skrif uiteen te sit. Elke werknemer, leerling en ouer moet presies weet waaraan die skool glo, wat elkeen se taak is en wat van almal betrokke by die skool verwag word. Deur dit te doen, weet almal waarheen hulle op pad is en wat hulle moet doen om hierdie doel te bereik. Dit maak sin om al hierdie punte in 'n karakterstelling uiteen te sit. So 'n karakterstelling of grondslag spreek nie net uit alle betrokke persone se hart nie, maar dit bind ook almal saam tot 'n hegte eenheid.

Christelike skole se karakterstelling kan die volgende drie kernelemente bevat:

- Algemene geloofswaarhede sit aspekte uiteen wat handel oor wie God is, wat Jesus Christus se verlossingswerk beteken en wat die Heilige Gees doen. Dit handel oor die gesag van die Bybel, hoe God vir Homself 'n kerk vergader en die soewereiniteit van God oor alle dinge. Aspekte soos die Here se liefde en genade, maar ook sy heiligheid en regverdigheid kan ook hier beskryf word.
- Die posisie en plek van die mens in God se skepping handel oor aspekte soos die sondige aard van die mens, hoe gelowiges deur Jesus Christus se verdienste aan die kruis hernuwe word en hoe ons nou as verloste mense uit dankbaarheid moet leef. Aspekte soos die mens se roeping en kultuurmandaat kan ook hier omskryf word. Wat die skepping betref, word God as die Skepper, Onderhouer en Regeerder oor alle dinge bely. Alle dinge in die skepping vind hulle sin en samehang in Jesus Christus wat deur die Vader as hoof oor alle dinge aangestel is.
- Die aanvaarding van Jesus Christus se gesag oor die onderwys het weer te make met aspekte soos die Bybelse opdrag om alle leerlinge in die vrese van die Here op te voed en Jesus Christus as die groot leermeester te aanvaar wat ouers en

onderwysers aanstel om sy kinders in sy Naam op te voed. Hier kan ook vermeld word wat die doel van Christelike onderwys en wat die taak van ouers en onderwysers in die verband is. Die wyse waarop Jesus Christus se koningskap in alle vakgebiede na vore moet tree en die voorbeeld wat elke onderwyser aan sy of haar leerlinge moet stel, kan ook beskryf word.

Hierdie punte van die skool se karakterstelling is nie iets wat iewers in die onderwysers se lêers of in die hoof se kantoor geliasseer word nie. Dit is eerder inligting wat in die onderwysers, ouers en leerlinge se harte moet leef. Ouers en hulle kinders moet tuis daaroor met mekaar praat en onderwysers en leerlinge moet saam opgewonde raak as hulle sien hoe die skool se Christelike karakter in alle aktiwiteite na vore tree.

### 3.5.3 Die vestiging en uitdra van die skool se karakter

Die unieke karakter van 'n Christelike skool kom nie vanself tot stand nie. Dit verg deeglike beplanning en harde werk om te vestig. Baie skole en onderwysers maak 'n denkfout deur te verwag dat as die karakterbeskrywing op papier afgehandel is, dit vanself in alle fasette van die skool na vore sal tree. Dit gebeur egter nie vanself nie. Vir 'n skool se karakter om te ontwikkel moet die norme wat hulle bely hulle praktiese uitwerking in die dag-tot-dag funksionering van daardie skool vind. Om byvoorbeeld te bely dat alle mense (ook die leerlinge) van nature sondig is, het verskeie implikasies. Dit beïnvloed nie net die wyse waarop onderwysers na die leerlinge kyk nie, maar ook die verwagtinge wat hulle van die leerlinge sal koester. Hierdie beginsel sal net sy volle deurwerking vind as die onderwysers saam besin oor hoe hulle 'n leerling wat klasse ontwrig gaan hanteer of hoe om 'n leerling wat erg teleurgestel het te ondersteun. As onderwysers sake op 'n normatiewe basis bespreek, word hulle denke daardeur gevorm wat weer 'n direkte invloed op die skool se karakter uitoefen.

Dit is die plig van almal betrokke by die skool, maar in besonder die hoof en sy bestuurspan, om toe te sien dat daar gereelde besinning oor die karakter van die skool moet plaasvind. Norme wat in die skool se karakterbeskrywing opgeneem is, soos dat Christelike onderwys ten doel het om leerlinge vir hulle roeping in die volwasse wêreld voor te berei, kan gedurende oueraande, op personeelvergaderings of met die leerlinge self bespreek word. Hoofde of departementshoofde kan ook persoonlike gesprekke met die personeel voer oor hoe hulle kan meewerk aan die uitbouing van die skool se karakter. Nie net stimuleer sulke gesprekke die personeel se denke nie, dit maak hulle ook sensitief vir die unieke karakter van die skool. Alle formele gesprekke moet verkieslik op die

man af wees en met toepaslike voorbeelde toegelig word. Gebeur dit nie, dan kan dit wees dat die personeel sukkel om die relevansie daarvan in te sien.

Min dinge kan ’n skool se karakter meer ondergrawe as dat hy nie hou by dit wat hy bely nie. ’n Skool wat byvoorbeeld bely dat die Woord van God die bron van alle gesag is, maar dan met personeeldispute nie die weg van Matteus 18 volg nie, maar na ’n wêreldse hof hardloop, verloor onmiddellik alle geloofwaardigheid. Diegene wat so optree trek daardeur ’n streep deur hulle eie en die skool se karakterstelling. Hulle kan nie verwag dat leerlinge opgewonde oor die karakter moet wees as hulle hulleself nie daaraan steur nie. As skole egter in die klein dingetjies (soos om nie fondse deur loterye in te samel nie) gehoorsaam is, wys hulle dat hulle die gesag van God se Woord hoog ag. Sulke optrede gee aan die personeel en leerlinge selfvertroue om volgens hulle karakterstelling te leef. Dan word hulle karakterstelling vir hulle ’n leefwyse waarvolgens hulle hulle doen en late rig.

### 3.5.4 Die uitleef van karakter op alle terreine

Die wyse waarop ’n skool se beheerliggaam of bestuur sy finansies beheer, administratiewe aangeleenthede hanteer of beleid formuleer, vestig ’n sekere standaard wat ’n direkte invloed op die skool se karakter uitoefen. ’n Beheerliggaam wat byvoorbeeld toelaat dat ouers ’n biertuin by die skool bedryf om fondse vir ’n toer in te samel ondermyn daardeur die skool se karakter. Van beheerliggaamslede word eerder verwag om deur hulle persoonlike lewens die norme wat die skool onderskryf uit te leef. As ouers, personeel en leerlinge sien dat hulle nougeset by hierdie norme bly motiveer dit hulle om dieselfde te doen.

Die wyse waarop onderwysers dink en optree sal bepaal hoe skole se Christelike karakter lyk. Veral nuwe onderwysers moet die skool se karakter leer ken en weet hoe hulle dit in die aanbieding van hulle vakke, maar ook in die omgang met die leerlinge, kan uitleef. ’n Mentorskapprogram waarvolgens ’n ervare onderwyser as voog vir ’n beginner optree, kan baie hiermee help. Jong onderwysers leer daardeur nie net wat Christelike skole van sekulêre skole onderskei nie, maar ook hoe om hulle onderrig normatief te begrond. As elke onderwyser (oud en jonk) individueel, maar ook gesamentlik, eienaarskap vir die skool se karakter aanvaar, sal vrug op arbeid sekerlik volg.

Leerlinge moet voortdurend en in alles met die skool se Christelike karakter gekonfronteer word. Dit wat hulle in die klasse leer, die wyse waarop hulle gehanteer word en die entoesiasme waarmee die onderwysers hulle taak verrig, dwing hulle om te besin waaroor dit in die skool, maar ook in die lewe gaan. Hoe meer hulle met die verloop van jare daaroor nadink, hoe meer maak hulle dit hulle eie.

Hulle doen later nie meer dit wat reg is uit vrees vir straf of in nabootsing van hulle ouers en onderwysers nie, maar omdat hulle self daarin glo. As dit gebeur, groei die leerlinge in hulle geloof. Met dankbaarheid teenoor die Here wat die groei gee, kan verwag word dat sulke leerlinge hulle roeping in die wêreld gaan uitleef. Sulke skole kan in nederigheid beleef hoe die skool se karakter praktiese vergestalting in leerlinge se lewens gevind het.

## Onthou

*Leerlinge moet voortdurend en in alles met die skool se Christelike karakter gekonfronteer word.*

## Opsomming

*Vir 'n skool se karakter om te ontwikkel moet die norme wat hulle bely hulle praktiese uitwerking in die dag-tot-dag funksionering van daardie skool vind. Dit is die plig van almal betrokke by die skool, maar in besonder die hoof en sy bestuurspan, om toe te sien dat daar gereelde besinning oor die karakter van die skool moet plaasvind.*

## Aspekte ter oorweging

*Stel 'n lys van punte saam wat na u oordeel belangrik is in die opstelling van 'n Christelike skool se karakterstelling.*

# 3.6 Aspekte van belang in Christelike skole

## Doelwitte

*In Christelike skole gaan dit oor meer as bloot die afhandeling van 'n voorgeskrewe sillabus. Gelowige onderwysers moet hulle leerlinge vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing onderrig om te verseker dat hulle die leerinhoud in die regte konteks sien. In hierdie afdeling word gelet op aspekte waaraan onderwysers in Christelike skole aandag moet skenk om effektiewe onderrig te verseker.*

### 3.6.1 Eenheid in onderrig

Geen Christelike skool funksioneer in isolasie nie. Deur hulle gesamentlike gebondenheid aan Jesus Christus as hulle hoof word hulle ook as ledemate van sy liggaam aan mekaar gebind. In Christelike skole gaan dit nie alleen oor elke skool se eie belang en hoe hy die ander skole kan uit presteer nie, maar ook oor die welwese van ander soortgelyke skole. As een skool mooi groei is almal saam met hom bly, maar as 'n ander weer 'n krisis beleef, deel almal in sy leed. Op sterk gevestigde skole rus 'n besonderse verantwoordelikheid. Dit is hulle taak om die kleiner of pas gestigte skole tot diens te wees deur byvoorbeeld 'n kurrikulum aan hulle te voorsien of om hulle met allerlei administratiewe take te help. Waar moontlik kan gevestigde skole selfs 'n sendingskool "aanneem" en so medeverantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Christelike skole wat dit doen toon daardeur aan hulle leerlinge wat dit beteken om diensbaar teenoor jou naaste te wees.

Die eenheid tussen Christelike skole strek verder as bloot 'n paar hoër- of laerskole wat saamwerk om Christelike onderwys te bevorder. Tussen kleuterskole, laerskole, tegniese skole en universiteite moet daar 'n duidelike lyn loop. Al hierdie instansies onderrig hulle leerlinge of studente, hoewel op verskillende vlakke, aangaande dieselfde waarheid. Net soos kindertjies in die kleuterskool op 'n eenvoudige wyse kan leer dat die Here vir hulle sorg, kan plant- en dierkunde studente tot dieselfde besef kom as hulle sekere organismes onder 'n mikroskoop bestudeer.

Sommige ouers is geneig om te dink dat die onderrig wat hulle kinders op hoërskool ontvang belangriker is as dit wat hulle op laerskool geleer het, of dat tersiêre onderrig weer belangriker as skoolonderrig is. So 'n siening is nie korrek nie. Voor die Here is alle vlakke van onderrig ewe belangrik. In alle onderrig moet leerlinge ooreenkomstig hulle vermoë leer om Jesus Christus as hoof oor alle dinge te erken en hom daarvoor te eerbiedig.

### 3.6.2 Ensiklopedie van kennis

Aangesien alle vakgebiede hulle begronding in Jesus Christus het, moet almal onderling 'n eenheid vorm. Geen vak kan los van hierdie geheel (ensiklopedie van kennis) bestudeer of na behore verstaan word nie. Die Fisika-onderwyser benodig byvoorbeeld woorde (taal) om sekere kragte aan sy of haar leerlinge te verduidelik, of die Geskiedenis-onderwyser moet die seestrome (geografie) ken as hulle ontdekkingsreisigers se verhale aan hulle leerlinge wil oorvertel. Om die beginsel van eenheid in kennis by hulle leerlinge in te skerp, kan laerskoolonderwysers sekere temas behandel. "Die gesin" as tema leen hom byvoorbeeld uitstekend daartoe om alle vakgebiede te betrek. Gedurende poësie-periodes kan gedigte wat oor gesinne handel voorgelees word, terwyl die leerlinge in Geskiedenis weer op die herkoms van hulle gesinne kan let. In Geografie word weer gefokus op die omgewing waarbinne die gesinne woon en in Lewensoriëntering op aspekte wat 'n gelukkige gesin kenmerk. In Christelike skole sal die hand van die Here in al hierdie fasette wat behandel word duidelik na vore tree. Op so 'n wyse leer die leerlinge om die eenheid tussen vakke in Christus raak te sien.

> **Onthou**
>
> *In Christelike skole sal die hand van die Here in al die fasette wat behandel word duidelik na vore tree.*

In Christelike skole mag een vak ook nie bo die ander uitgesonder word nie. Leerlinge se punte in Wiskunde en Wetenskap mag dalk belangrik wees om toelating tot sekere studierigtings te verkry, maar voor die Here is alle aspekte van sy koninkryk ewe belangrik. Dit beteken nie dat leerlinge en hulle onderwysers nie liewer vir sekere studierigtings as ander mag wees nie, maar wel dat hulle nie op ander vakke mag neersien nie. Die Natuurwetenskappe-departement van 'n skool is nie verhewe bo die Ekonomie- of Kunstedepartement nie. Hierdie beginsel geld in besonder ook vir verskillende tipe skole waarheen ouers hulle kinders stuur. Akademiese skole is nie verhewe bo tegniese of landbouskole nie. Diegene wat hulle aan sulke denke skuldig maak, verhef daardeur sekere Godgegewe gawes verkeerdelik bo ander. In Christelike skole mag dit nie gebeur nie.

### 3.6.3 Die verborge kurrikulum

Van onderwysers in Christelike skole word verwag om nie net die voorgeskrewe kurrikulum deur te werk nie, maar ook om aandag aan die sogenaamde "verborge kurrikulum" te skenk. Die verborge kurrikulum sluit alle sake in wat nie in die formele kurrikulum opgeneem is nie, maar tog belangrik is. Dit het byvoorbeeld baie meer opvoedkundige waarde om met die leerlinge oor die dood te gesels as 'n klasmaat onverwags sterf, as wat dit sou hê om gewoon voort te gaan met die afhandeling van die voorgeskrewe kurrikulum. Ander sake wat van tyd tot tyd mag opduik sluit dinge soos natuurrampe, die buitengewone optrede van persone of die herdenking van historiese gebeurtenisse soos die Reformasie in.

Dit is egter nie net sake wat spontaan op die voorgrond tree waaraan onderwysers aandag moet skenk nie. Hulle moet ook bewustelik let op sake wat eie aan Christelike onderwys is. Een so 'n saak is byvoorbeeld die verskillende leerstyle waarvolgens leerlinge studeer. Elke leerling is uniek geskape en het daarom 'n eiesoortige leerstyl. Nie alle leerlinge kan ewe maklik vir 'n periode of twee na 'n onderwyser sit en luister nie. Gelowige onderwysers wat dit besef probeer so vêr as moontlik om alle leerlinge se leerstyle in hulle klasse te akkommodeer. Hulle sal byvoorbeeld bewustelik sekere fisiese kinestetiese aktiwiteite vir leerlinge in hulle lesverloop inbou wat sulke leerlinge se leerstyl akkommodeer.

### 3.6.4 Die gebruik van nie-Christelike onderrigmateriaal

Die noodsaak van 'n Christelike kurrikulum word volledig in Hoofstuk 1 van in hierdie boek bespreek. Hier gaan dit egter nie daaroor nie, maar wel oor of onderwysers in sekere gevalle nie-Christelike handboeke, video's of ander artikels mag gebruik. Baie ouers en onderwysers is van mening dat Christelike skole wel sekulêre bronne mag gebruik mits die onderwysers toesien dat dit in die regte konteks geplaas word. Onderwysers moet byvoorbeeld die leerlinge daarop wys dat seksuele losbandigheid verkeerd is as dit in 'n poësie- of prosastuk sou voorkom. Volgens hierdie siening moet daar 'n openheid in Christelike onderrig wees wat sal keer dat leerling oningelig opgevoed word.

Daar bestaan geen twyfel dat die Here in sy genade ook ongelowiges met besonderse insigte begenadig. Dink maar net aan die werk wat ontwerpers van voertuie en ander toerusting dag vir dag verrig. Daar kan met groot sekerheid gesê word dat die meeste van hierdie persone ongelowig is en tog kan gelowiges met groot vrug daarvan gebruik maak. Dieselfde beginsel geld ook in Christelike skole. Gelowige onderwysers mag beslis in sekere gevalle van woordeboeke, video's en handleidings wat deur ongelowiges geskryf of vervaardig is gebruik maak. Die

vraag is egter nie of onderwysers daarvan gebruik wil maak nie maar eerder wat die doel daarmee is. As die doel van ’n tweetalige woordeboek is om die betekenis van ’n sekere woord in ’n ander taal weer te gee, skep die gebruik van so ’n woordeboek geen probleem nie. Maar as die doel van ’n Christelike skoolhandboeke is om sy leerlinge meer van God se werke te laat sien, is dit dwaas om sekulêre handboeke wat deur ongelowiges geskryf is te gebruik.

### 3.6.5 Aanwending van tegnologie

Daar bestaan geen twyfel dat tegnologiese ontwikkeling ’n direkte invloed op die onderwys uitoefen nie. Rekenaarprogramme maak dit byvoorbeeld moontlik om leerlinge se punte feitlik onmiddellik te verwerk, terwyl nuwe kommunikasienetwerke verseker dat ouers op ’n gereelde grondslag inligting ontvang. Al word sulke tegnologie deur mense ontwikkel is dit die Here wat die moontlikheid daarvoor in sy skepping neergelê het. Gelowiges kan en mag daarom met groot vrymoedigheid daarvan gebruik maak mits dit tot eer van God en tot heil van hulle naaste strek.

Dit laat die vraag ontstaan watter rol tegnologie dan by die onderrig en opvoeding van leerlinge kan en mag speel. In beginsel roep die Here ouers, onderwysers en ander gelowiges en nie tegnologiese middele nie, om sy kinders op te voed. Tegnologie kan wel sekere kennis oor te dra, maar beskik in die reël oor ’n baie beperkte vermoë om die regte gesindhede by leerlinge te kweek. Geen rekenaarprogram of video kan by leerlinge ’n liefde vir die Here en sy Woord kweek soos ’n gemotiveerde gelowige onderwyser nie. Daar is byvoorbeeld ’n groot verskil tussen leerlinge wat na ’n video oor die waarde van goeie higiëne kyk en ’n onderwyser wat dit met passie aan hulle verduidelik. Leerlinge kan in die onderwyser se oë sien hoe hy of sy daaroor voel en hoe die erns daarvan hom of haar aangryp – iets wat geen video in dieselfde mate kan weergee nie.

Dit beteken beslis nie dat gelowige onderwysers nie ook met groot vrug van tegnologie in hulle klasse gebruik kan en mag maak nie. Die internet en ander multimediabronne kan byvoorbeeld leerlinge aan sekere inligting blootstel wat andersins nie moontlik sou wees nie. Hierdie middele mag egter net ter ondersteuning van die onderwyser wees. Die gebruik van tegnologie mag nooit ’n doel op sigself word nie. Onderwysers wat nuwe tegnologie bloot net ter wille van die beeld wat dit uitstraal gebruik mis die kern van Christelike onderwys. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Onderwysers wat weier om tegnologiese hulpmiddels te gebruik misken daardeur die middele wat die Here gee om sy kinders te onderrig. Slegs daardie tegnologie, wat nie die leerlinge se aandag van die Here en sy werke aftrek nie, maar eerder hulle aandag op Hom vestig, kan en moet gebruik word.

## Opsomming

*Van onderwysers in Christelike skole word verwag om nie net die voorgeskrewe kurrikulum op die voorgeskrewe manier deur te werk nie, maar ook om aandag te skenk aan sake wat nie in die formele kurrikulum opgeneem is nie, maar tog belangrik is. Dit is ook die Christelike onderwyser se plig om sy of haar leerlinge met toepaslike onderrigmateriaal en tegnologiese hulpbronne toe te rus sodat hulle dit tot eer van die Here kan aanwend. Geen Christelike skool funksioneer in isolasie nie. Deur hulle gesamentlike gebondenheid aan Jesus Christus as hulle hoof word hulle ook as ledemate van sy liggaam aan mekaar gebind.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na aan hoe jy die aspekte hierbo uiteengesit in jou onderrig na vore laat tree. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

- *Is jy daarop ingestel dat jou vakgebied deel van 'n groter geheel vorm?*
- *Beskik jy oor die vermoë om tegnologie op so 'n wyse aan te wend dat dit 'n sinvolle bydrae lewer in die oordraging van jou leerinhoud?*
- *Doen jy moeite om die regte onderrigmateriaal vir jou leerlinge te kies?*

# 3.7 Die bestuur van Christelike skole

## Doelwitte

*Die belangrike rol wat bestuurders in Christelike onderwys speel word maklik onderskat. Dit is hulle verantwoordelikheid om te verseker dat die personeel en leerlinge na behore toegerus is en oor die nodige middele beskik om Christelike onderwys in die praktyk op alle terreine te laat geskied.*

### 3.7.1 Noodsaak aan normgesentreerde (Christelike) bestuur

Die vermoë om goed te kan bestuur, is ŉ gawe van die Here. In die Bybel lees ons hoe die Here aan persone soos Josef, Daniël en Nehemia die kennis en insig gee om besonderse bestuurstake te verrig. Uit hulle eie krag sou hulle dit nie kon vermag het nie, maar in en deur die werking van die Heilige Gees onderskei hulle hulleself van ander persone. Al bereik hulle baie in die wêreld se oë bly hulle steeds nederig. Hulle weet dat dit God is wat hulle geroep en bekwaam gemaak het om op so ŉ wyse diensbaar in sy koninkryk te wees. Dieselfde gesindheid moet vandag steeds in gelowige bestuurders se harte leef. Sulke bestuurders weet dat hulle deur God as instrumente in sy hand gebruik word om sy wil te volvoer. Hulle stel nie hulle eie eer voorop nie, maar vra in gehoorsaamheid na die wil van Hom wat hulle gestuur het.

In Christelike skole bestaan daar altyd ŉ behoefte aan bekwame, roepinggedrewe personeel, veral skoolhoofde, vakhoofde en departementshoofde. Sulke persone het gewoonlik ŉ duidelike Bybelgefundeerde visie waaraan alle prosedures, beleid en organisatoriese strukture getoets word. Alle aktiwiteite by die skool moet in lyn met hierdie visie wees, sodat dit ŉ bydrae in die uitbouing van die skool se Christelike karakter kan lewer. Van die handboeke wat die leerlinge gebruik tot die liedjies wat hulle in ŉ skoolkonsert sing moet alles getuig van dit wat waar en reg is. Sulke bestuurders se visie leef in hulle skoolgemeenskap se harte. Die personeel, ouers en leerlinge werk gevolglik saam om die skool op Bybelse norme te bou. Hulle laat hulleself nie deur wêreldse sienings mislei nie, maar groei saam in kennis van en gehoorsaamheid aan die Here. Sulke bestuurders is ŉ seën van die Here.

### 3.7.2 Eienskappe van Christelike bestuurders

> **Onthou**
>
> *Die vermoë om goed te kan bestuur, is 'n gawe van die Here.*

Om leiding in 'n Christelike skool te neem is 'n groot verantwoordelikheid. Nie alle persone beskik oor die nodige gawes om as skoolhoof, vakhoof of departementshoof leiding aan die personeel en leerlinge te gee nie. Die Bybel waarsku immers dat diegene wat leiersfigure wil wees nie net oor hulle eie optrede verantwoording sal moet doen nie, maar ook oor dié van hulle volgelinge. Bestuurders wat dit besef, verrig hulle taak in biddende afhanklikheid aan die Here. Hulle bid vir hulleself, maar ook vir hulle volgelinge. Hulle vra vir wysheid en insig sodat hulle nie die saak van die Here skade sal berokken nie, maar eerder sy trou, liefde en reg aan almal sal bedien. As gesagsdraers van Jesus Christus tree hulle met goddelike outoriteit op. Die skoolhoof mag daarom 'n juffrou oor haar kleredrag aanspreek of die vakhoof mag onderwysers vermaan wat hulle werk afskeep.

Goeie bestuurders slaag daarin om die skool se visie in die personeel en leerlinge se harte te laat leef. Deur individuele gesprekke en gestruktureerde toerustingsessies maak die personeel en leerlinge nie net die visie hulle eie nie, maar help hulle ook om die skool se Christelike karakter te vestig en verder uit te bou. Geskiedenisonderwysers sal byvoorbeeld onder leiding van die geesteswetenskappe-vakhoof saam vergader om te besin oor watter Bybelse norme in die geskiedenis na vore tree en hoe hulle dit aan die leerlinge kan onderrig. 'n Goeie vakhoof wil graag hê dat sy of haar personeel meer van die Here se hand in hulle vakgebiede moet leer sodat hulle weer hierdie kennis aan die leerlinge kan oordra. Waar nodig stimuleer hulle die personeel en leerlinge se denke deur kritiese vrae te vra. 'n Skoolhoof sal byvoorbeeld by die personeel wil weet of hulle dink dat dit reg is as die matrikulante "40 days" vier. Deur sulke en ander soortgelyke vrae te vra, hou hulle die personeel gefokus op die skool se Christelike karakter. Hulle soek geen erkenning vir hulle eie optrede nie, maar staan eerder dankbaar teenoor die Here vir die groei wat die Here in hulle eie en ander gelowiges se lewens bewerk.

### 3.7.3 Die skep van 'n Christus-gesentreerde leeromgewing

Om ruimte te skep waarbinne die personeel en leerlinge kan groei in kennis van en vertroue op die Here, kom nie vanself nie. Gelowige bestuurders moet doelbewus daaraan aandag gee deur onder meer die volgende te doen:

- Om aan personeel en leerlinge te demonstreer dat hulle self in ’n persoonlike lewendige verhouding met God leef. Dit wat God in en deur sy Woord openbaar bepaal en rig hulle lewens. Sulke bestuurders ken hulle eie gebrokenheid, besef dat hulle alleen uit loutere genade verlossing in Jesus Christus ontvang het en leef daarom ’n lewe van dankbaarheid tot eer van die Here.
- Om deur hulle eie doen en late die Bybelse norme wat die skool onderskryf in die praktyk uit te leef. Leerlinge moet in hulle bestuurders se optrede kan sien hoe norme soos nederigheid, pligsgetrouheid, eerlikheid en regverdigheid hulle alledaagse lewens rig. Dit help byvoorbeeld nie as skoolhoofde van die personeel verwag om die leerlinge met respek te behandel, maar self geen respek vir die administratiewe personeel toon nie.
- Deur die regte verhoudings met personeel en leerlinge te vestig. Die personeel moet byvoorbeeld besef dat hulle Jesus Christus se gesag bedien en hulle daarom eerbiedig moet word. Dit beteken nie dat hulle misbruik van hulle posisie mag maak nie. Hulle moet eerder daarna streef om soos Jesus Christus diensbaar te wees. Waar nodig moet hulle egter ferm optree sonder om alles te probeer reguleer.
- Deur aan leerlinge en personeel die geleentheid tot geestelike groei te bied. Dit waarmee die personeel en leerlinge hulleself besig hou getuig daarvan dat dit uit liefde vir Christus geskied en nie net uit lojaliteit aan die bestuurder nie. Goeie bestuurders sal toesien dat hulle self al minder word sodat Jesus Christus se heerskappy oor alle dinge al meer op die voorgrond kan tree.

In Christelike skole waar bestuurders ruimte vir die uitleef van hierdie aspekte skep kan personeel met vrymoedigheid hulle Christelike geloofsoortuigings uitleef. Vir hulle is daar geen dualistiese uitkyk op die lewe nie. Geloof in Jesus Christus is tereg vir elkeen wat in Hom glo die ware lewe.

### 3.7.4 Bestuurstake van Christelike skoolhoofde

’n Skoolhoof is die uitvoerende beampte wat deur die ouers aangestel word om namens hulle te verseker dat hulle kinders in die vrese van die Here onderrig word. Die missie wat die skool se beheerraad (as verteenwoordigers van die ouergemeenskap) daarstel moet deur hom of haar in praktyk uitgevoer en waargemaak word. Dit is byvoorbeeld sy of haar taak om toe te sien dat die personeel nie sekulêre lewens- en

> **Onthou**
>
> *’n Dienende karakter is eie aan Christelike skoolhoofde.*

wêreldbeskouings aan die leerlinge voorhou, of die Christelike karakter van die onderrig stelselmatig afwater nie. Die skoolhoof moet ook die skool so struktureer dat die beheerraad effektiewe kontrole kan uitoefen en ingeligte besluite kan neem. Dit is byvoorbeeld sy of haar taak om die beheerraad in te lig as 'n nuut-aangestelde personeellid sukkel om by die Christelike karakter van die skool in te skakel. As die skool se beheerraad oor die nodige inligting beskik kan hulle 'n toepaslike program saamstel om, waar nodig, ondersteuning te bied.

Wat die personeel, leerlinge en ouers betref is dit die skoolhoof se taak om hulle as 'n eenheid saam te laat funksioneer. Almal betrokke weet presies wat die skool poog om te bereik en wat sy of haar kritiese bydrae in die verband is. Van die faktotum wat die skool se tuine versorg tot die ouer wat leerlinge tydens 'n uitstappie vervoer, sien dit as 'n belangrike bousteen in die leerlinge se karaktervorming. 'n Goeie skoolhoof maak tyd om met sy of haar personeel, ouers en leerlinge oor dit wat daar in hulle gemoed leef te gesels. Dit stel hom of haar in staat om die regte normatiewe leiding te verskaf. Diegene wat sien dat die skoolhoof hulle belange op die hart dra, sal graag na sy of haar advies luister, terwyl die advies van skoolhoofde wat net aan hulle eie eer dink, min of geen impak sal hê. 'n Dienende karakter is eie aan Christelike skoolhoofde.

### 3.7.4 Bestuurstake van Christelike vak- en departementshoofde

Vak- en departementshoofde se aandag is weer meer gefokus op 'n spesifieke onderafdeling van die skool. Die departementshoof vir opvoedkundige leiding sal byvoorbeeld toesien dat die leerlinge ooreenkomstig hulle talente die regte vakkeuses maak. Al is hulle verantwoordelik vir 'n spesifieke deel van die leerlinge se opvoeding mag dit nooit los staan van die oorkoepelende doel van Christelike onderwys nie. 'n Departementshoof vir buitekurrikulêre aangeleenthede mag byvoorbeeld nie die skool se akademiese program deur sy of haar optrede skade berokken nie. Goeie kommunikasie tussen vak- en departementshoofde onderling is daarom van kardinale belang. Dit demoraliseer personeel as hulle teenstrydige boodskappe van hulle vak- of departementshoof ontvang. Dit help byvoorbeeld nie een vakhoof vereis goeie dissipline van sy of haar personeel terwyl 'n ander vakhoof weer 'n "laat maar gaan" benadering volg nie.

Dit is vak- en departementshoofde se plig om hulle onderskeie afdelings as 'n span saam te snoer. Onder hulle leiding moet die personeel besin oor hoe hulle die skool se Christelike visie in praktyk kan uitleef. Onderwysers moet byvoorbeeld weet wat die doel van 'n voogperiode is en hoe hulle dit kan gebruik om die skool se visie vir leerlinge te laat leef. Vak- en departementshoofde moet deurlopend hulle personeel inspireer om te volhard in Christelik-gefundeerde onderrig. Alledaagse uitdagings

soos werkdruk, moeilike leerlinge en departementele vereistes kan die personeel in so 'n mate oorweldig dat hulle moed verloor. Dit is in sulke tye dat leiersfigure in wysheid moet optree. Deur die regte leiding op die regte wyse aan die personeel te gee, kan hulle die personeel help om verby dit alles te kyk en eerder op die ryk beloftes wat God in sy Woord gee te let.

## Opsomming

*Bestuurders in Christelike onderwys se Bybelgefundeerde visie moet leef in die harte van hulle skoolgemeenskap. Die Bybel waarsku immers dat diegene wat leiersfigure wil wees nie net oor hulle eie optrede verantwoording sal moet doen nie, maar ook oor dié van hulle volgelinge. Bestuurders wat dit besef, verrig hulle taak in biddende afhanklikheid aan die Here.*

## Aspekte ter oorweging

*Besin en bespreek die volgende punte met mekaar:*

1. *Wat kan skoolhoofde doen om die personeel van 'n Christelike skool as 'n eenheid saam te laat funksioneer?*
2. *Hoe kan vak- en departementshoofde nuut-aangestelde personeel help om by die unieke karakter van 'n Christelike skool in te skakel?*

# 3.8 Christelike onderwysers in openbare skole

## Doelwitte

*Wat is die taak van onderwysers wat as Christene onderrig in sekulêre skole gee? Hierdie afdeling fokus op die taak van gelowige onderwysers wat in sekulêre skole onderrig gee en wat hulle kan en moet doen om steeds hulle roeping in gehoorsaamheid te bly uitleef.*

### 3.8.1 Openbare skole

Die oorgrote meerderheid ouers stuur hulle kinders na openbare skole om daar opgevoed en onderrig te word. In baie gevalle voer sulke skole aan dat hulle Christelik is. As bewys voer hulle aan dat hulle die skooldag met Skriflesing begin en met gebed afsluit. Enkele openbare skole skep selfs ruimte vir ’n Bybelonderrigperiode of bied aan predikante die geleentheid om tydens ’n voogperiode met die leerlinge oor morele kwessies te gesels. Hoewel gelowige ouers en onderwysers dankbaar moet wees vir elke geleentheid wat leerlinge ontvang om onder die geklank van God se Woord te kom, moet hulle besef dat sulke aktiwiteite, hoe mooi dit ook al mag wees, nie genoeg is om leerlinge Christelik op te voed nie.

Christelike onderwys gaan oor veel meer as dit. Elke aktiwiteit of handeling by die skool moet op Bybelse norme begrond word. God se wil is deurslaggewend by die aanstelling van personeel, by die behandeling van leerinhoud en selfs by die aanbieding van buitemuurse aktiwiteite. Die aard en wese van openbare skole maak dit vir sulke skole onmoontlik om hulleself ten volle met Christelike onderwys besig te hou. Openbare skole as staatsinstellings is immers in die eerste plek in diens van die owerheid en nie van die ouers van leerlinge nie.

Tereg ontstaan die vraag of gelowige onderwysers dan hoegenaamd by ’n openbare skool werksaam kan wees. Is hulle nie ongehoorsaam aan die Here as hulle deur hulle arbeid sulke skole help opbou en funksioneer nie? Wat van

openbare skole wat hulleself nie as Christelik sien en wat onderwysers selfs verbied om met die leerlinge oor God en sy Woord te praat? Kan gelowige onderwysers hulle roeping in sulke skole steeds bly uitleef? Die antwoord op hierdie en ander soortgelyke vrae is volgens die Bybel positief. Net soos Bybelse figure soos Josef of Daniël hulle dagtake in sekulêre (selfs goddelose) omstandighede kon verrig, moet gelowige onderwysers in wêreldse skole dit ook doen. Op sulke onderwysers rus daar egter 'n groot verantwoordelikheid om hulle geloof nie te versaak nie, maar deur hulle optrede juis die beeld van Jesus Christus aan hulle leerlinge en kollegas te vertoon.

### 3.8.2 Die onderwyser as beelddraer van Christus

Gelowige onderwysers in 'n openbare skool moet besef dat hulle optrede dalk die enigste bron is waarvolgens die leerlinge die Here kan leer ken. As hulle egter wêrelds dink en optree sal hulle geen vormende invloed op hulle leerlinge kan uitoefen nie. Dan is hulle soos sout wat laf geword het. Dit deug vir niks anders as om buite op die straat gegooi en deur die mense vertrap te word nie.

Christelike onderwysers wat hulle taak egter as roeping sien en uitleef, gee weer smaak aan hulle kollegas en die leerlinge se leefwêreld. Dit kan hulle doen deur onder meer soos volg op te tree:

- Hulle openbaar deurgaans 'n goeie werketiek. Om te werk is vir hulle geen straf nie, maar 'n vreugde. Hulle is deeglik voorbereid vir elke les en doen binne sowel as buite die klas meer as dit wat van hulle verwag word. Kollegas en leerlinge kan in hulle optrede sien dat hulle nie werk vir 'n salaristjek aan die einde van die maand nie, maar dat hulle deur 'n dieper motief besiel en gedryf word. Sulke onderwysers maak 'n verskil in ander persone se lewens.
- Die verhoudinge waarbinne hulle staan, is opbouend van aard. Hulle weerhou hulleself daarvan om ander persone agteraf te beskinder of hulle goeie naam te beswadder. Die wyse waarop hulle met minderes (leerlinge), gelykes (kollegas) en meerderes (die skoolbestuur) omgaan, getuig van eerlikheid, opregtheid en nederigheid. Almal met wie hulle te make kry, kan sien dat hulle nie hulle eie belange voorop stel nie, maar dat hulle eerder dit bedink wat regverdig, rein, lieflik en loflik is.
- Die wyse waarop gelowige onderwysers hulle leerinhoud onderrig, dra ook 'n sekere boodskap of getuienis oor. Dit maak byvoorbeeld 'n groot indruk op leerlinge as die Lewenswetenskappe-onderwyser hom- of haarself verwonder oor die prag en grootsheid van dit wat hulle behandel. Sonder dat die onderwyser 'n verduideliking hoef te gee, kom die leerling tot die besef dat

die organismes wat hulle bestudeer nie vanuit hulleself so kon ontwikkel het nie. Daar moet iets of iemand groter wees wat alles so kunstig gemaak het.

Onderwysers wat so optree is soos 'n lig op 'n staander waarvan die lig nie weggesteek kan word nie. Deur hulle optrede wys hulle dat hulle van die wêreld verskil. Hulle kollegas, die leerlinge en selfs die ouers kan nie anders as om dit raak te sien en deur hulle optrede aangespreek te word nie.

Onthou

*Op onderwysers in sekulêre skole rus daar 'n groot verantwoordelikheid om hulle geloof nie te versaak nie, maar deur hulle optrede juis die beeld van Jesus Christus aan hulle leerlinge en kollegas te vertoon.*

### 3.8.3 Gelowiges daag die leerlinge en hulle kollegas uit om dieper te dink

Die leerinhoud wat behandel word is altyd in 'n bepaalde waardesisteem ingebed. Deur aan die leerlinge sekere kritiese vrae te stel, kan die onderwyser die sekulêre waardestelsel uitdaag en die leerlinge help om krities na hulle eie oortuigings te kyk. Die aanbieding van Geskiedenis leen hom uitstekend daartoe. Konflikte tussen groepe of lande word byvoorbeeld altyd eensydig vanuit 'n sekere gesigspunt belig sonder om daardie gesigspunt krities te bevraagteken. Is dit reg om vir die leerlinge 'n beeld voor te hou dat die Franse Revolusie net positiewe gevolge ingehou het of dat die Geallieerde magte net eerbaar in die Tweede Wêreldoorlog opgetree het? Hierdie en ander soortgelyke vrae kan leerlinge help om te besef dat daar 'n objektiewe maatstaf moet wees om te bepaal watter optrede reg en watter verkeerd is. Hierdie maatstaf moet egter bo die mens verhewe wees aangesien die mens van nature geneig is om eensydig sake vanuit sy eie gesigspunt te beskou.

Die wyse waarop sekere aktiwiteite by die skool aangebied word of die onderrig plaasvind, moet ook krities bevraagteken word. Skole se meriete-aande fokus byvoorbeeld in die reël net op leerlinge wat baie talente ontvang het, en dus goed presteer. Is dit geregverdig? Wat van die leerling wat min gawes ontvang het maar net so hard gewerk het om 'n gemiddeld van 50% te behaal? Is dit reg dat die een leerling al die eer ontvang en die ander geen erkenning kry nie? Soortgelyke vrae kan ook gevra word oor die aanwending van leiers, die voorgeskrewe boeke wat behandel word of die wyse waarop die skool fondse insamel. Deur die regte vrae te vra, kan gelowige onderwysers hulle kollegas se verkeerde denkwyse op 'n diplomatiese manier uitwys. Dit moet egter altyd op so 'n wyse geskied dat dit nie meerderwaardig of eiegeregtig oorkom nie. Die doel is immers om diegene wat anders dink vir die waarheid te wen en nie om hulle op die vingers te raps nie.

### 3.8.4 Gelowige onderwyser moet ’n bastion vir die goeie wees

Gelowige onderwysers wat werksaam is in openbare skole moet deur hulle doen en late ’n positiewe invloed in die samelewing uitoefen. Net soos die werk van ’n Josef en Daniël vir hulle leefwêreld tot voordeel gestrek het, moet gelowige onderwysers dit ook doen. Deur ’n goeie opvoeding aan die leerlinge te gee stuur onderwysers byvoorbeeld jongmense wat afgeronde landsburgers is die samelewing in. Sulke mense het geleer wat dit beteken om eerlik, lojaal, hardwerkend en respekvol teenoor ander persone op te tree. Selfs al ken hulle nie die Here nie, kan hulle op grond van dit wat hulle op skool geleer het in ’n sekere mate tussen reg en verkeerd onderskei. Vir sulke leerlinge bly daardie onderwyser ’n navolgenswaardige rolmodel wat hulle lewens ten goede gevorm het. Dit mag selfs gebeur dat hulle in hulle latere lewens begin besin oor dit wat hulle uit die onderwyser se voorbeeld geleer het en op so ’n wyse tot geloof kom.

Wat wel waar is, is dat ongelowiges respek vir gelowiges ontwikkel as hulle deur hulle optrede toon dat hulle anders is as die wêreld wat net eie belange vooropstel. Dit was die geval toe koning Darius God verheerlik het nadat hy die vrug van geloof in Daniël se lewe gesien het. En net soos koning Darius God verheerlik het op grond van Daniël se optrede kan dit ook gebeur dat leerlinge wat die vrug van geloof in hulle onderwysers se lewens sien God daarvoor verheerlik. Onthou, God gee die geloof aan dié wie Hy roep, soos Hy wil. Gelowige onderwysers is slegs instrumente in sy hand wat Hy gebruik na sy eie goeddunke. Hierdie wete bring rustigheid vir elke onderwyser wat God se beeld aan sy of haar leerlinge moet vertoon.

### 3.8.5 Gelowige onderwysers ondersteun gelowige leerlinge

Daar is ’n wesenlike verskil tussen gelowige onderwysers en leerlinge in ’n openbare skool. Waar ’n onderwyser daar is om te onderrig, is ’n leerling daar om onderrig te ontvang. Gelowige leerlinge gaan anders as onderwysers nie primêr skool toe om God se wonderdade te verkondig nie, maar eerder om by hulle onderwysers te leer. Buitendien maak dit nie sin om van ’n leerling te verwag om die sekulêre onderstrome raak te sien en aan onderwysers leiding in die verband te gee nie. Die Here maak dit duidelik in sy Woord dat Hy alleen die Een is wat onderrig. Daarom kan ongelowige onderwysers nie gelowige ouers se kinders onderrig nie. Nie in Wiskunde, Kuns, Geskiedenis of enige ander vak nie. Elke vak moet getuig van God se eer. Wie nie by magte is om dit aan die leerlinge te verkondig nie, kan nie toegelaat word om gelowige kinders op te voed nie.

In die praktyk is daar egter dikwels heelwat leerlinge uit gelowige ouerhuise wat in openbare skole beland. Gelowige onderwysers het ’n besonderse verantwoordelikheid teenoor hierdie leerlinge en hulle ouers. Sover moontlik moet dwalings wat na vore kom uitgewys word sodat ouers dit tuis kan regstel. Ouers moet byvoorbeeld kennis daarvan dra as hulle kinders geleer word om op ’n materialistiese wyse na die ekonomie te kyk of dat hulle dogters feministies opgevoed word. Gelowige onderwysers moet ook aan die leerlinge ’n veilige hawe bied waar hulle al hulle kwelvrae met hom of haar kan kom bespreek. Dit beteken geweldig baie vir ’n leerling wat soms deur maats of onderwysers oor hulle geloof verguis word as hulle by ’n volwasse persoon vertroosting kan vind of bemoedig kan word om staande te bly in die geloof.

## Opsomming

*Deur aan die leerlinge sekere kritiese vrae te stel, kan die onderwyser die sekulêre waardestelsel uitdaag en die leerlinge help om krities na hulle eie oortuigings te kyk. Gelowige onderwysers in openbare skole moet deur hulle doen en late ’n positiewe invloed in die samelewing uitoefen.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na oor die rol van gelowige onderwysers in openbare skole. Hoe kan sulke onderwysers steeds hulle roeping bly uitleef?*

- *Hoe moet gelowige onderwysers dissipline toepas sodat hulle daardeur ’n sekere boodskap aan die leerlinge oordra?*
- *Hoe moet ’n gelowige onderwyser ’n leerling in ’n openbare skool antwoord wat sê dat godsdiens tuis en nie by die skool tuishoort nie?*
- *Wat kan ’n gelowige onderwyser ’n kollega antwoord wat vra dat hy of sy aan ’n multireligieuse oefening moet deelneem?*

# 3.9 Onderwysers in sendingskole

## Doelwitte

*Om 'n onderwyser in 'n sendingskool te wees is nie maklik nie. Van sulke onderwysers word verwag om bo en behalwe hulle onderrig ook die evangelie te verkondig. In hierdie afdeling word gefokus op onderwysers se taak en uitdagings in sendingskole.*

### 3.9.1 Die begronding van sendingskole

Die invloed wat sendingskole op 'n gemeenskap uitoefen, kan geweldig wees. So word byvoorbeeld beweer dat die meeste lande in Suid-Amerika hoofsaaklik Rooms is aangesien die Rooms-Katolieke Kerk in daardie lande 'n groot hoeveelheid sendingskole opgerig het. Ander kerke en sendinggenootskappe het weer skole reg oor Afrika en Asië opgerig. Van hierdie skole het nie net 'n groot rol gespeel in die akademiese vorming van hulle leerlinge nie, maar ook 'n wesenlike bydrae gelewer tot die kerstening van verskeie gemeenskappe. Bekende staatshoofde soos Nelson Mandela (in Qunu) en Thabo Mbeki (in Lovedale) is maar enkele bekende persone wat hulle skoolonderrig in sulke skole ontvang het. Dit is te verstane dat hierdie skole 'n invloed op hulle vorming en daardeur ook op die samelewing uitgeoefen het.

Sendingskole het nie alleen ten doel om aan leerlinge 'n goeie skoolopleiding te verskaf nie, maar ook om die evangelie aan hulle te verkondig. Soos sendingwerkers in hulle eie reg, doen die onderwysers dit saam met en ter ondersteuning van diegene wat in die sendingveld werksaam is. Sendingskole vind hulle begronding in die verlengde van die sendingopdrag waar Christus aan sy dissipels die opdrag gee om die evangelie aan alle volke en nasies te gaan verkondig.

## Onthou

*Die invloed wat sendingskole op 'n gemeenskap uitoefen, kan geweldig wees.*

’n Belangrike deel van hierdie opdrag is dat die bekeerlinge geleer moet word om alles te onderhou wat God hulle in sy Woord geleer het. Hierdie opdrag geld nie net vir volwassenes nie, maar ook vir hulle kinders. Diegene wat tot geloof gekom het moet nie net van God se verlossingsdade leer nie, maar ook van sy koningskap oor alle lewensterreine. Dit is presies waarmee sendingskole dag vir dag besig moet wees. Van jongs af leer hulle die leerlinge om God se hand nie net in alles raak te sien nie, maar Hom ook in alles te gehoorsaam.

Baie keer bestaan die oortuiging dat sendingskole net in die afgesonderde uithoeke van die wêreld gestig kan word. So ’n siening neem nie in ag dat daar ook ongelowige persone in jou onmiddellike gemeenskap kan wees nie. Dit is hulle wat bitter min of niks van God en sy Woord weet of wil weet. Vanuit die sendingopdrag is dit duidelik dat sendingwerk in die eerste plek by hierdie persone moet begin. In praktyk kan en moet sendingskole ook vir eie volksgenote of kinders in die woonbuurt opgerig word. Veral ouers wat in swak sosio-ekonomiese toestande leef het gewoonlik ’n dringende behoefte aan kwaliteit-onderrig vir hulle kinders. Dit laat die ruimte vir gemeentes om sendingskole op te rig ter ondersteuning van hulle eie sendingaksies in die gemeenskap. Onderwysers in bestaande Christelike skole moet hulle kollegas in sulke skole ondersteun deur ’n Christelike kurrikulum aan hulle te verskaf, personeel te help begelei of selfs, waar moontlik, hulpbronne te deel. Op so ’n wyse kan gelowige leerlinge van jongs af sien wat dit beteken om nie net ’n hart vir die uitdra van die evangelie te hê nie, maar om ook aktief daarby betrokke te wees.

### 3.9.2 Onderwysers se taak

Op onderwysers wat geroepe voel om in sendingskole te onderrig rus ’n groot verantwoordelikheid. Buiten hulle taak om die leerlinge akademies goed te onderlê, moet hulle ook aan die volgende twee aspekte aandag gee:

- Uitreik na die gemeenskap: Die wyse waarop die skool bedryf word moet van so ’n aard wees dat alle ouers, ook ongelowiges, graag hulle kinders by so ’n skool sal wil inskryf. As die onderwysers deur hulle optrede wys dat hulle doen wat reg is dra dit ’n sekere boodskap aan die gemeenskap oor. Ouers weet byvoorbeeld dat hulle kinders nie net ’n hoë standaard onderrig gaan ontvang nie, maar ook menswaardig behandel sal word. Deur die skool en sy personeel se optrede sien hulle wat dit beteken om ’n Christen te wees. Ouers kom byvoorbeeld agter dat die skool nie daarop ingestel is om finansieel ’n wins te maak nie, maar dat hy eerder ’n dienende karakter het.

  Deur ’n oop toelatingsbeleid te volg skep baie sendingskole vir hulleself die geleentheid om toegang tot ’n gemeenskap te verkry: Die positiewe gesindheid

wat teenoor die sendingskool in 'n gemeenskap heers spoel oor na die formele sendingwerk wat daar verrig word. Die ruimte word daardeur geskep om potensiële sendingmoontlikhede te identifiseer wat later opgevolg kan word. In praktyk sal ouers wat die vrug van die skool se opvoeding in hulle kinders se lewens sien en beleef baie meer ontvanklik wees om 'n sendingwerker toegang tot hulle huise te verleen.

- Voorbeeld wees: Sendingskole moet dit wees wat hulle voorgee om te wees; onbeskaamd Christelik. Daar kan nie ter wille van diegene wat sensitief oor hulle eie oortuigings mag wees weggedoen word met die skool se Christelike identiteit nie. Leerlinge moet eerder sien wat dit beteken om as gelowiges ten volle uit die geloof te leef. Daarom is dinge soos die opening van 'n skooldag met Skriflesing en gebed, die sing van psalms en ander gewyde liedere en formele Bybelonderrig geen opsie nie. Ouers wat hulle kinders na 'n sendingskool stuur moet deeglik daarvan bewus wees dat hulle kinders in alle fasette van die skool aan 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing blootgestel gaan word.

> **Onthou**
>
> *Dit wat die leerlinge in teorie leer, moet hulle ook in hulle onderwysers se lewens kan sien.*

  Om leerlinge meer van die Here te vertel, is nie net die taak vir Bybelkunde-onderwysers nie. Soos reeds bespreek moet elke onderwyser dit wat die Here in sy vakgebied openbaar aan die leerlinge bekend maak. Die leerlinge moet leer dat God deur Jesus Christus hulle nie net verlos van hulle sondige bestaan nie, maar dat Hy ook as hulle koning oor alle lewens-terreine heers. Dit wat die leerlinge in teorie leer, moet hulle ook in hulle onderwysers se lewens kan sien. Hulle moet kan sien dat geloof nie bloot 'n bysaak vir gelowiges is nie, maar dat dit hulle lewens rig. Vir onderwysers wat so uit die geloof leef is dit nie moeite om leerlinge se kwelvrae oor die geloof te beantwoord of hulle kennis met die leerlinge te deel nie. Vir hulle is dit eerder 'n vreugde om met leerlinge oor die roemryke dade van die Here te gesels.

### 3.9.3 Kulturele sensitiwiteit

In baie gevalle deel onderwysers en leerlinge van sendingskole nie dieselfde kulturele agtergrond nie. Hulle sal byvoorbeeld nie dieselfde taal praat nie of verskillende gebruike en gewoontes handhaaf. Dit kan baie maklik gebeur dat die onderwyser sonder om dit eers te besef neersien op hulle leerlinge se kultuur. Ook in 'n sendingskool mag dit nie die geval wees nie. Kulturele gewoontes of gebruike,

soos die dra van skooluniforms of 'n bepaalde aanspreekvorm vir onderwysers, mag nie tot 'n beginsel verhef word nie. As dit wel gebeur, ondermyn dit die gesag van die Woord aangesien leerlinge moet leer om slegs die Bybelse norme te gehoorsaam. Wat leerlinge wel moet weet is hoe om hierdie norme in hulle eie kulturele konteks toe te pas. Seuns moet byvoorbeeld leer om dogters (vroue) te respekteer. Hoe dit gedoen moet word mag heel moontlik van gemeenskap tot gemeenskap verskil.

Dit is belangrik dat onderwysers in sendingskole moet besef dat die sendingopdrag 'n "gaan-opdrag" is. Dit impliseer dat onderwysers die onderrig wat hulle gee moet aanpas by die kulturele omstandighede van die leerlinge. Dit maak byvoorbeeld geen sin as onderwysers nie Afrika-geskiedenis nie, maar Europese geskiedenis behandel as die leerlinge in Afrika woon. Wat onderwysers wel aan die leerlinge moet leer is hoe om hulle eie kulturele goedere aan die hand van God se Woord te toets. Dan leer die leerlinge om te onderskei tussen dit wat goed en dit wat sleg is. Onderwysers wat dit doen rus hulle leerlinge toe om 'n "sout" en 'n "lig" in hulle eie gemeenskappe te wees. Ongelukkig gebeur dit te veel dat die knap leerlinge ná matriek verder in die sendingwerkers se lande van herkoms gaan studeer, net om nooit weer terug te keer nie. In sulke gevalle gaan die bydrae wat hierdie persone moes lewer om die gemeenskap te reformeer, helaas verlore.

### 3.9.4 Voorbereiding van onderwysers vir hulle taak

Diegene wat dink dat onderwys in sendingskole minderwaardig is en dat ongeskoolde persone maar die taak kan verrig, begaan 'n groot denkfout. Dit verg eerder 'n besonder goed toegeruste onderwyser om hierdie taak te kan verrig. Sulke onderwysers moet bo en behalwe hulle onderwyskundige kwalifikasies ook moeite doen om hulleself in die kulturele konteks waarbinne hulle gaan werk te verdiep. As onderwysers byvoorbeeld nie die nodige kulturele sensitiwiteit aan die dag lê nie is die kans goed dat die leerlinge die onderwyser as wêreldvreemd en ontoeganklik sal beleef. Daarby moet onderwysers ook leer hoe om die evangelie op 'n toepaslike wyse aan leerlinge te verkondig. Dit verg byvoorbeeld nadenke oor hoe om konsepte soos die verbond of uitverkiesing aan leerlinge wat oor min of geen Bybelkennis beskik te verduidelik.

Die ideaal is dat veral diegene wat by sendingskole in die buiteland betrokke wil raak eers 'n formele oriënteringkursusse oor wat hulle te wagte kan wees, moet deurloop. So nie kan die veranderinge wat sulke onderwysers beleef oorweldigend wees. Nie net is hulle vêr van hulle huis nie, maar ook in 'n totaal nuwe omgewing met geen vriende of familie wat hulle kan bemoedig of ondersteun nie. Geen wonder die personeel se deurvloeisyfer in sendingskole is so geweldig hoog nie.

Dit help egter as plaaslike inwoners toeligting kom gee aan voornemende onderwysers oor die tipe kos wat hulle eet, die sosiale aktiwiteite wat hulle beoefen, die infrastruktuur waaroor hulle beskik en dies meer. Daardeur verkry hulle ’n goeie voorsmaak oor wat hulle te wagte kan wees. Dit is ewe belangrik dat ’n ervare sendingwerker voorligting kom gee oor wat van die onderwysers verwag word en hoe dit inskakel by die sendingprojek in sy geheel. Dit kan help voorkom dat onderwysers idealistiese verwagtings koester wat nie in lyn is met die praktyk van harde werk wat hulle gaan beleef nie. Vir goed toegeruste onderwysers is dit egter ’n wonderlike voorreg om op so ’n wyse ’n bydrae in die uitbouing van God se koninkryk te mag lewer.

## Opsomming

*Buiten hulle taak om die leerlinge akademies goed te onderlê, moet onderwysers in sendingskole ’n voorbeeld vir hulle leerlinge wees. Die leerlinge moet leer dat God deur Jesus Christus hulle nie net verlos van hulle sondige bestaan nie, maar dat Hy ook as hulle koning oor alle lewensterreine heers. Sendingskole moet uitreik na die gemeenskap deur die wyse waarop die skool bedryf word.*

## Aspekte ter oorweging

1. *Om die evangelie te verkondig aan leerlinge wat min of geen Bybelkennis het is nie maklik nie. Bespreek in ’n groep die wyse waarop u meen dit gedoen kan word.*
2. *Skryf saam met ’n kollega of twee ’n artikel van minder as 120 woorde wat handel oor die taak en uitdagings van onderwysers in sendingskole.*

# 3.10 Selfassessering deur Christelike skole

## Doelwitte

*Reg deur die Bybel roep die Here gelowiges op om hulle eie doen en late krities te beoordeel. Hulle moet vasstel of hulle nie dalk die Here se weë verlaat het nie. Hierdie beginsel geld ook vir instansies soos Christelike skole. In hierdie afdeling word gelet op hoe skole en onderwysers selfondersoek kan doen met die oog daarop om die Here in gehoorsaamheid te dien.*

### 3.10.1 Die noodsaak van selfassessering

Die mens wil van nature die middelpunt wees. Ons sondige natuur hou daarvan as ander persone ons hoog ag, of moeite met ons doen. Leerlinge geniet dit byvoorbeeld om erkenning vir hulle prestasies te ontvang of deur hulle onderwysers en maats raakgesien te word. Hulle haat dit egter om deur ander persone gekritiseer of tereggewys te word. Hierdie selfde gesindheid vind ons ook in skole. In die reël hou skoolgemeenskappe nie daarvan as buitestanders negatiewe kommentaar oor hulle doen en late lewer nie. Hulle glo dat hulle goed doen en wil nie daarvan hoor as iemand ’n ander opinie huldig nie. Die drang om erkenning is so sterk dat sommige onderwysers selfs blind is vir hulle eie foute. ’n Onderwyser sal byvoorbeeld weier om te aanvaar dat hy of sy op ’n onbillike wyse teenoor van die leerlinge opgetree het.

Aangesien Jesus Christus die mens se geneigdheid tot selfregverdiging ken, waarsku Hy dat ons eers die balk uit ons eie oog moet haal, voordat ons poog om die splinter in iemand anders se oog raak te sien. Kritiese selfondersoek lê aan die basis van ’n ware geloof. Gelowiges kan hulleself immers net van hulle sondige dade bekeer as hulle weet hoe groot hulle eie ongeregtigheid is. Dieselfde beginsel geld ook vir Christelike skole. Sulke skole en hulle onderwysers moet hulleself deurlopend met die liniaal van God se Woord meet om te bepaal of hulle nog die Here in gehoorsaamheid dien. Hoewel elke gelowige onderwyser daagliks daarmee besig moet wees, is dit ook noodsaaklik dat die personeel gesamentlik besin oor dit wat in die skool voorop moet staan.

### 3.10.2 Tien kenmerke van Christelike skole

Die volgende tien kenmerke kan as ’n nuttige riglyn dien vir Christelike skole en onderwysers wat hulle eie optrede aan die hand van Gods Woord wil toets:

- Een: Die Woord van God staan sentraal in alle aktiwiteite wat by die skool plaasvind. Bybelse norme bepaal nie net waarmee die personeel en leerlinge besig is nie, maar ook hoe hulle dit sal uitvoer.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Is Bybelse norme bepalend in die skool se toelatingsbeleid, die aanstelling van personeel en die aanbieding van buitemuurse aktiwiteite? Word dit wat God in sy Woord bekend maak aan die leerlinge onderrig? Word die skool volgens Bybelse norme bestuur? Word op die skoolrooster voorsiening gemaak vir die aanbieding van Bybelonderrig? Ontvang leerlinge en personeel die geleentheid om gereeld onder die geklank van die Woord te kom?

- Twee: Alle onderrig geskied vanuit ’n Christosentriese lewens- en wêreldbeskouing. God die Vader gee aan Jesus Christus alle mag in die hemel en op die aarde. Alle onderrig en opvoeding moet diensbaar in sy koninkryk wees en wel volgens die Here se wil.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Leer die leerlinge om hulleself gewillig en met toewyding aan die koningskap van Jesus Christus te onderwerp? Staan die leerlinge verwonderd oor die hand van die Here in elke vakgebied? Ondersteun die onderrigmetodiek wat onderwysers volg die Christelike karakter van die leerinhoud? Besef die onderwysers dat hulle as werktuie in diens van Jesus Christus optree? Word leerlinge toegerus om hulle lewens volgens Bybelse norme in te rig?

- Drie: Die personeel is opgewonde om die Here te dien. Die gesindheid waarmee die personeel hulle taak verrig getuig daarvan dat dit vir hulle ’n vreugde is om hulle roeping te kan uitleef.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Streef die personeel aktief daarna om die skool se visie rakende Christelike onderwys te verwesenlik? Verrig die onderwysers hulle dagtaak met toewyding en entoesiasme? Kan leerlinge in hulle onderwysers se doen en late sien dat die personeel hulle lewens in kinderlike gehoorsaamheid aan die Here inrig? Is die personeel bereid om meer te doen as dit wat van hulle verwag word? Is dit vir die onderwysers ’n vreugde om met die leerlinge te werk?

- Vier: Die personeel doen moeite om hulleself in die geloof te verdiep. Onderwysers soek gesamentlik, maar ook elkeen afsonderlik, na die wil van die Here in sy Woord en in sy werke.

Die volgende vrae tree onder meer na vore: Doen die personeel moeite met persoonlike geloofsgroei deur gereelde huisgodsdiens, Bybelstudie en erediensbywoning? Vergader die personeel gereeld saam om te besin oor die aard en karakter van die skool en hoe dit vergestalting in praktyk kan vind? Let die personeel op mekaar se leer en lewens deur mekaar te bemoedig, te vermaan en tereg te wys waar nodig? Doen die personeel moeite om meer aangaande Christelike onderwys te wete te kom? Skakel die personeel met ander gelowige onderwysers in Christelike skole?

- Vyf: Die onderwysers maak opbouende bemoeienis met die leerlinge in groepverband, maar ook met elke leerling afsonderlik. Die personeel besef dat al is die leerlinge gebroke sondaars, hulle steeds beelddraers van God is.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Raak die personeel buiten hulle normale dagtaak ook by die wel en weë van hulle leerlinge betrokke? Handhaaf die skool 'n gesonde balans tussen akademiese en buitekurrikulêre aktiwiteite? Is strukture in plek om leerlinge wat pastorale uitdagings beleef op te vang? Word genoegsame geleentheid vir die leerlinge geskep om hulle talente op akademiese, sport, kulturele en sosiale vlak uit te leef? Leer leerlinge hoe om hulle gawes tot eer van die Here en tot voordeel van hulle naaste aan te wend?

- Ses: Die onderwysers help die leerlinge vorm om ware dissipels van Jesus Christus te wees. Dit is die kerntaak van Christelike skole. Skole wat hulleself nie hiermee besig hou nie mis die rede vir hulle bestaan.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Groei die leerlinge in hulle kennis van en vertroue op die Here? Staan die leerlinge verwonderd as hulle na God se roemryke dade in elke vakgebied kyk? Toon leerlinge in hulle doen en late 'n Christelike lewenswandel? Is die vrugte van die Heilige Gees soos nederigheid, liefde en selfbeheersing, sigbaar in leerlinge se lewens? Dien die leerlinge die Here met volle oorgawe en 'n warm hart? Vervul dit leerlinge met dankbaarheid en vreugde om 'n kind van die Here te mag wees?

- Sewe: Die skool word gekenmerk deur goeie orde en dissipline. Effektiewe onderwys kan net plaasvind as beide die onderwysers en leerlinge goeie dissipline aan die dag lê en dit doen wat van hulle verwag word.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Betoon onderwysers en leerlinge wedersydse respek teenoor mekaar? Heers daar 'n gesonde werk- en leerkultuur in die skool? Word skoolreëls duidelik uiteengesit sodat leerlinge weet wat van hulle verwag word? Leer die leerlinge om hulle aan alle gesag te onderwerp? Word ferm, maar in liefde, teenoor leerlinge wat reëls oortree opgetree? Word diegene wat herhaaldelik klasse ontwrig of ander leerlinge benadeel uit die skool verwyder?

- Agt : Christelike skole handhaaf 'n noue band met leerlinge se ouers. Die ouers is geen bedreiging vir onderwysers nie, maar word as vennote by die opvoeding

van die leerlinge betrek. Op so ’n wyse is die skool ’n verlengstuk van die ouerhuis.

Die volgende vrae tree onder meer na vore: Stem die onderrig wat leerlinge by hulle ouerhuise en by die kerk ontvang ooreen met dit wat hulle in skool leer? Is daar gereelde kommunikasie met die ouers oor hulle kinders se vordering in die skool? Word ouers op ’n sinvolle wyse by die daarstelling en uitleef van die skool se Christelike karakter betrek? Bestaan daar ’n openheid tussen ouers en onderwysers om sake oor die opvoeding van leerlinge met mekaar te bespreek?

- Nege: Christelike skole staan in die regte verhouding teenoor die owerheid, sowel as die gemeenskap waarbinne hulle funksioneer. Leerlinge moet leer om voluit in die wêreld te leef sonder om wêreldgelykvormig te word.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Word die owerheid se voorgeskrewe kurrikulum slaafs nagevolg of ontwikkel die onderwysers ’n eie Christelike kurrikulum volgens Bybelse riglyne? Leer leerlinge om tussen verskeie lewens- en wêreldbeskouings te onderskei en die korrekte Christelike waardes uit te leef? Onderwerp die onderwysers en leerlinge hulle aan die owerheid in alles wat waar en reg is? Word die leerlinge na behore toegerus om hulle sending opdrag in die gemeenskap na te kom? Besef leerlinge, ouers en onderwysers dat gelowiges heel anders in die wêreld staan as ongelowiges?

- Tien: Christelike skole rus hulle leerlinge toe om voluit hulle roeping in die wêreld te kan uitleef. Stel die opvoeding en onderrig wat leerlinge ontvang hulle in staat om later as toegeruste volwassenes hulle plek in die samelewing te kan inneem.

  Die volgende vrae tree onder meer na vore: Is die onderrig wat leerlinge ontvang relevant en toepaslik vir hulle leefwêreld? Leer leerlinge om hulle roeping gebalanseerd op alle terreine van die samelewing te kan uitleef? Word leerlinge toegerus om die listige aanslae van Satan, die aanloklikhede van die wêreld en hulle eie sondige natuur, te weerstaan en daarteen te stry?

### 3.10.2 Die waarde van selfassessering

’n Selfanalise wys nie net gebreke uit nie, maar bied ook stof tot groot dankbaarheid. Daardeur sien gelowige onderwysers, ouers en leerlinge op ’n sigbare wyse hoe die Here nie die werk van sy hande laat vaar nie, maar steeds bly deurgaan met diegene wat Hom vrees. As onderwysers God se bewarende hand in hulle lewens en hulle skole raaksien, kan hulle nie anders as om Hom te loof en te prys vir al sy weldade nie.

## Opsomming

*Aangesien Jesus Christus die mens se geneigdheid tot selfregverdiging ken, waarsku Hy dat ons eers die balk uit ons eie oog moet haal, voordat ons poog om die splinter in iemand anders se oog raak te sien.'n Selfanalise wys nie net gebreke uit nie, maar bied ook stof tot groot dankbaarheid. Daardeur sien gelowige onderwysers, ouers en leerlinge op 'n sigbare wyse hoe die Here nie die werk van sy hande laat vaar nie, maar steeds bly deurgaan met diegene wat Hom vrees.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in groepe van nie meer as vier persone nie. Dink krities na aan die hand van bogenoemde tien punte waarop julle skool moontlik sou kon verbeter.*

- *Bestee julle die regte tyd op die regte dinge?*
- *Watter dinge trek julle personeel of skool se aandag af van dit waarmee julle moet besig wees?*
- *Dien julle nog steeds die Here met net soveel ywer soos in die begin?*

# HOOFSTUK 4

## Vakbenaderings vir hoër- en laerskoolonderwysers



# 4.1 God se openbaring in elke vakgebied

## Doelwitte

*God maak Homself op twee wyses aan die mens bekend. In die eerste plek deur sy werke en daarna duideliker en meer volkome deur sy Woord. Onderwysers moet hulleself deeglik in hulle vakgebied vergewis van dit wat God openbaar en dit aan hulle leerlinge oordra.*

### 4.1.1 Christelike onderwys

Sommige Christen-onderwysers dink dat dit onmoontlik is om hulle vakgebied vanuit 'n Christelike verwysingsraamwerk aan te bied. Hulle is bekommerd dat geloof 'n weersin by leerlinge sal wek as dit by wyse van spreke op hulle afgedwing word. Daarom dink hulle dat geloof en wetenskap van mekaar geskei moet word. Geloof behoort na hulle oordeel dan by die kerk of huis waar ouers aan hulle kinders die Skrifwaarhede moet onderrig. Skole, so glo hulle, fokus weer op dit wat bewysbaar is. Volgens hierdie siening is dit beter om geloof uit skole te hou aangesien dit 'n subjektiewe blik op wetenskap sou werp.

Ander onderwysers dink weer dat jy wel jou Christenskap in die onderwys kan en moet uitleef. Volgens hulle is dit goed as die skoolhoof of 'n onderwyser soggens met Skriflesing en gebed open en weer smiddae met gebed in klasverband afsluit. Baie skole maak ook in hulle roosters ruimte vir 'n Bybelperiode of twee, sodat leerlinge die Here en sy Woord beter kan leer ken. Onderwysers, glo hulle, moet deur hulle optrede wys dat hulle die Here dien. Leerlinge word byvoorbeeld regverdig behandel en daar word nie op kinders geskel of gevloek nie. Bogenoemde aspekte is belangrik en dit is goed as skole daaraan aandag gee, maar maak hierdie optrede van so 'n skool 'n Christelike skool?

God se Woord, en nie ouers of onderwysers se sienings nie, bepaal hoe gelowiges hulle kinders moet onderrig en laat onderrig. Volgens die Skrif is God koning oor alle fasette van die lewe daarom ook oor die kind se onderrig en opvoeding. Beide die klassieke en

buitekurrikulêre aktiwiteite moet getuig van God se wil. Christelike onderrig is nie net nog 'n aspek in die daaglikse aktiwiteite van 'n skool nie. Dit is bepalend vir alles wat gebeur. 'n Skoolgemeenskap wat dit besef, sal anders as die ongelowige wêreld kyk na die wyse waarop die skool bestuur word, onderwysers aangestel en kinders hanteer word. So 'n skool sal veral kyk na die onderrig wat in elke vakgebied plaasvind.

### 4.1.2 God openbaar Homself in die eerste plek deur sy werke

> Onthou
>
> *'n Gelowige onderwyser moet leer om God se hand in alles raak te sien.*

Met die skepping van Adam en Eva was daar geen Bybel waaruit hulle God kon leer ken nie. Adam as hoof moes God se skeppingswerke bestudeer om aan al die diere van die veld en die voëls van die hemel name te gee. Daardeur het hy God se almag en sorg leer ken. Onderwysers hou hulleself, soos Adam, ook met hierdie opdrag besig. Elke vakgebied op skool vorm deel van God se skeppingswerke wat bestudeer moet word. Soos Adam die diere moes benoem, omskryf 'n onderwyser ook sy vakgebied vir sy leerlinge in woorde. Dit is geen maklike taak om dinge reg te benoem volgens hoe God dit geskape het nie. 'n Deeglike studie van die Bybel en jou vakgebied is 'n voorvereiste as jy in hierdie doel wil slaag. 'n Christen-onderwyser kan nie bekostig om lyf weg te steek nie. Dit verg baie gebed en navorsing om uit te vind wat God in jou vakgebied openbaar.

In Romeine verduidelik Paulus aan sy lesers dat God se hand duidelik in sy skeppingswerke sigbaar is. Daarom is daar geen verontskuldiging vir enige persoon wat beweer dat hy of sy nog nooit met God te doen gekry het nie. Paulus sluit by Dawid se psalms aan wat sê dat die uitspansel die eer van God verkondig. God se Naam staan groot bo alles geskryf.

'n Gelowige onderwyser moet God se hand raaksien in elke stukkie van die skepping wat hy of sy bestudeer en dit aan die leerlinge oordra. Dit is God wat die middels en vermoë aan die mens gee om kultuur te kan skep. Die prag van God se werke is byvoorbeeld duidelik sigbaar in elke mooi musiekstuk wat 'n musiekonderwyser vir 'n leerling leer of elke goed-geformuleerde gedig wat die onderwyser in die klas behandel. Dit is soos 'n roos wat oopvou. Hoe meer jy kan raaksien, hoe meer staan jy verwonderd oor die middels en vermoëns wat God gee.

### 4.1.3 Hoe om na God se werke te kyk

As iets openbaar of bekend gestel word, veronderstel dit dat daar iemand is wat reeds weet, 'n wese wat alles ken. God wil hê dat die mens sal besef dat Hy die

Almagtige is. Daarom gebruik Hy gewone (sondige) mense as instrumente om hierdie kennis en insig van sy werke en Woord aan 'n volgende geslag oor te dra. 'n Gelowige onderwyser wat dit besef, stel hom- of haarself as instrument in God se hand beskikbaar om God se wil, ook in sy of haar vakgebied, aan leerlinge te vertel. As leerlinge byvoorbeeld die verskillende stelsels van die liggaam in Lewenswetenskappe bestudeer, moet die onderwyser hulle daarop wys hoe wonderlik God die mens se liggaam geskape het. Hulle moet ook uit die Skrif hoor dat dit God is wat die liggaam reeds kunstig in die moederskoot gevorm het.

Ongelukkig is daar baie onderwysers wat bewustelik of onbewustelik nie God se hand in hulle vakgebied raaksien nie. Daar ontstaan 'n verkeerde siening oor die leerinhoud wat behandel word wanneer dit gebeur. Die volgende uitwasse kan uitgewys word:

- Sommige onderwysers glo dat daar onheilspellende kragte in die natuur skuil. Hulle glo byvoorbeeld dat die sterre se posisie in die hemelruim jou toekoms bepaal. 'n Gelowige Fisiese Wetenskappe-onderwyser hou hom- of haarself nie met dinge soos sterrewiggelary besig nie. Hy of sy verduidelik eerder aan sy of haar leerlinge die verhewenheid van die Skepper bo sy skepsels.
- Ander onderwysers oorbeklemtoon of verafgod weer die natuur. 'n Onderwyser wat glo dat diere gelyk aan die mens is, misken die unieke posisie wat God aan die mens gegee het. 'n Gelowige Lewenswetenskappe-onderwyser verduidelik daarom eerder aan die hand van God se skeppingsorde aan sy of haar leerlinge waarom die mens nie as 'n soogdier geklassifiseer kan word nie.
- Ongelukkig is daar ook baie Christen-onderwysers wat God se werke as tydelik en minderwaardig beskou. As Jesus Christus aan die kruishout hang, versoen Hy die hele skepping weer met God, nie net mensesiele nie. Hy laat 'n nuwe hemel en aarde kom. In 'n vak soos Lewensoriëntering moet die onderwyser sy of haar leerlinge leer wat dit beteken om die natuur tot eer van God te bewerk en te bewaar.

Vir 'n gelowige onderwyser hou God se werke nooit op om die eer van God te verkondig nie. Elke atoom, elke organisme, elke mooi kunswerk, elke wiskundige wetmatigheid en elke belangrike gebeurtenis wat plaasvind, verkondig sonder ophou die ewige krag en goddelikheid van God. Soos 'n magtige koor word God se eer in alles verkondig. Daarom is onderwysers altyd opgewonde as hulle iets nuuts in hulle vakgebied raaksien. Die aartsvader Abram kon na die sterrehemel opkyk en sien wat God se belofte van 'n groot nageslag vir hom beteken. Vandag kan ons met behulp van moderne teleskope soveel beter die omvang van hierdie belofte sien en verstaan. Is jy self opgewonde en leer jy jou leerlinge om met opgewondenheid na God se skeppingswerke te kyk of het jou vakgebied 'n koue lewelose stuk kennis sonder God geword? Onthou, leerlinge sal hulle net oor die inhoud van 'n vakgebied verwonder as die onderwyser hom- of haarself daaroor verwonder. Jesus Christus leer immers dat 'n leerling soos sy leermeester word.

### 4.1.4 Die onderwyser se taak in elke vakgebied

> Onthou
>
> *Maak dit duidelik waar God iets in 'n vakgebied openbaar.*

God openbaar sekere norme in elke vakgebied waarvolgens die leerlinge hulle lewens moet inrig. Van Ekonomiese Wetenskappe, waar God se sorg voorop staan, tot Liggaamlike Opvoeding waar leerlinge leer om hulle liggame op te pas en in diens van God en hulle naaste te stel. Saam vorm al die vakke 'n eenheid wat van God se almag getuig. Kuns of Wiskunde se inhoud mag daarom nie in stryd wees met dit wat leerlinge tydens Bybelperiodes leer nie. Dit ondermyn die Skrif se gesag as 'n onderwyser tydens opening uit die Bybel lees dat God alle dinge geskape het, maar hulle leer in Lewenswetenskappe dat alle dinge deur 'n "oerknal" ontstaan het.

Onderwysers mag ook nie onderwerpe waaroor God wel iets openbaar vir hulle leerlinge verswyg nie. God openbaar byvoorbeeld dat dit Hy is wat lewe gee. 'n Sosiale Wetenskappe-onderwyser moet dit daarom met sy leerlinge bespreek as hy of sy die eienskappe van lewende en nie-lewende dinge behandel. Geen onderwyser kan of mag God weglaat of skei van sy werke (wetenskap) nie. Onthou, 'n onderwyser kan ook 'n leerling afvallig van die Here maak deur hom of haar niks van die Here te leer nie. Christus waarsku dat sulke persone eendag rekenskap van hulle dade sal moet gee.

Goeie onderwysers sal verseker dat daar nie 'n dualisme ontstaan tussen dit wat God in die Bybel openbaar en dit wat hulle in hul vakgebied onderrig nie. Indien dit wel gebeur word die Bybel óf nie reg gelees nie, óf die mens se denke oor die saak skiet steeds te kort. In so 'n geval is meer gebed om insig en studie of navorsing nodig. Leerlinge moet van jongs af leer dat dit dieselfde God is wat Homself deur sy skeppingswerke en in die Bybel openbaar. Die Bybel en wetenskap kan nie mekaar weerspreek nie, want God weerspreek Homself nie. Daarom kan daar ook nie sprake wees van iets soos 'n neutrale wetenskap nie. God is koning op alle lewensterreine, ook wetenskap. 'n Onderwyser wat dit besef sal daarop ingestel wees om die hand van die Here in sy of haar vakgebied raak te sien en dit dan aan die leerlinge in sy of haar klas te onderrig.

## Opsomming

*God openbaar sekere norme in elke vakgebied waarvolgens die leerlinge hulle lewens moet inrig. 'n Gelowige onderwyser moet hulle help om dit te doen.*

## Aspekte ter oorweging

*Bespreek die volgende vrae in groepverband:*

1. *Watter norme openbaar God in die leerinhoud van jou vakgebied aan die mens?*
2. *Is daar enige aspekte wat God in sy Woord oor jou vakgebied openbaar?*
3. *Hoe kan jy jouself as onderwyser toerus om te groei in kennis oor dit wat God in jou vakgebied openbaar?*

# 4.2 Tale

## Doelwitte

*Die skeppingsgebeure het begin toe God praat. Deur sy woorde roep Hy nie net alle dinge in aansien nie, maar maak Hy Homself ook aan die mens bekend. In Christus word God se woorde vlees. Hy kom leer ons wat die wil van sy hemelse Vader is. Onderwysers moet besef dat taal veel meer as net 'n gewone kommunikasiemiddel is. God gebruik taal as instrument om Homself in meer besonderhede aan ons bekend te maak.*

### 4.2.1 Woorde het betekenis

Baie mense dink dat 'n taal slegs 'n kommunikasiemiddel is. Vir hulle is taal die middel waardeur 'n mens om hulp vra of vir 'n geliefde sê dat jy hom of haar liefhet. Hulle beweer dat die doelwit van 'n taal is om so effektief as moontlik met ander persone te kommunikeer. Hierdie denkwyse word veral deur SMS-taal beklemtoon. Taalreëls word ter wille van vinnige kommunikasie geïgnoreer. Die netjiese omgang met 'n taal is nie meer 'n doel op sigself nie, solank die boodskap net so vinnig as moontlik oorgedra word.

Hierdie siening leef ook sterk in die onderwys. Taalonderrig fokus veral op die toepassingswaarde van 'n taal, of "taal in konteks", soos dit algemeen bekend staan. Leerlinge moet vlot kan lees en oor die vermoë beskik om op 'n praktiese vlak opsommings te maak, notules te neem of 'n brief te skryf. Natuurlik is al hierdie aspekte baie belangrik en moet dit deeglik onderrig word, maar is dit die enigste aspekte waaraan 'n taalonderwyser aandag moet gee? Steek daar nie veel meer in taal as net die oordra van 'n boodskap nie?

Vir 'n gelowige onderwyser is taal in die eerste plek 'n gawe van die Here waarin God Homself, naas sy skeppingswerke, aan ons bekend maak. In die Bybel, God se geskrewe Woord, is alles wat 'n persoon moet weet om God te ken en op Hom te vertrou, opgeteken. Maar dan moet 'n mens die regte betekenis aan sy woorde heg. Ons kan nie die Bybel se woorde interpreteer na eie goeddunke nie. God se woorde staan vas. Dit dra 'n onveranderlike betekenis. As God leer dat die woord "liefde"

altyd dit wat reg is impliseer, mag ons dit nie verflou tot 'n soetsappige aanvaarding van dit wat verkeerd is onder die waan dat jy in liefde optree nie.

God lê verder ook klem daarop dat name, en veral sy Naam, betekenis het. 'n Naam het alles te doen met die identiteit van 'n persoon of 'n voorwerp. Adam ontvang byvoorbeeld die opdrag om aan alle diere name te gee volgens hulle kenmerke. In wese hou onderwysers hulle steeds met hierdie opdrag besig. In jou vakgebied benoem jy ook sekere dinge aan jou leerlinge. Maar jy moet seker maak dat jy wel die leerinhoud reg benoem soos God dit bedoel het.

'n Onderwyser wat hierdie beginsel verstaan, sal sy leerlinge leer om noukeurig met woorde om te gaan. Leerlinge moet leer wat die juiste betekenis is van die woorde wat hulle gebruik. Dit geld veral vir woorde soos versoening, vergifnis, geregtigheid of verdraagsaamheid, wat dikwels deur ongelowige mense 'n verdraaide, onbybelse betekenis kry. Leerlinge moet leer om krities te lees en te luister, en om die onreg wat deur middel van woorde gepleeg word, te kan uitwys.

### 4.2.2 Om taal tot eer van God te heilig

God gee aan die mens die vermoë om deur middel van taal met Hom en ander persone te kommunikeer. Deur taal leer jy jou leefwêreld ken en hoe om jouself daarbinne te handhaaf. Maar nog belangriker, jy leer om jou roeping te ken en te verstaan, en wat dit verg om jou kultuuropdrag uit te voer. 'n Wiskunde-onderwyser leer byvoorbeeld die leerlinge in sy of haar klas om sekere wiskundige berekenings te bemeester. Daardeur rus hy of sy toekomstige ingenieurs, rekenmeesters en huisvroue toe om hulle roeping te kan uitleef wanneer hulle volwasse is. Op so 'n wyse leer leerlinge van jongs af hoe om in die beroepswêreld die aarde tot eer van God te bewoon, te bewerk en te bewaar.

Nie net dit wat jy deur taal aanleer nie, maar ook die taal self moet tot eer van God geheilig word. Die woorde wat jy gebruik moet so wees dat dit God behaag. Persone wat vloek, laster of skinder heilig nie die taal wat God aan hulle gegee het tot sy eer nie, maar bevorder eerder Satan se koninkryk. Die apostel Jakobus waarsku nie verniet dat die tong 'n vuur kan wees wat uit die hel aangesteek word nie. Leerlinge moet leer om hulle nie aan sulke dinge skuldig te maak nie. Jou taal, net soos alle ander kultuurgoedere, is 'n gawe van God, en moet daarom in sy diens gebruik word. Dan maak jy as onderwyser nie 'n neerhalende grappie oor die owerheid nie, maar gebruik eerder jou woorde om God te loof en te prys.

> **Onthou**
>
> *Die konteks van taal moet krities beskou word.*

Vir die taalonderwyser het dit ingrypende implikasies. Leer jy jou leerlinge om hulle taal tot eer van God te gebruik? Waaroor handel die leesstukke, begripstoetse of gedigte wat jy vir jou leerlinge gee? Getuig dit oor dinge wat waar, eerbaar, regverdig, rein en lieflik is of gee jy liewer aandag aan die modegiere van pop- en filmsterre? En hoe lyk die stukke se taalgebruik? Word daar keurig met woorde omgegaan of word daar gelaster in die teks? Praat jy per geleentheid met jou leerlinge oor wat dit beteken om jou taal tot eer van God te heilig? 'n Onderwyser wat dit doen, kweek by sy of haar leerlinge die bewussyn om krities na die teks van 'n leesstuk of storieboek te kyk of na die woorde van 'n liedjie te luister.

### 4.2.3 Taalverskeidenheid en moedertaalonderrig

God se skeppingswerke vorm 'n eenheid en tog openbaar sy skeppingswerk 'n veelheid, wat sy veelkleurige wysheid in die verskeidenheid na vore laat tree. Taalverskeidenheid is 'n mooi voorbeeld van God se veelkleurige wysheid. Alle mense word uit een bloed geskep en is daarom gelyk voor God as Skepper, ongeag ras, geslag of taal. Tog het Hy dit so beskik dat daar vele tale tot stand gekom het. Veeltaligheid is vandag nie meer 'n vloek soos sommige persone dink nie, maar eerder deel van die eenheid en die verskeidenheid van die werklikheid van God se skepping.

Geen taal is verhewe bo 'n ander nie. Alle vorms van taalmeerderwaardigheid, taalimperialisme of taalsnobisme moet daarom as onskriftuurlik afgekeur word. In praktyk beteken dit dat ons nie op 'n persoon wat 'n ander taal praat mag neersien nie. 'n Spesifieke taal mag ook nie ten koste van ander Skrifwaarhede oorbeklemtoon word nie. Dit gebeur as jy so op die behoud van jou taal van voorkeur fokus dat jy nie meer die nood van persone uit ander taalgemeenskappe vir die evangelie raaksien nie. As dit gebeur, verloor die taal sy bestaansreg en verdien dit om nie meer gepraat te word nie.

Skriftuurlik is daar beslis ruimte vir moedertaalonderrig, mits dit nie op 'n meerderwaardige houding gefundeer word nie. Na die uitstorting van die Heilige Gees hoor elkeen die evangelie in sy eie taal. Die Here laat nie almal een taal verstaan nie, maar verkondig die Blye Boodskap in 'n verskeidenheid tale. Hierdie uitgangspunt geld vandag nog steeds. Leerlinge behoort in hulle moedertaal te kan leer hoe God Homself op alle terreine openbaar, ook in elke vakgebied by 'n skool. Ouers wat hulle kinders in 'n tweede taal laat onderrig, ontneem dikwels hulle kinders die voordeel om meer van God en sy werke te leer in die taal wat hulle die beste verstaan.

**Onthou**

*Onderrig in jou moedertaal is belangrik. Geen taal is verhewe bo 'n ander taal nie.*

‘n Moedertaalonderwyser wat hierdie beginsels verstaan, sal by sy of haar leerlinge ‘n liefde vir hulle moedertaal kweek. Nie omdat die taal so mooi is of so ‘n ryk geskiedenis het nie, maar omdat dit ‘n gawe van God is. Praat met die leerlinge in jou klas oor die unieke wyse waarop die taal wat jy onderrig God se werke en sy grootheid beskryf. Verduidelik aan hulle die betekenis van woorde soos welgeluksalig, barmhartig of goedertierenheid. Wys hulle ook op die orde en struktuur wat eie aan die taal is. Maar leer hulle dat ander tale ook ‘n gawe van God is en dus met die nodige agting en respek hanteer moet word. Kinders wat dit besef, vloek nie. Nie in hulle moedertaal nie, maar ook nie in ‘n ander taal nie.

## Opsomming

*Leerlinge moet leer om noukeurig met woorde om te gaan. Hulle moet leer om krities te lees en te luister, en om die onreg wat deur middel van woorde gepleeg word te kan uitwys. Taal is ‘n gawe van God en moet met die nodige agting en respek hanteer word.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na oor die verskillende tekste wat op die mark beskikbaar is vir gebruik in jou klas.*

- *Is die onderwerpe waaroor dit handel opbouend van aard?*
- *Getuig die taalgebruik van goeie smaak?*
- *Watter tekste sal jy beslis nie voorskryf nie? Motiveer jou antwoord.*

# 4.3 Wiskunde

## Doelwitte

*God openbaar Homself in die eerste plek in sy werke en daarna in meer besonderhede in sy Woord. Wiskunde is een van die vakgebiede waarin God die wonderlike logika en die ondeurgrondelike kompleksheid van sy skepping openbaar. Onderwysers moet die verskeie aspekte wat God van sy wese in wiskunde openbaar ken en weet hoe om hierdie waarhede aan leerlinge oor te dra.*

### 4.3.1 Is wiskunde maar net wiskunde?

'n Mens hoor soms dat 'n onderwyser of 'n leerling die opmerking maak dat wiskunde net wiskunde is. Twee plus twee bly vier en jy kan niks daarby toevoeg of wegneem nie. Wiskunde, so beweer hulle, is neutraal en het niks met godsdiens en geloof te doen nie. Daarom sou 'n Wiskundeklas, of dit nou vanuit 'n pragmatiese, humanistiese of Christelike lewens- en wêreldbeskouing aangebied word, presies eenders lyk. Die Bybel, so beweer hulle, het niks oor wiskunde te sê nie. Niks is minder waar as so 'n siening nie.

Moderne wiskunde het in sekere gevalle selfs help meewerk om die Christendom te ondergrawe. Die wêreld, so beweer sekere wiskundiges, word deur wiskundige wetmatighede beheer. Hierdie wette, en nie God nie, bepaal wat gebeur. Volgens hulle is God se Woord deurspek met wiskundige onwaarhede. Dit maak byvoorbeeld nie wiskundig sin dat vyf brode en twee vissies ewe skielik tot twaalf mandjies kan vermeerder en dit nadat 5 000 persone daarvan geëet het nie. Op hierdie manier word Jesus se wonderwerke bevraagteken of as onwaar afgemaak.

Ook Christen-onderwysers vind dit moeilik om wiskunde met hulle Christenskap te integreer. In 'n poging om dit wel te doen, sal sekere onderwysers algemene Skrifwaarhede gebruik om aan die vak 'n Bybelse geurtjie te gee. 'n Graad 1-juffrou sal byvoorbeeld aan haar leerlinge vra hoeveel diere daar in die ark is, as daar twee olifante, twee leeus en twee bobbejane is. Onderwysers wat op so 'n wyse met die Bybel omgaan, kan sonder dat dit hulle bedoeling is, maklik die Skrif se gesag afkraak, terwyl hulle juis poog om Christelike onderrig toe te pas.

Die aard van wiskunde het in die middel van die sewentiende eeu 'n dieper betekenis gekry toe wiskundiges soos Newton, Leibniz en Pascal infinitesimaalrekene of "calculus" daargestel het. Deur hulle werk het wiskunde verander na die studie van getal, vorm, beweging, verandering en ruimte. Dit het die mens in staat gestel om tot 'n baie groter mate as voorheen as rentmeester oor die skepping van God te kan heers en kultuur te skep. Die antwoord op die vraag "wat is wiskunde?" moet daarom die volgende wees: "Wiskunde is 'n wetenskap van getalle en vorme waardeur die mens bydra tot die voortgang van God se skepping tot die voleinding."

### 4.3.2 Wat God van Homself in wiskunde openbaar

Christelike onderwys is altyd normatief. Dit geld ook vir wiskunde. Kortliks beteken dit dat God sekere algemene norme in die vakgebied wat bestudeer word na vore laat tree. Norme soos God se voorsienigheid, sy almag of sy liefde help ons nie net om Hom beter te leer ken nie, maar ook om op Hom te vertrou. 'n Christelike Wiskunde-onderwyser moet hom- of haarself daarom voortdurend afvra watter norme God deur hierdie vakgebied aan ons openbaar.

Onthou

*Ewige waarhede kan nie deur verganklike mense ontwikkel word nie.*

Wiskunde handel in sy wese oor waarheid. Wiskundiges weet dat 'n stelling soos 2 + 3 = 5 universeel en algemeen geldig is. Hierdie wiskundige waarhede is nie deur menslike denke geskep nie, aangesien dit van ewigheid af bestaan. Daarom word wiskundige wetmatighede bloot ontdek en nie uitgedink of ontwikkel nie. Die kerkvader Augustinus (354–430) het hierdie beginsel goed verstaan deur hierdie wetmatighede aan God se wese te koppel. Hy wys tereg daarop dat ewige waarhede nie deur verganklike mense ontwikkel kan word nie, maar slegs deur God.

Dit is belangrik dat leerlinge in die Wiskundeklas hierdie beginsel goed moet begryp. Wiskunde werk weens sy goddelike oorsprong. Die Here het die wetmatighede nie net in sy skepping neergelê nie, maar Hy hou dit ook nog in stand. Daarom is 'n wiskundige stelling dat daar 360 grade in 'n sirkel is altyd geldig. Al is dit 'n aspek wat die onderwyser nie by elke les vir die leerlinge noem nie, is dit tog wel goed as die onderwyser van tyd tot tyd hierdie beginsel met sy of haar leerlinge bespreek. Dit is daarom nie "natuurwette" wat die mens uit sy waarnemings en deur sy rasionele wetenskaplike werke ontdek nie, maar wiskundige patrone waardeur God sy skepping onderhou. Ateïstiese wiskundiges daarenteen redeneer dat hulle wiskunde uit niks skep nie.

### 4.3.4 Wiskunde bied sekerheid

As wiskunde net die gevolg van menslike nadenke was sou dit geen standvastigheid kon bied nie. Soos met die ontluiking van die evolusieteorie, sou 'n nuwe wetenskaplike 'n nuwe teorie kon ontwikkel wat alle bestaande denke oor wiskunde omverwerp. Maar dit kan nie. Wiskunde bied vastigheid in 'n wêreld waar amper alles relatief geword het. Die mens bevraagteken vandag alles wat gister waar was. Teenoor hierdie tydgees van relativisme vind ons die Here se wiskundige wetmatighede as bewys van sy onveranderlike wese.

Wiskundig kan jy seker wees dat die getal agt nie tegelykertyd agt en nege kan wees nie. Hierdie onveranderlikheid verleen nie net vastigheid nie, maar dit bewys ook die orde in God se skepping. Dit vertel ons meer van sy wysheid, konsekwentheid en betroubaarheid. Daarom kan ingenieurs met groot noukeurigheid presies bereken hoe om 'n brug te bou of watter druk 'n damwal kan weerstaan. Agter hierdie orde en sekerheid sien ons die hand van die Here. Fermat se laaste stelling is byvoorbeeld eers in 1994 bewys – dít nadat dit vir meer as 300 jaar lank deur mense as korrek aanvaar is.

Die onderwyser in die Wiskundeklas moet die leerlinge gereeld op die orde wat God daargestel het wys sodat hulle dit as 'n gawe uit sy hand kan raaksien en dit respekteer en waardeer. As dit nie vir sy ewige, onveranderlike wese was nie, sou iets soos wiskundige sekerheid nie kon bestaan nie. Dit is God wat verseker dat daar 24 ure in 'n dag is en dat elke uur 60 minute met 60 sekondes elk het. 'n Leerling wat dit besef, ervaar nie wiskundige reëlmaat in ons daaglikse lewens as 'n toevalligheid nie. Hy of sy sien eerder die grootheid van God raak in die orde wat Hy daargestel het.

### 4.3.5 Wiskunde se toepassingswaarde

> **Onthou**
>
> *Wiskunde werk danksy sy goddelike oorsprong.*

Die samehang van alle dinge vind sy oorsprong in God wat alles geskape het. Daarom kan geen vakgebied onafhanklik van alle ander vakgebiede bestudeer word nie. Dit geld sekerlik ten opsigte van wiskunde. Dit het direkte toepassingswaarde op feitlik alle lewensterreine, van die huisvrou wat 'n liter melk by die supermark gaan koop tot ingewikkelde weervoorspellingsmodelle waaraan 'n klomp wetenskaplikes gelyktydig moet werk. Inteendeel, dáár waar wiskundige velde soos abstrakte algebra oënskynlik geen toepassingsveld gehad het nie, word die beperkte kennis van die mens verrassend duidelik wanneer daar wel, teen alle verwagting, 'n praktiese toepassing ontdek word. Natuurlik was die toepassingsveld altyd daar en lê die gebrek aan die

kant van die mens en nie by God of sy wiskunde nie. Op al hierdie lewensterreine kan leerlinge van die norme wat God deur wiskunde openbaar geleer word.

Wiskunde fokus op skoolvlak veral op twee aspekte van die skepping, naamlik getalle (rekenkundige en algebraïese) en ruimte (meetkunde). Deur die bestudering van hierdie onderwerpe ontwikkel leerlinge hulle logiese denke en redenasievermoë. Leerlinge kan aan die hand van die ordebeginsels wat God in sy skepping neergelê het, probleme analities evalueer en oplos. Wiskunde gee leerlinge letterlik insig hoe om hulle skooldag te beplan, hoe om hulle geldsake te bestuur of selfs hoe om op 'n sinvolle wyse met ander persone om te gaan.

Van die kleuterskooljuffrou wat kinders leer tel, tot die professor aan 'n universiteit wat aan studente toegepaste wiskunde onderrig, almal moet daarna streef om by hulle studente 'n liefde vir die vak te kweek. Studente wat wiskunde se plek en rol in die skepping raaksien sal nie net 'n liefde vir die vak ontwikkel nie, maar ook die grootsheid raaksien van Hom wat alle dinge, ook wiskunde, met soveel presiesheid kunstig saamgevoeg het. Vir wiskundige meesters soos Newton en Pascal was God se hand duidelik in die wetenskap sigbaar. Nou is dit jou taak as Christen-onderwyser om dit ook aan die volgende geslag te toon.

## Opsomming

*Wiskunde op skoolvlak leer mens logiese denke en redenasievermoë.*
*Die onderwyser in die Wiskundeklas moet gereeld die leerlinge op die orde wat God daargestel het wys sodat hulle dit as 'n gawe uit sy hand kan raaksien en dit respekteer en waardeer.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in groepies van vier persone. Bespreek hoe julle aan kinders sal verduidelik hoe wiskunde die volgende aspekte van God se wese na vore laat tree:*

1. *God se wysheid*
2. *God se betroubaarheid*
3. *God se orde*

# 4.4 Natuurwetenskappe

## Doelwitte

*God maak Homself in die eerste plek deur sy werke aan die mens bekend. Deur die skepping te bestudeer, leer ons God as die Skepper en Onderhouer van alle dinge ken. Liggaamlike Opvoeding-, Lewenswetenskappe- en Natuurwetenskappe-onderwysers moet hulleself deeglik vergewis van dit wat God oor sy orde, almag en wysheid in hulle vakgebied openbaar. Die leerlinge moet so begelei word dat hulle nie net God se hand in sy werke raaksien nie, maar Hom ook as koning van alle dinge eerbiedig.*

### 4.4.1 Natuurwetenskappe as studierigting

Ons as Christene het die heerlike voorreg om te weet dat God Homself deur sy werke aan ons bekend maak. Hierdie wete lê 'n verpligting op elke gelowige onderwyser om sy of haar leerarea of vak tot eer en verheerliking van God aan te bied. Dit behels veel meer as bloot 'n Bybelvers aanhaal of 'n sedelessie by die onderrig van 'n les.
Die leerinhoud en die wyse waarop dit aangebied word moet van so 'n aard wees dat dit getuig van God as Skepper en Onderhouer van alle dinge.

## Onthou

*God openbaar Homself deur sy skepping.*

Natuurwetenskappe as studierigting is so oud soos die mens self. Nog voor die sondeval gee God aan Adam die opdrag om name aan al die voëls van die hemel en die wilde diere van die veld te gee. 'n Natuurwetenskappe-onderwyser hou hom of haar steeds direk met hierdie taak besig. Soos Adam, bestudeer hy of sy die werklikheid wat God geskep het en beskryf dit dan aan sy of haar leerlinge.
Die beskrywing (of onderrig) moet op so 'n wyse geskied dat God se hand duidelik in sy werke na vore tree. Die leerlinge van 'n onderwyser wat sy vakgebied op so 'n wyse aanbied, sal verstom staan oor die groot dade van God in elke tema wat behandel word.

Ongelukkig is daar baie wetenskaplikes wat nie God as Skepper en Onderhouer van alle dinge wil erken nie. Daarom ontwikkel hulle eerder allerlei teorieë om te probeer bewys dat die natuurwetenskappe los van God bestudeer moet word.

Menslike denke word deur sulke wetenskaplikes (en onderwysers) tot absolute waarheid verhef, terwyl daar vir die openbaring van God geen ruimte gelaat word nie. Die onderrig van evolusie in Lewenswetenskappe in Graad 10 tot Graad 12 hou so 'n gevaar in. Onderwysers wat onder die waan van "wetenskaplike bewyse" hulle leerlinge leer dat God nie betrokke was by die totstandkoming en onderhouding van alle dinge nie, tree dwaas op. Sulke onderwysers vergeet dat menslike teorieë (soos die evolusieteorie) oor die jare kom en gaan. Wat vandag as vas en seker beskou word, word môre deur nuwe navorsing weerlê. Al moet Lewenswetenskappe-leerlinge die evolusieteorie op die punte van hulle vingers ken, moet hulle ook weet hoe om daaroor vanuit God se openbaring te oordeel.

### 4.4.2 Die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding

Leerlinge in die grondslagfase moet in Liggaamlike Opvoeding leer dat hulle liggame nie net kosbaar is in die oë van die Here nie, maar dat hulle ook God en hulle naaste met hulle liggame moet dien. Die volgende onderwerpe leen hulle daartoe om met die leerlinge gedeel te word:

- Tydens die behandeling van die liggaam moet die onderwyser sy of haar leerlinge op die wonder van die mens se liggaam wys. Vertel aan jou leerlinge hoe elke stelsel in die liggaam 'n unieke funksie verrig, en tog saamwerk om die liggaam te laat funksioneer. Daar kan selfs per geleentheid daarna verwys word dat die Bybel die liggaam as voorbeeld gebruik van hoe die kerk van Christus moet funksioneer.
- Die onderwyser kan per geleentheid aan sy of haar leerlinge vra om na te dink oor hoe hulle hulle ouers of maats met hulle liggame tot diens kan wees. Leerlinge moet besef dat 'n gesonde leefstyl jou beter daartoe in staat stel om jou roeping uit te leef. Wys leerlinge ook op die wanpersepsie dat jou liggaam aan jouself behoort en dat jy daarom daarmee kan maak wat jy wil. Dit pas eerder by 'n Christen om sy liggaam behoorlik te versorg en te klee.
- As die mens se sintuie behandel word, bied dit 'n gulde geleentheid om met die leerlinge te praat oor die wyse waarop hulle hulle sintuie kan gebruik of misbruik. Noem praktiese voorbeelde wat by die leerlinge se leefwêreld en ontwikkelingsvlak pas. Graad 3-leerlinge sal byvoorbeeld verstaan dat jy jou oë kan gebruik om die Bybel te lees, maar ook om te kyk wat daar is om te steel. Kinders moet besef dat hulle liggame 'n tempel van die Here is en dat hulle dit daarom tot sy eer moet aanwend.

### 2.4.3 Die aanbieding van Lewenswetenskappe

'n Gelowige onderwyser moet in die onderrig van plant- en dierkunde, fisiologie en anatomie sy of haar leerlinge se aandag vestig op wat ons van God kan leer ken in die bestudering van die volgende onderwerpe:

- Suid-Afrika is een van die lande met die grootste verskeidenheid plante en diere op aarde. Dit illustreer alles die almag en skoonheid waarmee God alle dinge geskep het. Leerlinge moet in hulle behandeling van die organismes leer om God nie net daarvoor te loof en te eer nie, maar ook om hulle verantwoordelikheid as rentmeesters van God se skepping, sorgsaam na te kom.
- Die kompleksiteit en onderlinge interafhanklikheid waarmee alle organismes leef, dui op die orde en struktuur wat God in sy skepping neerlê. By die behandeling van die voedselketting, moet leerlinge byvoorbeeld tot die besef kom dat God elke lewende organisme funksioneel geskep het om 'n besonderse rol in sy skepping te speel.
- Al word 'n kat, 'n walvis en 'n vlermuis op grond van hulle anatomie saam met die mens as soogdiere geklassifiseer, is daar tog 'n wesenlike verskil tussen mens en dier. Anders as diere wat hulle kleintjies instinktief versorg, gee God aan die mens verstand om selfstandige besluite rakende die opvoeding van hulle kinders te neem. Dit is so aangesien God die "asem van die lewe" net in die méns se neus geblaas het. Leerlinge moet weet dat, al word die mens op die sesde dag as aardse wese geskep, hy anders as al die diere na God se beeld geskep word. 'n Mens kan dus nie bloot, op grond van sy anatomie, as dier geklassifiseer word nie.
- Soos die digter van Psalm 8, moet kinders ook leer om verstom te staan oor die wyse waarop God die mens se liggaam kunstig vorm. 'n Leerling wat dit besef, sal sy liggaam koester en versorg. Hy of sy sal ook so met sy eie en ander persone se liggame omgaan sodat dit dien tot opbouing van hulle naaste en tot verheerliking van God.

### 2.4.4 Die aanbieding van Fisiese Wetenskappe

Fisika en chemie fokus op die wetmatighede wat God in sy skepping neergelê het. 'n Gelowige onderwyser sal sy of haar leerlinge wys op die ordelike struktuur en die skoonheid wat God deur wetmatighede soos swaartekrag daargestel het. Leerlinge moet besef dat die mens hierdie wetmatighede deur middel van eksperimente kan waarneem, maar dat dit God se ewige krag is wat dit in stand hou. Wys jou leerlinge ook daarop dat God as Skepper van alle wetmatighede self nie daaraan gebonde is nie. Daarom kan God op die profeet Jesaja se gebed die son tien grade agteruit laat beweeg of kan die Here Jesus op die water na sy dissipels loop.

In die chemieklas moet leerlinge kan sien hoe God die mens toerus om sy kultuuropdrag deur middel van chemiese prosesse uit te voer. Ontwikkelinge op chemiese gebied het dit onder meer vir die mens moontlik gemaak om voedselproduksie te verhoog en gesinsorg te verbeter. Op so 'n wyse gee God aan die mens 'n instrument om sy skepping te bewerk tot sy eer en tot heil van

ons naaste. Ongelukkig is daar ook persone wat ontdekkings op chemiese gebied aanwend tot nadeel van die mens en die natuur. Daarom is dit goed as leerlinge die geleentheid kry om te besin oor die wyse waarop die mens met chemiese uitvindings, soos chloorgas, omgaan.

In fisika word die kragte bestudeer wat in die natuur werksaam is. Leerlinge moet besef dat God deur kragte soos elektrisiteit dit vir die mens moontlik maak om sy beperkte vermoë te vergroot. Op so 'n wyse gee gelowige wetenskaplikes uitvoering aan God se kultuuropdrag om die aarde te bewerk. Net soos leerlinge in 'n Chemieklas moet leer om chemiese prosesse tot eer van God aan te wend, moet hulle dit ook in die Fisikaklas aanleer. Vra gereeld kritiese vrae aan die leerlinge in jou klas om hulle denke in die verband te stimuleer. Wys hulle ook daarop dat God nie net die Skepper van alle dinge is nie, maar ook die Outeur van die Bybel is. Daarom kan dit wat jy in die Fisikaklas leer en God se Woord nooit mekaar weerspreek nie.

## Opsomming

*Al word leerinhoud soms voorgeskryf, moet die wyse waarop dit aangebied word van so 'n aard wees dat dit getuig van God as Skepper en Onderhouer van alle dinge.*

## Aspekte ter oorweging

*Maak 'n plakkaat waarin jy jou leerlinge inlig oor 'n verkeerde en die regte beoordeling van Natuurwetenskappe.*

# 4.5 Ekonomiese Wetenskappe

## Doelwitte

*God stel die mens as rentmeester aan om al sy eiendomme te bewerk en te bewaak. Uit die Skrif is dit duidelik dat elke persoon eendag rekenskap sal moet gee oor hoe hy of sy God se middele gebruik het. Onderwysers moet weet wat verantwoordelike rentmeesterskap behels en hoe om hierdie waarhede aan hulle leerlinge oor te dra.*

### 4.5.1 Hoe lyk ons leefwêreld?

Geld speel 'n sentrale rol in die meeste mense se lewens. Baie ouers sloof hulleself byvoorbeeld af om 'n inkomste te verdien sodat hulle 'n hoë lewenstandaard kan handhaaf. 'n Goeie salaris, so glo hulle, verseker geluk. Dit bepaal hoe luuks jou motor is, hoe groot die huis is waarin jy woon of waar jy kan gaan vakansie hou. Kinders word van jongs af voorgesê om 'n beroep te kies wat 'n goeie inkomste sal genereer. Baie leerlinge neem ekstra Wiskunde- of Wetenskapklasse, alles in 'n poging om toelating tot studierigtings met 'n uitsig op 'n groot salaris te verkry. 'n Goeie salaris, so glo hierdie ouers, sal vir hulle kinders 'n goeie en voorspoedige lewe kan verseker.

Dieselfde gesindheid vind ons by baie onderwysers. Leerlinge word gemotiveer om hard te werk sodat hulle op finansiële gebied 'n sukses van hulle toekoms kan maak. Geldkoors word die maatstaf waarmee alles beoordeel word. Daarom geniet vakke soos Latyn of Geskiedenis, wat geen direkte finansiële voordeel vir 'n leerling inhou nie, min aftrek. In sekere gevalle word leerlinge selfs ontmoedig om aan aktiwiteite deel te neem, behalwe om daardeur 'n potensiële inkomste te kan genereer.

Die gerigtheid op die "maak van geld" tree ook sterk in die kurrikulum na vore. Leerlinge moet entrepreneuriese vaardighede aanleer met net een doel voor oë: Om soveel wins as moontlik te maak. Op die skool se entrepreneursdag ontvang die leerling wat die meeste wins kon maak nog 'n paar rand ekstra as beloning vir sy of haar prestasie. Al hierdie dinge veroorsaak dat leerlinge begin dink dat die najaag van geld die belangrikste doel in die lewe is.

Dit is nie maklik vir 'n gelowige onderwyser om Bybelse norme oor die ekonomie uit te leef en te onderrig nie. In ons materialistiese samelewing is die meeste mense van

oortuiging dat jy self vir jou eie welvaart verantwoordelik is. Jy werk hard vir jou inkomste en kan daarom met jou geld maak wat jy wil. Vir God wat gee en hulle wat uit dankbaarheid werk, is daar in hulle denke nie veel ruimte nie. En tog is die Skrif baie duidelik hieroor. Dit is die Here wat rykdom en armoede gee. Hy sorg vir en onderhou alle dinge. 'n Onderwyser wat hierdie beginsel verstaan sien sy of haar beroep as 'n roeping. Jy werk in gehoorsaamheid aan die Here, nie vir die salaris nie. Maar dan sorg die Here in sy genade vir jou deur aan jou 'n inkomste te gee. Uit dankbaarheid daarvoor doen jy jou werk met toewyding en entoesiasme. Onderwysers wat dit besef, neem byvoorbeeld nie aan stakings deel nie!

**Onthou**

*Dit is die Here wat rykdom en armoede gee.*

### 4.5.2 Rentmeesterskap

Die grondbeginsel wat geld by die aanbieding van vakke wat oor die ekonomie handel is dat die aarde en alles wat daarop woon aan die Here behoort. Leerlinge moet leer dat hulle geld en besittings nie hulle eie is nie, maar aan die Here behoort. God "leen" dit net aan ons sodat ons dit in sy diens kan gebruik. Daarom staan ons as rentmeesters bekend. Om 'n rentmeester te wees is 'n groot verantwoordelikheid. Christus leer ons in die gelykenis van die talente dat Hy eendag gaan rekenskap eis wat elkeen met sy eiendom gemaak het. 'n Gelowige onderwyser sal daarom baie moeite doen om aan sy of haar leerlinge te verduidelik hoe God wil hê hulle met sy eiendom moet werk.

Anders as ongelowiges wat net op eie behoeftes en genot ingestel is, moet 'n gelowige onderwyser sy of haar leerlinge leer om dit wat die Here aan hulle gegee het tot sy eer en in diens van hulle naaste aan te wend. Om hierdie aspek prakties te demonstreer kan byvoorbeeld van laerskoolleerlinge verwag word om 'n deel van hulle wins tydens 'n entrepreneursdag aan 'n lofwaardige saak, soos 'n voedingskema vir arm leerlinge, te skenk. Leerlinge leer daardeur dat 'n verantwoordelike rentmeester ander persone se belange in ag neem as hy of sy geld spandeer. 'n Besigheidstudies-onderwyser in die hoërskool kan weer met sy of haar leerlinge gesels oor sakepraktyke wat hulle naaste se nood of onkunde uitbuit. Eienaars van 'n mikro-leningsmaatskappy wat 'n onbillike rentekoers hef, gebruik beslis nie dit wat hulle ontvang het in diens van hulle naaste nie, maar verryk hulleself. Leerlinge moet leer om sulke gedrag as oneties te beskou.

Die apostel Paulus skryf aan sy leerling Timoteus dat geldgierigheid die wortel van alle euwels is. Dit gebeur as iemand hom- of haarself nie meer as rentmeester sien

nie, maar as eienaar. So 'n persoon kry nooit genoeg van sy besittings nie. Hoe meer hulle het, hoe meer wil hulle hê. Net soos Paulus die jong Timoteus waarsku, moet jy ook jou leerlinge teen geldgierigheid waarsku. Leer hulle dat slegs gehoorsaamheid aan die Here ware geluk bied, nie rykdom nie. Leerlinge wat byvoorbeeld net 'n studierigting volg omdat daardie beroep 'n groot inkomste bied, maak 'n fout. 'n Dokter, ingenieur of ouditeur kan net ware vreugde in sy of haar beroep vind as hy of sy dit doen waarvoor die Here hom of haar geroep het. Dan volg jy nie die beroep vir die groot salaris nie, maar omdat jy jou naaste deur jou beroep wil dien.

### 4.5.3 Aspekte van belang in die onderrig van Ekonomiese Wetenskappe

Christus veroordeel glad nie gesonde ekonomiese aktiwiteite nie. Daar is niks mee verkeerd om te koop en te verkoop of om wins te maak nie. Die wyse Salomo besing selfs die lof van 'n deugsame vrou wat 'n goeie wins gemaak het. Dit is egter verkeerd as geld en besittings die dryfveer vir jou optrede word.

Die Bybel stel dit duidelik: Jy kan nie God en Mammon (die geldgod) tegelyk dien nie. Christen-onderwysers wat vakke soos Rekeningkunde of Besigheidstudies aanbied sal daarom die verskil tussen selfsug en verantwoordelike rentmeesterskap aan hulle leerlinge uitwys. Dit sluit die volgende in:

- In Rekeningkunde moet leerlinge leer dat alle berekeninge op 'n eerlike wyse moet geskied. State mag nie "gekook" word om syfers beter te laat lyk of om boeke te laat klop nie. 'n Christen-rekenmeester sal ook geen omkoopgeskenk aanneem om 'n persoon of instansie te bevoordeel deur inligting te verdraai of te weerhou nie.
- Die onderwyser wat Besigheidstudie aanbied moet sy of haar leerlinge op die verskil tussen billike en woekerwins wys. 'n Christen-sakeman sal nie sy naaste uitbuit deur 'n buitensporige hoë fooi vir sy dienste of produkte te hef nie, selfs al is sy kliënte bereid om dit te betaal.
- 'n Besigheidstudie-onderwyser leer sy of haar leerlinge dat alle persone en ondernemings belasting moet betaal omdat God dit so vereis. Selfs al verkwis die staat die belastingbetalers se geld op aspekte wat nie hulle goedkeuring wegdra nie, mag belastingbetalers nie hulle belasting aan die staat op 'n oneerlike wyse weerhou nie.
- Leerlinge moet leer dat geld en besittings 'n gawe van die Here is wat geniet mag word. Daar is niks mee verkeerd om van die vrug van jou arbeid te geniet nie. Leerlinge mag geld bestee aan dinge wat vir hulle lekker is of dinge koop wat hulle benodig. Maar dit is verkeerd as jy geld begin verkwis deur 'n

spandabelrige lewe te leef. In so 'n geval eer jy nie meer God met dit wat jy van Hom ontvang het nie.

- Verantwoordelike rentmeesterskap vereis selfdissipline. Leerlinge moet gelei word om gedissiplineerd 'n deel van hulle inkomste te spaar vir later. Die Bybel prys diegene wat voorsorg tref vir moeilike tye wat mag voorlê. Maar leerlinge moet ook weet dat jy op God alleen en nie op al jou polisse en goeie beleggings moet vertrou nie.

> **Onthou**
>
> *Gelowige leerlinge moet besef dat dit 'n sëen is om in God se diens te mag leef.*

- Leerlinge moet ook daarop gewys word dat diegene wat baie van die Here ontvang 'n oop hand vir die armes moet hê. Die versorging van armes moet steeds 'n hoë prioriteit by elke gelowige leerling se besteding van sy of haar sakgeld geniet.
- Die Here gee nie aan almal eweveel finansiële middele nie. Party persone ontvang baie en is ryk, ander ontvang weer min en is arm. Leerlinge moet weet dat beide rykdom en armoede 'n gevaar inhou. Rykes kan maklik vergeet om op die Here te vertrou, terwyl armes weer aan God se versorging kan begin twyfel.

Onderwysers moet hulle leerlinge van jongs af leer om vergenoegd te wees met dit wat hulle van die Here ontvang het en steeds ontvang. Praat met die leerlinge in jou klas oor wat dit beteken om in tye van voorspoed dankbaar, en in tye van teëspoed geduldig te wees. Vergenoegdheid mag egter nooit tot luiheid aanleiding gee nie. Die Bybel stel dit duidelik dat hulle wat nie werk nie, nie mag eet nie. 'n Gelowige leerling moet besef dat dit 'n seën is om in God se diens te mag arbei.

### 4.5.4 Bestuur

Om 'n onderneming op Bybelse beginsels te bestuur is nog 'n aspek wat onderwysers in ekonomiese wetenskappe met hulle leerlinge moet bespreek. 'n Gelowige sakeman of -vrou se besigheid handel oor veel meer as die wins. Deur hulle ondernemings voer hulle hulle kultuuropdrag uit in diens van die gemeenskap en tot eer van God. Dit doen hulle byvoorbeeld deur werkgeleenthede te skep en om hulle werknemers se gawes en talente tot volle ontplooiing te bring.

Die leerlinge moet besef dat eienaars, bestuurders en werknemers voor God gelyk is. Die wyse waarop werkgewers en werknemers met mekaar omgaan moet getuig van wedersydse waardering en respek vir mekaar. 'n Werkgewer wat so na sy werknemers kyk, weet dat die arbeider sy loon werd is. Hy buit sy arbeiders nie uit

deur aan hulle 'n onbillike loon te betaal of onnodig lang ure te laat werk nie, maar gee eerder aan hulle 'n billike vergoeding en die geleentheid om hulle plek in hulle gesin, kerk en die samelewing vol te staan. So 'n werknemer tree eerlik, lojaal en regverdig binne en buite sy onderneming op.

Werkers wat hulle werk as roeping sien sal hulle arbeid nie so verrig dat hulle die plek waarvoor hulle werk skade sal berokken nie. Hulle werk met toewyding en entoesiasme, asof hulle nie die werk vir hulle werkgewer verrig nie, maar vir die Here. Hierin moet jy ook vir jou leerlinge 'n navolgenswaardige voorbeeld stel. Kla jy gedurig oor jou groot werklading en die swak vergoeding wat jy ontvang? Wys eerder aan jou leerlinge wat dit beteken om met toewyding en vreugde jou werk in diens van die Here te verrig.

## Opsomming

*Geld speel 'n sentrale rol in ons leefwêreld. Gelowige onderwysers moet klem lê op die Christelike wyse waarop mense met geld moet werk.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in twee ewe groot groepe. Debatteer die volgende twee punte met mekaar:*

- *Daar is weinig dinge wat 'n Christen-onderwyser kan doen om die stroom van materialisme onder leerlinge sinvol teen te werk.*
- *Werk jy om te leef of leef jy om te werk?*

# 4.6 Geskiedenis

## Doelwitte

*Geskiedenis handel oor God se bemoeienis met sy skeppingswerke deur die eeue heen en die mens se reaksie daarop. God het die aarde geskep en beheer dit steeds. Jesus Christus se menswording, kruisiging en opstanding uit die dood is die belangrikste gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis. Ná sy hemelvaart stuur alle gebeure onstuitbaar op sy wederkoms af. 'n Geskiedenis-onderwyser moet daarvan bewus wees dat God deur die geskiedenis Homself openbaar en hy of sy moet weet hoe om dit aan die leerlinge oor te dra.*

### 4.6.1 Verskillende geskiedenisbeskouings

Om 'n persoon, volk of land na behore te ken, moet jy sy geskiedenis ken en verstaan. Die laaste konflikte waarby 'n land betrokke was het byvoorbeeld 'n groot invloed op die denke, emosie en optrede van die burgers van 'n land. Die geskiedenis help ons om die hede beter te verstaan en om tendense te identifiseer wat die hier en nou beïnvloed. Maar wat bepaal die verloop van geskiedenis? Is die geskiedenis 'n kringloop van oorsaak en gevolg, 'n toevallige sameloop van gebeure of is daar 'n hoër hand wat bepaal wat gebeur? Was die uitwissing van miljoene Jode in die Tweede Wêreldoorlog die gevolg van Hitler se wrok teen Jode of was die Jode toevallig op die verkeerde tyd op die verkeerde plek, en waarom het God dit toegelaat dat soveel Jode in gaskamers moes sterf?

'n Persoon wat hierdie soort vrae sinvol wil beantwoord moet moeite doen om hom- of haarself vanuit die Bybel te vergewis wat God oor die geskiedenis openbaar. Dawid verskaf die fondament waarop die bestudering van geskiedenis berus as hy in Psalm 24 skryf dat die aarde en diegene wat daarop woon aan die Here behoort. Geskiedenis fokus op God se eiendom en wat daarmee in die verlede gebeur het en steeds gebeur.

God staan nie los van die wêreld (sy eiendom) soos baie filosowe beweer nie. Hy heers aktief daaroor. 'n Mooi voorbeeld hiervan vind ons in die verhaal van Josef. Sy broers dink hulle kan met Josef maak wat hulle wil, maar later wys Josef hulle daarop dat dit God was wat die gebeure so bestuur het. Hy bestuur konings en

maghebbers om sy wil te volbring. Na Jesus se opstanding uit die dood gee God alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom. Hy, as God se gesalfde koning, heers nou oor alle dinge. Hierdie is nie net 'n belydenis of 'n klomp mooi woorde nie, maar 'n realiteit. God se beskikking sluit nie die mens se verantwoordelikheid uit nie. God stel die mens as sy rentmeester aan om sy eiendom te bewoon, te bewerk en te bewaar.

**Onthou**

*Leerlinge moet verstaan dat niks buite God se wil gebeur nie. Sy wëe strek ver bo ons begrip.*

As Geskiedenis-onderwyser moet jy gereeld met jou leerlinge oor God se koningskap praat. Leerlinge moet daarop gewys word dat Jesus Christus koning is en bly. Niks gebeur buite sy wil nie. Verduidelik aan die leerlinge dat die Here se weë ver bo ons begrip strek. Daarom verstaan ons nie waarom God dit byvoorbeeld toelaat dat duisende onskuldige kinders jaarliks in konflikte sterf, of waarom goddelose diktators toegelaat word om die kerk te vervolg nie. Die apostel Paulus verduidelik aan die Korintiërs dat ons nou deur 'n spieël in 'n raaisel kyk, maar dat ons eendag ten volle sal verstaan. Al kan jy nie al die vrae van die leerlinge beantwoord nie, gee die Bybel wel die versekering dat God alle dinge ten goede laat meewerk vir dié wat Hy uitverkies het. 'n Leerling wat hierdie beginsel verstaan sal nie God se goedheid betwyfel nie.

### 4.6.2 Sien God se hand in die geskiedenis raak

Die woord "historie", 'n sinoniem vir geskiedenis, gee 'n goeie aanduiding waaroor die vak Geskiedenis handel. Dit handel oor God se pad met die mens, "His story", deur al die eeue. Onderwysers wat God en sy kerk uit die wêreldgeskiedenis wil uitsluit besef nie dat dit onmoontlik is nie. Of jy dit wil aanvaar of nie, God heers oor alle dinge. Toe koning Kores van Persië in die sesde eeu voor Christus groepies Jode uit Babel na Juda teruggestuur het, het hy beslis nie besef God gebruik hom as instrument om sy wil te volbring nie. Die profeet Esra maak dit egter duidelik dat dit God is wat sy gees opgewek het om dit te doen. Dit is die Here wat regeerders aanstel, kinders aan ouers gee of jou by die skool geplaas het waar jy jou roeping moet uitleef.

As die Here ouers en onderwysers oproep om aan die volgende geslag van sy roemryke dade te vertel, sluit dit nie wêreldgeskiedenis uit nie. In die wêreldgeskiedenis moet leerlinge ook leer om God se wonders en sy mag raak te sien. As onderwyser moet jy gereeld die volgende aspekte met jou leerlinge bespreek:

- Die Here hou sy kerk in stand te midde van 'n goddelose wêreld. In die geskiedenis kan ons duidelik sien hoe Satan God se kerk wil vernietig, maar God bewaar sy kerk. Daar sal altyd gelowiges wees wat God bly dien.
- God se voorsienigheid strek oor al die eeue. Hy is goed vir, en lankmoedig met, alle mense. Hy laat die son opkom en laat dit reën oor goeie en slegte mense.
- Hoe lyk elke leerling se historiese wortels? En hoe het die Here in sy of haar voorgeslagte gewerk? Kinders moet in die wêreld-, vaderlandse en hulle eie familiegeskiedenisse die hand van die Here kan raaksien. Al leef ons in die 21ste eeu, het die mens steeds 'n behoefte daaraan om God se wonders in sy leefwêreld raak te sien.
- Die voortdurende stryd wat daar heers in die geskiedenis tussen God se koninkryk en die ryk van Satan gaan steeds voort. Satan en sy engele is reeds deur Jesus Christus verslaan en hulle is daarom soos 'n brullende leeu wat alles in sy vermoë doen om God se kerk van Hom afvallig te maak.
- Die dade van die persone wat aan God gehoorsaam was en die heilsame gevolge van hulle optrede kan dikwels gesien word. Maar ook die dade van die wat ongehoorsaam aan die Here was en die destruktiewe gevolg daarvan.

### 4.6.3 Die beoordeling van geskiedenis

Die betekenis wat verskillende persone aan 'n geskiedkundige gebeurtenis heg kan uiteenlopend van aard wees. Wat een persoon as 'n heldedaad sien, word deur die volgende persoon as sabotasie beskou. Is 'n bomplanter 'n vryheidsvegter of terroris? Hierdie dilemma is veral vandag aktueel in die beoordeling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Gewoonlik word die geskiedenis vanuit die oogpunt van die oorwinnaar aangebied, maar is dit reg? Moet die geskiedenis selektief net sekere onderwerpe wat jou mening sal bevoordeel uitlig en ander sake wat jou kan benadeel of sleg laat lyk eerder uitlaat? Beslis nie. 'n Gelowige onderwyser poog om die geskiedenis op 'n eerlike wyse te beoordeel. Dit sluit in dat jy nie bewustelik sekere gebeure versluier nie, maar ook nie sekere gebeure veridealiseer nie.
Dit vereis 'n deeglike kennis van hierdie vakgebied.

Net soos in ander vakgebiede is die Bybel die enigste norm waaraan 'n onderwyser geskiedkundige gebeure moet beoordeel. Vanuit 'n Bybels-normatiewe oogpunt gesien, gaan dit oor meer as die uitkoms van 'n veldslag of die ekonomiese en maatskaplike gevolge van 'n konflik. Ten diepste gaan dit oor wat die mens se plek en taak in die wêreld is en oor sy gehoorsaamheid aan die Here. Toon 'n persoon se optrede dat hy of sy God en sy naaste liefhet en dien?

'n Onderwyser moet alle gebeure wat hy met die leerlinge behandel vanuit hierdie perspektief beoordeel. 'n President kan sy land tot 'n modelstaat ontwikkel,

maar as die metodes wat hy gebruik oneties is, kan sy optrede nie geregverdig word nie. 'n Persoon se optrede kan goeie sowel as slegte elemente bevat. Ikone soos Paul Kruger of Nelson Mandela se optrede was beslis nie net goed of net sleg nie. Dit is immers eie aan elke mens om ook foute te maak. Dit geld ook vir die optrede van 'n staat of 'n politieke stelsel. Wees eerlik in jou beoordeling daarvan. Wys die leerlinge op die verkeerde, maar ook op die goeie van elke politieke bedeling.

> **Onthou**
>
> *Ten diepste gaan dit oor wat die mens se plek en taak in die wêreld is.*

## 4.6.4 Ander aspekte van belang in die aanbieding van Geskiedenis

'n Gelowige onderwyser sal hom of haar daarvan weerhou om die optrede van 'n persoon, hoe vroom ook al, tot norm te verhef. Onthou, die Bybel bly die enigste norm en daarom kan die optrede van figure soos Johannes Calvyn, Emily Hobhouse of Moeder Theresa nooit tot die norm verhef word nie. Wees versigtig om sekere persone of groepe waarvan jy nie hou nie, as slegte kreature uit te beeld, terwyl ander waarvan jy wel hou, verheerlik word. Dit is oneerlike wetenskapsbeoefening om so met die geskiedenis om te gaan.

Nog meer verkeerd is dit om namens God te besluit wat sy doel of wil met die uitkoms van 'n geskiedkundige gebeurtenis was. Jy kan nie vir die kinders in jou klas leer dat God kommunisme tot 'n val gebring het omdat dit goddeloos was of dat die Boere die Slag van Bloedrivier gewen het omdat hulle volkome op die Here vertrou het nie. Onthou God se weë is ver bo ons denke verhewe. Ons kan die Here nie kaap om by ons beoordeling van sake in te pas nie. 'n Gelowige onderwyser sal eerder beskeie met die geskiedenis omgaan, want hy of sy weet hoe klein en nietig hy of sy is.

Leer die leerlinge om die geskiedenis as 'n eenheid te sien. Alles wat plaasvind, is aan die Here en daardeur ook aan mekaar gekoppel. Nie net groot gebeurtenisse soos die VSA se inval van Irak is belangrik nie, maar ook klein gebeure soos die oprigting van 'n hospitaal in Bagdad. Alle gebeure, groot en klein, lei tot die realisering van God se koninkryk wat sy voltooiing in Jesus Christus se wederkoms sal vind. Dan word die wêreldgeskiedenis afgehandel en leef dié wat Hy uitverkies het in ewige vrede saam met Hom op die nuwe aarde.

## Opsomming

*As Geskiedenis-onderwyser moet jy gereeld met jou leerlinge oor God se koningskap praat en aan hulle versuidelik dat alles wat gebeur, in sy Hande was en is, al verstaan ons dit nie. Leerlinge moet daarop gewys word dat Jesus Christus koning is en bly.*

## Aspekte ter oorweging

*Skryf 'n artikel van minder as 120 woorde waarin jy een of ander historiese gebeurtenis beskryf en uit 'n Bybels-normatiewe oogpunt beoordeel.*

# 4.7 Geografie

## Doelwitte

*Geografie is die studie van die leefomgewing waarbinne God die mens geplaas het. As God skep koppel hy Homself direk aan die aarde. Hy skep 'n tuin waarin die mens moet woon en werk. Ná Adam en Eva se sondeval word die mens uit die Paradys verdryf. Sedert die sondeval gaan die aarde gebuk onder aanslae en verganklikheid. Adam moet in moeilike omstandighede sy brood verdien. In Geografie moet leerlinge gelei word om die grootsheid, prag en orde in die skepping raak te sien. Hulle moet ook leer om die effek van sonde op die natuur te identifiseer en hoe dit die mens raak.*

### 4.7.1 God gee woonplek vir die mens

Veral hoërskoolleerlinge kyk dikwels baie krities na hulle omgewing. Hulle hou byvoorbeeld nie juis van die buurt waarin hulle woon nie, of die klimaat is te warm of te koud. Ander leerlinge het weer geen belang by die ekonomiese aktiwiteite wat in die gebied beoefen word nie. Sulke leerlinge wens dikwels hulle kan eerder in 'n ander dorp of selfs in die buiteland woon. Hierdie denke bied die ideale geleentheid aan 'n gelowige Geografie-onderwyser om met sy of haar leerlinge oor die aarde as woonplek vir die mens te praat. Leerlinge moet hoor dat God die mens op aarde geplaas het om daarin te woon en te werk. Hierdie grondbeginsel uit die Skrif verskaf die fondament vir die aanbieding van Geografie as vakgebied.

Reg deur die Skrif is dit duidelik dat die Here plek vir sy kinders maak. Aan die aartsvader Abraham beloof God byvoorbeeld nie net 'n nageslag nie, maar ook 'n land om in te woon. In Christus kan God se gelowige kinders nou op die hele aarde woon. Dit is die Here wat vir al die volke van die aarde plek gee. 'n Leerling wat besef dat lewensruimte 'n geskenk en opdrag van die Here is, kyk anders na sy eie bestaan op aarde. Niemand mag 'n ander persoon sy leefruimte ontneem, slegs omdat hy oor die mag besit om dit te doen nie. Net so moet naturalistiese sieninge, wat die ongerepte natuur (sonder die mens) idealiseer, afgewys word. Leerlinge moet van jongs af leer dat God aan elke persoon (en groep) 'n plek, maar ook 'n taak, op aarde gee.

Geografie fokus op die verband tussen die mens en die aarde waarop God die mens laat woon. Dit impliseer baie dinge vir 'n gelowige onderwyser. Die grootheid en almag van God moet byvoorbeeld aan die leerlinge uitgewys word as natuurverskynsels soos berge, riviere en oseane behandel word. Leerlinge moet hulle eie nietigheid voor die almagtige God besef. Christus self wys sy dissipels daarop dat hulle sy naderende voetstappe moet raaksien in elke aardbewing, pessiekte en hongersnood wat plaasvind. 'n Gelowige onderwyser moet in navolging van Christus dit ook doen. Leerlinge moet weet dat siklone, tornado's en vloede almal natuurverskynsels in die hand van die Here is. Hy laat dit reën op wie Hy wil, soos Hy wil, op gelowige en ongelowige mense.

### 4.7.2 Die wonder van God se skepping

In Geografie as vakgebied tree die onderlinge orde en struktuur wat God in sy skepping neergelê het duidelik na vore. Die waterkringloop is 'n enkele voorbeeld waarin 'n Geografie-onderwyser aan sy leerlinge kan toon hoe wonderlik God die aarde toeberei het. Dit is God wat vir mens en dier hulle voedsel gee. Leerlinge moet besef dat hierdie en ander komplekse strukture wat ons op aarde vind, nie die gevolg van 'n toevallige sameloop van gebeure is nie. Daar agter vind ons eerder die hand van die almagtige God wat alles kunstig daargestel het. Al kom en gaan menslike teorieë, moet elke Geografie-leerling tot die insig kom dat God alleen kan skep. Buiten dit wat God in sy Woord aan ons bekend maak, weet ons bitter min oor hoe alles ontstaan en verder ontwikkel het. Wat ons wel weet is dat God steeds alles aktief dag vir dag onderhou. Tereg kan die psalmdigter skryf dat dit God is wat die son smôrens laat opkom en saans weer laat sak.

Deur die bestudering van God se werke in Geografie leer ons ook meer van sy besonderse eienskappe ken. Die grootheid van die sterrehemel met al sy derduisende sterre is maar 'n stukkie afbeelding van God se goddelike majesteit. Net so kry ons iets te sien van sy skoonheid in 'n mooi wolkformasie, of van sy ewige krag in die magtige strome van die oseaan. Leerlinge moet ook leer om die Here se versorgende hand in die bestudering van die aarde raak te sien. Dis Hy wat voedsel aan die mens gee deur byvoorbeeld die koring en druiwestok te laat groei. Al noem jy hierdie aspekte nie tydens elke geografieles aan jou leerlinge nie, is dit tog wys om per geleentheid vir 'n oomblik stil te staan en aan jou leerlinge die grootheid van God in jou vakgebied uit te wys. So leer die leerlinge nie net meer van Geografie as vakgebied nie, maar in die eerste plek meer van die Here, wat Here is oor alle wetenskaplike denke.

Bekende natuurwetenskaplikes soos Kepler en Galileo het hierdie waarheid goed verstaan. Van Kepler, die Duitse sterrekundige, het die volgende gebed bewaar

gebly: "Ek dank U, Skepper en Here, dat U my hierdie vreugde in U skepping, hierdie genot in die werke van U hande geskenk het. Ek het die heerlikheid van U werke aan die mense bekend gemaak vir sover my eindige gees U oneindigheid kon verstaan. As ek iets gesê het wat U onwaardig was of as ek eie eer mag gesoek het, vergeef my dit dan tog genadiglik." Galileo het weer gesê: Die werke van God se vinger – dit wil sê wat sy hande in die skepping gemaak het – en die werke van God se mond – dit wil sê wat God in sy Woord geopenbaar het – kan mekaar nie teenspreek nie. Ons kan daarom op hierdie wyse onbevange wetenskap bedryf. Hierdie selfde gesindheid moet ook in Christen-onderwysers na vore tree.

### 4.7.3 Die mens se kultuuropdrag

> Onthou
>
> *God het die mens op aarde geplaas om daarin te woon en te werk.*

Die besonderse taak wat God aan die mens op aarde gee is 'n groot, maar heerlike opgawe. Die mens, as kroon van God se skepping, moet as sy verteenwoordiger nie net oor sy skepping heers nie, maar dit ook bewerk en bewaar. Alle dinge wat God geskape het moet so aangewend word dat God se naam daardeur verheerlik word. Leerlinge in die laerskool moet in Sosiale Wetenskappe leer dat die goud van die aarde letterlik ontgin moet word om daarmee voorwerpe tot eer van God te vervaardig. Net so moet die boer sy gewasse verbou om tot God se eer voedsel aan mens en dier te verskaf. As God skep, skep Hy 'n tuin, maar as Hy weer kom, is daar 'n stad. Hiervan moet gelowige kinders leer om as arbeiders in diens van God op te tree.

Die opdrag aan die mens om oor die skepping te heers staan as die kultuuropdrag bekend. In Geografie moet die leerlinge leer wat dit beteken om hierdie opdrag in praktyk uit te leef. Hoe moet 'n aarde lyk waarop die Here as koning erken word? Leerlinge in die hoërskool moet byvoorbeeld tot die besef gelei word dat sosio-ekonomiese faktore nie alleen bepalend mag wees by die vestiging van 'n nedersetting nie. Is dit Bybels geregverdig dat een groep mense in weelde leef, terwyl hulle naaste 'n paar honderd meter verder nie eers oor skoon drinkwater of sanitasiegeriewe beskik nie? Of mag die ontginning van grondstowwe onbeperk plaasvind solank dit net 'n bydrae tot die stimulering van die ekonomie lewer? Leerlinge sal net hulle kultuuropdrag kan uitleef as hulle geleer word om hierdie en ander soortgelyke temas wat in Geografie na vore tree vanuit Skriftuurlike norme te beoordeel.

Uit die kultuuropdrag blyk dit duidelik dat daar op aarde gewerk moet word. God gee die middele aan die mens om Hom mee te verheerlik, maar die mens moet dit ontgin. God kon groot stede met mooi strate en huise geskep het, maar Hy doen

dit nie. Hy wil eerder sien hoe ons as sy kinders dit doen. Dit maak Geografie as vakgebied uiters belangrik. Hier moet leerlinge leer hoe om God se skepping tot sy eer te ontplooi. Hulle moet weet dat God water, olie, hout, platinum en talle ander hulpbronne in sy skepping neergelê het vir die mens om te gebruik.
Die hoërskoolleerling wat eendag 'n myningenieur wil word moet nou reeds leer dat hy of sy die grond, water en ander middele mag gebruik om minerale te ontgin. Hy of sy mag skagte sink, strukture oprig en behuising vir die arbeiders oprig. Maar hy of sy moet ook weet dat hy of sy hom- of haarself nie aan lug-, grond- en waterbesoedeling mag skuldig maak nie, aangesien dit in die eerste plek God se eer sal aantas.

### 4.7.4 Die gevolge van sonde

Die effek van die sondeval kan duidelik aan leerlinge uitgewys word in die bestudering van Geografie. Die apostel Paulus skryf in sy brief aan die gemeente in Rome dat die hele skepping sug en in barensnood verkeer. Gronderosie, die gat in die osoonlaag, en besoedelde lug en riviere is maar enkele voorbeelde waarvan ons daagliks te hore kry. Leerlinge moet besef dat die sondeval nie net die mens nie, maar ook die mens se leefwêreld, direk nadelig beïnvloed. Boere voer 'n nimmer-eindigende stryd teen onkruid en plae en selfs die strukture wat die mens oprig benodig deurlopende instandhouding. Wys die leerlinge in jou klas daarop dat alles op aarde weens die sondeval aan verganklikheid onderworpe is. Daarom sien die natuur, net soos die kinders van God, na Christus se wederkoms uit. Dan sal diegene wat God uitverkies het in God se teenwoordigheid op die nuwe aarde leef.

In plaas daarvan om as verantwoordelike rentmeesters op te tree, stel baie mense eerder hulle eie wil voorop. In die bestudering van Geografie vind ons veral die volgende drie uitwasse:

- Panteïste vergoddelik God se skeppingswerke in plaas daarvan om God self te verheerlik. Aanhangers hiervan is gewoonlik teen enige nuwe ontwikkelings gekant aangesien dit die natuur, wat hulle verafgod, kan beïnvloed.
- Humaniste stel daarteenoor weer alleen maar die belange van die mens voorop en nie die natuur of die eer van God nie. Dit gee dikwels aanleiding tot 'n uitbuiting van die natuur vir menslike gewin.
- Deïsme huldig die oortuiging dat God wel alle dinge geskape het, maar hom daarna aan sy skepping onttrek het. Die gang van sake word volgens hierdie siening deur natuurwette bepaal. Volgens hierdie siening bepaal die mens sy eie lot.

Veral hoërskoolleerlinge moet van hierdie sienings, wat dikwels selfs in skoolhandboeke voorkom, kennis dra. 'n Gelowige onderwyser sal moeite doen om leerlinge te leer om hierdie verkeerde sieninge aan die hand van Bybelse norme af te wys.

## Opsomming

*Geografie fokus op die verband tussen die mens en die aarde waarop God die mens laat woon. Die grootheid en almag van God moet aan die leerlinge uitgewys word en leerlinge moet hulle eie nietigheid voor die almagtige God besef en sy wil gehoorsaam.*

## Aspekte ter oorweging

*Ontwikkel vir jouself 'n slagspreuk wat jou sal motiveer om Geografie uit 'n Bybels-normatiewe oogpunt aan te bied. Plak dit iewers in jou klas op waar jy dit gereeld sal sien.*

# 4.8 Kuns, Drama en Musiek

## Doelwitte

*God gee aan die mens die opdrag om sy skepping nie net te bewoon nie maar dit ook te bewerk en te bewaar. Deur kultuurontwikkeling moet die mens van "tuin" na "stad" beweeg. Die mens ontvang die vermoë om hierdie opdrag op 'n kreatiewe wyse uit te voer sodat die estetiese (mooie) in God se skepping sigbaar word. Kuns, Drama en Musiek is by uitstek die vakgebiede wat hulle daartoe leen om die estetiese in God se skepping raak te sien en te waardeer. Kuns-, Drama- en Musiekonderwysers moet hulle leerlinge help om 'n goeie onderskeidingsvermoë te ontwikkel sodat hulle 'n waardering kan hê vir die skoonheid in hulle vakgebied.*

### 4.8.1 Kunsbeoefening is eie aan die mens

In die hede of in die verlede, in ontwikkelde of in onderontwikkelde samelewings, oral tref ons kunswerke aan. Of dit nou musiek, drama, beeldhouwerk of 'n skildery is, die mens is van nature geneig om skeppend op te tree. Maar anders as God wat uit niks die heelal kunstig geskep en toeberei het, is die mens se vermoë om te skep beperk tot dit wat God daargestel het. Van die woordkunstenaar se stem tot die pottebakker se klei, is alles middele wat God gee om kunswerke mee te skep. Dit geld ook vir die leerlinge in jou klas. 'n Christen-onderwyser sal sy leerlinge wys op hulle beperkte vermoëns om te skep en op God se almag wat deur sy Woord die aarde kunstig geskep het en ook weer gaan herskep as Christus op die wolke kom.

Deur kuns, drama en musiek gee die mens uiting aan sy gevoelens, verwagtings en oortuigings. Vername konings, soldate en edelmanne in die Middeleeue het byvoorbeeld skilderye of standbeelde van hulself laat maak om hulle eie prag en praal ten toon te stel. Die Farao's van Egipte het selfs enorme piramiedes laat oprig om uiting te gee aan hulle begeerte om vir ewig te bly voortleef. Daardeur het hulle gierigheid, hoogmoed en selfgerigtheid duidelik sigbaar geword. Leerlinge wat baie talente van die Here ontvang het moet daarop attent gemaak word dat hulle maklik in 'n soortgelyke slaggat kan trap as hulle eers aansien en roem begin verwerf.
As Kunsonderwyser moet jy aan jou leerlinge verduidelik dat die eer eerder God toekom vir die talente wat Hy gee en vir die moontlikhede wat God in die skepping gelê het om op 'n kreatiewe wyse te benut.

### 4.8.2 Kunsbeoefening tot eer van God

Die Bybel verwys op vele plekke direk en indirek na kuns. Verskeie gedeeltes in die Bybel is byvoorbeeld op 'n kunssinnige wyse geskryf. Kunsvorme soos rym, kadans en herhaling kom algemeen voor. In die boek Psalms gebruik God byvoorbeeld musiek as kunsvorm om sy Woord by sy kinders in te skerp. Daarom is dit goed as leerlinge van jongs af gewyde liedere, soos die psalms, tydens hulle musiekperiode aanleer. Op so 'n wyse kan Musiekonderwysers ook help om die basiese Skrifwaarhede aan leerlinge te onderrig.

> **Onthou**
>
> *Deur kuns, drama en musiek gee die mens uiting aan sy gevoelens, verwagtings en oortuigings.*

In beide die tabernakel en tempel van Salomo het kunswerke ook 'n belangrike rol gespeel om 'n sekere boodskap aan die volk oor te dra. Die mantel van die Hoëpriester se soom word byvoorbeeld kunstig met pers, purperrooi en bloedrooi granaatjies versier. Tussen die granaatjies hang daar goue klokkies wat moet lui as die Hoëpriester in die heiligdom ingaan om voor God te verskyn. Hieruit blyk dit duidelik dat God 'n welgevalle het aan kunswerke wat Hom verheerlik. 'n Christen-onderwyser sal sy of haar leerlinge leer om nie bang te wees om kuns te beoefen nie, maar om dit wel op so 'n wyse te doen dat dit tot God se eer strek. Dan mag leerlinge 'n mooi liefdesliedjie komponeer of 'n goeie drama oor die intriges van 'n gesin opvoer.

Kunstenaars soos Bach of Rembrandt het die grootheid van God deur hulle kunswerk besing. "Die Messias" van Händel is 'n goeie voorbeeld van so 'n kunswerk wat ten doel het om God te loof en te prys. Christen-onderwysers moet hulle leerlinge daarop wys dat hulle kunswerke ook uiting gee aan dit wat vir hulle belangrik is. Getuig hulle kunswerke van 'n strewe na vryheid, rykdom en eer, of getuig dit van vergenoegsaamheid, diensbaarheid en liefde? Hierdie beginsel geld nie net vir die kunstenaar wat sy kuns beoefen nie, maar ook vir diegene wat sy kunswerke geniet.

### 4.8.3 Kuns, Drama en Musiek as vakgebiede

Die vakgebiede Kuns, Drama en Musiek bestaan om God te verheerlik deur kunswerke te skep. In sy genade gee God byvoorbeeld aan die mens 'n stem om mee te praat. 'n Kunssinnige leerling sal gou agterkom dat woorde sekere tone het, wat as dit in die regte patroon gerangskik word, mooi klink om na te luister. Dit geld ook vir sekere kleure, musieknote of bewegings wat as dit in die regte kombinasie gebruik word, 'n mooi geheel vorm. Dit is die Kunsonderwyser se taak om hierdie

patrone, kombinasies en ander kunselemente aan sy of haar leerlinge te onderrig. Op so 'n wyse ontvang leerlinge die boublokke wat nodig is om hulle kreatiewe vermoëns tot eer van God te ontwikkel en te gebruik.

Nie alle kunstenaars gebruik die moontlikhede wat God gee op die regte wyse nie. Sonde en ongehoorsaamheid bring mee dat sommige kunstenaars juis deur middel van hulle kunswerke teen God rebelleer. 'n Christen-onderwyser sal sy of haar leerlinge waarsku om nie, in hulle strewe om uitdrukking aan hulle eie gedagtes en gevoelens te gee, goddeloos op te tree nie. Leerlinge wat hulle byvoorbeeld besig hou met vulgêre lirieke of tekeninge kom direk teen God se morele orde in opstand. Daardeur misbruik hulle hulle talente en die moontlikhede wat God gee vir hulle eie bevrediging. Daag eerder jou leerlinge uit om kunswerke te skep wat fokus op dit wat waar, eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik is. Leerlinge wie se lewe en kunswerke hierop fokus ontvang die belofte dat die vrede van God met hulle sal wees.

### 4.8.4 Evaluering van kuns

Om 'n leerling te leer hoe om 'n kunswerk korrek te beoordeel is nie maklik nie. Wat vir een leerling mooi is, is nie noodwendig vir 'n ander leerling mooi nie. Nie alle leerlinge hou ewe veel van klassieke musiek of 'n natuurtoneel in 'n skildery nie. En tog is dit belangrik dat die Kunsonderwyser sy of haar leerlinge leer om die kuns- en morele waarde van 'n kunswerk afsonderlik en objektief te beoordeel.

**Onthou**

*Nie alle kunstenaars skep tot eer van God nie.*

Leerlinge moet besef dat alle kuns wat mooi lyk of goed klink nie noodwendig goeie kunswerke is nie. Baie kunstenaars gebruik juis hulle kuns as medium om vir die wêreld hulle afkeer of verwerping van God te demonstreer. 'n Kunswerk in 'n Boeddhistiese tempel kan vanuit 'n kunssinnige oogpunt 'n meesterstuk wees en tog waardeloos wees aangesien dit 'n goddelose boodskap oordra. Kunswerke het net waarde as dit getuig van gehoorsaamheid aan God en tot sy eer geniet kan word. Leerlinge moet ook leer om 'n kunswerk van die kunstenaar te skei. Heiden-kunstenaars kan ook briljante kunswerke skep en nie alle Christen-kunstenaars se kuns is goed nie. Dit kan selfs gebeur dat heidense kunstenaars God deur hulle kunswerke verheerlik, al is dit nie hulle bedoeling nie. Musiekleerlinge kan byvoorbeeld waardering vir Paganini se vaardigheid en tegniek as violis hê, al was hy 'n skurk en rondslaper in sy privaatlewe.

'n Kunsgeletterde leerling kan die waarde van 'n goeie kunswerk net soveel beter verstaan en waardeer as ander persone, aangesien hy of sy weet watter besonderse

talente en vaardighede dit verg om so 'n kunswerk te skep. 'n Goeie kunswerk getuig nie net van die kunstenaar se talente en vaardighede nie, maar wek ook 'n bepaalde emosie by 'n persoon op wat daarna kyk of luister. Dit is oorspronklik en dra 'n spesifieke boodskap oor. 'n Onderwyser wat sulke kunswerke aan sy of haar klas voorhou, leer die leerlinge om "die mooie in die lewe", as 'n Godgegewe gawe te waardeer en te geniet. Leerlinge leer ook wat dit verg om goeie kunswerke te skep wat tot eer en verheerliking van God en tot opbou van hulle naaste strek.

### 4.8.5 Die waarde van kuns

Baie Christene het al in die verlede die waarde van kuns, drama en musiek bevraagteken. Volgens hulle het dit weinig waarde aangesien hierdie kunsvorme net 'n refleksie van die lewe is en nie die lewe self nie. Ook in die onderwys is daar baie persone wat leerlinge ontmoedig om Kuns, Drama of Musiek as vak te neem. Hulle is van oortuiging dat Rekenaarwetenskap en Ekonomiese Wetenskappe meer praktiese toepassingswaarde het en dus liefs geneem moet word.

> **Onthou**
>
> *God gee kuns, drama en musiek aan ons om Hom daarmee te verheerlik.*

Ouers en onderwysers wat so oordeel ontken die "mooi en skone" wat God in sy skepping gelê het. Net soos Hy goud, silwer en ander edelstene aan die mens gegee het om mooi voorwerpe tot sy eer te maak, gee Hy ook kuns, drama en musiek om Hom daarmee te verheerlik. 'n Kuns-, Drama- of Musiekleerling hoef daarom nie sy vakkeuse te probeer regverdig nie. Soos alle ander vakgebiede fokus hierdie vakgebiede op 'n klein deeltjie van God se skeppingswerke. Die uitdaging vir die Christen-onderwyser is hoe om hierdie deeltjie van God se skepping (sy vakgebied) tot eer van Hom te heilig. Leerlinge wat leer om hulle kuns op so 'n wyse te beoefen kry 'n eie staanplek, met Christus as hulle fondament. Hulle word nie deur die populêre modegiere van die kunswêreld opgeslurp nie, maar gee eerder lig in 'n donker wêreld.

Kunstenaars kan deur hulle kunswerke hulle aanhangers se denke ten goede of ten kwade verander. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die invloed wat die sanger John Lennon en sy popgroep "The Beatles" in die sewentigerjare uitgeoefen het. Deur sy liedjies en uitsprake het hy die bestaande orde bevraagteken. Veral jong mense het as gevolg van sy musiek die grense van aanvaarbare moraliteit geleidelik begin verskuif. Al het baie persone beweer hulle luister slegs na die musiek omdat dit goed op die oor val, was dit beslis nie die geval nie. Die boodskap het ingang by miljoene persone wêreldwyd gevind.

Vandag is daar talle sulke kunstenaars, ook in Suid-Afrika. Onderwysers moet veral die leerlinge wat 'n loopbaan in die kunste wil volg daarop wys dat dit 'n groot verantwoordelikheid is om 'n kunstenaar te wees. Watter boodskap dra jou kunswerk uit, goed of sleg? Weet dat God van jou rekenskap gaan eis van elke persoon wat jy deur jou doen en late (ook jou kunswerke) van Hom afvallig gemaak het.

## Opsomming

*'n Christen-onderwyser sal sy of haar leerlinge wys op hulle beperkte vermoëns om te skep en op God se almag wat deur sy woord die aarde kunstig geskep het en ook weer gaan herskep as Christus op die wolke kom.*

## Aspekte ter oorweging

*Vra 'n paar persone om kunswerke te bring wat julle as 'n groep kan beoordeel. Dit kan 'n populêre liedjie, 'n gewilde TV-drama of tydskrifartikel insluit. Evalueer nou die kunswerk uit 'n artistieke en morele oogpunt. Watter goeie en slegte elemente kan julle in die kunswerk raaksien?*

# 4.9 Tegnologiese Wetenskappe

## Doelwitte

*Die Here gee aan die mens opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar. Die mens moet sy verstand en energie gebruik om die moontlikhede wat God in die natuur daargestel het te ontgin. In vakke soos Tegnologie of Rekenaartoepassingstegnologie (RTT), asook ander praktiese vakke, moet leerlinge leer wat dit beteken om God en hulle naaste deur die gebruik van tegnologie te dien.*

### 4.9.1 Die invloed van tegnologie op ons samelewing

Tegnologie speel ongetwyfeld 'n sleutelrol in ons samelewing. Let byvoorbeeld op die geskarrel wat dit afgee as daar 'n kragonderbreking is. Die meeste leerlinge kan hulleself ook nie 'n lewe sonder 'n selfoon of tabletrekenaar indink nie. In baie gevalle steun die mens nie net swaar op tegnologie nie, maar het selfs daarvan afhanklik geword. Vir elke gelowige onderwyser wat tegnologiese vakke aanbied is dit 'n groot uitdaging om aan sy of haar leerlinge die regte leiding in hierdie verband te gee. Om dit te kan doen, moet jy self eers normatief besin oor die positiewe en negatiewe invloed van tegnologiese ontwikkelinge op ons samelewing. Dit geld ook vir die leerlinge in jou klas wat van jongs af moet leer om krities met tegnologie om te gaan.

Die klem wat sedert die 16de eeu al meer op tegnologie geplaas word, hang ten nouste saam met die bloeitydperk van die Christendom in Europa. Die Reformasie het gelowiges opnuut laat besin oor hulle kultuuropdrag om God ook in sy skepping te dien. Roepingsgedrewe gelowiges het moeite gedoen om God se skepping tot sy eer te bewerk. Met die uitvinding van die drukpers deur Gutenberg (1400–1468) kon duisende Bybels byvoorbeeld later gedruk word, iets wat vroeër nie moontlik was nie. Die uitvinding van die kompas het weer handel- en sendingreise na die uithoeke van die aarde vergemaklik. Dieselfde gesindheid moet steeds in elke gelowige leef. Hoe gebruik jy as onderwyser die tegnologie tot jou beskikking om die Here, ook in die onderrig wat jy gee, te dien? Leer jy jou leerlinge om roepingsgetrou met tegnologie om te gaan? Onderwysers wat moeite doen met die normatiewe vorming van hulle leerlinge sal gereeld met hulle leerlinge gesels oor hoe hulle hulle tegnologiese vermoëns tot eer van God en in diens van hulle naaste kan aanwend.

### 4.9.2 Tegnologie as genadegawe

> Onthou
>
> *God het baie tegnologiese moontlikhede in sy skepping ingebou vir die mens om te ontgin.*

Die Here beskik dit in sy veelvuldige wysheid dat daar baie tegnologiese moontlikhede in sy skepping ingebou word vir die mens om te ontgin. Geen mens kan uit niks iets soos elektrisiteit skep nie, maar die mens kan wel ontdek dat daar iets soos elektrisiteit is en planne bedink hoe om dit op te wek. Die mens ontvang verder die vermoë om elektriese apparate te bou wat hom kan help om sy take te verrig. 'n Gelowige onderwyser kan gerus per geleentheid sy leerlinge daarop attent maak dat ons die hand van die Here agter al hierdie menslike uitvindsels sien. Dit is Hy wat die koper, yster en elektrisiteit geskep het om apparate mee te vervaardig. Só maak Hy dit vir ons moontlik om oonde, yskaste en mengers in die Verbruikerstudieklas te kan gebruik. Wees egter versigtig dat sulke opmerkings nie in sedelessies ontaard wat leerlinge eerder afsit as opbou nie.

God verskaf nie net die middele aan die mens om sy skepping te deurvors en te benut nie, Hy gee ook die opdrag (en daarmee saam die mandaat) om dit te doen. In die begin skep God 'n tuin vir die mens om in te woon, maar as Jesus Christus weer kom, vestig Hy 'n nuwe stad op aarde. Deur tegnologie kan iets van die ewige Godstad nou reeds manifesteer. Nie alle persone wend tegnologie op so 'n wyse aan dat dit help bou aan God se koninkryk nie. Kerntegnologie is 'n wonderlike uitvindsel as dit reg gebruik word, maar 'n atoombom kan duisende mense se lewens in 'n oogwink verwoes. Daarom moet leerlinge reeds op skool leer om hom- of haarself voortdurend die vraag af te vra of die tegnologie waarmee hy of sy besig is, goed of sleg is, en goed of sleg benut word. Help die rekenaarprogram wat 'n leerling in die "CAT-klas" geskryf het aan die bou van God se koninkryk, of breek dit eerder sy ryk af?

As tegnologie op die regte wyse ingespan word vergroot dit die mens se vermoë om dinge te doen geweldig. Op so 'n wyse gee God aan die mens die vermoë om sy beperkings aan te vul. Dit stel die mens in staat om fisiese grense te oorkom of nuwe hoogtes te bereik. Hierin lê 'n groot gevaar opgesluit. Reeds by die toring van Babel sien ons dat veral mense wat vinnig tegnologiese vooruitgang maak, dink dat hulle God nie meer nodig het nie. Dieselfde kan vandag ook met ons en ons leerlinge gebeur. RTT kan leerlinge byvoorbeeld laat glo dat rekenaarprogrammatuur nie net alles moontlik maak nie, maar ook bepaal wat moet gebeur. Sulke leerlinge stel nie meer hulle vertroue op die Here nie, maar vertrou eerder op die mens se tegnologiese vermoëns. Waarsku jy jou leerlinge daarteen dat dit dwaas is om op iets anders as God te vertrou?

### 4.9.3 Sake van belang in die aanbieding van Tegnologie

'n Eenvoudige oordeel oor tegnologiese ontwikkeling is gewoonlik baie moeilik. Die onderwyser wat Motorwerktuigkunde aanbied kan byvoorbeeld nie net die voordele van motors aan sy leerlinge onderrig nie. Hy moet ook uitwys dat motorongelukke jaarliks vir duisende persone se dood verantwoordelik is en dat motors se uitlaatgasse lugbesoedeling veroorsaak. Soortgelyke voorbeelde vind ons in elke vakgebied. Mediese tegnologie verlig duisende persone se lyding, maar dra weer by tot bevolkingsgroei wat ander ellende meebring. Laerskoolleerlinge moet reeds van jongs af in Tegnologie begin leer om etiese vraagstukke oor vooruitgang op 'n gebalanseerde manier te beoordeel. As ouer leerlinge oor die voor- en nadele van 'n saak redeneer, skep dit by hulle 'n bewussyn dat nie alle "vooruitgang" noodwendig net goeie gevolge inhou nie. Leerlinge kom op so 'n wyse tot die besef dat hulle ook na die belange van die natuur en hulle naaste moet omsien as nuwe tegnologie ontwikkel word.

Aangesien tegnologiese uitvindings op menslike denke en handelinge berus, is dit feilbaar. 'n Landbouwetenskaponderwyser moet sy of haar leerlinge daarop wys dat selfs die mees moderne toerusting 'n boer in die steek kan laat. Verder is tegnologiese kreatiwiteit beperk tot die mens se vermoë om moontlikhede in te sien wat hy kan gebruik. Sonde verduister die mens se verstand in so 'n mate dat sy tegnologiese uitvindsels slegs beperkte oplossings kan bied. Die Handwerkonderwyser kan byvoorbeeld sy of haar leerlinge wys op die onvermoë van handwerkgereedskap om nie materiaal te vermors in die vervaardiging van meubels nie. Deur per geleentheid hierdie en ander soortgelyke aspekte met die leerlinge in jou klas te bespreek maak jy jou leerlinge daarvan bewus dat tegnologie nooit 'n doel op sigself mag word nie. Tegnologie is en bly 'n middel wat God aan die mens gee om Hom mee te dien.

### 4.9.4 Omgang met tegnologie

Die wyse waarop jy as onderwyser self met tegnologie omgaan is ewe belangrik. Hier moet daar veral teen die volgende twee uitwasse gewaak word:

- Onderwysers wat tegnologiese vooruitgang misken, berokken in die reël nie net hulle leerlinge skade nie, maar misken ook daardeur hulle kultuuropdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaak. Veral Tegnologie-onderwysers het daarom 'n roeping om hulle te bly vergewis van die nuutste ontwikkelings in hulle vakgebied. 'n Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO)-onderwyser kan nie voortgaan om in sy of haar klas soos tien jaar gelede klas te gee nie. Deur hulle leerlinge aan nuwe programmatuur bekend te stel, rus hulle eerder die leerlinge toe om voluit hulle roeping in die wêreld uit te leef.

- 'n Onderwyser wat tegnologie verabsoluteer, is net so verkeerd. Leerlinge moet weet dat tegnologie beslis nie die antwoord op alle lewensvrae bied nie. Daarmee saam beskik tegnologie, as dit nie korrek aangewend word nie, oor die vermoë om 'n persoon in gemaksug te laat verval. In sulke gevalle word die mens lui aangesien hy verwag dat tegnologiese hulpmiddels sy werk namens hom moet verrig. Dit is soms nodig dat leerlinge per geleentheid sekere werk sonder tegnologiese hulpmiddels moet verrig. 'n Leerling wat in Verbruikerstudies self bestanddele met die hand moet meng heg meer waarde aan 'n elektroniese mengapparaat as 'n ander leerling wat nooit die werk verrig het nie.

Dit is belangrik om te besef dat leerlinge, al besef hulle dit nie eers self nie, jou fyn dophou. 'n Elektronika-onderwyser wat 'n apparaat onnodig laat rondlê of dit onrespekvol hanteer, moet nie verbaas wees as leerlinge op 'n soortgelyke wyse 'n ander apparaat hanteer nie. Daarteenoor sal 'n onderwyser wat as 'n goeie rentmeester optree 'n mooi voorbeeld stel hoe om met tegnologie om te gaan. Sulke onderwysers hanteer nie net apparate met die nodige respek nie, maar kan ook die volle gebruikswaarde daarvan geniet. Hy of sy weet immers dit vorm deel van die Here se ontplooiing van sy raadsplan.

## Opsomming

*God gee aan die mens die vermoë om sy beperkings aan te vul deur die inspanning van tegnologie. Dit moet egter op die regte wyse gebruik word.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na oor hoe jy as onderwyser met tegnologie omgaan. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

- *Hanteer jy tegnologie met die nodige agting?*
- *Gesels jy genoeg met jou leerlinge oor die korrekte gebruik van tegnologie?*
- *Skep jy die geleentheid vir jou leerlinge om ook tegnologie vanuit 'n normatiewe lewens- en wêreldbeskouing te beoordeel?*

# 4.10 Lewensoriëntering

## Doelwitte

*Lewensoriëntering handel oor hoe leerlinge hulle lewens moet inrig of oriënteer. Leerlinge moet leer om met hulle hart, siel en verstand God en hulle naaste lief te hê en te dien.*

### 4.10.1 Verskillende benaderings tot Lewensoriëntering

Onderwysers se siening oor die mens en hoe om die lewe te rig is uiteenlopend. Sommige onderwysers sien die mens as 'n intelligente dier. Net soos diere het die mens tog 'n liggaam wat allerhande noodsaaklike funksies verrig. Hulle glo dat mense deur die eeue heen (deur evolusie) net verder as ander diere ontwikkel het. Enige persoon het mos dierlike drange (lewe, voedsel, voortplanting) wat bepaal hoe hy of sy sal optree? Onderwysers wat leerlinge so sien en dienooreenkomstig behandel moet nie verbaas wees as 'n leerling soos 'n dier optree nie. Sulke leerlinge het immers nooit op skool geleer om hulle lewens volgens norme en waardes te rig nie.

Ander onderwysers vergoddelik weer die mens. Leerlinge, glo hulle, is met die regte hulp en leiding tot alles in staat. Alles wat by die skool plaasvind draai rondom die leerlinge en hulle behoeftes. Tug is taboe en onderwysers onderrig nie meer vasstaande waarhede nie, maar tree net as fasiliteerders op wat die leerlinge help om hulle volle potensiaal te ontwikkel. Leerlinge kan self besluit wat reg en verkeerd is en het daarom nie norme en waardes nodig om hulle lewens te rig nie.

Die Woord van die Here leer jou om anders na die leerlinge in jou klas te kyk. In die vak Lewensoriëntering moet leerlinge leer dat dit die Here is wat aan hulle sekere gawes en talente gee. Leerlinge moet leer om nie verwaand te wees oor die gawes en talente wat hulle ontvang het nie. Die Here gee aan elkeen watter gawe Hy wil. Daarom kan almal nooit ewe goed presteer nie. Dit hoef ook nie. Die leerlinge moet gereeld hoor dat die hoeveelheid talente wat hulle ontvang het nie belangrik is nie, maar wel wat hulle met hulle talente doen. Gesels met die leerlinge afsonderlik en met die klas as geheel oor hoe hulle hulle talente gebruik. Leer hulle wat dit in praktyk beteken om die talente en gawes in diens van God en hulle naaste aan te wend.

### 4.10.2 Bybelse vertrekpunt vir die aanbieding van Lewensoriëntering

> **Onthou**
>
> *'n Gelowige onderwyser help leerlinge om hulle lewe op God te rig.*

Enige persoon, oud of jonk, kan net regtig gelukkig wees as hulle lewe sin en betekenis het. Geld, vriende of status bied nie ware geluk nie. 'n Persoon se lewe kan net sin en betekenis hê as Bybelse norme en waardes die rigting van hulle lewe bepaal. Daarom roep koning Dawid kinders in die psalms op om hulle lewenspad suiwer te hou volgens die Woord. Die norme en waardes wat 'n mens in die Bybel vind verander nooit nie. Hulle geld te alle tye, aangesien hulle nie deur 'n mens nie, maar deur God self gegee is. Lewensoriëntering wil leerlinge help om hulle lewens reg volgens hierdie norme en waardes in te rig of te oriënteer.

Die Woord leer ons in die eerste plek om God bo alles lief te hê. Ons moet aan Hom gehoorsaam wees en doen wat reg is. Dit is net so belangrik om die mense rondom ons lief te hê soos onsself. Leerlinge wat hulle lewe reg oriënteer, sal in die eerste plek op die regte wyse na hulleself kyk en besef dat hulle sondig en daarom vol gebreke is, maar dat God hulle ook van sonde vrygekoop het, wat beteken dat hulle nou as verloste mense kan lewe en steeds teen hulle sondige aard kan stry.
'n Leerling wat dit besef sal nie ander leerlinge skade berokken nie. Hy of sy hanteer ander persone, maar ook die omgewing waarbinne hy of sy leef, met liefde.

'n Lewensoriëntering-onderwyser mag hierdie waarhede nie bloot teoreties aan sy of haar leerlinge onderrig nie. Die leerlinge kan in jou as onderwyser se oë sien of jy self glo dat God en sy Woord jou lewe rig en of jy jou eie lewe daarvolgens inrig of nie. Dit help niks jy verwag van jou leerlinge om hulle vertroue op die Here te stel nie, maar jyself leef of daar nie 'n God is nie. Die voorbeeld wat jy stel tel meer as al jou woorde van vermaning of bemoediging. Slegs as leerlinge sien dat jy self uit die geloof lewe dra jou woorde gewig. Doen gereeld selfondersoek om te sien waar jy tekortskiet en bid tot die Here om aan jou die krag en wysheid te gee dat jou optrede tot voorbeeld vir jou leerlinge sal strek.

### 4.10.3 Die hoofterreine van Lewensoriëntering

'n Mens se lewe bestaan uit soveel fasette dat jy nooit in Lewensoriëntering alles sal kan bestudeer nie. Die volgende is maar enkele voorbeelde van sake uit die kurrikulum en assesseringverklaring wat jy met jou leerlinge moet bespreek:

- **Persoonlike en sosiale welsyn – selfontwikkeling:**
  Baie klem word in die komponent geplaas op die ontwikkeling van die leerlinge se gevoelslewe en verstand. Aspekte soos effektiewe studiemetodes, die

hantering van stres en selfgeldende optrede staan sentraal in die kurrikulum. Bring die volgende punte onder die leerlinge se aandag:

- Die Here roep elke persoon om in sy koninkryk diensbaar te wees. Leerlinge moet uitklaar hoe hulle die gawes en talente wat hulle van God ontvang het in sy diens kan aanwend.
- Dit is dwaas om op jou eie insig of vermoëns te vertrou. 'n Goeie selfbeeld kan in 'n oomblik vernietig word. Plaas eerder jou vertroue op die Here aan wie alle mag in die hemel en op aarde behoort.
- Naasteliefde impliseer dat jy ander persone se belange bo jou eie stel. Dit vind onder meer prakties vergestalting in die wyse waarop jy met bejaardes, siekes, maats en ander persone in die gemeenskap omgaan.

- **Persoonlike en sosiale welsyn – gesondheid en omgewingskwessies:** Hierdie komponent van Lewensoriëntering handel oor hoe leerlinge hulleself moet handhaaf in 'n samelewing vol gebreke en tekorte. Aspekte soos veiligheid in en om die huis, die invloed van oordraagbare siektes op ons gemeenskap, en omgewingskwessies word behandel. Bring die volgende punte onder die leerlinge se aandag:
  - 'n Goeie gesondheid is 'n gawe van die Here waarmee elke persoon met groot verantwoordelikheid moet omgaan. Gebruik jy jou lewenskrag om God en jou naaste te dien of dien jy jouself?
  - Die Here leer ons in die "Onse Vader" om te bid vir ons daaglikse brood. Die voedsel en alle ander dinge wat ons daagliks benodig, kom uit sy Vaderhand.
  - Die Here gee in die paradys aan die mens die opdrag om nie net die aarde te bewoon nie, maar dit ook te bewerk en te bewaar. Hoe lyk ontwikkeling as dit tot God se eer geskied?

- **Persoonlike en sosiale welsyn – sosiale verantwoordelikheid in die gemeenskap:** Leerlinge se verantwoordelikheid teenoor hulle naaste en die wêreld waarbinne hulle leef word in hierdie komponent behandel. Aspekte soos groepsdruk, mishandeling en goeie kommunikasievaardighede word bespreek. Enkele aspekte wat onderwysers onder leerlinge se aandag moet bring, is die volgende:
  - Die Bybel, en nie die Grondwet nie, moet dien as rigsnoer waarvolgens jy jou persoonlike lewe sowel as die samelewing orden.
  - Jy mag lief wees vir jou eie kultuurgoedere as dit 'n gawe van God is. In praktyk moet jy dit wat jou eie is tot eer van God heilig en jou daarvan weerhou om op die kultuurgoedere van ander groepe neer te sien.

- In Suid-Afrika is daar 'n groot verskeidenheid van gelowe. Al hierdie gelowe dien nie dieselfde God net op verskillende wyses nie. Net deur Jesus Christus kan ons tot die Vader nader. Ons mag niemand dwing om Hom te dien nie, maar moet wel aan almal die evangelie verkondig.

- **Liggaamlike opvoeding:**
  Hierdie komponent fokus op die liggaam en hoe leerlinge dit tot eer van God en tot voordeel van hulle naaste kan aanwend. 'n Gesonde leefstyl en die liggaamlike ontwikkeling wat leerlinge ervaar word bespreek. Bring die volgende punte onder die leerlinge se aandag:
  - Die Here red nie net gelowiges se siele nie, maar ook hulle liggame. Beide die siel en liggaam is vir Hom belangrik.
  - Jou liggaam is 'n tempel waarin die Heilige Gees woon. Daarom mag jy dit nie ontheilig deur 'n seksueel losbandige lewe te leef of om verslawingsmiddels te gebruik nie.
  - 'n Oordrewe klem op voorkoms (deur 'n dieet of liggaamsbou) moet as onbybels afgewys word. Leerlinge moet hulle liggame voed en beskerm, maar ook tevrede wees met die liggaam wat hulle ontvang het.

## Opsomming

*Die norme en waardes wat ons in die Bybel vind verander nooit nie. Hulle geld te alle tye, aangesien hulle nie deur 'n mens nie, maar deur God self gegee is. Leerlinge moet leer om hulle lewens reg volgens hierdie norme en waardes in te rig of te oriënteer.*

## Aspekte ter oorweging

*Stel 'n lys van onderwerpe saam wat jy tydens die Lewensoriënteringperiodes met die leerlinge sal wil bespreek.*

# HOOFSTUK 5

## Begronding van Christelike onderwys



# 5.1 Lewens- en wêreldbeskouing en die onderwys

## Doelwitte

*In die Christelike lewens- en wêreldbeskouing staan God se wil op alle lewensterreine voorop, ook in die onderwys. Gelowige onderwysers rig nie net hulle eie onderrig daarvolgens nie, maar doen ook moeite om so* ‘n *Bybel gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing by hulle leerlinge te vestig.*

### 5.1.1 Wat bepaal ‘n onderwyser se optrede?

Die mens se optrede is dikwels verbasend. Wat dryf een persoon om doelbewus ‘n klomp onskuldige leerlinge en hulle onderwysers met ‘n vuurwapen af te maai, terwyl iemand anders weer sy of haar gerieflike omstandighede prysgee om in haglike omstandighede minderbevoorregte leerlinge te gaan onderrig? Hierdie vraag geld natuurlik nie net vir groot en belangrike gebeure wat koerante se voorblaaie haal nie, maar ook vir die alledaagse doen en late van onderwysers. Wat motiveer ‘n onderwyser om dag vir dag, selfs in moeilike omstandighede, met sy of haar taak voort te gaan? Of om die volgende dag weer goed voorbereid voor die klas te staan, al blyk dit dat die leerlinge nie juis leergierig is nie? Of om meer as jou deel te doen, selfs al word dit nie deur die leerlinge en hulle ouers raakgesien of waardeer nie?

Die antwoord op hierdie en ander soortgelyke vrae is geleë in hoe onderwysers na hulle eie lewe en die wêreld waarbinne hulle leef kyk. Elke onderwyser het ‘n lewens- en wêreldbeskouing, ook al besef hy of sy dit nie. Dit is hoe hulle na die wêreld kyk. Draai alles net rondom hulleself en hulle geliefdes? Of soek hulle die beste vir alle mense? Of gaan dit oor die wil van God en hoe om God in gehoorsaamheid te dien? Vir gelowige onderwysers vorm die Woord van God hulle rigsnoer in die lewe. Dit is vanuit hierdie verwysingsraamwerk wat gelowige onderwysers na die lewe en die wêreld rondom hulle kyk.

Jou lewens- en wêreldbeskouing vorm die grondslag wat jou denke en optrede rig. Dit sal jou besluite beïnvloed, jou leefwyse rig en jou houding teenoor ander mense bepaal. Die psalmdigter verduidelik hierdie punt mooi deur die beeld van ‘n boom te gebruik. Die wortels van ‘n boom wat diep en vas in die grond geanker is bepaal watter vrugte die boom oplewer. Net so bepaal onderwysers se lewens- en wêreldbeskouing hoe hulle onderrig sal wees. Die onderrig van onderwysers vir wie ekonomiese welvaart in hulle lewens- en wêreldbeskouing belangrik is, sal byvoorbeeld ‘n sterk materialistiese ondertoon hê. Volgens sulke onderwysers moet die leerlinge ‘n beroep met ‘n goeie salaris kies sodat hulle daardeur ‘n goeie inkomste kan verseker.

### 5.1.2 Lewens- en wêreldbeskouings en die onderwys

Die term "lewens- en wêreldbeskouing" dui op ‘n persoon se diepste innerlike oortuigings. Dit het te doen met jou hele menswees en die sin van jou bestaan, soos jy dit sien. Vir gelowige onderwysers sluit dit onder andere die volgende in:

- Vrae oor God en wat dit vir die mens beteken om in ‘n verhouding met Hom te leef. Dit sluit aspekte in oor wat God van opvoeders verwag, of wat ‘n onderwyser van God en sy Woord moet weet om sy of haar roeping te kan uitleef.
- Vrae aangaande die wêreld waarin jy leef. Dit sluit aspekte in soos die onderwyser se verantwoordelikheid teenoor sy of haar leerlinge en hoe onderwysers die leerlinge kan help om betekenisvolle verhoudings met hulle naaste tot stand te bring.
- Vrae oor jouself (wie en wat jy is). Dit sluit aspekte in wat handel oor wat jy met jou onderrig wil bereik of waarmee jy jouself binne en buite die klas moet besighou.

**Onthou**

*Die doen en late van gelowige onderwysers in die praktyk sal verskil van hulle ongelowige kollegas.*

Die antwoorde wat gelowige onderwysers op hierdie en soortgelyke vrae gee sal bepaal hoe hul onderrig sal wees. ‘n Christen-onderwyser se onderrig sal altyd anders lyk as ongelowige kollegas s’n. Sulke onderwysers sien nie net die doel van hulle onderrig anders as ongelowiges nie; hulle doen en late in die alledaagse praktyk sal ook verskil. ‘n Gelowige onderwyser wat Christus se gesag aan die leerlinge bedien sal die leerling byvoorbeeld op ‘n totaal ander wyse dissiplineer as sy of haar ongelowige kollegas wat een of ander sekulêre dissiplinêre benadering volg.

### 5.1.3 Die invloed van 'n sekulêre lewens- en wêreldbeskouing

Die samelewing waarbinne gelowige onderwysers woon en werk oefen dikwels sonder dat hulle dit besef 'n geweldige invloed op hulle denke en dade uit. Dit is niks nuuts nie. Regdeur die Bybel lees ons hoe die Israeliete maar al te graag in heidense gewoontes en gebruike opgegaan het. In die meeste gevalle wil hulle steeds die Here dien, maar dan wel op so 'n wyse dat hulle nie hulle heidense praktyke hoef prys te gee nie. Jesus Christus sluit daarby aan as Hy aan die skare sê dat hulle weet hoe om die tekens in die natuur akkuraat te lees, maar nie weet hoe om die tekens van die tye waarbinne hulle leef reg te interpreteer nie. So vervreem hulle hulself van God se wil.

Die invloed wat humanisme, pragmatisme en die strewe na 'n lekker lewe op Christelike onderwys uitoefen is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Baie onderwysers sal byvoorbeeld nie graag hulle wil uitspreek oor wat reg en verkeerd is nie aangesien dit moontlik hulle leerlinge se sogenaamde selfbeeld of menswaardigheid sou kan aantas. Selfs in 'n vak soos Bybelonderrig sal onderwysers wegskram om 'n standpunt teen Sondagontheiliging in te neem, veral as hulle weet dat die meeste leerlinge se ouers hulle daaraan skuldig maak. In ander gevalle sal 'n skool weer versigtig wees om sekere sosiale aksies soos "40 days" te verbied as hulle moontlik daardeur toekomstige leerlinge kan verloor. Baie onderwysers volg ook voorgeskrewe handboeke slaafs na uit vrees dat hulle as eng of wêreldvreemd getipeer sal word as hulle 'n ander standpunt sou huldig. Onderwerpe soos evolusie word dan nie meer as net 'n teorie behandel nie, maar soos dié handboeke dit voorhou, as 'n feit.

Dit vereis nie 'n profeet om die sekulêre tekens van die tye in Christelike onderwys te lees nie. Gelowige onderwysers kan dit self doen, mits hulle hulleself deeglik van God se wil in die onderwys vergewis, en dan moeite doen om hulle eie en die skool se optrede daaraan te toets. Om in praktyk die heersende lewens- en wêreldbeskouing van die samelewing teë te staan en vir reformasie in die onderwys te vra is egter nie maklik nie. Hoe sê 'n onderwyser vir sy of haar skool wat duisende rand uit 'n lotery vir die skool insamel dat dit teen die Here se wil is? Of hoe verduidelik jy aan jou kollegas dat die Here persone volgens hulle gawes wil beloon as die skool die wêreldse norm najaag wat slegs die top-presteerders beloon? Christelike skole wat hulle aan sulke en soortgelyke optrede skuldig maak, verskil in wese nie veel van sekulêre skole nie.

### 5.1.4 Die vorming van leerlinge se lewens- en wêreldbeskouings

Christelike onderwys het altyd ten doel om die leerlinge se lewens- en wêreldbeskouing tot God se eer te vorm. Om in die doel te slaag is moeilik aangesien die dinge waarmee leerlinge daagliks te doen kry 'n groot invloed op hulle denke uitoefen. Die sogenaamde rolmodelle wat die sekulêre media aan leerlinge voorhou is maar een so 'n voorbeeld. Hulle skoonheid, prestasies en aansien word benadruk

en nie hulle suiwere lewenswandel nie. Onderwysers wat hierdie aanslag raaksien weet dit verg harde werk en baie gebede, maar bo dit alles die Here se genade om die regte denkwyse te vestig. Sulke onderwysers streef daarna om aan hulle leerlinge 'n navolgenswaardige voorbeeld te stel van hoe gelowiges hulle lewens moet inrig. Dit kan hulle natuurlik slegs doen as dit duidelik blyk dat hulle self uit die geloof leef. Dit help byvoorbeeld niks as onderwysers hulle leerlinge aanmoedig om meer vergewensgesind teenoor ander persone op te tree, maar uit hulle eie optrede blyk dit dat hulle self sukkel om diegene wat teenoor hulle oortree het, te vergewe.

In praktyk moet gelowige onderwysers aan hulle leerlinge leer dat God se soewereiniteit in alles voorop moet staan. In alle gebeure by die skool, maar in besonder in elke vakgebied, moet God se heerskappy na vore tree. Nooit mag Christelike onderrig verskraal word tot bloot 'n Bybelse sousie of 'n morele sedelessie nie. Leerlinge wat leer om God en sy Woord se gesag in alles te erken sien hulle eie lewens en die wêreld waarbinne hulle leef in die regte perspektief. Hulle besef byvoorbeeld hulle eie nietigheid voor God as hulle sy werke in vakgebiede soos Geografie, Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde bestudeer.

Beide die keuse van, en die gesigspunt waaruit, gelowige onderwysers hulle leerinhoud aanbied oefen dus 'n direkte invloed uit op die vorming van die leerling se lewens- en wêreldbeskouing. Daarom is dit uiters belangrik dat alle gelowige onderwysers hulleself indringend die vraag moet afvra of hulle onderrig nog op God se wil gerig is, en of hulle nie dalk sonder om dit eers te besef help meewerk aan die vestiging van 'n mensgerigte, pragmatiese, sosialistiese of enige ander sekulêre lewens- en wêreldbeskouing by hulle leerlinge nie.

### 5.1.5 Betekenis van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing vir onderwysers

Om die volle omvang en betekenis van 'n Christelike lewens-en wêreldbeskouing vir die onderwys in enkele punte uiteen te sit is nie moontlik nie. Daarom word slegs enkele kernelemente genoem.

- Die psalmdigter maak dit duidelik dat alles aan die Here behoort. Die Here God het alle dinge geskape en daarom is alles sy eiendom. Leerlinge moet byvoorbeeld van jongs af leer dat selfs hulle eie liggame nie aan hulleself behoort nie, maar aan die Here, en dat hulle daarom nie daarmee kan maak wat hulle wil nie. Dit geld ook vir alle ander materiële dinge wat die Here aan die mens gee.
- Die apostel Paulus maak dit in sy brief aan die Romeine duidelik dat God se ewige krag en heerlikheid duidelik in sy werke na vore tree. Gelowige onderwysers doen daarom moeite om die hand van die Here in alles aan hulle leerlinge uit te wys. Op so 'n wyse leer die leerlinge nie net om God as Skepper,

Onderhouer en Regeerder oor alle dinge te erken nie, maar ook om Hom in alles te eer en te dien.

- In God se skepping het Hy dit so beskik dat daar altyd 'n bepaalde rangorde en volgorde is. Onderwysers ontvang byvoorbeeld die opdrag om hulle leerlinge met tug en vermaning op te voed terwyl leerlinge hulleself weer aan hulle gesag moet onderwerp. Leerlinge moet leer dat God se orde juis harmonie, vrede en vryheid bewerkstellig; nie 'n wêreldse vryheid wat losbandigheid is nie, maar ware vryheid.
- God gee aan die mens die opdrag om die aarde nie net te bewoon nie, maar ook om dit te bewerk en te bewaar. Die Here gee daarmee saam aan die mens die vermoë om kultuur te kan vorm. Leerlinge moet leer om hulle kultuur tot eer van God te heilig. Die klanke of woorde wat leerlinge byvoorbeeld in die Musiekklas gebruik om 'n liedjie te skryf mag daarom nie tot oneer van God strek nie.

Vir gelowige onderwysers is dit belangrik om die leerlinge in 'n omgewing op te voed wat op hierdie en ander Bybelse beginsels gegrond is. Saam met ander medegelowiges moet onderwysers die leerlinge se lewens- en wêreldbeskouing so vorm dat hulle alle sin en betekenis vir hul lewens alleen maar in God se Woord vind. Slegs in God se lig sien hulle dan die lig. Dit is die bril waardeur hulle na alle dinge moet kyk.

## Opsomming

*Elke onderwyser het 'n lewens- en wêreldbeskouing. Vir gelowige onderwysers vorm die Woord van God hulle rigsnoer in die lewe.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in groepe van ongeveer vier persone en bespreek die volgende vrae:*

1. *'n Mens hoor gereeld die opmerking dat onderwys neutraal moet wees aangesien dit ouers se verantwoordelikheid is om hulle kinders dogmaties te onderrig. Hoe sou jy oor so 'n siening oordeel?*
2. *Buiten die aspekte hierbo genoem as kernelemente van Christelike onderwys, watter ander aspekte sou jy ook oordeel is belangrik in Christelike onderwys?*

# 5.2 Christelike wetenskap

## Doelwitte

*Wetenskap kan gesien word as die resultaat van 'n persoon se nadenke en verstaan van 'n sekere deel van die skepping. Die moeite wat gelowige onderwysers doen om te verseker dat hulle leerinhoud en onderrigmetodes reg is, is dus Christelike wetenskapbeoefening in praktyk. Om 'n Christen-onderwyser te wees, impliseer* per se *dat jy ook met Christelike wetenskap besig is.*

### 5.2.1 Wat is wetenskap?

Die beoefening van wetenskap is sedert God se opdrag aan Adam om alle dinge te ondersoek en dit dan te benoem 'n tipies menslike aktiwiteit. Soos enige ander optrede van die mens vind dit plaas omdat die mens iets daardeur wil bereik. Met wetenskaplike navorsing poog die mens nie net om iets van die skepping te verstaan nie, maar ook sy omstandighede daardeur te verbeter. Vir die doel benodig die mens kennis en insig. Die oorspronklike betekenis van die woord wetenskap of "science" soos dit in Engels bekend staan, is om kennis te verwerf. Vir onderwysers is dit belangrik om hiervan kennis te neem aangesien die verwerwing van kennis sentraal staan in alle onderrig wat plaasvind. Christelike onderwys het immers juis ten doel om die leerlinge met die nodige kennis en insig toe te rus, sodat hulle hulle vertroue volkome op die Here kan stel.

Die soeke na kennis (wetenskaplike denke) vind op alle lewensterreine plaas. Dit geld nie net vir die fisiese en natuurwetenskappe nie, maar ook in die filosofie, ekonomie, politiek, teologie, taalkunde en natuurlik die onderwys. Onderrigmetodes in 'n spesifieke vakgebied sal byvoorbeeld in diepte bestudeer word om te bepaal of onderrig in die betrokke vak nie op 'n meer effektiewe wyse kan geskied nie. Die inligting verkry uit sulke navorsing stel beleidsbepalers vir die onderwys in staat om die huidige onderwyssituasie krities te kan evalueer en aanbevelings te maak ter verbetering van die onderwyspraktyk.

God het in sy skepping sekere wetmatighede daargestel wat dit vir beide gelowiges en ongelowiges moontlik maak om die werklikheid te ondersoek. Hierdie struktuur,

wat volgens die brief aan die Romeine deur alle mense duidelik gesien en verstaan kan word, bestaan omdat God 'n God van orde is. Die ordereëlings (taalreëls) in Afrikaans of Engels maak dit byvoorbeeld vir die Taalonderwyser moontlik om sekere taalvaardighede na te vors en dit dan aan sy of haar leerlinge te onderrig. Sonder hierdie vasstaande wetmatighede sou enige navorsing oor 'n vak soos Wiskunde nie moontlik kon wees nie. Deur wetenskaplike navorsing leer gelowige onderwysers al meer van God se menigvuldige wysheid ken, wat hulle dan aan die volgende geslag moet oordra.

### 5.2.2 Die onderwyser as wetenskaplike

Alle voornemende onderwysers word statutêr verplig om 'n toepaslike tersiêre kwalifikasie te verwerf voordat hulle tot die onderwysprofessie kan toetree. Hierdie akademiese opleiding van die onderwyser voorveronderstel dat onderwys ook 'n wetenskaplike karakter het. Onderwysers moet eers hulle onderskeie vakgebiede en die opvoedkunde wetenskaplik bestudeer en deeglik oordink voordat hulle oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die leerlinge met gesag te onderrig. 'n Geografie-onderwyser moet byvoorbeeld nie net die nodige tegniese kennis rondom kaartwerk aanleer nie, maar ook weet wat die mees geskikte metode is om dit aan leerlinge oor te dra.

Vir gelowige onderwysers is wetenskaplike navorsing egter nooit 'n doel op sigself nie. Hulle navorsing geskied eerder in gehoorsaamheid aan God se kultuuropdrag aan die mens om sy skepping te bestuur en te bewerk. As God skep, plaas Hy Adam in 'n tuin, maar as Hy weer kom, kom Hy na 'n stad. Daar moet dus ontwikkeling en vooruitgang wees. Onderwysers wat hierdie beginsel snap onderrig hulle leerlinge so deeglik as moontlik sodat hulle die moontlikhede wat God is sy skepping neergelê het later in nog meer diepte kan navors. Natuur- en Skeikunde-onderwysers sal byvoorbeeld hulle leerlinge goed in chemiese en fisiese wetenskappe onderrig sodat die toekomstige ingenieurs onder hulle later fasiliteite en toerusting kan ontwikkel waardeur God geëer en hulle naaste gedien word.

In praktyk beteken dit dat gelowige onderwysers nie bloot tegnici mag wees wat krampagtig aan verouderde leerinhoud of -metodes vasklou nie. Die Christen-onderwyser sal eerder poog om op hoogte te bly van die nuutste ontwikkelings in sy of haar vakgebied deur byvoorbeeld op 'n vakwetenskaplike tydskrif in te teken of om deur middel van die internet verdere studie te onderneem. Veral in vakgebiede soos Rekenaarwetenskap of Tegnologie het verouderde leerinhoud min waarde. Dieselfde beginsel geld in alle ander vakke. Onderwysers moet deur hulle wetenskaplike insig die leerlinge nie net begelei om al meer van die onderskeie vakke te wete te kom nie, maar hulleself ook te verwonder oor God in wie alle kennis 'n samehang het.

### 5.2.3 Eerlike wetenskapbeoefening deur 'n onderwyser

Die Here leer ons in sy Woord dat ons nie vals mag getuig nie. Dit geld ook vir gelowige onderwysers wat wetenskaplike studie onderneem om daardeur die kennis aan die leerlinge oor te dra. Deur die volgende punte na te kom kan gelowige onderwysers verseker dat hulle eerlike wetenskap beoefen:

- ***Erken jou vertrekpunte.*** Dit gebeur dikwels dat die bevindinge van navorsers radikaal van mekaar verskil. 'n Gelowige onderwyser wat byvoorbeeld probeer vasstel waarom leerlinge ander boelie sal heel moontlik tot 'n ander gevolgtrekking kom as 'n kollega wat suiwer uit histories-kritiese oogpunt daarna kyk. Die gelowige onderwyser sal na alle waarskynlikheid die sondige aard van leerlinge as vertrekpunt neem, terwyl sy of haar kollega weer eerder by die historiese ongeregtighede van die verlede sal wegspring. Die kans is dus feitlik nul dat hulle by dieselfde bevindinge sal uitkom.

  Christen-onderwysers wat eerlike navorsing doen maak daarom altyd die vooraf opgestelde vertrekpunte van hulle studies bekend. Hulle weet daar bestaan nie iets soos "neutrale" wetenskap nie, aangesien die vooroordele van 'n navorser altyd 'n invloed op sy of haar resultate sal uitoefen. Deur jou uitgangspunte te erken is nie net eerlik nie, dit skep ook die geleentheid vir gesprekvoering met andersdenkende kollegas. Onderwysers kan byvoorbeeld 'n gesprek voer oor waarom sekere kinders meer daartoe geneig is as ander om hulle maats te boelie. Op so 'n wyse tree die onderwyser as ligdraer in die donker wêreld op.
- ***Wees wie jy sê jy is.*** Daar is min dinge wat mense so vies maak as iemand wat oneerlik is. 'n Leerling wat belowe hy of sy sal vir 'n funksie opdaag en dit dan nie doen nie is veel erger as een van wat van die begin af laat weet het dat hy of sy nie daar sal wees nie. Ongelukkig maak baie Christen-onderwysers hulle aan sulke optredes skuldig. In naam is hulle Christene, maar die wyse waarop hulle met die leerlinge omgaan of hulle taak verrig getuig nie juis daarvan nie. Sulke onderwysers berokken nie net hulle eie beeld skade nie, maar tas in wese ook die eer van die Here daardeur aan.

  Gelowige onderwysers wat byvoorbeeld bely dat Jesus Christus deur God as hoof oor alle dinge aangestel is, maar hulle klasse dan aanbied asof Hy niks daaroor te sê het nie, bly nie by dit wat hulle sê hulle is nie, en tree dus oneerlik op. In praktyk moet onderwysers byvoorbeeld kyk of die handboeke wat hulle aan die leerlinge uitdeel wel vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing geskryf is. As gelowige onderwysers se leerinhoud en onderrig nie 'n Christelike karakter weerspieël nie, is hulle nie net inkonsekwent in hulle geloof nie, maar sal hulle dualistiese lewensuitkyk ook die leerlinge verwar.

- ***Erken dat jy nie alles weet nie.*** Onderwysers se sondige aard maak dit vir hulle onmoontlik om alle dinge ten volle te deurgrond. Geen Geskiedenisonderwyser kan byvoorbeeld die gebeure voor die skepping aan sy leerlinge verduidelik nie. Die Bybel leer verder dat ons nou nog in 'n dowwe spieël kyk en slegs 'n raaiselagtige beeld sien. Christen-onderwysers moet dus in nederigheid erken dat hulle nie alles weet nie. Onderwysers wat besef hulle weet nie alles nie, is nie bang om met ander persone in gesprek te tree of selfs by hulle te leer nie. Alle nuwe dinge moet egter aan die Woord van God gemeet word om te bepaal hoe om daaroor te oordeel.

  Gelowige Lewenswetenskaponderwysers hoef nie meer aan hulle leerlinge oor die oorsprong (skepping) van die mens te verduidelik as dit wat God in die Bybel laat opteken het nie. Wys leerlinge eerder op die gevolgtrekking waartoe Job kom na sy gesprekke met God. Job vind berusting daarin dat God se weë vêr bo die mens se begripsvermoë verhewe is. Niemand ken die weë van die Here sodat hy of sy Hom kan verstaan nie. Daarom kan en mag 'n Lewensoriëntering-onderwyser byvoorbeeld erken dat hy of sy nie weet waarom God dit toelaat dat soveel persone reg oor die wêreld honger ly of aan die uitbreek van epidemies sterf nie.

### 5.2.4 Die Bybel en wetenskap in die klaskamer

Die wyse waarop daar met die Bybel in skole omgegaan word was deur die eeue vir baie gelowige onderwysers 'n groot probleem. In die Middeleeue het sommige onderwysers byvoorbeeld geweier om die uitvindings van Galileo en Copernicus aan hulle leerlinge te onderrig aangesien dit kwansuis in stryd met die Bybel sou wees. Daardeur het hulle nie net die Bybel verkeerd gelees nie, maar ook die indruk geskep dat die Bybel en wetenskap mekaar weerspreek. Ongelukkig leef hierdie siening vandag nog onder baie Christen-onderwysers voort. Die teenoorgestelde is egter waar. God maak Homself in die natuur en in die Bybel aan ons bekend. Beide verkondig God se boodskap en moet dus aan die leerlinge onderrig word.

Maar hoe gemaak as dit dan wel lyk of die Bybel en die wetenskap mekaar oënskynlik weerspreek? Wat staan 'n gelowige Lewenswetenskaponderwysers te doen as God se skepping in die sillabus misken word en evolusie as 'n wetenskaplike feit voorgehou word? Die eerste beginsel wat gelowige onderwysers by hulle leerlinge moet tuisbring is dat God se Woord en sy werke (skepping) mekaar nooit kan weerspreek nie. Die waarheid is immers een. Leerlinge moet weet dat waar dit wel lyk of die twee mekaar weerspreek, een van twee waar is. Die Bybel word of nie korrek gelees nie of wetenskaplikes maak verkeerde bevindinge in hulle navorsing.

Die evolusieteorie is 'n mooi voorbeeld wat gelowige onderwysers kan gebruik om aan hulle leerlinge uit te wys hoe wetenskapnavorsing dikwels te kort skiet.

Navorsers se aannames of sogenaamde feite oor die evolusieteorie weerlê mekaar byvoorbeeld voortdurend. Om een voorbeeld te noem: Die dateringmodelle wat gebruik word om die ouderdom van voorwerpe te bepaal, rym glad nie met die konstante krimping van die son wat wetenskaplikes al vir etlike jare lank meet nie. As die aarde wel miljoene jare oud sou wees soos die dateringsmodelle bepaal, sou die aarde letterlik in die son geval het, wat alle vorme van lewe sou vernietig. Wetenskaplikes moet dus nog verder gaan soek na die regte antwoord. Wys die leerlinge daarop dat evolusie bloot 'n teorie is wat op mense se denke berus en dus feilbaar is. Wat vandag as vas en seker beskou word, word môre deur nuwe navorsing weerlê. Daarom kom en gaan teorieë soos hierdie een met verloop van tyd. Wys die leerlinge daarop dat dit sulke navorsers eerder sal loon om dit wat God in sy Woord openbaar as vertrekpunt vir hulle navorsing te neem.

## Opsomming

*Gelowige onderwysers se navorsing geskied in gehoorsaamheid aan God se kultuuropdrag aan die mens om sy skepping te bestudeer en te bewerk.*

## Aspekte ter oorweging

1. *Dink krities na oor die wyse waarop jy met verwikkelinge in jou vakgebied omgaan. Waarop kan jy moontlik verbeter?*
    - *Bly jy op hoogte met nuwe verwikkelinge in jou vakgebied en oordink jy gereeld wat Christus in en deur jou vakgebied openbaar?*
    - *Hoe kan jy die leerlinge in jou vakgebied motiveer om op hulle vlak ook Christelike wetenskap te beoefen?*

2. *Stel 'n lys van die oogmerke op wat jy graag sal wil doen om jouself verder in jou vakgebied te verdiep. Motiveer waarom juis hierdie spesifieke doelwitte vir jou belangrik is.*

# 5.3 'n Christelike opvoeding

## Doelwitte

*Christelike opvoeding fokus op hoe gelowige ouers en onderwysers hulle kinders en die leerlinge tot God se eer moet opvoed. Die opdrag om die volgende generasie in die weë van die Here te onderrig is geen maklike taak nie, en verg deeglike besinning oor hoe gelowige ouers en onderwysers hierdie taak moet verrig.*

### 5.3.1 Noodsaak vir 'n Christelike opvoeding

Elke gemeenskap wil graag hulle eie gesin, skool, kerk of volk se waardes en oortuigings aan die volgende generasie oordra. Dit wat leerlinge tuis en in skole aanleer is egter dinamies en verander voortdurend soos 'n samelewing of gemeenskap se denke verander. Aspekte soos die vorming van hegte gesinsbande geniet byvoorbeeld nie meer soveel aandag soos in die verlede nie. Die sekularisering (wegbeweeg van God) of die reformasie (terugkeer tot God) wat in 'n gemeenskap voorop staan speel 'n wesenlike rol in wat ouers en onderwysers as hulle opvoedingstaak sien en hoe hulle dit uitvoer.

Gelowige ouers en onderwysers wat kinders Christelik wil opvoed, gaan van die voorveronderstelling uit dat hulle in geloofsgemeenskap met die Here, asook met ander gelowiges staan. Aspekte soos wedersydse liefde vir mekaar, 'n gemeenskaplike soeke na die waarheid of die aanvaarding van God se gesag oor alle lewensterreine sal bepaal hoe hulle die leerlinge sal opvoed. Die aard en wyse van Christelike opvoeding gaan oor veel meer as bloot die oordra van kennis of die afrigting van leerlinge om goed in toetse of eksamens te presteer. In Christelike opvoedkunde gaan dit eerder oor die totale vorming en karakterbou van leerlinge om in gehoorsaamheid aan God te leef. Dan sal die seuns soos plante wees wat opgekweek is in hulle jeug en die dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis.

As leerlinge geen sonde gehad het nie sou opvoeding oorbodig gewees het. Van nature is leerlinge egter geneig om eerder juis dit te doen wat verkeerd is. Daarom is aktiewe leiding en begeleiding noodsaaklik om die leerlinge na 'n hoër vlak te neem. Leerlinge kom immers nie vanuit hulleself skielik tot insig

en wysheid nie, hulle moet deur gelowige voorgangers daartoe gelei word. Die spreuke-digter besef dit maar al te goed, daarom sy oproep aan volwassenes om kennis en oorleg by kinders in te skerp. As dit gebeur, sê hy, sal die leerlinge nie net hulle insig vermeerder nie, maar ook verstandige gedagtes verkry. In 'n Christelike opvoedingsmilieu geskied die inskerping altyd vanuit 'n God-gesentreerde lewens- en wêreldbeskouing. Die vrees van die Here is immers die beginsel van alle kennis.

### 5.3.2 Rol van 'n gelowige onderwyser in Christelike opvoeding

Die Bybel leer dat Jesus Christus ons hoogste Leermeester is. As Leermeester gebruik Hy gelowige onderwysers om sy kinders in sy weë te onderrig. In Afdeling 1.1 van hierdie boek word daar in diepte gefokus op die onderwyser se verantwoordelikhede in dié verband. Samevattend kom dit daarop neer dat onderwysers deur God geroep word om die leerlinge tot sy eer op te voed. Sulke onderwysers se doen en late word nie bepaal deur 'n formele pligstaat nie, maar deur hulle roepingsbesef. Hulle aanvaar ten volle eienaarskap van die opvoeding van die leerlinge. Daarom is 'n kleuterskoolonderwyser opreg opgewonde oor elke opvoedkundige mylpaal wat sy of haar leerlinge bereik of is hoërskoolonderwysers saam dankbaar as die matrikulante hulle skoolloopbaan suksesvol voltooi.

Die besonderse karakter van die opvoedingsverhouding (of verbond) wat tussen 'n gelowige onderwyser en die leerlinge bestaan verdien verdere toeligting. Hierdie verhouding staan in die lig van God se opdrag om diensbaar teenoor jou naaste op te tree. 'n Gelowige onderwyser gee iets van hom- of haarself as hulle by die opvoeding van leerlinge betrokke raak. Hy of sy lê saans wakker oor 'n leerling wat nie na wense presteer nie, of oor leerlinge wat hulle met die verkeerde dinge besig hou. 'n Gelowige onderwyser doen verder moeite om 'n goeie verhouding met sy of haar leerlinge te stig. Hy of sy wil weet met watter kwelvrae die leerlinge worstel en doen moeite om dit op 'n sinvolle wyse aan te spreek. Die verhouding moet van so 'n aard wees dat leerlinge met vrymoedigheid aangeleenthede soos seksuele verhoudings, gebruik van verslawende middels, of selfs hulle geloofsworstelinge met hulle onderwysers kan kom bespreek.

### 5.3.3 Voorwaardes vir Christelike opvoeding

Wedersydse vertroue tussen die leerlinge en hulle onderwysers is 'n absolute voorwaarde vir effektiewe opvoeding om te kan plaasvind. Leerlinge moet die onderwysers kan vertrou dat hulle alles binne hulle vermoë doen om hulle tot volwassenheid te lei. Onderwysers wat bloot ter wille van die inkomste of selfsugtige oorwegings hulle taak verrig, boesem nie veel vertroue by die leerlinge in nie. Leerlinge besef dat dit vir sulke onderwysers oor hulself en nie oor hulle opvoedingstaak gaan nie. Daarteenoor sal gelowige onderwysers hulle leerlinge

onvoorwaardelik aanvaar. Hulle besef hulle eie swakheid voor die Here en het daarom begrip met die leerlinge se tekorte en gebreke. Leerlinge wat nieteenstaande hulle agtergrond of omstandighede aanvaar word, wil nie graag hulle onderwysers se vertroue skend nie. Hulle stel hulleself eerder gewillig oop vir die opvoeding wat hulle van hulle onderwysers ontvang.

Onthou

*Leerlinge moet met vrymoedigheid na hulle onderwysers kan kom.*

Die woord opvoeding impliseer dat die leerling deur die onderwyser na 'n hoër vlak opgetrek moet word. Dit kan slegs gebeur as die leerling die gesag waarmee onderwysers beklee is, aanvaar. By skole waar leerlinge hulle nie aan gesag onderwerp nie heers daar chaos en wanorde. Ongelukkig is sommige onderwysers hieraan aandadig deur 'n kultuur van losbandigheid te skep of deur leerlinge toe te laat om familiêr teenoor hulle op te tree. Onderwysers wat nie 'n gesonde werkkultuur in hulle klasse vestig nie, of dink dit is oulik as leerlinge hulle op voornaamterme aanspreek, moenie verbaas wees as leerlinge later weier om hulle gesag te aanvaar nie. In 'n gesonde opvoedingsverhouding word onderwysers daarteenoor eerbiedig as werktuie (ampsdraers) in diens van hulle hemelse Vader gesien. Christen-onderwysers wat dit besef is nie bang om die Here se gesag te bedien nie. Waar nodig word leerlinge in liefde vermaan of selfs gestraf. Leerlinge aanvaar in die reël sulke gesag en is gewoonlik bereid om hulleself gewillig daaraan te onderwerp.

### 5.3.4 Kernelemente van Christelike opvoeding

Vir gelowige onderwysers is dit belangrik om Bybelse riglyne en vertrekpunte vir die opvoeding van hulle leerlinge te neem. Die volgende aspekte is enkele kernelemente in Christelike opvoeding:

- Dit leer die leerlinge om die wêreld waarbinne hulle leef beter te verstaan. Deur norme soos eerlikheid, opregtheid en lojaliteit by hulle leerlinge in te skerp, rus gelowige onderwysers hulle leerlinge toe om hulleself in die wêreld te kan handhaaf. Die leerlinge sien byvoorbeeld in die onderwysers se optrede wat dit beteken om hardwerkend te wees en begin hulleself geleidelik al meer daarmee vereenselwig. As leerlinge later die volwasse wêreld betree, weet hulle hoe om hulle roeping op 'n verantwoordelike wyse uit te leef.
- Dit roep die leerlinge op om verantwoordelikheid vir hulle eie optrede te aanvaar. Gelowige onderwysers mag nie daarmee tevrede wees as leerlinge onervare bly nie. Die leerlinge moet eerder leer om dit waartoe God hulle

roep na te streef. Van jongs af moet hulle begin oefen om selfstandig te werk. In Graad 4 moet die leerlinge byvoorbeeld leer om hulle werk korrek op te som sodat hulle later selfstandig kan studeer. Onderwysers wat leerlinge vir eksamens afrig bewys hulle daardeur dus geen guns nie, maar benadeel hulle eerder.

- Deur opvoeding leer die leerlinge om hulle lewens op die toekoms te rig. Die verlede, hede en toekoms vorm saam 'n eenheid. Al leef die leerlinge in die hede moet onderwysers hulle help om 'n toekomsbeeld te skep sodat hulle seker kan wees waarheen hulle op pad is. Die Wiskunde- of Taalonderwyser moet byvoorbeeld die toekomstige betekenis van hulle vakke aan die leerlinge verduidelik. Leerlinge moet weet hoe hulle as werktuie van God alle lewensterreine wat hulle gaan betree diensbaar aan Hom moet stel.

### 5.3.5 Die verhouding tussen kerk, skool en ouerhuis

Die driehoekige opvoedingsverhouding wat daar tussen gelowige ouers, onderwysers en die kerk bestaan, is uniek. In toegewyde Christelike gesinne kweek die ouers 'n gees van liefde en samehorigheid. Die grondreël wat in sulke gesinne geld is dat ek en my huis die Here sal dien. Die kinders voel veilig en geborge, en sukkel dus nie om goed in te skakel by 'n skool of kerk nie. Die ouerhuis, skool en kerk ag mekaar nie net onderling hoog nie, maar werk ook saam en ondersteun mekaar aktief om die kinders tot geestelike volwassenheid op te voed. Nooit mag hulle mekaar se gesag ondermyn of aftakel nie. Opmerkings soos "Jou ouers sal tog nie verstaan nie" of "Glo maar vir my, want ek het ten minste gestudeer" hoort nie tuis by 'n Christelike skool nie. Gelowige ouers en onderwysers sal eerder vir mekaar bid dat God wysheid en insig mag gee oor hoe om die leerlinge tot sy eer op te voed.

Vir Christelike opvoeding om in sy doel te slaag moet dit wat 'n leerling op skool leer altyd in ooreenstemming wees met dit wat die leerling tuis sowel as by die kerk leer. Dit sal leerlinge byvoorbeeld verwar as hulle by die kerk leer dat die Here van hulle verwag om op Sondae te rus, terwyl onderwysers hulle weer aanmoedig om sewe dae van die week te studeer. Gereelde gesprekvoering tussen gelowige ouers en onderwysers is daarom noodsaaklik om te verseker dat dit wat onderwyser onderrig in lyn is met dit wat die leerling tuis en by die kerk leer. 'n Gesonde ouer-onderwyserverhouding lyk anders as die moderne "hotelgesinne en -skole" waar leerlinge net kom om sekere kennis en vaardighede verwerf sonder dat ouers en onderwysers met mekaar gesels oor dit wat in die leerlinge se harte en lewens omgaan.

## Opsomming

*Vir gelowige onderwysers is dit belangrik om Bybelse riglyne en vertrekpunte vir die opvoeding van hulle leerlinge te gebruik. Deur die driehoekige opvoedingsverhouding wat daar tussen gelowige ouers, onderwysers en die kerk bestaan, ondersteun die partye mekaar aktief om die kinders tot geestelike volwassenheid op te voed.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in twee groepe. Debatteer die volgende punte in groepverband:*

1. *Gelowige ouers wat hulle kinders van openbare skole onttrek maak 'n fout aangesien hulle daardeur hulle kinders wêreldvreemd opvoed.*
2. *Aangesien ouers primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders is, kan hulle aan die onderwysers voorskryf wat om te onderrig.*

# 5.4 Waarheid

## Doelwitte

*Tydens die Griekse en Romeinse tydperk het mense begin wegbeweeg van mites en fabels en wetenskaplik probeer vasstel wat waarheid is. Die Bybel leer egter dat die Waarheid nie iets is nie, maar God self. Hierdie eenheid fokus op hoe God Homself as die Waarheid openbaar en wat dit vir Christelike onderrig beteken.*

### 5.4.1 Waarheid of leuen?

Dis mode om te glo dat alle dinge relatief is. Elke individu moet so sy eie waarheid skep. Wat vir die een persoon waar en seker is hoef nie noodwendig vir 'n ander persoon waar te wees nie. Leerlinge mag volgens hierdie denke self besluit wat hulle wil glo en wat nie. Onderwysers mag daarom ook geen vasstaande kennis aan hulle leerlinge onderrig nie, maar moet hulle eerder begelei om hulle eie waarheid volgens hulle eie insig te ontwikkel. Dit het tot gevolg dat die onderrig wat leerlinge ontvang van skool tot skool, en selfs van klas tot klas radikaal verskil.

'n Ander tendens aan die orde van die dag is dat feitlik enige saak of standpunt deur sogenaamde navorsing as korrek voorgehou en bewys kan word. Dit maak dit vir onderwysers soms uiters moeilik om tussen 'n leuen en die waarheid te onderskei. Sekere navorsers verkondig byvoorbeeld dat die toepassing van tug leerlinge se kreatiwiteit en selfvertroue skade berokken, en dat onderwysers hulleself gevolglik daarvan moet weerhou om hulle leerlinge te dissiplineer. Sulke navorsing dien nie die waarheid nie, maar is leuenagtig.

Kyk na hierdie en ander soortgelyke tendense in die onderwys, dan ontstaan die vraag by gelowige onderwysers oor wat dan wel aan hulle leerlinge onderrig mag word en wat nie. Hulle moet immers verseker dat alles wat hulle onderrig nie net in ooreenstemming met die waarheid is nie, maar ook van die waarheid getuig.

### 5.4.2 Verskil tussen waarheid en werklikheid

Voordat bepaal kan word wat waarheid is, is dit belangrik om 'n onderskeid tussen die waarheid en die werklikheid te tref. Al is hulle dikwels nou aan mekaar

verwant is daar tog 'n verskil in betekenis. Die gevolg is dat die werklikheid dikwels verkeerdelik met dit wat waar is verwar word. Anders as die waarheid is die werklikheid dít wat 'n mens met jou sintuie kan waarneem. Dit sluit aspekte in soos hoeveel leerlinge daar in 'n klas is, hoe die skool se geboue lyk, of watter personeel by 'n spesifieke skool werksaam is.

Waarheid, daarteenoor, is weer 'n vastigheid waarop altyd gereken kan word. Selfs al kan jy dit nie sien nie bly dit onwankelbaar vasstaan. As iets waar is kan jy dus daarop vertrou. Dit bly vandag en môre dieselfde. As Christen-onderwyser ontvang jy die opdrag om nie net hierdie waarheid noukeurig te ondersoek nie, maar dit ook reg en volledig aan die volgende geslag oor te dra. Gelowige onderwysers moet immers hulle leerlinge leer om alleen maar op dit wat waar is te vertrou.

### 5.4.3 God is waarheid

Onthou

*God alleen bied sekerheid in die lewe.*

Die Bybel leer dat God alleen waarheid is. Hy alleen beskik oor die goddelike vermoë om al sy beloftes gestand te doen. Geen persoon of wese kan Hom van dit wat Hy beloof het laat afsien nie. Daarom kan en mag ons in alle omstandighede op Hom vertrou. Die bewys daarvan vind ons reeds in God se skepping van die hemel en die aarde. Hy alleen beskik oor die mag om nie net alle dinge in aansien te roep nie, maar dit ook te onderhou. Van die opkoms van die son tot die verwisseling van die seisoene is alles kenmerkend van sy waarheid. Ons sien daarin sy standvastigheid en trou. Reeds vanaf die eerste boek van die Bybel leer die Here sy volk dat hulle hulleself op hierdie waarheid kan verlaat. Hy alleen bied sekerheid in die lewe, maak nie saak wat die omstandighede is nie.

Omdat God self waarheid is wil hy by sy kinders geen bedrog nie, maar alleen die waarheid sien. Daarom gee Hy aan die mens sy Tien Gebooie van waarheid. Sy wette is waar soos wat Hy is. Jy kan daarop reken. Hulle staan onveranderlik vas deur al die eeue heen. Diegene wat hulle lewens daarvolgens inrig streef daarna om in waarheid te leef. Die psalmdigter druk dit mooi uit as hy skryf dat God se wette waarheid immermeer is, regverdig net soos Hy. Gelowige ouers en onderwysers doen daarom moeite om hulle kinders te leer om nie daarvan af te wyk nie, maar eerder nougeset hulle doen en late daarvolgens in te rig.

Vir elke gelowige onderwyser het hierdie wete ingrypende implikasies. Alles wat by skool plaasvind moet van die waarheid getuig. As God in sy wet beveel

dat gesagsdraers geëer moet word, is dít waar. Hoekom? Omdat Hy die waarheid is. Onderwysers wat die gesagsposisie wat God aan hulle gee minag deur onwaardig op te tree of leerlinge toe te laat om hulle disrespekvol te behandel, eerbiedig nie die waarheid nie. Deur hulle aan sulke optrede skuldig te maak, breek hulle eerder die vastigheid (of waarheid) af wat God in sy verhouding met die mens daargestel het. Sonder hierdie orde wat God daargestel het is daar geen fondament of waarheid waarop Christelike opvoeding kan voortbou nie.

> Onthou
>
> *Alles wat by die skoolplaasvind moet van die waarheid getuig.*

### 5.4.4 Om die waarheid te leer ken

Voordat gelowige onderwysers hulle leerlinge oor die waarheid kan leer moet hulle self eers tot die waarheid kom. Dit gebeur nie vanself nie. Jy moet toelaat dat God deur sy Gees jou denke verander sodat jy kan weet wat sy wil is. Christen-onderwysers wat dit besef doen moeite om God se wil reg te leer ken deur gereeld Bybelstudie te doen, eredienste by te woon, te bid en die Woord te oordink. Slegs as onderwysers vanuit die Bybel leer wat waarheid is sal hulle die leerlinge korrek kan hanteer, die regte inhoud oordra of die regte doelwitte in hulle onderrig najaag.

> Onthou
>
> *Jy moet toelaat dat God deur sy Gees jou denke verander sodat jy kan weet wat sy wil is.*

Daarteenoor leer die Bybel dat Satan die vader van die leuen is. Hy en sy engele doen alles in hulle vermoë om gelowiges van die waarheid te vervreem. Die skool en klaskamer word nie gespaar nie, maar is juis een van die terreine waarop Satan sy aanslag die felste loods. Soos in die tyd van Daniël en sy vriende werp hy alles in die stryd om hulle los van die waarheid te onderrig. Opmerkings soos "geloof hoort in die huis of by die kerk en nie by die skool nie" speel direk in sy hand. Gelowige onderwysers moet ook besef dat die leuen nie die waarheid kan of wil verdra nie. Hoe verder hulle van die waarheid wegbeweeg, hoe meer raak hulle onverdraagsaam teenoor diegene wat by die waarheid bly. In lande soos Engeland en Amerika is onderwysers selfs al geskors omdat hulle die waarheid teenoor die leuen onderrig het. Gelowige onderwysers moet besef dat hulle ook in hulle klaskamers die skild van waarheid moet opneem om die brandpyle van die bose af te weer.

### 5.4.5 Die Heilige Gees getuig van die waarheid

Die werking van die Heilige Gees (ook genoem die Gees van waarheid) word selde na behore in Christelike onderwys na waarde geskat. Die sekulêre struktuur van professionalisme wat onderwysstelsels kenmerk laat min of geen ruimte vir gelowige onderwysers om die werking van die Heilige Gees in hulle dagtaak te beleef. In plaas daarvan dat onderwysers in biddende afhanklikheid die leerlinge in die waarheid onderrig is daar eerder talle maatreëls en strukture in plek om effektiewe onderrig te probeer verseker. Die gevolg hiervan is dat daar selde gebid word vir die leiding van die Heilige Gees in die onderrig wat moet plaasvind. Daardeur misken hulle die werking van die Heilige Gees, wat nie net die apostels in waarheid gelei het nie, maar ook hulle as onderwysers moet lei om God se trou en standvastigheid (waarheid) aan die leerlinge te onderrig.

Christelike onderwys wat ten doel het om die waarheid te onderrig sal altyd 'n direkte invloed op die leerlinge se persoonlike geloofslewe uitoefen. Deur die werking van die Heilige Gees sal leerlinge wat verwonderd staan oor die waarheid nie anders kan as om God in hulle gebede daarvoor te loof en te prys nie. Die leerlinge leer ook om hierdie waarheid in hulle alledaagse lewens toe te pas. Deur die werking van die Heilige Gees word leerlinge al meer en meer tot die beeld van God hervorm. As dissipels van Jesus Christus leer hulle om in gehoorsaamheid aan die waarheid te leef. Dan is daar geen plek meer vir 'n leuen nie; hulle aanvaar die waarheid van God se wet wat oor hulle gestel is en dien God en hulle naaste van harte.

### 5.4.6 Leerlinge moet volgens die waarheid optree

Christelike onderrig is om aan die waarheid sy regmatige plek in die klaskamer te gee en nie dit wat die onderwyser self wil tuisbring nie. Stel onderwysers hulle eie sienings voorop, getuig die onderrig nie van die waarheid nie en het dit dus weinig waarde. Christelike onderrig is veel meer en ryker as dit. God self kom daarin as die waarheid aan die woord. Die norme wat Hy openbaar dra goddelike gesag en is dus algemeen geldend.

Christen-onderwysers sal alles in hulle vermoë doen om leerlinge te leer om instemmend en onderdanig aan die waarheid op te tree. Leerlinge moet byvoorbeeld in hulle lewens wys dat hulle weet wat dit beteken om nie eiewys te wees nie, maar om hulle in gehoorsaamheid aan die waarheid te onderwerp. Getuig hulle alledaagse lewens wel daarvan, is dit 'n teken dat hulle instemmend tot die waarheid optree. Vir sulke geloofsgroei wat die Here gee mag onderwysers opreg dankbaar wees.

## Opsomming

*Christelike onderwys het ten doel om die waarheid te onderrig. God self kom daarin as die waarheid aan die woord. Die norme wat Hy openbaar dra goddelike gesag en is dus algemeen geldend. Christen-onderwysers sal alles in hulle vermoë doen om leerlinge te leer om instemmend en onderdanig aan die waarheid op te tree.*

## Aspekte ter oorweging

*Beskryf in minder as 120 woorde wat waarheid is en hoe gelowige onderwysers hulle leerlinge kan begelei om God in waarheid te dien.*

# 5.5 Die Bybel in 'n Christelike skool

## Doelwitte

*Die Bybel bevat nie net die wil van God nie, maar beskryf ook die wyse waarop Hy gedien moet word in alle aspekte van die lewe. Aangesien Christelike skole ten doel het om leerlinge te leer om die Here met hulle hele wese te dien, staan die Bybel as Woord van God in sulke skole sentraal. Gelowige onderwysers vergewis hulle van dit wat God in sy Woord openbaar en doen moeite om die onderwyspraktyk daarvolgens te rig.*

### 5.5.1 Die Bybel as bron om God in skole te verheerlik

'n Skool, net soos enige ander struktuur of organisasie in die samelewing, het alleen bestaansreg as die bestuur, onderwysers en leerlinge God deur hulle doen en late dien. Al is 'n Christelike skool 'n akademiese instelling mag hy nooit sy Christelike hartklop verloor nie. Hierdie boek fokus op hoe gelowige onderwysers God deur hulle doen en late moet verheerlik, asook hoe om God se koningskap in en deur die kurrikulum na vore te laat tree. Hierdie hoofstuk wys spesefiek daarop hoe onderwysers en leerlinge saam rondom God se Woord kan en moet vergader. Op so 'n wyse leer leerlinge nie net die Here se wil beter ken nie, maar ontstaan daar ook die geleentheid om Hom te loof en te prys vir al sy weldade wat so duidelik in sy Woord, maar ook in die onderskeie vakgebiede, na vore tree.

Onderwysers moet besef dat die opening of afsluiting van vergaderings met Skriflesing en gebed nie bloot 'n formaliteit is om aan te dui dat die vergadering begin of beëindig word nie. Daarom mag skoolhoofde of vakhoofde wat vergaderings lei nooit lukraak 'n Skrifgedeelte kies om voor te hou nie. Dit verg eerder 'n in-diepte besinning en deeglike voorbereiding om vanuit God se Woord die regte begronding vir dit wat bespreek gaan word deur te gee. Nuwe kollegas moet byvoorbeeld op hulle afhanklikheid van God gewys word as hulle 'n personeelinskakelingprogram begin deurloop. Dieselfde beginsel geld ook vir diegene wat in gebede voorgaan. Die persoon wat bid vra namens die aanwesiges

God se leiding vir die vergadering. Dit spreek vanself dat die werk wat tydens die vergadering verrig word dan ook in hierdie gesindheid moet geskied. Dit maak mos geen sin om vir God se leiding te vra, maar dan te werk asof God se heerskappy nie oor daardie gebied geld nie?

> **Onthou**
>
> *Deur aan die leerlinge die geleentheid te bied om tot die Here te bid leer hulle om hulle vertroue op Hom te stel.*

Leerlinge in 'n Christelike skool moet buiten die Bybelonderrigperiodes ook die geleentheid kry om gereeld onder die geklank van die Woord te kom, en om saam met ander leerlinge die Here te loof en te prys. Daardeur leer hulle op 'n praktiese wyse dat alle lewensterreine, ook die skool, diensbaar aan die Here gestel moet word. Gesamentlike skoolopeninge op Maandae of die daaglikse openinge en afsluitings in die klaskamer bied 'n gulde geleentheid vir leerlinge om hulle geloof in praktyk te kan uitleef deur saam te sing of deur te luister na God se Woord.
Die voorbeeld wat onderwysers in die verband stel is uiters belangrik. Die leerlinge kan sien uit die wyse waarop hulle onderwysers hierdie geleenthede hanteer of hulle verwonderd staan oor God se groot dade. Deur aan die leerlinge die geleentheid te bied om die Here te dank vir die kos wat hulle gedurende pouses gaan nuttig of om te bid vir hulp en bystand tydens eksamens, leer die leerlinge om hulle vertroue op die Here te stel. Die aanleer en sing van psalms en Skrifgetroue liedere kan ook met groot vrug gebruik word om sekere Bybelse waarhede by die leerlinge tuis te bring of verder in te skerp.

### 5.5.2 Die Bybel as norm vir alle skoolaktiwiteite

Baie gelowige onderwysers streef daarna om hulle beroep in gehoorsaamheid aan die Here te beoefen. Maar wat beteken dit in praktyk as hulle hulle opdrag volgens die Bybel as die enigste gesagsbron wil inrig? Die antwoord hierop vind ons in die Woord self. Die psalms leer dat God se bevele insig gee, dat sy Woord die lamp is wat die regte weg aandui en dat dit vir gelowiges 'n lig vir hulle pad is. In 'n skoolopset beteken dit dat gelowige onderwysers die norme wat vanuit die Bybel na vore kom gebruik om die leerlinge op die regte weë te begelei. Dit sluit onder meer die volgende norme in:

- Om aan die leerlinge die ware sin en betekenis van hulle lewens te leer. In vakke soos Lewensoriëntering, Geskiedenis of Geografie gaan dit nie oor die leerling se eie belang nie, maar eerder oor wat God se bedoeling is met die mensdom in geheel, en met die leerlinge se lewens in die besonder.

- Leerlinge moet leer dat hulle onderwysers nie die bron van alle kennis is nie, maar hulle slegs begelei om tot ware begrip en insig te kom. Die sogenaamde "hoekom"-vrae kan leerlinge help om na te dink oor die diepere betekenis van die aktiwiteite wat hulle aanpak of die onderwerpe wat hulle in die klas bestudeer.
- Onderwysers mag nie hulle leerlinge indoktrineer om sekere geloofskeuses teen hulle wil te maak nie. Die Here beskik dit in sy wysheid so dat elke leerling self kies of hy of sy gehoorsaam op sy roepstem wil antwoord of nie. Daarom mag geen onderwyser byvoorbeeld 'n leerling dwing om teologie te gaan studeer of om sekere vakke te kies nie.
- Om aan leerlinge te leer wat dit beteken om te volhard in die geloof ten spyte van jou eie tekorte en gebreke. Net soos Dawid en Paulus na hulle misdade weer kon opstaan om die Here met hernieude toewyding en ywer te dien, moet leerlinge ook by hulle onderwysers leer wat ware vergifnis en 'n terugkeer na God se wil beteken.

Christelike onderrig gaan dus ook oor veel meer as net die formele aktiwiteite by die skool of dit wat die leerlinge in die klaskamer leer. Alles wat die onderwysers aanpak moet op Bybelse norme berus. Daarsonder is onderwysers se optrede net 'n vrugtelose gejaag na wind. Beteken dit dat onderwysers 'n teksvers moet vind om te bepaal of leerlinge eerder uitskryfwerk moet ontvang of in detensie moet sit as hulle 'n oortreding begaan het? Nee, beslis nie. Wat dit wel beteken is dat gelowige onderwysers in die lig van God se Woord die onderwyspraktyk so moet inrig dat God se wil daardeur sal geskied. Dan bepaal die Woord wat die doel van opvoeding is, hoe na leerlinge gekyk moet word, watter leerinhoud behandel moet word en op watter wyse leerlinge wat oortree gedissiplineer moet word.

### 5.5.3 Toepassingswaarde van die Bybel in die alledaagse lewe

Die Bybelse norme wat leerlinge op skool aanleer het 'n direkte invloed op hulle lewensbeskouing. Anders as sekulêre onderwys se uitgangspunte wat in die reël fokus op die leerling, die leerinhoud, die onderwyser se motief of die leeruitkomste wat bereik moet word, handhaaf Bybel-gesentreerde onderrig die perfekte balans tussen al hierdie aspekte. Volgens God se Woord is die leerling, die leerinhoud, die onderwyser se gesindheid en die oogmerke wat nagestreef moet word alles ewe belangrik. Nooit mag die een ten koste van die ander vooropgestel word nie. Al hierdie aspekte vind immers hulle begronding in die Here in en deur wie alle dinge leef, beweeg en bestaan. In Hom hou alle dinge verband en buiten Hom het niks enige sin of betekenis nie. Daarom is kennis en wysheid slegs in Hom te vinde. Sy wil wat in sy Woord opgeteken is, is die enigste kriteria waarmee alle dinge beoordeel word.

Vanuit hierdie Bybelse gesigspunt moet onderwysers hulle leerlinge lei om na die wêreld rondom hulle te kyk. Die Skriftuurlike norme wat hulle aangeleer het word die kriteria waarvolgens hulle hulle leefwêreld beoordeel. Die Ekonomie-onderwysers sal byvoorbeeld aan leerlinge leer dat die maak van woekerwins teen God se wil indruis. In Lewensoriëntering sal leerlinge weer leer dat dit verkeerd is om jouself ten koste van jou naaste te bevoordeel, en in Bybelonderrig sal hulle leer dat die arbeider sy loon werd is. Hierdie en ander soortgelyke norme wat die leerlinge aanleer vorm die liniaal waarmee hulle die land se ekonomiese aktiwiteite beoordeel of meet. So 'n beoordeling is nie 'n eensydige of gevoelsmatige beoordeling van sake nie. Dit berus op die Skrif se gesag en is dus algemeen geldend. Leerlinge wat geleer het om hulle sosiale, politieke, maatskaplike en natuurlik ook hulle opvoedkundige leefwêreld so te beoordeel, het nie net gegroei in hulle persoonlike geloof nie, maar is ook na behore toegerus om God se lig in 'n donker wêreld te laat skyn.

### 5.5.4 Die verkeerde gebruik van die Bybel

Dit gebeur soms dat onderwysers, sonder dat dit hulle bedoeling is, die gesag van God se Woord ondermyn. 'n Onderwyser wat byvoorbeeld soggens sy of haar klas tot orde roep deur uit die Bybel te begin voorlees, misbruik nie net deur so 'n optrede die Bybel vir die verkeerde doel nie, maar kraak ook daardeur die Bybel se gesag af. Leerlinge moet eerder leer om eerbiedig te wees voordat daar uit die Bybel gelees word aangesien God self aan die woord kom elke keer as die Skrif oopgaan. 'n Soortgelyke probleem ontstaan as onderwysers Bybelverse buite konteks aanhaal om daardeur meer gewig aan hulle standpunt of sienings te verleen. Die dirigent van 'n skoolkoor wat van alle leerlinge verwag om in sy koor te sing onder die vaandel dat God dit van hulle verwag om hulle sangtalent verder te ontwikkel, misbruik daardeur die Bybel vir sy of haar eie persoonlike oorwegings. Gelowige onderwysers mag hulle nie aan hierdie of soortgelyke opmerkings skuldig maak nie.

Bybelse gebeure mag ook nie sonder meer op leerlinge se lewens of omstandighede van toepassing gemaak word nie. Om byvoorbeeld van leerlinge te verwag om soos Daniël en sy vriende net groente en vrugte te eet, getuig van 'n verkeerde omgang met die Skrif. Die vraag is eerder wat God van Homself in en deur die gebeure wat opgeteken is openbaar en hoe hierdie norme in die leerlinge se lewens moet vergestalt.

Onderwysers moet ook daarteen waak om nie Bybelverse bloot deel te maak van die leerinhoud in 'n poging om daaraan 'n Christelike kleur te gee nie. Om by die behandeling van die gevare van vuur die verhaal van Moses en die brandende

doringbos aan Graad 4 leerlinge te vertel hou geen verband met die leerinhoud nie. Sulke en ander soortgelyke opmerkings sal na alle waarskynlikheid meer kwaad as goed doen aangesien leerlinge heel moontlik dit later as net nog 'n morele sedelessie sal begin beskou. Waar Bybelse gebruike of gewoontes egter wel verband hou met die leerinhoud, soos byvoorbeeld in die behandeling van kleredrag of eetgewoontes, mag dit ter wille van interessantheid wel aan die leerlinge vertel word. Sulke opmerkings berokken geen skade of doen geen afbreuk aan die gesag van die Bybel nie.

## Opsomming

*Christelike onderrig gaan oor veel meer as net die formele aktiwiteite by die skool of dit wat die leerlinge in die klaskamer leer. Alles wat die onderwysers aanpak moet op Bybelse norme berus. Leerlinge wat geleer het om hulle sosiale, politieke, maatskaplike en opvoedkunde leefwêrelde op die Skrif se gesag te beoordeel, het nie net gegroei in hulle persoonlike geloof nie, maar is ook na behore toegerus om God se lig in 'n donker wêreld te laat skyn.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in groepe van ongeveer vier persone.*

1. *Stel 'n lys van ongeveer tien norme vanuit die Bybel saam waarvolgens die leerlinge hulle lewens moet inrig.*
2. *Hoe kan gelowige onderwysers hierdie norme op 'n sinvolle wyse aan hulle leerlinge onderrig?*

# 5.6 Bybelonderrig

## Doelwitte

*Sonder die aanbieding van Bybelonderrig kan 'n skool homself kwalik daarop beroem dat hy 'n Christelike skool is. Die Here maak dit duidelik in sy Woord dat leerlinge Hom nie net deur sy werke alleen moet leer ken nie, maar dan ook in meer besonderhede (diepte) soos wat Hy Homself in sy Woord aan hulle bekend maak.*

### 5.6.1 Die opdrag tot Bybelonderrig

Die Here gee op verskeie plekke in sy Woord die direkte opdrag aan ouers en ander volwassenes om sy kinders in die Woord te onderrig. In die boek Deuteronomium ontvang ouers byvoorbeeld die opdrag om Bybelse waarhede by hulle kinders in te skerp as hulle tuis of op pad is, gaan lê of as hulle opstaan. In kort omvat dit die leerlinge se hele lewens, ook hulle onderrig op skool. Om in te skerp veronderstel dat moeite met die onderrig gedoen moet word. Dieselfde gedagte vind ons ook by die Spreukedigter as hy beveel dat seuns (leerlinge) in die weg van die waarheid geoefen moet word. Gereelde herhaling of inoefening in God se Woord is nie opsioneel nie, maar 'n absolute moet. Die Spreukedigter verskaf ook die rede daarvoor: Sodat die kind nie as hy groot is daarvan sal afwyk nie. Gereelde onderrig in die Woord is dus die instrument in God se hand waardeur Hy sy kinders leer om by dit wat waar en reg is, te bly.

Hierdie opdrag vind sy praktiese vergestalting in die Bybel self. Die kinders van Korag, wat met die tempeldiens gemoeid was, loof die Here in meer as een psalm vir sy wonderdade uit die voortyd wat Hy deur hulle ouers aan hulle bekend gemaak het. Die kinders moes van jongs af leer hoe God hulle deur die geslagte heen bewaar het en steeds bewaar. Hierdie onderrig het veral tuis, maar ook in die tempel en later in sinagoges plaasgevind. Dit is tydens so 'n geleentheid dat Jesus as twaalfjarige seun by die tempel agtergebly het om na die leraars te luister en aan hulle vrae te stel en hulle te beantwoord. Almal wat Hom gehoor het was verstom oor sy insig en oor die antwoorde wat Hy gegee het. As Jesus Christus later met sy ampswerk begin, doen

Hy self ook baie moeite om die kindertjies te onderrig. Daarom sy bekende uitspraak dat niemand die kindertjies mag verhinder om na Hom te kom nie. Hierdie opdrag geld vandag nog steeds vir elke gelowige onderwyser. Van diegene wat die leerlinge nie in die Woord van God onderrig nie sal rekenskap geëis word.

### 5.6.2 Vakdoelstellings vir Bybelonderrig

In die vak Bybelonderrig word kennis oorgedra met die oog daarop om die leerlinge toe te rus vir hulle diens aan die Here. Sonder kennis aangaande dit wat God se wil is kan daar geen sprake van ware Godsdiens wees nie. Hierdie norm word deur die Here by monde van sy profeet Samuel bevestig as hy aan koning Saul sê dat 'n ware geloof gehoorsaamheid vereis en nie allerlei offerandes nie. Anders as wat die heidene glo, kan God se goedgesindheid nie deur die doen van goeie dade of die maak van opofferings gekoop word nie. Gelowige onderwysers wat dit besef, leer hulle leerlinge om die Here in gehoorsaamheid te dien volgens dit wat Hy van Homself in sy Woord openbaar. Eiesinnige of eiewillige godsdiens is geen ware Godsdiens nie. Wie Bybelkennis verwerp, verwerp daardeur God self. Wie hulleself hieraan skuldig maak, ontvang volgens die profeet Hosea 'n verskriklike oordeel. Omdat hulle die kennis van God verwerp het, sal Hy hulle ook verwerp.

Gelowige kinders van die Here antwoord op sy Woord deur dit wat Hy openbaar van harte te glo en hulle lewens dan daarvolgens in te rig. Die geloofsopvoeding van leerlinge gaan dus oor veel meer as net die aanleer van 'n klomp Bybelse feite. Om bloot kennis te dra van die Israeliete se uittog uit Egipte sonder om die vervulling daarvan in Jesus Christus te sien, het byvoorbeeld min waarde. Die Here wil immers hê dat kennis moet oorgaan tot 'n vertroue op Hom. Dit gebeur as die leerlinge verwonderd staan oor God se skeppings- en verlossingsdade wat tydens Bybelonderrigperiodes behandel word. Al vind onderwysers dit moeilik om leerlinge se geloofsgroei te bepaal, mag dit nie in die aanbieding van die vak verlore raak nie. Kennis bloot ter wille van kennis, of kennis wat nie tot die regte hartsingesteldheid lei nie, baat niks. Die wyse Salomo wys tereg daarop dat die regte hartsingesteldheid die oorsprong van alle lewe is.

Dit is uiters belangrik dat onderwysers moet besef dat hulle slegs as instrumente in God se hand optree. Die Here alleen gee geloof en nie die onderwyser wat die leerinhoud behandel nie. Daarom kom dit geen onderwyser toe om te bepaal wie groei in die geloof en wie nie. In gehoorsaamheid aan die Here word hulle eerder geroep om die Woord te bly onderrig, tydig soos gedurende Bybelonderrigperiodes, maar ook ontydig, waar die geleentheid hom ook al mag voordoen.

### 5.6.3 Bybelse lyne om aan die leerlinge uit te wys

Kort na Jesus se hemelvaart stuur die engel van die Here Filippus na 'n belangrike hofdienaar afkomstig uit Ethiopië. Hy reis op 'n wa terwyl hy in die Bybel sit en lees. Op Filippus se vraag of hy verstaan wat hy lees antwoord hy dat hy moeilik sal verstaan sonder iemand om dit vir hom te verduidelik. Om dit wat in die Bybel opgeteken is te verduidelik, is en bly die taak van elke gelowige onderwyser. Daarom moet Christen-onderwysers byvoorbeeld die volgende Bybelse lyne aan hulle leerlinge uitwys sodat hulle die volle openbaring van God kan leer ken:

- Die Christosentriese lyn: Jesus Christus staan sentraal in die hele Skrif. In die derde hoofstuk van die Bybel in Genesis, kondig God reeds aan dat Christus sal kom om die duiwel se kop te vermorsel. Die hele Ou Testament is 'n vooruitskouing van sy koms. Ons sien dit byvoorbeeld in die seëninge wat 'n aartsvader soos Abraham ontvang, in die talle offers in die Ou Testament wat na Christus se offer aan die kruis heenwys, en selfs in die uitleg van die tabernakel wat na Christus se ampswerk verwys. In die Nuwe Testament gaan hierdie vooruitskouing in vervulling.
- Die teosentriese lyn: In die aanbieding van Bybelonderrig moet dit duidelik blyk hoe God die wêreldgeskiedenis in sy hand hou. Dit is die Here wat die lotgevalle van konings, volke en nasies bepaal. Die leerlinge moet daaruit leer om ontsag vir die Here te hê en Hom daarvoor te eer. Hulle moet ook weet wat dit beteken om hulle lewens volgens God se wil en nie hulle eie wil nie, in te rig.
- Die verbondslyn: In die Bybel sien ons telkens hoe God met sy volk in verhouding tree. God sluit met sy volk 'n verbond. Al verbreek hulle telkens weer die verbond, hou Hy dit nogtans in stand. In die verbond leer ons God se beloftes ken, maar ook sy eise en straf vir diegene wat nie daaraan gehoorsaam is nie. Die leerlinge moet besef dat as hulle saam met ander gelowiges die Here van harte dien, Hy vir hulle 'n God sal wees wat hulle dra deur hulle lewens.
- Die heilshistoriese lyn: Elke Bybelgedeelte is van betekenis vir God se heilsplan met die mens. Jesus Christus kom nie net na die wêreld om sondaars van hulle sonde te verlos nie, maar Hy kom ook weer om oor geloof en ongeloof te oordeel. Alle Bybelse gebeure moet in dié lig onderrig word en mag nie bloot gelyksoortig op ons omstandighede van toepassing gemaak word nie. As God byvoorbeeld aan die Israeliete met hulle intog in Kanaän die opdrag gee om alle heidene met die banvloek te tref, beteken dit nie dat ons vandag nog dieselfde moet doen nie.

- Die antitetiese lyn: God stel vyandskap tussen sy kinders en die duiwel. Hierdie stryd woed deur al die eeue en sal bly voortduur tot en met Jesus Christus se wederkoms as Hy Satan en sy engele finaal kom oordeel. Leerlinge moet weet dat hierdie stryd nie 'n stryd teen vlees en bloed is nie, maar 'n stryd teen die owerhede, die magte, die wêreldheerser van die duisternis en die bose geeste in die lug is. Leerlinge moet ook leer dat hulle slegs in die stryd staande sal kan bly as hulle hulleself met die volle wapenrusting van God beklee.

Natuurlik vind ons ook baie ander lyne in die Bybel wat onderwysers aan hulle leerlinge kan uitwys. Dit verg egter deeglike voorbereiding en is indiepte studie van die Bybel om in staat te wees om dit te kan doen.

### 5.6.4 Praktiese toepassing van Bybelse verhale op leerlinge se lewens

Die volgende onderafdeling fokus op die wyse waarop Bybelverhale aan leerlinge vertel behoort te word. Hier word weer gelet op hoe die leerlinge dit wat hulle in Bybelonderrig leer op hulle eie lewens van toepassing moet maak. Deur die volgende vrae oor spesifieke Bybelgedeelte te beantwoord, kan onderwysers hulle leerlinge help om nie net die gedeelte beter te verstaan nie, maar dit ook op hulle eie lewens van toepassing te maak:

- Wat maak God van Homself in die gedeelte bekend? Hierdie vraag help die leerlinge om meer oor die wese van God te leer ken. In die verhaal van Rut sal leerlinge byvoorbeeld leer dat God nooit van sy kinders vergeet nie. Al lyk dinge hoe hopeloos bly God steeds in beheer en voer Hy sy heilsplan deur. Leerlinge leer dat God nie net almagtig is nie, maar ook alwys en genadig.
- Wat leer ons van onsself in die gedeelte ken? Hierdie vraag help die leerlinge om hulleself en hulle eie situasie voor die Here beter te verstaan. In die verhaal van Rut leer die leerlinge byvoorbeeld dat dit nie altyd net goed gaan met gelowiges nie. Hulle beleef ook terugslae en word met allerlei probleme gekonfronteer. Die verhaal leer egter gelowiges om te midde van dit alles steeds op die Here te bly vertrou.
- Watter opdragte gee God in die gedeelte aan sy kinders? Gelowiges moet aktief hulle roeping in God se koninkryk uitleef. Die Here gebruik die optrede van gewone mense om sy wil te laat geskied. Leerlinge moet byvoorbeeld besef dat Rut koringare moes gaan optel om daardeur God se beloftes in vervulling te laat gaan. Net so moet leerlinge ook leer om hulle roeping aktief in gehoorsaamheid voor die Here uit te leef.

- Watter beloftes gee God in die gedeelte aan ons? Leerlinge moet leer om hierdie beloftes nie net raak te sien nie, maar om dit ook vir hulleself toe te eien. Uit die geslagsregister waarmee die verhaal van Rut afsluit, sien ons byvoorbeeld hoe God deurgaan met sy belofte van die koms van die Messias. Net so seker as wat God hierdie belofte in vervulling laat gaan het, kan ons ook reken op die belofte van Christus se wederkoms.

Natuurlik is daar ook verskeie ander vrae wat die leerlinge kan help om die gedeelte wat hulle behandel beter te verstaan. Net soos met die uitwys van sekere Bybelse lyne verg dit egter ook toewyding en harde werk van aan ons onderwyser om dit sinvol te kan doen. Dit bly egter ons voorreg om so in diens van die Here te mag arbei.

## Opsomming

*Tydens sy ampswerk doen Jesus Christus baie moeite om die kindertjies te onderrig. Daarom sy bekende uitspraak dat niemand die kindertjies mag verhinder om na Hom te kom nie. Hierdie opdrag geld vandag nog steeds vir gelowige onderwysers. In gehoorsaamheid aan die Here word hulle geroep om tydig en ontydig die Woord te bly onderrig.*

## Aspekte ter oorweging

1. *Dink krities na oor die manier waarop jy Bybelonderrig aanbied. Waarop kan jy moontlik verbeter?*
    - *Doen jy genoeg moeite met jou voorbereiding om dit wat God in die gedeelte bekend maak aan die leerlinge oor te dra?*
    - *Hoe kan jy die leerlinge in jou vakgebied motiveer om hulleself verder in die rykdom van die Bybel te verdiep?*

2. *Stel 'n lys van die oogmerke saam wat jy dink belangrik is by die aanbieding van Bybelonderrig. Motiveer waarom juis hierdie spesifieke oogmerke vir jou belangrik is.*

# 5.7 Die vertel van Bybelverhale

## Doelwitte

*God openbaar nie net in sy Woord wie Hy is en hoe Hy gedien moet word nie, maar ook hoe die een geslag hierdie kennis aan die volgende geslag moet oordra. Onderwysers moet weet hoekom die vertel van Bybelverhale belangrik is en hoe om sulke verhale te vertel.*

### 5.7.1 Hoekom Bybelverhale vertel?

In die vorige Afdelings het ons gesien dat die een geslag die Here se mag en sy roemryke dade aan die volgende geslag moet verkondig. Die Bybel gee ook 'n aanduiding van hoe dit gedoen moet word. In meer as een psalm maak Asaf dit duidelik dat ouers en onderwysers aan hulle kinders moet vertel hoe God sy volk (die kerk) deur al die eeue heen gelei en bewaar het. Dieselfde lyn vind ons by die instelling van die Pasga en met die intog in die beloofde land. In beide gevalle is daar simbole wat wys op God se verlossingsdade. Indien kinders sou vra wat die geslagte lam by die Pasga of die hoop klippe langs die Jordaanrivier beteken, moet ouers aan hulle kinders vertel hoe God hulle uit Egipte bevry en hulle na die beloofde land gelei het. Die vertelling van Bybelse verhale speel dus 'n belangrike rol in die onderrig van God se kinders.

Die Here leer ons ook by monde van Asaf in die psalms wat die doel van Bybelverhale is. Dit gaan oor veel meer as Abraham wat sy seun Isak moet gaan offer of oor Petrus en Johannes wat 'n kreupel man by die tempelpoort genees. Dit is nie bloot 'n klomp interessante gebeure met 'n goeie afloop aan die einde van die verhaal nie. Die leerlinge moet deur die verhale God leer ken soos Hy Homself aan ons bekend maak. Hulle moet deur die vertelling leer dat God die Vader alle dinge geskep het en dit steeds onderhou. Gelowige leerlinge moet hoor dat Jesus Christus sondaars deur sy bloed vrygekoop het en nou aan die regterhand van die Vader sit vanwaar Hy oor alle dinge regeer. Net so moet daar aan hulle vertel word dat God sy Heilige Gees aan ons gegee het om ons te lei en te herinner aan alles wat Hy ons geleer het. Uit die verhale moet hulle ten slotte leer dat Christus weer op die wolke gaan kom om te oordeel tussen reg en verkeerd.

Bybelverhale is altyd normatief. Dit beteken dat die verhale Bybelse norme onderrig wat gelowiges in hulle alledaagse lewens moet toepas. Deur die verhale leer die leerlinge byvoorbeeld meer van God se almag, heiligheid en regverdigheid. Daardeur besef leerlinge dat dit dwaas is om op jou eie gebrekkige kennis en insig staat te maak. Net so moet kinders deur die verhale ook meer van God se getrouheid, lankmoedigheid en barmhartigheid leer ken. Hulle moet in die lewens van persone wie se verhale in die Bybel opgeteken is kan sien dat God die sonde haat en dat Hy diegene wat daarin verhard straf. Hy betoon ook sy liefde en genade aan dié wat hulle van hulle verkeerde weë bekeer en teen die sonde stry. Deur God al meer en beter deur die gebeurtenisse in die Bybel te leer ken, skerp kinders hulle gehoorsaamheid aan die Here op en groei hulle in hulle vertroue op Hom. Deur die eenvoud van Bybelverhale bewerk die Here 'n gewisse kennis van en vaste vertroue (geloof) in Hom.

### 5.7.2 Wat belangrik is by die vertel van 'n Bybelverhaal

Onderwysers moet goed besef dat 'n Bybelverhaal die Woord van God is. Dit is ware gebeurtenisse en nie bloot 'n oulike storie of mite nie. Daarom moet jy jouself deeglik van die inhoud en betekenis van die verhaal vergewis voor jy die verhaal durf oorvertel. 'n Noukeurige bestudering van die gedeelte sal sorg dat jy nie verkeerde inligting aan die kinders oordra nie. Jy mag nie iets byvoeg deur byvoorbeeld aan leerlinge te vertel dat Eva aan Adam 'n appel in die paradys gegee het om te eet, of dat Jona vir drie dae en drie nagte in die ingewande van 'n walvis was nie. Die Bybel leer immers niks van 'n appel of walvis nie. Net so mag belangrike inligting nie van die verhaal weggelaat word omdat dit moontlik aanstoot mag gee nie. As Jesus Christus die handelaars met 'n sweep uit die tempel uitdryf, mag dit byvoorbeeld nie versag word deur te sê dat Hy hulle mooi gevra het om die tempel te verlaat nie. Volgens Openbaring mag niemand iets toevoeg of weglaat uit die Bybel nie. Diegene wat hulle aan sulke optrede skuldig maak sal 'n swaar straf ontvang.

Hoe die onderwyser met die Bybelverhaal omgaan is ewe belangrik. Onderwysers wat nie verwonderd oor God se werke staan nie sal as ongeloofwaardig en onoortuigend oorkom as hulle 'n verhaal vertel. 'n Mens kan leerlinge nie bluf nie. Leerlinge kan byvoorbeeld in onderwysers se oë sien of hulle glo dat Jesus Christus waarlik uit die dode opgestaan het of nie. Onderwysers wat dit besef doen moeite om die gedeelte wat hulle wil behandel deeglik te oordink. Hulle raak eers self stil en kom onder die indruk van God se grootheid en almag voordat hulle die les begin aanbied. Onthou, die onderwyser se liggaamshouding en gesigsuitdrukkings dra dikwels meer oor as die inhoud van die verhaal self.

Moenie die verhaal "inkleur" om dit mooier te probeer maak nie. Ons weet nie of dit 'n mooi sonnige dag was toe Josef se broers hom in die put gegooi het nie en of die voëltjies in die bome gesing het toe Jesus Christus langs die see van Galilea geloop het nie. Onthou, die onderwyser bly net 'n instrument in God se hand en mag hom- of haarself met eie toevoegings dus nie sentraal in die verhaal stel nie. God is en bly die Leermeester wat sy kinders onderrig. Hy gebruik daarvoor wel sondige mense as instrumente in sy hande. Daarom kan gelowige onderwysers nie anders as om daagliks die Here se seën af te bid voor hulle 'n verhaal vertel nie. Bid vir jouself wat die verhaal moet vertel, maar ook vir die leerlinge wat daarna gaan luister sodat hulle sal verstaan wat God in en deur die verhaal wil openbaar. Die verhaal moet op so 'n wyse vertel word dat God op die voorgrond tree en die verteller op die agtergrond verdwyn.

### 5.7.3 Hoe om 'n Bybelverhaal te vertel

Die leerlinge moet leer dat 'n Bybelverhaal van alle ander stories verskil. Aangesien die verhale uit die Bybel afkomstig is, moet leerlinge met eerbied en ontsag daarna luister. Leerlinge moet eers mooi regop sit en aandag gee voor die onderwyser met die vertelling begin. Onderwysers mag nooit die verhaal gebruik om leerlinge se aandag te trek of die klas tot orde te roep nie. Dit kraak die gesag van die Woord af as leerlinge nog sit en gesels terwyl die onderwyser al met die vertelling begin het. Dit help om jonger leerlinge op 'n mat voor die onderwyser te laat sit. Op so 'n wyse kan die onderwyser nie net goeie orde handhaaf nie, maar ook oogkontak met elke leerling maak. Ouer leerlinge kan weer, as die klasgrootte dit toelaat, in 'n kring sit. Dit kan help om 'n meer gewyde atmosfeer in jou klas te skep.

Om te beklemtoon dat die verhaal uit die Skrif afkomstig is, kan die onderwyser die Bybel oop op sy of haar skoot laat lê as hy of sy die verhaal vertel. Die kerngedeeltes van die verhaal kan ook direk uit die Skrif gelees word. In die verhaal wat handel oor die roeping van Moses kan dit wat God self sê byvoorbeeld gelees word: En toe Moses nader aan die brandende doringbos gaan, sê die Here vir hom: "Moenie naderkom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan is heilige grond." Deur op so 'n wyse met die Bybel om te gaan, skep jy ontsag by die leerlinge vir God en sy Woord.

Die vertelling self moet ook daarvan getuig dat die onderwyser die Bybel met respek hanteer. As die wyse waarop die onderwyser met die Bybel omgaan wys dat hy of sy nie self nederig teenoor die Bybel staan nie, kan so'n onderwyser ook nie verwag dat die leerlinge dit wel sal doen nie. Indien die vertelling egter met 'n warm hart geskied sien die kinders wat dit beteken om in 'n lewendige verhouding

met die Here te staan. Tereg wys Salomo daarop dat 'n leerling soos sy of haar leermeester word en nie soos die leerinhoud wat aan hom of haar onderrig word nie. Leerlinge wat in hulle onderwysers se doen en late kan sien wat dit beteken om uit die geloof te leef, sal meer daartoe geneig wees om hulleself in God se openbaring van Homself in en deur die verhale te verlustig.

### 5.7.4 Aspekte ter ondersteuning van die vertelling van 'n Bybelverhaal

Sover moontlik moet elke Bybelverhaal in 'n konteks van tyd en ruimte geplaas word. Wanneer en op watter plek het die verhaal afgespeel? 'n Tydlyn sal help om die leerlinge beter te laat begryp wanneer 'n spesifieke gebeurtenis plaasgevind het. Het Noag byvoorbeeld voor of ná koning Dawid geleef en het Dawid weer voor of ná die koms van Jesus Christus geleef? 'n Goeie tydlyn sal altyd die skepping, die geboorte van Christus, vandag en die wederkoms (met 'n vraagteken) aandui.

Dit help ook as leerlinge hulle vrae en opmerkings eers na afloop van die verhaal stel. Dit kan baie ontwrigtend vir die ander leerlinge wees as een individu toegelaat word om lopende kommentaar op die verhaal te lewer of vrae te vra. Dit is belangrik dat daar goeie orde in 'n klas moet wees sodat die vertelling glad kan verloop. Vrae kan wel na afloop van die verhaal gevra word om te toets of die leerlinge die verhaal verstaan het. Verhale wat hulle daartoe leen kan ook op die leerlinge se leefwêreld van toepassing gemaak word.

Ouer leerlinge of leerlinge wat goed ter tale is, kan voor of ná die vertelling 'n gebed doen. By jonger leerlinge is dit wys dat die onderwyser self in gebed voorgaan.

### 5.7.5 Ander aspekte van belang by die vertelling van 'n Bybelverhaal

Dit is belangrik dat die persoon wat die verhaal vertel die ouderdom van die leerlinge wat na die verhaal luister in ag neem. Leerlinge jonger as vier jaar sukkel om vir langer as tien minute na 'n verhaal te luister, terwyl 'n leerling wat twaalf jaar oud is tot twintig minute sinvol kan bly konsentreer. Bepaal ook vooraf hoeveel tyd jy tot jou beskikking het om die verhaal te vertel en sorg dat jy binne jou tydraamwerk bly.

Dit is baie belangrik dat die leerlinge moet beleef dat die onderwyser elke leerling onvoorwaardelik liefhet. Jy as onderwyser toon immers die beeld van Christus vir die leerlinge in jou klas. Daarom mag jy ook nie verkeerde optrede tydens die vertelling toelaat nie. Leerlinge wat hulle aan wangedrag skuldig maak, moet

liefderyk, maar ferm, tereggewys word. Indien nodig moet hulle ter wille van die ander leerlinge selfs versoek word om eenkant in die klas te gaan sit waar hulle nie die ander leerlinge kan steur nie.

Bid gedurig dat die Here aan jou die wysheid en krag sal verleen om deur jou optrede nie 'n struikelblok vir die leerlinge te wees nie, maar hulle eerder deur jou vertelling na Hom te lei.

## Opsomming

*Bybelverhale onderrig Bybelse norme wat gelowiges in hulle alledaagse lewens moet toepas. Deur God al meer en beter deur die gebeurtenisse in die Bybel te leer ken, skerp kinders hulle gehoorsaamheid aan die Here op en groei hulle in hulle vertroue op Hom. Onderwysers moet goed besef dat 'n Bybelverhaal die Woord van God is. Hulle moet moeite doen om die gedeelte wat hulle wil behandel deeglik te oordink. Leerlinge wat in hulle onderwysers se doen en late kan sien wat dit beteken om uit die geloof te leef sal meer daartoe geneig wees om hulleself in God se openbaring van Homself in en deur die verhale te verlustig.*

## Aspekte ter oorweging

*Verdeel in groepe van nie meer as drie onderwysers nie. Kies 'n verhaal uit die Bybel wat jy aan die leerlinge in jou klas sal wil vertel. Vertel nou hierdie verhaal aan jou kollegas en laat hulle aan jou wenke gee waarop jy moontlik in jou aanbieding kan verbeter.*

# 5.8 Aspekte rondom Bybelonderrig

## Doelwitte

*Leerlinge moet weet dat die Bybel alles bevat wat gelowiges nodig het om in die regte verhouding met God te kan leef. Dit beteken egter nie dat daar nie ook ander aspekte is waaraan Bybelkunde-onderwysers aandag kan skenk nie. Hierdie aspekte staan egter altyd in diens van die Here en dien ter verdere opheldering of inskerping van dit wat God in sy Woord bekend maak.*

### 5.8.1 Gewyde sang

Sang speel nie net 'n sleutelrol in die aanbieding van Bybelonderrig in'n Christelike skool nie, maar ook in die aanbidding van die Here tydens saalbyeenkomste of die opening of afsluiting van elke skooldag. Die opdrag om tot eer van die Here te sing is direk uit die Bybel afkomstig. Die apostel Paulus roep die gelowiges van Efese en Kolosse op om mekaar te leer en te vermaan deur psalms, lofgesange en geestelike liedere te sing. Hierdie beginsel geld ook ten opsigte van Christelike onderwys. So belangrik is dit dat die Here spesiaal 'n hele boek met 150 liedere, naamlik die psalms, in die Bybel daarvoor laat opteken het. Onderwysers moet moeite doen om hierdie psalms en ander Bybelgetroue liedere aan hulle leerlinge te onderrig en gereeld te laat sing.

Wat die aanleer van die psalms deur leerlinge so besonders maak is die feit dat dit die Woord van God self is. Geïnspireer deur die Heilige Gees kon persone soos Moses, Dawid, Salomo en Asaf liedere vir God se volk skryf wat die leerlinge vandag nog, elkeen in sy eie moedertaal, kan saamsing. Dit maak die psalms die mees geliefde liedere van alle tye. Die belangrikheid van die psalms word duidelik as ons sien hoeveel keer in die Nuwe Testament na die psalms verwys word. Meer as 40% van alle verwysings na die Ou Testament (116 in getal) kom uit die psalms. In die evangelie van Jesus Christus, soos opgeteken deur Lukas, lees ons ook hoe Jesus dit wat in die psalms opgeteken is direk op Homself van toepassing maak. Na die instelling van die nagmaal sing Christus en sy dissipels ook eers 'n lofsang voor

hulle na die Olyfberg vertrek waar Christus gevange geneem en later op Golgota gekruisig word. Die belangrikheid van die psalms word verder duidelik as ons sien dat twee van Christus se laaste sewe kruiswoorde 'n direkte aanhaling uit die psalms is. Die feit dat Christus self soveel waarde aan psalms geheg het, beteken dat onderwysers wys optree as hulle moeite doen om die psalms aan hulle leerlinge te onderrig.

Die praktiese waarde wat die sing van psalms en ander Bybelgetroue liedere vir die leerlinge inhou is onder meer die volgende:

- Die musiek en herhaling wat met die aanleer van liedere gepaard gaan skerp sekere waarhede by die leerlinge in, soos dat hulle in alle omstandighede op die Here kan en moet vertrou.
- Deur dit te sing word die Here se Woord sigbaar in die leerlinge se lewens. Daar waar God se Woord aan die werk is word leerlinge al meer met God se Gees vervul en dryf dit Satan weg.
- Dit leer die leerlinge om die Here in alle omstandighede te dien, te loof en te dank. In nood, in tye van gebrek en selfs onder vervolging is daar liedere wat gelowiges kan sing om hulle vertroue op die Here te vestig.
- Die woorde van liedere is ook die woorde wat leerlinge in hulle gebede kan gebruik. Dink maar net watter waarde Dawid se boetelied tot God het vir gelowiges wat hulle eie ongeregtigheid voor God besef.

Bybelgetroue liedere gee sin en betekenis aan die leerlinge se belewenisse van angs, neerslagtigheid of selfs verwerping deur hierdie subjektiewe belewenisse aan God se onveranderlike en standvastige wese te koppel. Daardeur kan hulle die rykdom van hulle geloof verstandelik maar ook met 'n warm hart beleef.

**Onthou**

*Onderwysers tree wys op as hulle moeite doen om psalms aan hulle leerlinge te onderrig.*

## 5.8.2 Bybelse aardrykskunde en omgewingsleer

Dit is goed as die leerlinge 'n basiese kennis het van waar die gebeure in die Bybel plaasgevind het. Waar is Egipte waar die Israeliete as slawe onderdruk is of waar is die stede wat Paulus gedurende sy sendingreise besoek het? As die leerlinge weet waar stede soos Korinte, Efese, Tessalonika en Filippi geleë was, kry hulle daardeur nie net 'n beter begrip vir Paulus se opofferinge om die evangelie daar te gaan verkondig nie, maar sien hulle ook hoe Christus sy kerk na die uitstorting van die

Heilige Gees op Pinkster laat groei. Kaarte wat die vernaamste stede en landstreke, maar ook berge en riviere in die Ou en Nuwe Testament aandui, kan baie nuttig tydens Bybelonderrig gebruik word. Vir jonger leerlinge is dit ook raadsaam om 'n wêreldkaart in die klaskamer aan te bring sodat hulle kan sien waar die lande geleë is waarin die Bybelverhale afgespeel het.

'n Basiese kennis van hoe die omgewing gelyk het waarin die gebeurtenisse in die Bybel plaasgevind het kan die leerlinge ook help om hierdie gedeeltes beter te verstaan. Hoe lyk die woestyn waarin die Israeliete vir meer as 40 jaar moes rondswerf ná hulle ongehoorsaamheid aan God? As leerlinge na foto's daarvan kyk, sal hulle kan verstaan waarom die Here manna en kwartels aan die volk as voedsel moes gee of waarom die volk by Moses oor 'n gebrek aan water gekla het. Kennis van hoe daardie omgewing lyk, help die leerlinge ook om 'n beeld in hulle gedagtes te vorm van hoe dit moes gelyk het toe die Bybelverhale afgespeel het. In hulle gedagtes kan hulle byvoorbeeld vir hulself indink hoe dit moes gelyk het toe Jesus die skare vanuit 'n skuit op die see van Galilea onderrig het of toe Hy op die water na sy dissipels aangeloop gekom het.

### 5.8.3 Bybelse gewoontes en gebruike

Toeligting oor Bybelse gewoontes en gebruike kan ook van groot waarde wees. Foto's van Romeinse soldate kan die leerlinge byvoorbeeld help om Paulus se verduideliking van die wapenrusting van God beter te verstaan. As die leerlinge na die prent van 'n soldaat kyk, sal hulle sien watter belangrike rol 'n soldaat se gordel gespeel het om sy klere tydens 'n geveg styf teen sy liggaam vas te bind. Die leerling kan gevolglik beter verstaan watter belangrike rol die gordel van waarheid speel in ons daaglikse stryd teen Satan en sy bose magte.

> **Onthou**
>
> *Hulpmiddels het net waarde as dit die spesifieke teks in die Bybel ondersteun.*

Die verkeerde of te veel hulpmiddels kan egter die fokus op die Woord self in die gedrang bring. In sulke gevalle fokus die leerlinge meer op dit wat hulle sien of ervaar as op die boodskap wat aan hulle vanuit die Bybel oorgedra word. Onthou alle hulpmiddels het net waarde as dit die spesifieke teks in die Bybel ondersteun. Dit help niks as die leerlinge die indrukwekkende swaard wat jy in die klas vertoon onthou, maar nie weet wat die Bybelse betekenis daarvan is nie. Wees ook versigtig om voorstellings te maak van aspekte waaroor geen sekerheid bestaan nie. 'n Voorstelling van die paradys kan maklik by leerlinge 'n verkeerde beeld

van die paradys skep. Die eerste gebod maak dit ook duidelik dat God op geen wyse afgebeeld mag word nie. Sketse van Christus, al is dit goed bedoel, moet vermy word.

### 5.8.4 Die waarde van kerkgeskiedenis

Daar is niks nuuts onder die son nie. Vanaf keiser Nero wat die gelowiges wreed vervolg het deur hulle lewendig vir leeus te voer, tot vandag, is daar duisende Christene wat hulle lewens ter wille van hulle geloof in Jesus Christus aflê.
Die leerlinge moet ook weet dat daar onder die sogenaamde Christene dwaalleraars sal wees wat God se kinders van Hom afvallig probeer maak deur allerlei dwaalleer te verkondig. Net soos Arius wat reeds in die vierde eeu verkondig het dat Jesus Christus nie waarlik God was nie, is daar vandag nog steeds diegene wat beweer dat Hy net 'n besonderse persoon was. Deur die kerk se geskiedenis met die leerlinge te behandel ontvang onderwysers nie net die geleentheid om al hierdie dwalinge aan die leerlinge uit te wys en dit vanuit die Bybel te beoordeel nie, maar ook om God se bewarende hand deur al die eeue aan hulle te toon.

In Kerkgeskiedenis word vertel hoe Jesus Christus tot vandag toe vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader, beskerm en onderhou. Gelowige leerlinge moet besef dat hulle deel moet vorm van hierdie kerk wat oor alle tye strek en onder alle volke, tale en nasies vergader word. Al is 'n skool nie 'n kerk nie, moet gelowige onderwysers deur hulle leer en lewens steeds aan hulle leerlinge wys wat dit beteken om 'n lewende lidmaat van die kerk te wees. As die Here byvoorbeeld van sy gemeente verwag om die evangelie aan ander persone te verkondig, moet gelowige onderwysers help om die leerlinge vir hierdie groot taak toe te rus. Gelowige Lewensoriënteringonderwysers wat dit besef sal byvoorbeeld met hulle leerlinge gesels oor wat dit beteken om 'n getuie vir die Here te wees as 'n aspek soos 'n goeie werketiek behandel word.

Deur die leerlinge se aandag op God se kerk te vestig leer hulle om Jesus Christus se liefde (as bruidegom) vir die kerk (sy bruid) raak te sien en dit te ervaar. Leerlinge besef watter groot voorreg dit is om deel te mag wees van die liggaam waarvan Jesus Christus self die hoof is.

#### Opsomming

*Gelowige onderwysers moet deur hulle leer en lewe aan hulle leerlinge wys wat dit beteken om 'n lewende lidmaat van die Here se kerk te wees.*

## Aspekte ter oorweging

*Dink krities na hoe jy te werk moet gaan om die Bybelse waarhede verder by die leerlinge in te skerp. Waarop kan jy moontlik verbeter?*

- *Doen jy moeite om liedere vir die leerlinge aan te leer wat pas by dit wat jy besig is om aan hulle te onderrig?*
- *Ondersteun die hulpmiddels wat jy tydens die aanbieding van 'n Bybelles gebruik dit wat jy behandel of laat dit die leerlinge eerder op iets anders fokus?*
- *Beskik jy oor die vermoë om deur jou doen en late die leerlinge opgewonde oor God se kerk te maak?*

# 5.9 Die taak van die owerheid

## Doelwitte

*Die vraag word gereeld gevra oor wat presies die owerheid se taak en verantwoordelikheid ten opsigte van die opvoeding van leerlinge is. Onderwysers moet hulleself deeglik vergewis van watter norme die Here in die verband in sy Woord neerlê om hulle onderrig- en opvoedingstaak daarvolgens in te rig, ongeag die owerheid se siening hieroor.*

### 5.9.1 Ideologies gelaaide onderwys

Bykans alle ouers, onderwysers en ander landsburgers aanvaar dat die voorsiening van onderwys 'n regmatige funksie van die owerheid is. Hulle vind dit aanvaarbaar dat die owerheid vir homself die reg opeis om 'n minister van onderwys aan te stel, met 'n departement wat namens hom of haar alle onderwysaangeleenthede bestuur en reguleer. Skole, kolleges en universiteite word in so 'n mate deur die owerheid gereguleer dat hulle geen geakkrediteerde sertifikaat, diploma of graad aan studente mag aanbied voordat die owerheid dit beoordeel en goedgekeur het nie. Die owerheid beskik nie net oor die alleenmandaat om kwalifikasies se standaard as waar en geldig te sertifiseer nie, maar eien homself ook die reg toe om te bepaal watter leerinhoud in die onderskeie kwalifikasies onderrig moet word. Dit is die minister van onderwys en sy of haar amptenare wat bepaal wat in alle vakke soos Biologie, Kuns of Geografie aan die leerlinge onderrig moet word.

Aan die einde van die Rigter-tydperk waarsku die Here sy volk by monde van Samuel dat konings (die owerheid) hulle seuns en dogters sal opeis om hulle eie doelstellings te bereik. Dit is presies wat in talle lande gebeur as owerhede die onderwysstelsel misbruik om hulle eie oortuigings te bevorder. 'n Diktator soos Adolf Hitler het byvoorbeeld die Duitse onderwysstelsel aktief ingespan om sy ideologie van Duitse superioriteit van jongs af by die leerlinge in te prent. Die invloed daarvan was so geweldig dat duisende jong soldate bereid was om hulle lewens tydens die Tweede Wêreldoorlog daarvoor op te offer.

Al vind die indoktrinasie van leerlinge gewoonlik nie in so 'n mate plaas nie, dra die meeste owerhede tog nog 'n sekere ideologie aan die leerlinge oor. Die keuse van onderwerpe wat in vakke soos Geskiedenis en Lewensoriëntering behandel word gee gewoonlik 'n goeie aanduiding van wat die owerheid poog om by leerlinge tuis te bring.

Dit is belangrik dat gelowige onderwysers moet weet wat die owerheid se direkte invloed op die onderwysstelsel is. Hulle moet besef watter ideologie die owerheid wil bevorder en hoe dit in die metode van onderrig sowel as in die kurrikulum ingebou is. Wat staan vir die owerheid voorop? Is dit menseregte, nasionalistiese oortuigings, ekonomiese ontwikkeling of die maatskaplike opheffing van landsburgers? En in hoe 'n mate is hierdie ideologie in lyn met dit wat God van sy kinders in sy Woord eis? Sou die owerheid byvoorbeeld in lyn met God se Woord die beskerming en opheffing van sy burgers wil bevorder, dan kan dit met vrymoedigheid deur die onderwysers onderskryf word. Maar sou hulle byvoorbeeld ter wille van nasiebou aspekte soos intergeloof of godsdiensgelykheid voorskryf, moet dit afgewys word. In sulke gevalle moet gelowige onderwysers aan hulle leerlinge demonstreer wat dit beteken om aan die Here meer as aan die owerheid gehoorsaam te wees.

### 5.9.2 Tot waar strek die owerheid se verantwoordelikheid

Uit die Bybel is dit duidelik dat die owerheid moet toesien dat sy burgers 'n stil en rustige lewe kan lei waar hulle die Here onbelemmerd en van harte kan dien. Teen diegene wat die harmonie versteur, deur byvoorbeeld moord te pleeg of ander persone se besittings te steel, moet opgetree word. Die owerheid ontvang die swaardmag van die Here om diegene wat sulke oortredings begaan te straf.
Dit beteken egter nie dat hulle hulle gesag op ander terreine mag misbruik nie. Hulle mag byvoorbeeld nie aan persone voorskryf met wie hulle mag trou, watter beroep hulle moet beoefen of hoe ouers hulle kinders moet opvoed nie. As die owerheid byvoorbeeld deur wetgewing sou bepaal dat ouers nie meer hulle kinders mag dissiplineer deur hulle te tugtig nie, oortree hulle die mandaat wat hulle van God ontvang het. Dit geld ook vir die formele onderrig op skole. Nêrens in die Bybel kry ons 'n aanduiding dat die owerheid aan ouers mag voorskryf hoe hulle kinders moet onderrig of laat onderrig nie. Doen hulle dit wel, dan beweeg hulle op 'n terrein wat hulle nie mag betree nie.

Dit beteken nie dat die owerheid geen rol in onderwys te speel het nie. Waar ouers nie hulle verantwoordelikheid nakom om hulle kinders reg te onderrig en op te voed nie, bedreig dit die ordelike verloop van die samelewing en moet die owerheid noodwendig intree. Die owerheid kan immers nie toelaat dat 'n klomp

onopgevoede burgers sonder norme en waardes onrus stook en misdaad pleeg nie. Die wyse waarop die owerheid optree is egter ewe belangrik. In gevalle waar ouers byvoorbeeld weens finansiële druk sukkel om skole op te rig of in stand te hou kan die owerheid aan sulke ouers hulp verleen deur byvoorbeeld een of ander vorm van belastingverligting beskikbaar te stel. Skole kan byvoorbeeld van munisipale belastings vrygestel word of munisipale dienste kan teen 'n verlaagde tarief aan skole gelewer word. Op so 'n wyse help die owerheid ouers om hulle opvoedingstaak na behore uit te voer. In gemeenskappe waar ouers min of geen moeite doen om skole vir hulle kinders op te rig nie, mag en moet die owerheid ingryp deur self skole vir hierdie leerlinge te voorsien.

Die owerheid moet verder ook toesien dat alle onderwys wel aan sekere minimum-standaarde voldoen. Leerlinge in privaat- en openbare skole moet byvoorbeeld leer lees, skryf en reken. As leerlinge in gebreke bly om hierdie basiese lewensvaardighede te bemeester, kan maklik chaos ontstaan wat 'n gesonde samelewing kan ondermyn. Die owerheid kan dit doen deur byvoorbeeld te vereis dat alle onderwysers oor 'n toepaslike kwalifikasie moet beskik of dat daar sekere minimum standaarde vir die kurrikulum is. Dit beteken egter nie dat hulle die inhoud wat met die leerlinge behandel moet word mag bepaal nie. Die ouers van elke skool moet gesamentlik kan besluit of vakke soos Bybelonderrig of gewyde sang by hulle kinders se skool aangebied moet word, al dan nie.

### 5.9.3 Taak van die onderwyser

Gelowige onderwysers mag deur hulle voorbeeld en optrede hulleself nooit daaraan skuldig maak om die gesag van die owerheid te minag nie. Die leerlinge moet in hulle optrede kan sien wat dit beteken om die owerheid in alles wat reg en billik is volgens God se Woord te gehoorsaam. Onderwysers wat so optree bid in die openbaar nie net vir die owerheid nie, maar verseker ook dat hulle wel die gestelde departementele voorskrifte getrou nakom. Hulle bied aan departementele amptenare die geleentheid om hulle moniteringstaak uit te voer en doen moeite om die gestelde minimum standaarde van die onderwysdepartement te bereik. Op so 'n wyse rus hulle nie net hulle leerlinge toe om goeie landsburgers te wees nie, maar ten diepste leer hulle hulle leerlinge om goeie burgers in God se koninkryk te wees.

Onderwysers mag egter nooit toelaat dat departementele amptenare, onder die waan dat dit hulle verantwoordelikheid is, voorskriftelik optree oor die aard en karakter van die onderwys nie. Die siening dat 'n onderwyser bloot 'n tegnikus is wat slegs dit onderrig wat deur die departement van onderwys aan hom of haar voorgeskryf word, is nie korrek nie. Die onderwyser, en nie die departement nie, sal

eendag rekenskap moet gee van dit wat hy of sy aan die leerlinge onderrig het. In alles is en bly die eerste vraag: "Wat eis die Here?" En nie "Wat eis die owerheid" nie. Gelowige onderwysers wat dit besef weet dat hulleself en nie die owerheid nie, die kurrikuleerder is wat moet bepaal wat leerlinge nodig het om te weet om hulle roeping in gehoorsaamheid aan die Here in die samelewing te kan uitleef.

### 5.9.4 Ouers se verantwoordelikheid

Ongelukkig is baie ouers maar te dankbaar dat die owerheid hulle kinders se onderrig en opvoeding behartig. Hulle voel self onkundig en aanvaar dat die owerheid die belange van hulle kinders voorop sal stel of hulle dink dat hulle nie tyd vir opvoeding het nie. Gevolglik gee hulle min of geen aandag aan dit wat aan hulle kinders onderrig word. Hulle is dan onbewus van die invloed wat die owerheid se denkrigtings op hulle kinders kan uitoefen. Dit gebeur dikwels dat ouers wonder waarom hulle kind op ŉ sekere wyse dink of optree. Die antwoord is in baie gevalle egter duidelik. Hulle het in skool geleer om 'n ander oortuiging as hulle ouers s'n te huldig. In 'n vak soos Lewensoriëntering word hulle byvoorbeeld geleer dat elke mens sekere regte het en dat 'n mens daarom self mag besluit of hy of sy sy of haar lewe wil beëindig of nie.

Die invloed wat die owerheid deur die kurrikulum op leerlinge uitoefen mag nie geringgeskat word nie. Gelowige onderwysers doen moeite om gereeld met leerlinge se ouers te kommunikeer. In openbare skole moet ouers byvoorbeeld ingelig word oor die implikasies as die owerheid bepaal dat geen Bybelkunde meer op skool aangebied mag word nie. Ouers moet verder aktief aangemoedig word om hulleself te vergewis van die leerinhoud wat elke dag aan die leerlinge onderrig word. Ouers moet byvoorbeeld kennis daarvan dra as die owerheid vereis dat die evolusieteorie as 'n feit aan hulle kinders onderrig moet word. Slegs as ouers van sulke dinge bewus is kan hulle maatreëls in plek stel om die verkeerde te korrigeer.

Ten slotte moet ouers aktief aangemoedig word om beheer oor die opvoeding van hulle kinders te neem deur private ouerskole te stig waarin hulleself die aard en karakter van die onderrig kan bepaal. Deur gelowige onderwysers aan te stel en die kurrikulum korrek aan te bied, verseker ouers dat hulle, en nie die owerheid nie, hulle kinders vorm tot dit wat hulle moet wees. In gevalle waar dit nie moontlik is nie moet gelowige ouers minstens daarvoor sorg dat hulle goed op beheerrade verteenwoordig is. Op so 'n wyse kan hulle wel 'n beperkte invloed op die skool se karakter en etos uitoefen.

## Opsomming

*Gelowige onderwysers mag deur hulle voorbeeld en optrede hulleself nooit daaraan skuldig maak om die gesag van die owerheid te minag nie. Die leerlinge moet in hulle optrede kan sien wat dit beteken om die owerheid in alles wat reg en billik is volgens God se Woord te gehoorsaam.*

## Aspekte ter oorweging

*Bespreek die volgende punte in groepverband:*

1. *Hoe kan gelowige onderwysers verseker dat hulle die wil van die Here, en nie die ideologie van die owerheid nie, aan hulle leerlinge onderrig?*
2. *Wat kan gelowige onderwysers in praktyk doen om ouers op hulle verantwoordelikheid wat betref die opvoeding van hulle kinders te wys?*

# 5.10 Die geskiedenis van Christelike onderwys

## Doelwitte

*Onderrig is 'n sentrale tema reg deur die Bybel. Nie net onderrig die Drie-enige God sy kinders in kennis en waarheid nie, Hy gee ook opdrag dat gelowiges dieselfde moet doen. In hierdie afdeling word gefokus op Bybelse onderrig deur die geskiedenis en hoe Christelike onderrig vandag wêreldwyd lyk.*

### 5.10.1 Onderrig in die Ou Testament

Onderrig begin by God en nie by die mens nie. Ná die skepping onderrig Hy die mense deur sy werke en wet. Uit Israel se verlossing uit Egipte leer hulle byvoorbeeld iets van God se almag in sy werke. God openbaar Homself egter ook aan Moses deur direk met hom te praat. Nie net leer Hy Moses wie Hy is nie, maar gee Hy ook aan hom die opdrag om die volk aangaande Hom te onderrig. Die eerste vier boeke in die Bybel bevat in 'n groot mate die leerinhoud wat Moses aan die volk moes leer. Daaruit blyk dit hoe belangrik dit is dat kinders van jongs af God se wette moet leer ken. Dit is nodig sodat hulle dit kan gehoorsaam. Die ouers moes hierdie verordeninge van die Here van soggens vroeg tot saans laat by hulle kinders inskerp, as hulle tuis is, maar ook as hulle op reis is. Dit wil sê orals en altyd.

Ná die dood van Moses word die Leviete (priesters) spesifieke deur die Here getaak om die volk te onderrig. Hulle belangrikste taak was sekerlik om die volk in die wet te onderrig. Hulle moes leer om God se wil te gehoorsaam, mekaar te eerbiedig en hulle plig in die gemeenskap na te kom. So belangrik is hierdie opdrag dat die priester (en profeet) Samuel nie eers daaraan wil dink dat hy moontlik daarvan sal vergeet nie.

## Onthou

*Dit wat duisende jare gelede aan die profete se studente geleer is, is vandag nog net so relevant vir ons moderne samelewing.*

Ander profete soos Jesaja, Jeremia en Hosea is ook almal deur die Here geïnspireer om die volk in sy weë te onderrig. Ons lees selfs in die Bybel van profeteskole waar van die profete hulle dissipels opgelei het om weerstand teen die morele, sosiale en geestelike verval in die samelewing te bied. Dit wat hulle 'n paar duisend jaar gelede aan hulle studente geleer het is vandag nog net so relevant vir ons moderne samelewing.

Die Here begenadig ook sekere persone in die Ou Testament met besonderse wysheid en insig om ander te leer. Koning Salomo is seker die bekendste onder hierdie wysgere. Die boeke Spreuke, Prediker en Hooglied bevat almal wysheidslektuur wat vir die onderrig van die volk (en vir ons vandag) bestem is. Die Psalmdigter som dit goed op met die volgende woorde: "Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen het 'n goeie verstand."

### 5.10.2 Onderrig in die Nuwe Testament

Net soos in die Ou Testament begin onderrig in die Nuwe Testament ook by die Here. Die Bybel leer dat die skare, sy dissipels en selfs van sy vyande Jesus Christus as 'n besonderse Leermeester erken het. In die evangelies alleen word by 45 geleenthede na Hom as Leermeester verwys. Sy onderrig was toepaslik vir alle mense, van die gewone man op straat tot die geleerde Fariseërs. Dit doen Hy met soveel gesag dat die skare van orals kom om na Hom te luister. By geleentheid merk iemand wat Hy genees het selfs teenoor die Fariseërs op dat niemand nog soos Hy gepraat het nie. In Afdeling 1.3 van hierdie boek word in meer diepte op Jesus Christus se besonderse onderrigmetodes gefokus. Onderwysers kan en moet hierdie metodes vandag nog steeds gebruik om God se wonders aan hulle leerlinge te verkondig.

**Onthou**

*Onderwysers moet vandag nog Jesus Christus se besonderse onderrigmetodes gebruik om God se wonders aan hulle leerlinge te verkondig.*

'n Besonderse kenmerk van Jesus Christus se onderrig is die moeite wat Hy doen om sy dissipels vir hulle onderrigtaak toe te rus. Sy laaste opdrag aan hulle was om nie net dissipels van alle volke, tale en nasies te maak nie, maar om diegene wat tot geloof kom ook te leer om alles wat Hy beveel het te onderhou. Na sy Hemelvaart kon hulle hierdie opdrag kragtig binne sowel as buite Jerusalem uitvoer. Die apostel Paulus aan wie Jesus Christus op die pad na Damaskus verskyn het, roep in aansluiting daarby ook ouers op om hulle kinders nie te vertoorn nie maar hulle eerder met tug en vermaning op te voed. Net soos in die Ou Testament

moes hulle hulle kinders in die weë van die Here onderrig. Hierdie lering van Paulus aan die inwoners van Kolosse moes in alle wysheid en dankbaarheid geskied.

Dit is nie net God die Vader en Jesus Christus wat in die Bybel as Leermeesters voorgehou word nie, maar ook die Heilige Gees. Kort voor sy Hemelvaart beloof Christus aan sy dissipels dat sy Vader aan hulle die Heilige Gees sal stuur wat hulle alles sal leer wat hulle nodig het om te weet. Die Heilige Gees ontsluit nie net die ken en verstaan van alle dinge nie, maar gee ook die vermoë aan sekere persone om te onderrig. Dit is Hy wat gelowige onderwysers leer en toerus om God se wonders met krag en oortuiging aan hulle leerlinge te verkondig. Dit doen Hy deur beide die onderwyser en leerlinge al meer tot God se beeld te vorm. Gelowige onderwysers kan daarom nie anders nie as om in gebed aan God te vra dat Hy hulle sal versterk sodat hulle 'n Gees-vervulde lewe kan leef.

### 5.10.3 Die invloed van die Reformasie

Die tydperk voor die Reformasie staan as die Donker Middeleeue bekend. Gedurende hierdie tydperk het die kerk al meer weg beweeg van die suiwere leer en in pleks daarvan haarself (die kerk) in die sentrum begin plaas. Dit het die kerkleiers gepas om die lidmate onkundig te hou, want so kon hulle onder die voorwendsel dat dit God se wil is die volk na hulle eie goeddunke manipuleer. Aangesien die Bybel nie vrylik beskikbaar was nie, en net in Grieks, Hebreeus of Latyn gelees kon word, was die volk op die kerkleiers se vertolking daarvan aangewese. Van onderwys en opleiding vir die gewone burgers en hulle kinders was geen sprake nie. Net 'n klein groepie uitgelese persone uit die kerk en adelstand kon gaan studeer. Dit is teen hierdie agtergrond dat kerkhervormers soos Luther, Calvyn en Zwingli die kerk en daarmee ook die onderrig van kinders in die 16de eeu hervorm het.

Hoewel die hervormers primêr ten doel gehad het om die kerk van sy korrupte praktyke te suiwer, het die vraag na die onderrig van kinders natuurlikerwys ook sterk op die voorgrond getree. Daar is opnuut besin oor die wyse waarop kinders onderrig moet word om hulle in die geloof en kennis van God vir hulle roeping in die samelewing voor te berei. Belangrike sake wat na vore getree het was onder meer die volgende:

- Die doel van onderrig is om kinders tot 'n eenheid met Jesus Christus te lei. Daarom moet onderwys vir alle kinders verpligtend wees (Luther).
- God die Vader het aan Jesus Christus alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Elke vakgebied wat op skool onderrig word moet van hierdie ewige koningskap getuig (Calvyn).

- Dit is nie die owerheid of kerk se verantwoordelikheid om kinders te onderrig nie, maar die van die ouers (Zwingli).

Gedurende en direk na die Reformasie beleef Christelike onderrig 'n bloeitydperk. Onderwys was nie primêr daarop gerig om sekulêre doelwitte te bereik nie, maar allereers om leerlinge vir hulle Godgegewe roeping voor te berei. Sekerlik een van die belangrike gebeurtenisse in hierdie tydperk was die vertaling van die Bybel in die gewone mense se taal. Vir die eerste keer kon leerlinge ook die Bybel in hulle moedertaal lees. Onder aansporing van die reformatore is opleidingsentrums en skole reg oor Europa opgerig. Baie aandag is aan die ken en die korrekte verstaan van die Bybel gegee. Op versoek van keurvors Frederik III van Pruise is die Heidelbergse Kategismus byvoorbeeld in 1563 as 'n leerboek vir die gebruik in skole opgestel. Hierdie kategismus is vandag nog 'n belydenisgeskrif in Gereformeerde kerke en word deur hulle as 'n leerboek in eredienste en kategese gebruik.

### 5.10.4 Christelike onderwys vandag

In die eeue ná die reformasie het die verwêreldliking van die samelewing egter ook stelselmatig begin toeneem in lande soos Frankryk, Duitsland, Nederland en Switserland waar die Reformasie 'n direkte uitwerking gehad het. Talle skole en universiteite wat eers Christelik was het later algemeen Christelik geword om geleidelik die geloof op die ou end heeltemal te versaak. In 'n land soos Nederland het tot in die eerste dekades van die 20ste eeu wel nog 'n skolestryd gewoed waar Christen-ouers op Christelike onderrig in ouers se eie skole vir hulle kinders aangedring het, maar ook hierdie aksie het mettertyd stoom verloor. Vandag word die onderrig van Bybelkunde in amper al hierdie lande se openbare skole verbied. Daar is wel nog 'n aantal private Christelike skole en enkele Christelike universiteite waarheen gelowiges hulle kinders met vrymoedigheid kan stuur. Hierdie skole lewer 'n groot bydrae om steeds die lig van God se Woord te midde van 'n dekadente samelewing in die onderwys te laat skyn.

In Afrika en Asië beleef Christelike skole weer ongekende groei. Sedert die 20ste eeu het jaarliks honderde Christelike skole, kolleges en universiteite in hierdie kontinente hulle deure geopen. Die meeste van hierdie skole is in agtergeblewe gebiede geleë waar ouers te midde van groot armoede bereid is om opofferings ter wille van hulle kinders se opvoeding te maak. 'n Instansie soos die Association of Christian Schools International (ACSI) het wêreldwyd meer as 5 500 ledeskole in 108 lande aan wie hulle nie net 'n kurrikulum voorsien nie, maar ook onderwyseropleiding verskaf waar moontlik. Hulle skole-netwerk maak dit vir 5,5 miljoen leerlinge moontlik om Christelike onderrig te kan ontvang. Internasionaal is daar verskeie soortgelyke instansies wat Christelike onderwys bevorder.

Dienssentrums soos die Instituut vir Christelike Onderwys (ICO) in Suid-Afrika en die Vereniging Vir Refomatoriese Skole (VARS) in Namibië lewer weer op plaaslike vlak 'n wesenlike bydrae in die uitbouing van Christelike onderwys

Christenskole is wêreldwyd in 'n voortdurende stryd met die bose gewikkel. Satan en sy engele besef maar al te goed dat as hulle die stryd op die skoolbanke wen, hulle die kerk van Christus 'n geweldige slag sal toedien. Die aanslag op Christelike onderwys kom van buite en van binne. Van buite wissel dit van skole wat sukkel om registrasie van owerhede te ontvang tot skole wat as ekstremisties of wêreldvreemd uitgekryt en selfs verbied word. In eie geledere is daar weer ouers, onderwysers en leerlinge wat druk uitoefen dat skole die sekulêre praktyke wat ander skole volg, moet najaag. Die Here beloof egter in sy Woord dat Hy die handewerk van diegene wat getrou aan sy Woord vashou nie sal laat vaar nie. Hierdie belofte geld nie net vir individue nie, maar ook vir 'n skoolgemeenskap. Dit bied sekerheid aan gelowige onderwysers wat soms te midde van 'n klomp aanvegtinge hulle taak in afhanklikheid aan die Here verrig.

## Opsomming

*Christenskole is wêreldwyd in 'n voortdurende stryd met die bose gewikkel. Satan en sy engele besef maar al te goed dat as hulle die stryd op die skoolbanke wen, hulle die kerk van Christus 'n geweldige slag sal toedien. Die aanslag op Christelike onderwys kom van buite en van binne. Die Here beloof egter in sy Woord dat Hy die handewerk van diegene wat getrou aan sy Woord vashou nie sal laat vaar nie. Dit bied sekerheid aan gelowige onderwysers wat soms te midde van 'n klomp aanvegtinge hulle taak in afhanklikheid aan die Here verrig.*

## Aspekte ter oorweging

*Beskryf in minder as 120 woorde hoe Christelike onderwys reg deur die Ou en Nuwe Testament gegroei het tot wat dit vandag is. Watter lesse kan 'n Christen-onderwyser uit die verlede leer wat hy of sy prakties in sy of haar klaskamer kan toepas?*

# OUTEURPROFIELE



***Pieter Bisschoff** kom uit 'n onderwysfamilie, het aan die eertydse Potchefstroomse Onderwyskollege en Unisa studeer (HOD, BA en Hons) en was daarna vir ongeveer 23 jaar onderwyser waarvan 15 jaar as skoolhoof by die Gereformeerde Skool Dirk Postma in Pretoria. Hy was ook die oprigter en uitvoerende hoof van die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studies (Aros) in 2005, 'n private Christelike onderwyserskollege in Pretoria. Tans is hy bestuurshoof: onderwys van Mukhanyo Theological College, waar hy gemoeid is met Christelike onderwys.*

---



***Rob van der Kooy** het aan die Universiteit van Pretoria studeer (BA, Hons en MA (Ontwikkelingsekonomie)). Hy was 'n finansiële joernalis, ontwikkelingsekonoom en publiseerder, en meer as 20 jaar by Christelike onderwys betrokke, eers as (deeltydse) voorsitter van die bestuur en daarna as (voltydse) direkteur van die Gereformeerde Skool Dirk Postma, asook medestigter en direkteur van Aros. Sedert sy aftrede is hy deeltyds by Mukhanyo Theological College, veral die onderwysbeen, betrokke.*

# CHRISTELIKE ONDERWYS IN PRAKTYK

## Christelike onderwys – jou handleiding

Jy weet wat dit beteken om 'n Christen te wees. Maar weet jy wat dit beteken om 'n Christelike onderwyser te wees?

Baie instellings in Suid-Afrika lei onderwysers op. Maar bitter min lei Christelike onderwysers op. En die twee is glad nie dieselfde nie!

Daarom hierdie boek: Om Christene te help om Christelike onderwysers in die praktyk van elke dag te wees – in die klas, op die skool en ook daarbuite. Dit is 'n praktiese handleiding wat aan jou die noodsaaklike toerusting gee om van jou 'n onderwyser wat ook 'n Christen-onderwyser wil wees, te maak. Dit vertel jou hoe om aan die volgende geslag die roemryke dade van die Here in sy skepping, in die bestuur van sy skepping, in sy verlossingdade, en ook in sy kerk, op alle terreine van die lewe, in alle vakke, oor te dra.

Maarten Luther (1483 – 1546), die vader van die Reformasie, het al gewaarsku dat skole waar die Bybel nie die grondslag van alle onderwys is nie, die poorte na die hel kan blyk te wees. Vandag is dit niks anders nie. Maar Luther het ook gesê dat goeie Christelike skole alles in 'n land laat floreer!

Watter groot uitdaging aan elkeen wat onderwyser is of wil word! Mag hierdie boek vir jou 'n daaglikse handleiding wees.



Laai hierdie boek
GRATIS
af by ...

www.christelikemedia.org